# B E H E E R D E   B E M A R K I N G   V A N   T A B A K

# I N   S U I D - A F R I K A.

DEUR

W A L T E R   R I D G A R D   K O L V E R.   M.Comm.

Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike vervulling

van die vereistes vir die graad

D O C T O R   C O M M E R C I I

(EKONOMIE)

in die

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe,

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.,

Potchefstroom.

Desember 1962.

Promotor: Prof. dr. F.J.J. Coetzee.

# V O O R W O O R D.

Die ontstaan van oorproduksietoestande in die landbou het 'n besondere behoefte aan agro-ekonomiese navorsing in verband met die bemarking van landbouprodukte laat ontstaan. Hierdie behoefte het die skrywer aangemoedig om die studie in verband met die beheerde bemarking van bladtabak te onderneem, en ons vertrou dat dit ook ander studente van die ekonomie tot soortgelyke studies van die ander beheerde produkte sal inspireer.

Graag wil ek my dank betuig teenoor die persone en organisasies wat in verskillende opsigte hulp verleen het by die insameling van die gegewens en sienswyses wat noodsaaklik was om hierdie studie te kon voltooi.

In besonder wil ek graag my dank betuig aan die Raad van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging vir die beurs wat aan my toegestaan is.

Aan prof. F.J.J. Coetzee my besondere dank en waardering vir die bekwame wyse waarop hy as promotor opgetree het. Sy opbouende kritiek en waardevolle leiding was vir my steeds 'n aansporing tot groter prestasie.

Die besture en die personeel van die M.K.T.V., Sentabak en die Tabakraad dien ook spesiaal gemeld te word vir die hulp wat hulle verleen het om selfs vertroulike dokumente aan my beskikbaar te stel en vir die toestemming om inligting wat nog nie voorheen gepubliseer is nie, met oorleg te gebruik.

'n Persoonlike woord van dank ook aan mnr. J.P. Hamman vir sy morele ondersteuning.

Graag wens ek te bevestig dat die sienswyses vervat in hierdie studie my eie is wat gevorm is na oorleg en 'n intensiewe studie van die inligting tot my beskikking.

Rustenburg.

# I N H O U D S O P G A W E


LYS VAN TABELLE EN AANHANGSELS ........................ ix.

LYS VAN KAARTE EN FIGURE .............................. xii.


## HOOFSTUK I.

## INLEIDING.


1. ALGEMEEN ........................................ 1

2. DOEL VAN HIERDIE STUDIE ........................... 3

3. VORIGE STUDIES .................................... 3

4. PROBLEME ONDERVIND ................................ 4

5. AFBAKENING EN INDELING ............................ 5


## HOOFSTUK II.

## BEHEERDE BEMARKING : DIE VERWESENLIKING VAN 'N IDEAAL.


1. INLEIDING ......................................... 6

2. ONBEHEERDE WORDINGSJARE VOOR 1909 ................. 6

   2.1. 1652 tot 1884.
   2.2. 1885 tot 1898.
   2.3. 1899 tot 1903.
   2.4. 1904 tot 1908.

3. KOÖPERATIEWE BEHEER VAN BEMARKING OP 'N PLAASLIKE GRONDSLAG. (1909 tot 1925) ........................ 10

   3.1. Stigting van die M.K.T.V.
   3.2. Voordele van koöperatiewe bemarking onder oligopsonietoestande.
   3.3. Leemtes wat aanleiding tot verpligte koöperatiewe bemarking gegee het.

4. VERPLIGTE KOÖPERATIEWE BEMARKING VAN TABAK. (1926 tot 1939) ...................................... 13

   4.1. Verpligte koöperatiewe bemarking onder Wet 38 van 1925.
   4.2. Redes vir mislukking.
   4.3. Stigting van Die Sentrale Koöperatiewe Tabakmaatskappy van Suid-Afrika Beperk.
   4.4. Tabakreëlingswet, wet nr. 19 van 1932.
   4.5. Wysigingswet nr. 17 van 1935.

5. DIE INSTELLING VAN EENKANAALBEMARKING ONDER DIE BEMARKINGSWET, 1937 ................................ 22

6. SAMEVATTING ....................................... 23

## HOOFSTUK III.

## ORGANISASIE.

1. INLEIDING .................................... 25

2. DIE NASIONALE BEMARKINGSRAAD ...................... 25

3. DIE RAAD VAN BEHEER OOR DIE TABAKNYWERHEID ........ 26

3.1. Doelstellings van die tabakreëlingskema.
3.2. Magte van die Tabakraad.
3.3. Samestelling van die Tabakraad.

4. AGENTE VAN DIE TABAKRAAD (KOöPERASIES) ............ 30

4.1. Verpligte lewering aan agente.
4.2. Name van agente en gebiede wat hulle bedien.
4.3. Verpoeling van tabak.
4.4. Algemeen.

5. DIE SENTRALE KOöPERATIEWE TABAKMAATSKAPPY VAN SUID-AFRIKA BEPERK (SENTABAK) .................... 36

5.1. Filiale van Sentabak.
5.2. Sentabak as prysvormende liggaam.
5.3. Sentabak as mondstuk van produsente.
5.4. Beheer oor gradestandaarde.
5.5. Uitvoer van tabak.
5.6. Binnelandse distribusie.
5.7. Insameling en konsolidasie van statistiese gegewens.

6. FABRIKANTE EN GROOTHANDELAARS .................... 40

7. SAMEVATTING ..................................... 41

## HOOFSTUK IV.

## GRADERING EN GRAADPRYSE VAN TABAK.

1. INLEIDING .................................... 42

2. GRADERING .................................... 43

2.1. Begrip.
2.2. Die doel en belangrikheid van 'n graderingstelsel.
2.3. Eise waaraan 'n graderingstelsel moet voldoen.
2.4. Grade en kwaliteit.
2.5. Gradering van tabak in Suid-Afrika.
2.6. Doeltreffendheid van die graderingstelsel.

3. VASSTELLING VAN GRAADPRYSE ........................ 55

3.1. Oogmerke met die vasstelling van pryse.
3.2. Voorgeskrewe prosedure.
3.3. Minimum verkooppryse in plaas van produsentepryse.
3.4. Graadprysverskille in Suid-Afrika.

4. TABAKGRADE EN -PRYSE IN SUID-AFRIKA SEDERT 1910 ... 63

4.1. Tabakgrade en graadpryse vanaf 1910 tot 1925.
4.2. Grade en pryse vanaf 1926 tot 1938.
4.3. Grade en pryse vanaf 1939.

5. SAMEVATTING ................................ 71

BYLAE 1. GRAADBESKRYWINGS VAN TOEPASSING IN SUID-AFRIKA 1962/63 BEMARKINGSJAAR ............... 73

BYLAE 2. BETEKENIS VAN SEKERE TERME WAT IN DIE BESKRYWING VAN TABAKGRADE GEBRUIK WORD ...... 83

BYLAE 3. TABAKGRADE EN MINIMUM VERKOOPPRYSE 1939/40 TOT 1961/62 ......................... 86

HOOFSTUK V.

PRYSBEPALING EN DIE AANBOD VAN TABAK.

1. INLEIDING ..................................... 95

1.1. Algemeen.
1.2. Bilaterale monopoliesituasie.
1.3. Vraag as uitgangspunt van bemarking.
1.4. Die begrippe „aanbod" en „produksie".
1.5. Bewaring van ewewig.

2. ASPEKTE VAN DIE PRODUKSIE VAN TABAK................ 98

2.1. Omvang van die produksie van tabak teenoor ander landbouprodukte.
2.2. Aantal tabakprodusente in verhouding tot die omvang van produksie.
2.3. Gemiddelde produksie per produsent.
2.4. Omvang van produksie en opbrengs per morg.
2.5. Omvang van produksie, aantal morge beplant en opbrengs per morg.
2.6. Algemeen.

3. ASPEKTE VAN DIE PRYSE VAN TABAK ................... 116

3.1. Graadpryse en gemiddelde pryse.
3.2. Omvang van produksie, gehalteverbetering en invloed op gemiddelde pryse.

4. KOSTE VAN PRODUKSIE VAN BLADTABAK ................. 122

4.1. Algemeen.
4.2. Resultate van jongste produksiekosteopnames in Suid-Afrika en Suid-Rhodesië.
4.3. Verskille ten opsigte van produksiekoste en pryse tussen landbou en ander sektors van die ekonomie.
4.4. Probleem om gesamentlike produksiekoste te bepaal.
4.5. Wie se produksiekoste moet geneem word?
4.6. Grondeienskappe en winsgewendheid.
4.7. Produksiekoste en wins volgens getal morge tabak verbou.
4.8. Verskille in produktiwiteit.

4.9. Bemesting en opbrengs per morg.
4.10. Verskille in kwaliteit.
4.11. Algemene afleiding.

5. OMVANG VAN PRODUKSIE EN GEMIDDELDE BINNELANDSE VERKOOPPRYSE VAN BLADTABAK ........................ 137

5.1. Elastisiteit van die aanbod en vasstelling van pryse.
5.2. Produksie- en prystendense van bladtabak vanaf 1911/12 met spesiale verwysing na die tydperk vanaf 1939.

6. SAMEVATTING.................................. 150

## HOOFSTUK VI.

### BEHEER VAN PRODUKSIE EN PRYSE MET INAGNEMING VAN DIE AFSET.

1. INLEIDING ..................................... 152

2. OORPRODUKSIE- EN TEKORTTOESTANDE SEDERT 1939 ...... 153

2.1. Totale produksie, verbruik en voorrade.
2.2. Produksie, verbruik en pryse van die belangrikste klasse tabak sedert 1939.

3. MINIMUM VERKOOPPRYSE, OORPRODUKSIE EN TEKORTE ..... 159

4. MAATREëLS WAT SEDERT 1939 INGESTEL IS OM EWEWIG TE BEWAAR EN STABILITEIT IN DIE BEDRYF TE BEVORDER .................................. 162

4.1. Heffingsfonds van die Tabakraad.
4.2. Die surpluspoelskema van Sentabak.
4.3. Die reserwevoorrade- of opbergingskema van die Tabakraad.
4.4. Die onttrekking van sekere grade aan die mark.
4.5. Vermindering van voorskotte aan planters.
4.6. Waarskuwings gerig aan boere in verband met produksie- en marktoestande.

5. REGSTREEKSE BEHEER VAN PRODUKSIE .................. 182

5.1. Produksiekwotas.
5.2. Sogenaamde „soilbank schemes".

6. SAMEVATTING.................................. 188

## HOOFSTUK VII.

### ASPEKTE VAN DIE VRAAG MET SPESIALE VERWYSING NA DIE INVLOED VAN AKSYNSBELASTINGS.

1. ALGEMEEN ....................................... 190

1.1. Omskrywing van die term vraag.

1.2. Elastisiteit van die vraag.
1.3. Marknavorsing en vooruitbepaling van verbruiksneigings.

2. FAKTORE WAT DIE OMVANG EN DIE AARD VAN DIE VERBRUIK BEPAAL .................................. 192

2.1. Die produksie of beskikbaarheid van bepaalde klasse en tipes tabak in die land van verbruik.
2.2. Sosiale gewoontes en gebruike.
2.3. Inkomste en lewensstandaard van verbruikers.
2.4. Tabakbelastings.
2.5. Die verbruik van substitute.
2.6. Advertensie.
2.7. Die prysfaktor.
2.8. Algemeen.

3. AKSYNSBELASTINGS EN DIE VERBRUIK VAN TABAK ........ 200

3.1. Belastingstariewe in Suid-Afrika vanaf 1910 tot 1962.
3.2. Aksynsdifferensiasie in Suid-Afrika.

4. AKSYNSTARIEWE EN VERBRUIKSTENDENSE ............... 215

4.1. Algemeen.
4.2. Verbruiksreaksies en aksynsverhogings in Suid-Afrika.
4.3. Verbruik per kop van bevolking.
4.4. Private verbruiksbesteding.
4.5. Kleinhandelsprysindekse (alle items vergelyk met sigarette) en die verbruik van sigarette.

5. TABAKBELASTINGS IN SEKERE ANDER LANDE VAN DIE WêRELD ..................................... 226

5.1. Verenigde Koninkryk.
5.2. Die Federasie van die Rhodesiës en Njassaland.
5.3. België.
5.4. Verenigde State van Amerika.

6. SAMEVATTING ...................................... 230

BYLAE 4. AKSYNSBELASTINGTARIEWE WAT VANAF 1910 TOT 1961 IN SUID-AFRIKA OP TABAKPRODUKTE VAN TOEPASSING WAS .......................... 231

## HOOFSTUK VIII.

## DIE STELSELS VAN DISTRIBUSIE VAN BLADTABAK IN SUID-AFRIKA.

1. ALGEMEEN ......................................... 234

1.1. Inleiding.
1.2. Probleemstelling.
1.3. Eise waaraan 'n distribusiestelsel moet voldoen.
1.4. Bronne van inligting.

2. DIE REEKS-VAN-GRADE-ALLOKASIESKEMA EN GROEPALLOKASIESKEMA .............................. 238

2.1. Die reeks-van-grade-allokasieskema.
2.2. Faktore en omstandighede wat aanleiding tot die afskaffing van die reeks-van-grade-allokasieskema en die instelling van 'n groepallokasieskema gegee het.
2.3. Die groepallokasieskema.

3. KRITIESE BESPREKING VAN DIE DOELTREFFENDHEID VAN DIE REEKS-VAN-GRADE- EN GROEPALLOKASIESKEMAS ...... 252

3.1. Tekortkomings van albei skemas.
3.2. Tekortkomings van die reeks-van-grade-toekenningskema.
3.3. Beoordeling van die groepallokasieskema.

4. DIE TOEPASSING VAN 'N EENVORMIGE AKSYNSTARIEF OP PYPTABAK IN SAMEHANG MET DIE HERINSTELLING VAN DIE REEKS-VAN-GRADE-ALLOKASIESTELSEL .............. 274

4.1. Invloed wat die herinstelling van die reeks-van-grade-allokasiestelsel sal hê op die pryse waarteen fabrikante tabak sal koop.
4.2. Verhoogde koste vir pyptabakfabrikante sal deur gelykstelling van aksynstariewe gebalanseer word.
4.3. Gevolgtrekking.

5. ALTERNATIEWE METODES VAN DISTRIBUSIE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA SEKERE ANDER LANDE ........ 281

5.1. Algemeen.
5.2. Openbare veilings.
5.3. Regstreekse onderhandeling met kopers.

6. GEVOLGTREKKINGS EN DIE TOEPASLIKHEID VAN 'N VEILINGMETODE VAN DISTRIBUSIE ONDER DIE SUID-AFRIKAANSE BEHEERDE BEMARKINGSTELSEL .............. 287

## HOOFSTUK IX.

## BLADTABAK-UITVOERE.

1. INLEIDING ...................................... 293

2. BENADERING VAN DIE UITVOERPROBLEEM ................ 294

2.1. Uitvoere van sporadiese oorskotte.
2.2. Buitelandse „dumping" van Suid-Afrikaanse bladtabak.
2.3. Die opbouing van 'n permanente uitvoermark.

3. AARD EN OMVANG VAN DIE INTERNASIONALE HANDEL IN TABAK ...................................... 302

3.1. Wêreldproduksie en wêreldhandel.
3.2. Buitelandse handelsbeperkings.
3.3. Bilaterale handelsreëlings en gewaarborgde aankope.
3.4. Invoerbeheermaatreëls en voorkeurstariewe.
3.5. Vermengingsvoorskrifte.

3.6. Tabakmonopolieë.
3.7. Uitvoersubsidies.

4. EISE WAARAAN VOLDOEN SAL MOET WORD TEN EINDE 'N TABAK-UITVOERLAND TE KAN WORD .................... 310

4.1. Algemeen.
4.2. Pryse moet mededingend wees.
4.3. Buitelandse vooroordeel teen tabak met 'n onbekende bruikbaarheid.
4.4. Die stelsel van gradering en bemarking sal aangepas moet word by die behoeftes van die buitelandse mark.
4.5. Omvang moet groot genoeg wees en kontinuïteit van verskaffing moet verseker word.
4.6. Groter doeltreffendheid.
4.7. Ekonomiese- en marknavorsing noodsaaklik.

5. SAMEVATTING ................................ 321

## HOOFSTUK X.

## INVOERE VAN TABAK EN TABAKPRODUKTE.

1. INLEIDING .................................. 324

2. VORM EN MATE VAN PROTEKSIE ........................ 324

2.1. Doeanebelastings.
2.2. Tolvrye invoerkwota.

3. OMVANG VAN INVOERE ............................ 328

4. PROBLEME VERBONDE AAN DIE INVOERE VAN SIGARETTE ... 330

5. FAKTORE WAT BLADTABAKINVOERE BEVORDER ............. 332

6. WENSLIKHEID OM INVOERBESKERMING TE VERHOOG ........ 333

7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS ................... 336

## HOOFSTUK XI.

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

1. INLEIDING .................................. 339

2. BEHEERDE BEMARKING : DIE VERWESENLIKING VAN 'N IDEAAL ................................ 340

3. OOGMERKE EN MASJINERIE VAN DIE BEMARKINGSWET MET SPESIALE VERWYSING NA TABAK .................. 341

3.1. Oogmerke van die Bemarkingswet.
3.2. Masjinerie van die Bemarkingswet - sy funksies en doelstellings.

4. VASSTELLING VAN PRYSE ............................ 344

4.1. Algemeen.
4.2. Die vasstelling van graadpryse.
4.3. Prysverskille tussen grade en klasse tabak.
4.4. Waarom pryse sedert 1939 verhoog is.
4.5. Koste van produksie en pryse.

5. PRYSE, VRAAG EN AANBOD ............................ 348

5.1. Algemeen.
5.2. Stabilisasie van tabakpryse.

6. DIE VRAAG NA BLADTABAK ............................ 352

6.1. Algemeen.
6.2. Die opbergingskema as middel om die vraag te bestendig.
6.3. Die allokasiestelsel en die skepping van 'n stabieler vraag.
6.4. Die tussenhandel en die vraag.
6.5. Aksynsbelastings en die vraag.

7. AANBOD EN PRODUKSIE ............................ 361

8. UITVOER ............................ 362

9. INVOER ............................ 363

10. VERSTEURDE EWEWIG TUSSEN VRAAG EN AANBOD .......... 363

10.1. Algemeen.
10.2. Faktore wat aanleiding tot die bestaande tabaksurplusse gegee het.
10.3. Uitskakeling van surplusse.

11. ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS ............................ 369

12. GEDAGTES IN VERBAND MET DIE TOEKOMS ............... 371

13. SLOT ............................ 373

AANHANGSELS ............................ 374

LITERATUURLYS ............................ 393

## LYS VAN TABELLE EN AANHANGSELS.

### A. TABELLE.

1. PRODUKSIEKOSTE VAN TABAK IN SUID-AFRIKA EN SUID-RHODESIë ........ 123

2. VERSKIL TUSSEN DIE INVLOED VAN 'N 10%-VERLIES TEN OPSIGTE VAN 'N PLAAS EN 'N VERVAARDIGINGS-ONDERNEMING ........ 126

3. NETTO WINS PER ACRE EN PER POND GEWIG TABAK VERKOOP IN VERSKILLENDE SUID-RHODESIESE DISTRIKTE 1956/57 ........ 130

4. VERHOUDING TUSSEN PRODUKSIEKOSTE EN WINS PER POND TABAK EN DIE OPPERVLAKTE ONDER TABAK ........ 131

5. OPBRENGS PER MORG IN VERHOUDING TOT PRODUKSIE-KOSTE EN WINS PER POND TABAK ........ 132

6. OPBRENGS PER MORG TABAK IN VERHOUDING TOT DIE KOSTE AAN KUNSMIS EN KRAALMIS PER MORG ........ 133

7. VERHOUDING TUSSEN DIE WINS EN DIE PRYS PER POND TABAK BEHAAL IN DIE VIER BESPROEIINGSTREKE ........ 135

8. DENKBEELDIGE VOORBEELD VAN DIE WISSELVALLIGE WINSGEWENDHEID VAN TABAKPRODUKSIE TEEN KONSTANTE PRYSE EN PRODUKSIEKOSTE ........ 139

9. HEFFINGSTARIEWE OP TABAK BETAALBAAR AAN DIE TABAKRAAD VANAF 1935 - 1961 ........ 165

10. INKOMSTE EN UITGAWES VAN DIE TABAKBEHEERRAAD ........ 166

11. TOEPASSING VAN SURPLUSPOELSKEMA GEBASEER OP DENKBEELDIGE SYFERS ........ 174

12. GEMIDDELDE AKSYNSTARIEWE WAT VANAF 1911 TOT 1961 IN SUID-AFRIKA OP TABAKPRODUKTE VAN TOEPASSING WAS 201

13. AKSYNSBELASTING GEVORDER OP PYPTABAK VOLGENS AKSYNSGROEPE. 1942 - 1961 ........ 204

14. VERBRUIK VAN LIGTE- EN DONKERBLAD VIR DIE FABRIKASIE VAN PYPTABAK. 1954 - 1961 ........ 208

15. VERBRUIK VAN TABAKPRODUKTE IN VERSKILLENDE LANDE VAN DIE WêRELD IN 1947 ........ 221

16. JAARLIKSE VERBRUIK VAN VIRGINIESE TABAK IN SUID-AFRIKA PER EENHEID VAN TOTALE BEVOLKING OOR 'N AANTAL JARE VANAF 1941 TOT 1960 ........ 222

17. VERBRUIKSBESTEDING IN SUID-AFRIKA 1951 - 1959. (R.S.A. MILJOENE RAND) ........ 223

18. TABAKBELASTINGS IN DIE VERENIGDE KONINKRYK EN KLEINHANDELPRYS VAN SIGARETTE - 1863 TOT 1961 ........ 227

19. SIGARETBELASTINGSTARIEWE IN DIE FEDERASIE VAN DIE RHODESIëS EN NJASSALAND VANAF 1937 TOT 1955 ...... 228

20. MAART-OESSKATTING VERGELYK MET DIE FINALE BAALSYFERS VIR LIGTE EN DONKER VIRGINIESE TIPES TABAK IN SUID-AFRIKA .................................. 252

21. INVLOED VAN 'N 10%-VERSKIL TUSSEN DIE OESSKATTING EN FINALE BAALSYFERS OP DIE TOEKENNINGS VAN KOPERS .......................................... 253

22. VOORBEELD VAN LIGTETABAKTOEKENNING AAN SIGARET- EN PYPTABAKFABRIKANTE ............................ 267

23. ALLOKASIEBEREKENING 1959-OES ..................... 272

24. VERBRUIK VAN LIGTE- EN DONKERBLAD DEUR INDIVIDUELE FABRIKANTE IN SUID-AFRIKA GEDURENDE 1958 EN 1959.. 276

25. UITVOERVERLIESE AS PERSENTASIE VAN DIE WAARDE VAN DIE BEMARKTE GEDEELTE VAN DIE PRODUKSIE VAN SEWE LANDBOUPRODUKTE .................................. 295

26. UITVOERE VAN SUID-AFRIKAANSE ONBEWERKTE BLADTABAK 1936/37 TOT 1962/63 ............................ 297

27. WêRELDPRODUKSIE VAN TABAK VOLGENS KLASSE EN TIPES 1935-39, 1959 EN 1960 ...................... 303

28. UITVOERE VAN BLADTABAK VAN DIE VRYE WêRELD VIR 'N AANTAL JARE .................................. 305

29. UITVOERE VAN OONDDROOGTABAK VAN DIE VRYE WêRELD... 306

30. FEDERASIE VAN RHODESIë EN NJASSALAND. UITVOERE VAN ONVERVAARDIGDE TABAK NA BELANGRIKSTE MARKE IN 1960 .......................................... 316

31. OPBRENGS VAN OONDDROOGTABAK PER MORG IN VERSKILLENDE LANDE. 1959 EN 1960 ................ 319

32. DOEANETARIEWE VAN TOEPASSING OP INGEVOERDE TABAK EN TABAKPRODUKTE SEDERT 14 FEBRUARIE 1961 ........ 325

33. DOEANE- EN AKSYNSBELASTINGTARIEWE OP PLAASLIKE EN INGEVOERDE SIGARETTE SEDERT 14 FEBRUARIE 1961.. 325

34. TOLVRYE INVOERKWOTAS WAT SEDERT 1936/37 DEUR SUID-AFRIKA TOEGESTAAN IS ......................... 327

35. INVOERE VAN BEWERKTE EN ONBEWERKTE TABAK 1956 - 1961 ...................................... 328

36. INVOERE VAN ONBEWERKTE TABAK SEDERT 1921 ......... 329

37. INVOERE VAN SIGARETTE IN SUID-AFRIKA VANAF 1953 - 1960 ...................................... 330

38. BERAAMDE EENHEIDSKOSTE VAN VERVAARDIGING VAN SIGARETTE IN RHODESIë EN SUID-AFRIKA ............. 336

39. JAARLIKSE PRODUKSIE EN BINNELANDSE VERKOPINGS VAN VIRGINIESE TIPES BLADTABAK GEDURENDE 1958/59 TOT 1960/61 .......................................... 356

40. BINNELANDSE VERKOPE, VERBRUIK EN VOORRADE VAN LIGTE LUGDROOGTABAK VANAF 1956 TOT 1960 .......... 358

## B. AANHANGSELS.

1. TABAKONTVANGSTES, GEMIDDELDE UITBETALINGS EN GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE (M.K.T.V.-AREA) 1911/12 TOT 1938/39 .............................. 374

2. VERKOOPPRYSE LIGTE LUGDROOGTABAKGRADE IN DIE M.K.T.V.-AREA VANAF 1913/14 TOT 1938/39 .......... 375

3. VERKOOPPRYSE VAN DONKER LUGDROOGTABAKGRADE VANAF 1913/14 TOT 1938/39 (M.K.T.V.-AREA) .............. 376

4. VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOGTABAKGRADE IN DIE M.K.T.V.-AREA VANAF 1931/32 TOT 1938/39 .......... 377

5. BRUTOWAARDE VAN TABAKPRODUKSIE, INDEKSE VAN FISIESE VOLUME VAN PRODUKSIE VAN AKKERBOUGEWASSE EN TABAK, INDEKS VAN BRUTOWAARDE VAN TABAKPRODUKSIE EN AFGELEIDE INDEKS VAN TABAKPRYSE. 1911 - 1959 ................................... 378

6. AANTAL LEWERANSIERS EN OMVANG VAN PRODUKSIE VAN TABAK IN DIE AREAS WAT DEUR DIE VERSKILLENDE KOöPERASIES BEDIEN WORD. 1941 TOT 1960 .......... 379

7. GEMIDDELDE GEWIG VIRGINIESE TABAK PER PRODUSENT AAN DIE VERSKILLENDE KOöPERASIES AFGELEWER. 1941 - 1960 ....................................... 380

8. INDEKSE VAN PRODUKSIE, BERAAMDE AANTAL MORGE BEPLANT EN OPBRENGS PER MORG IN M.K.T.V.-AREA (1956 TOT 1961) .................................. 381

9. JAARLIKSE KONSTANTE GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN TABAK NA UITSKAKELING VAN PRYSVERHOGINGS EN BEREKEN OP 1939-BASIS ........................... 382

10. OMVANG VAN PRODUKSIE EN GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOGTABAK VANAF 1939/40 - 1960/61 ....... 383

11. VERBRUIK VAN SIGARETTE EN PYPTABAK VANAF 1939 TOT 1961 EN KLEINHANDELSPRYS-INDEKS VAN VIRGINIESE SIGARETTE (1938 = 100) ............... 384

12. INDEKS VAN GEMIDDELDE GEPROKLAMEERDE GRAADPRYSE (1939-OES BASIS) EN INDEKSE VAN GEMIDDELDE BINNELANDSE VERKOOPPRYSE VAN TABAK ............... 385

13. GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE EN OMVANG VAN PRODUKSIE VAN OONDDROOGTABAK IN SUID-AFRIKA EN SUID- EN NOORD-WES RHODESIë. 1939/40 - 1959/60 .......... 386

14. GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN DIE VERSKILLENDE VIRGINIESE TIPES TABAK. 1939 - 1961 ............. 387

15. PRODUKSIE, VERBRUIK EN VOORRADE BLADTABAK IN SUID-AFRIKA. 1939 - 1961 ........................ 388

# LYS VAN KAARTE EN FIGURE.

## A. KAARTE.

1. REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA VERDEEL IN TABAKRAAD-AGENTSKAPGEBIEDE .................................... 33

## B. FIGURE.

1. TABAKONTVANGSTES EN GEMIDDELDE UITBETALINGS DEUR DIE M.K.T.V. 1922 TOT 1931 ...................... 15

2. TABAKPRODUKSIE OP PLASE VAN BLANKES IN SUID-AFRIKA EN INVOERE VANAF 1923 TOT 1931 .................. 17

3. INDEKSE VAN PRODUSENTEPRYSE VAN BOERDERYPRODUKTE (VEETEELTPRODUKTE UITGESLUIT), GROOTHANDELPRYSE EN KLEINHANDELPRYSE (VOEDSEL) IN SUID-AFRIKA VANAF 1910 TOT 1938 ............................ 56

4. VERKOOPPRYSE VAN GRADE LIGTE LUGDROOGTABAK IN DIE M.K.T.V.-AREA VANAF 1913 TOT 1939 ............ 65

5. VERKOOPPRYSE VAN DONKER LUGDROOGTABAKGRADE VANAF 1913 TOT 1939 ................................. 66

6. VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOGTABAKGRADE IN DIE M.K.T.V.-AREA. 1931 TOT 1961 .................... 68

7. VERKOOPPRYSE VAN LIGTE LUGDROOGTABAKGRADE. 1939 TOT 1961 ................................. 69

8. VERKOOPPRYSE VAN DONKER LUGDROOGTABAKGRADE VANAF 1939 TOT 1961 ................................. 70

9. INDEKSE VAN DIE FISIESE VOLUME VAN PRODUKSIE VAN AKKERBOUGEWASSE EN TABAK VANAF 1911 TOT 1959 ..... 100

10. AANTAL LEWERANSIERS EN OMVANG VAN PRODUKSIE VAN VIRGINIESE TABAK IN DIE AREAS WAT DEUR DIE VERSKILLENDE KOöPERASIES BEDIEN WORD. 1941 TOT 1960 ........................................ 103

11. GEMIDDELDE GEWIG VIRGINIESE TABAK PER PRODUSENT AAN VERSKILLENDE KOöPERASIES AFGELEWER, ASOOK DIE LANDSGEMIDDELDE VANAF 1941 TOT 1960 .......... 108

12. PRODUKSIE PER MORG VOLGENS 'N VARIëTEITSPROEF EN GEWIG TABAK GELEWER AAN DIE M.K.T.V. 1944-1959 ........................................ 111

13. JAARLIKSE PERSENTASIE AFWYKING VAN DIE GEMIDDELDE PRODUKSIE PER MORG TABAK OOR 'N TYDPERK VAN SESTIEN JAAR ...................................... 112

14. INDEKSE VAN TOTALE PRODUKSIE, BERAAMDE AANTAL MORGE BEPLANT, EN GEMIDDELDE OPBRENGS PER MORG IN DIE M.K.T.V.-AREA VANAF 1956 TOT 1961 ......... 114

15. INDEKSE VAN GEMIDDELDE GEPROKLAMEERDE GRAADPRYSE (1939-OES BASIS) EN GEMIDDELDE BINNELANDSE VERKOOPPRYSE VAN TABAK. 1939-60 .................... 118

16. OMVANG VAN PRODUKSIE (BAALSYFERS) VERGELYK MET JAARLIKSE KONSTANTE GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE NA UITSKAKELING VAN PRYSVERHOGINGS EN BEREKEN OP 1939-BASIS. 1939 - 1960 ........................ 120

17. VERSPREIDING VAN PRODUKSIEKOSTE PER POND TABAK TUSSEN PRODUSENTE WAT DEUR PRODUKSIEKOSTEOPNAMES IN 1954/55 EN 1955/56 GEDEK IS (REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA) .................................. 128

18. OPBRENGS PER MORG TABAK IN VERHOUDING TOT DIE KOSTE AAN KUNSMIS EN KRAALMIS PER MORG ........... 134

19. INDEKSE VAN FISIESE VOLUME, BRUTO WAARDE EN AFGELEIDE PRYSE VAN VIRGINIESE TABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1911/12 ............................ 142

20. OMVANG VAN PRODUKSIE EN GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOGTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939/40 TOT 1960/61 ...................................... 145

21. OMVANG VAN PRODUKSIE EN GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN LIGTE LUGDROOGTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939/40 TOT 1960/61 ............................ 148

22. TOTALE PRODUKSIE, VERBRUIK EN VOORRADE VAN VIRGINIESE TABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939 TOT 1961 ......................................... 154

23. PRODUKSIE, VERBRUIK EN GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOG-, LIGTE LUGDROOG- EN DONKER LUGDROOGTABAK VANAF 1939 TOT 1961 ................ 157

24. VOORRAADSDUUR IN MAANDE VERBRUIK VAN DIE VERSKILLENDE KLASSE TABAK IN SUID-AFRIKA AAN DIE EINDE VAN ELKE JAAR VANAF 1939 TOT 1961 .......... 158

25. GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOGTABAK EN OMVANG VAN PRODUKSIE IN SUID-AFRIKA EN SUID- EN NOORDWES-RHODESIë VANAF 1939/40 TOT 1959/60 ...... 161

26. BENADERDE AANDEEL VAN KOöPERASIES, FABRIKANTE, GROOTHANDELAARS, KLEINHANDELAARS EN DIE STAAT IN DIE PRYS VAN SIGARETTE IN SUID-AFRIKA ......... 199

27. VERBRUIK (FABRIKASIE) VAN BLADTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939 - 1961 ........................ 210

28. VERBRUIK (FABRIKASIE) VAN SIGARETTE EN PYPTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1945 TOT 1960 ............... 212

29. TOTALE VERBRUIK VAN ALLE VIRGINIESE TIPES BLADTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939 - 1961 ........... 216

30. VERBRUIK VAN SIGARETTE IN SUID-AFRIKA VANAF 1939 TOT 1961 VERGELYK MET 'N JAARLIKSE TOENAME VAN 4½% .................................... 218

31. VERBRUIK VAN PYPTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939 TOT 1961 VERGELYK MET 'N JAARLIKSE TOENAME VAN 4½% .................................... 219

32. KLEINHANDELSPRYSINDEKS VERGELYK MET SIGARETTE-PRYSINDEKS IN SUID-AFRIKA VANAF 1938 TOT 1961 MET 1938 AS BASISJAAR ............................ 225

33. DENKBEELDIGE AANBOD EN BINNE- EN BUITELANDSE VRAAGKURWES WAT DIE MATE WAARIN UITVOERDUMPING MOONTLIK IS, AANDUI ............................ 298

# HOOFSTUK I.

## INLEIDING.

### 1. ALGEMEEN.

Sedert die aanname van die Bemarkingswet, 1937, het toestande in die landbou 'n radikale verandering ondergaan. Die vraag bestaan dus of bemarkingsbeleid en die stelsels van bemarking van die verskillende beheerrade aan die vereistes van die veranderde omstandighede voldoen.

Gedurende die jare 1930 tot 1935, toe spesiale wetgewing om die pryse van die belangrikste landbouprodukte te verhoog gepasseer moes word, was die landbou vanweë die depressie in 'n toestand van ellende. Hierdie maatreëls het nie die verwagte uitwerking gehad nie en die knellende toestande het nog 'n aantal jare lank voortgeduur. 'n Behoefte het toe ontstaan dat staatstussenkoms in die bemarking van landbouprodukte op 'n permanente basis gereël moes word. Die eintlike oogmerk van die tussenkoms was dat pryse op 'n hoër peil gestabiliseer kon word.

Die Bemarkingswet, 1937, waardeur die stelsel van beheerrade ingestel is, sowel as die bemarkingskemas ten opsigte van die belangrikste landbouprodukte is opgestel toe die depressiejare en die knellende toestande nog vars in die geheue was. Dit is derhalwe net logies dat die beleid wat destyds deur die betrokke beheerrade geformuleer is, die Bemarkingswet en die betrokke skemas as bystandsmaatreëls vertolk en gebruik het.

Sedert daardie tyd het toestande merkbaar verander. Veral sedert die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het 'n aansienlike toename in die vraag na landbou-

produkte ontstaan. Om hierdie vraag te bevredig het produksie, veral nadat boerderybenodigdhede vryeliker beskikbaar geword het, d.w.s. vanaf 1946, die hoogte ingeskiet. Die landbou het toe 'n tydperk van voorheen ongekende voorspoed ervaar. Alhoewel produsentepryse sedert 1951/52 'n stadiger tempo van toename gehad het as voorheen, het produksie die afset geleidelik begin inhaal sodat die hoogtepunt in 1957/58 bereik is.[1] Pryse het daarna in die meeste gevalle 'n dalende neiging begin openbaar of staties gebly. Die betreklik hoë pryse het klaarblyklik produksie nog verder laat toeneem en die sogenaamde „surplustoestande"[2] het in die landbou ontstaan.

Hierdie surplustoestande het nuwe aanpassingsprobleme laat ontstaan, wat tans die ernstige aandag van die Departemente van Landbou geniet en in landboukringe druk bespreek word. Die feit dat hierdie probleem ontstaan het en in intensiteit toeneem, het dit noodsaaklik gemaak dat die betrokke beheerskemas en die metodes van bemarking van die verskillende rade aan deeglike ondersoek onderwerp word, ten einde te bepaal of die verlangde aanpassings van beleid en metode van bemarking waar nodig deur die betrokke rade sedert hulle ontstaan gemaak is en of die surplustoestande nie in verband hiermee gebring kan word nie.

Die noodsaaklikheid van sodanige navorsing word beklemtoon deur die feit dat beheerde landbouprodukte volgens waarde 80% (63.6% onder die Bemarkingswet) van die totale landbouproduksie in die Republiek bydra.[3] Dit maak van die

----------

1) Opm. Dit is opvallend dat daar tussen 1951 tot 1957 toe produksie die afsetgeleenthede begin inhaal het, agt beheerrade ingestel is.

2) Die woord „surplus" is nie 'n erkende ekonomiese begrip nie en ons verstaan daaronder 'n toestand van vermeerderde produksie sonder 'n ooreenstemmende toename in die vraag, of selfs met 'n afname in die vraag.

3) Van Rensburg, H.J. Beheer kragtens die bemarkingswet <u>in</u> Agrekon. Jan. 1962. p.39.

beheerrade die belangrikste bemarkingsbeleidbepalende liggame in die landbou. As bemarkingsorganisasies is dit hulle funksie om, afgesien van enige ander stabiliteitsoogmerke wat hulle mag hê, binne die magte wat aan hulle toevertrou is, ook te waak teen die ontstaan van enige fundamentele wanaanpassings tussen aanbod en vraag. Laasgenoemde is inderdaad 'n basiese vereiste waaraan enige doeltreffende bemarkingsorganisasie moet kan voldoen.

## 2. DOEL VAN HIERDIE STUDIE.

Hierdie studie handel oor die beheerde bemarking van bladtabak in Suid-Afrika. Die doel daarvan is in hoofsaak om die bemarkingsbeleid en metodes, soos van toepassing sedert die ontstaan van die beheerskema, krities te ontleed ten einde die doeltreffendheid daarvan te bepaal om, binne die raamwerk van die skema en sy doelstellings, aanpassing tussen produksie en verbruik te bewerkstellig en te bewaar, veral met die oog op die veranderlikheid van die ekonomie in die algemeen en vraag- en aanbodtoestande in besonder.

In 'n vrye verkeersekonomie is die pryse van die meeste landbouprodukte van dag tot dag en van seisoen tot seisoen onderhewig aan groot skommelings. Dit spruit dus logies hieruit voort dat beheerde bemarking in die hoogste mate in verband met die funksies van prysvorming en aanbieding staan. Die klem val dus deurgaans veral op hierdie aspekte.

## 3. VORIGE STUDIES.[1)]

Ongelukkig is vorige studies in verband met die tabakbedryf oorwegend histories en beskrywend van aard en word

----------

1) 1. Marais, D.F. Aspekte van koöperatiewe bemarking van blaartabak in die Unie van Suid-Afrika. Pretoria, 1957.

2. Steenekamp, F.J.L. Die historiese ontwikkeling, organisasie en ekonomiese betekenis van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging. Potchefstroom, 1958.

die funksie van bemarking nie analities behandel nie. In die gevalle waar wel na bemarkingsprobleme verwys word, word die betrokke skema en die verskillende aspekte daarvan, vir sover dit wel gedek word, nie wetenskaplik getoets teen die agtergrond van ekonomiese wette en beginsels nie. In hierdie studie het ons gepoog om die teorie met die praktyk te versoen.

## 4. PROBLEME ONDERVIND.

Ons het oorspronklik gepoog om die waarde van die studie te verhoog deur onder andere die verskillende elastisiteite te probeer meet. Nadat verskillende pogings aangewend is, het ons telkemale voor die probleem te staan gekom dat die beskikbare inligting nie vir dié doel geskik is nie, omdat dit nie omvattend genoeg is nie. In ander gevalle het die betrokke instansies die inligting òf nie versamel nie òf van so 'n vertroulike aard beskou dat dit nie vir publikasie aan ons beskikbaar gestel kon word nie. Dit geld veral ten opsigte van die verbruik en in 'n mindere mate ook die aanbod. Alhoewel 'n massa inligting ingesamel is, kon die analise dus slegs tot die stadium gevoer word waar tendense in breë trekke vertolk kon word.

Die langtermynoogmerke en -beleid in verband met die beheerde bemarkingskema en verskeie aspekte daarvan kon nie van enige van die gepubliseerde dokumente en stukke afgelei word nie, met die gevolg dat ons die langtermynbeleid, waar van toepassing, van die optrede onder die skema moes bepaal. Dit het ons benadering nadelig beïnvloed en ook sy invloed laat geld op die indeling van die verskillende onderwerpe. Dit is trouens die rede dat ons van die laaste hoofstuk 'n vollediger samevatting moes maak as wat andersins nodig sou wees.

## 5. AFBAKENING EN INDELING.

Daar die belangrikste doelstellings van die skema is om pryse vas te stel, die gradering van tabak te standaardiseer en vraag en aanbod te beheer, sal besef word dat die veld wat gedek is, baie wyd is. Vir 'n samevatting van die veld wat gedek is, wil ons dus verwys na die inhoudsopgawe.

Ons wil egter daarop wys dat ons in sekere gevalle die analise verder gevoer het as wat absoluut noodsaaklik is vir die doel van hierdie studie. Die betrokke onderwerpe is die stelsel van gradering (Hoofstuk IV), tabakbelastings (Hoofstuk VII), produksiekoste (Hoofstuk V) en die distribusiestelsel (Hoofstuk VIII). Dit is aspekte wat dikwels ter sprake kom en daarom wil ons graag langs hierdie weg die resultate van ons navorsing beskikbaar stel aan persone wat dit nuttig kan gebruik maar moontlik nie in die geleentheid is om die betrokke inligting self te versamel nie.

# HOOFSTUK II.

## BEHEERDE BEMARKING : DIE VERWESENLIKING VAN 'N IDEAAL.

### 1. INLEIDING.

In hierdie hoofstuk word die ekonomiese geskiedenis net baie kortliks aangestip. Die doel is om op sekere probleme wat daar voorheen bestaan het, te wys, asook op die stappe wat gedoen is in 'n poging om hierdie probleme te oorbrug.

Dit is interessant om die verskillende fases in die bemarking van tabak, wat aanleiding tot beheerde bemarking gegee het, kortliks na te gaan. Hierdie fases het mekaar baie vinnig opgevolg, as dit in aanmerking geneem word dat die bemarking van tabak in 1908 nog op 'n volkome ongeorganiseerde basis plaasgevind het. Binne die kort bestek van slegs dertig jaar is die produsent se ideaal van eenkanaalbemarking in die vorm van 'n beheerde bemarkingskema verwesenlik.

### 2. ONBEHEERDE WORDINGSJARE VOOR 1909.

#### 2.1. 1652 tot 1884.

Daar word heelwat oor die presiese datum waarop tabak vir die eerste keer in Suid-Afrika verbou is, gegis. Volgens D.F. Retief[1] is tabak deur die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie na Suid-Afrika gebring en het tabakboerdery aan die Kaap in 1657 'n aanvang geneem.

Tabak is maar op baie klein skaal geproduseer, hoofsaaklik om in die behoeftes van die nedersetters te voorsien. Enige oorskotte is aan skepe wat by die Kaap aangedoen het, of aan die Hottentotte verruil.

----------

1) Retief, D.F. Tabakboerdery in Suid-Afrika in Boerdery in Suid-Afrika, Maart 1952, p.199.

Ook die Voortrekkers, wat die binneland al dieper en dieper binnegedring het, het nooit nagelaat om tussen hulle koring, hawer, groente en ander sade 'n sakkie tabaksaad saam te neem nie.

Die meeste van hierdie tabak is in rolle verwerk om in daardie vorm as pruimtabak te pruim, òf gekerf as pyptabak te rook, òf in gedroogde en fyngemaakte vorm as snuif gebruik te word. In hierdie verband word ook aan die gebruik van tabak as medisyne gedink, byvoorbeeld die aanwending van pypolie teen slang- en bosluisbyte, tabakblare as trekmiddel, snuif teen hooikoors, en dies meer.

Hierdie toestand het min of meer onveranderd gebly tot die tweede helfte van die vorige eeu, toe daar met die ontdekking van goud en diamante 'n radikale verandering in die ekonomiese struktuur van die landbou ingetree het.

### 2.2. 1885 tot 1898.

Daar die boere voorheen 'n hoofsaaklik selfversorgende bestaan gevoer het, is 'n binnelandse mark geskep en is hulle in 'n ruilverkeerhuishouding betrek.

J. Penzhorn[1] beskrywe hierdie tydperk as die bloeitydperk vir gekerfde tabak in die Transvaal. Hy meld onder andere dat tabak in blaarvorm deur boere met donkiewaens van Rustenburg na Johannesburg vervoer is en dat baie goeie pryse behaal is. Goeie donker pyptabak is teen vyf tot sewe sent per pond en goeie geel sigarettabak teen tien tot vyftien sent per pond van die hand gesit. Terwyl tabak, wat in betreklik afgesonderde streke geproduseer is, voorheen verhandel is deur dit te smous in distrikte waar geen tabak gekweek is nie, of aan smouse en inboorlinge of winkeliers verruil is, was daar nou 'n groter aanvraag en die boer kon sy produk aan winkeliers en tabakkerwers verkoop.

----------

1) Penzhorn, J. Boodskap van 'n Pionier in Bylaag tot M.K.T.V.-Gedenkboek, 1909 - 1959, p.4.

In die Kaapkolonie was daar 'n snelle toename van produksie vanaf 1865 (1,633,000 lb.) tot 1888 (4,694,000 lb.),[1] waarna die produksiepeil onveranderd gebly het en selfs tans nog maar ongeveer 5 tot 6 miljoen pond per jaar is.[2] Wat interessant is, is dat 'n opflikkering met die stigting van die eerste tabakfabriek in Oudtshoorn in 1882[3] saamgeval het.

2.3. <u>1899 tot 1903</u>.

In 1899 het die Engelse oorlog uitgebreek, waarvan die gevolge rampspoedig vir die meeste boere was. Plase is verwoes en die veestapel vernietig. Na die vredesluiting in 1902 was dit 'n verarmde boerebevolking wat 'n nuwe begin, sonder kapitaal, moes probeer maak.

„Daar was geen georganiseerde bemarking waardeur planters hul produk lonend kon bemark nie. Besiel met die ideaal van opbou van wat vernietig is en met 'n strewe na verligting van die ekonomiese druk wat geheers het, was die grootste deel van die tabakplanters ryp vir enige vorm van organisasie en leiding wat ten doel sou hê om hulle ekonomies op te hef."[4]

Plase was afgeleë, swak vervoerfasiliteite het bestaan en produsente was van die belangrikste marke afgesny. Die feit dat verskeie pyptabakfabrieke (tabakkerwerye) hulle in die tabakproduserende gebiede gedurende hierdie tydperk gevestig het, het bemarkingstoestande nie verbeter nie. Die feit dat die uiters lae pryse van tussen 3 en 5 sent per pond vir tabak[5] betaal is, dui daarop dat die tabakkopers die

----------

1) Vgl. Tomlinson, F.R. Landbouproduksie en -pryse in die Kaapkolonie 1849 tot 1909, 1 tot 1V <u>in</u> Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jun. 1961 tot Maart 1962, p.146.

2) Raad van beheer oor die tabaknywerheid. Jaarverslag 1959/60, p.25.

3) Marais, D.F. a.w., p.4.

4) Steenekamp, F.J.L. Die weg van die M.K.T.V. bewandel <u>in</u> Vyftigjarige jubileum van die M.K.T.V. 1909-1959, p.34.

5) Vgl. Penzhorn, J. a.w., p.5.

volste voordeel uit die ongeorganiseerdheid van produsente getrek het. Teen hierdie pryse kon produksiekoste beswaarlik gedek word.[1]

2.4. <u>1904 tot 1908</u>.

Hierdie tydperk word gekenmerk deur die begin van organisasie. Die idee van gesamentlike bemarking het by wyle mnr. George Ottermann ontstaan. Besiel met 'n wil om die lot van die boer te verlig en aangespoor deur 'n Duitse verhandeling[2] wat hy gelees het, het hy begin om eenkanaalbemarking onder boere te propageer. Onder sy leiding het sewentien Kroondalse boere in 1904 die „Magaliesberg Farmers' Association" op 'n koöperatiewe grondslag saamgestel. By sy graanmeule het hy 'n klein geboutjie opgerig waar die boere hulle tabak gelewer en 'n voorskot ontvang het. Nadat die tabak uitgesweet, gekerf en in ½ lb.- en 1 lb.-sakkies gestop is, is dit in Krugersdorp en Johannesburg verkoop. Die omset het vinnig toegeneem en die boere kon nie voorbly om te voorsien nie. Die bestuurder van die winkels het egter begin nalaat om die huur, sy handlangers en vir die tabak te betaal. Op 'n goeie dag het hy soos 'n groot speld uit die land verdwyn. In plaas van om nog 'n agterskot te ontvang moes die lede elk R200.00 inbetaal om die opgehoopte onkoste te delg. Op dié wyse het hierdie organisasie binne twee jaar na sy ontstaan ontbind.

Voormelde organisasie het maar 'n baie klein gedeelte van die totale getal tabakplanters betrek, dog dit kan as belangrik beskou word omdat die koöperatiewe ideaal van gesamentlike bemarking van tabak in blaarvorm, in plaas van in gefabriseerde vorm, hieruit voortgevloei het.

----------

1) Vgl. Penzhorn, J. a.w., p.5.

2) Idem, p.5 asook Steenekamp, F.J.L. a.w., p.2.

## 3. KOÖPERATIEWE BEHEER VAN BEMARKING OP 'N PLAASLIKE GRONDSLAG. (1909 - 1925).

### 3.1. Stigting van die M.K.T.V.

Wyser ten gevolge van sy vorige ondervinding het oubaas Ottermann, soos hy later bekend was, tesame met sy ondersteuners daadwerklik voortgegaan om te organiseer vir die stigting van 'n koöperatiewe bemarkingsorganisasie vir bladtabak. Hulle het ook hulle invloed in regeringskringe laat geld. In 1908 het die Transvaalse Regering R20,000.00 bewillig om die tabaknywerheid in die kolonie te help.[1) ] Die idee was om 'n sentrale pakhuis, om die provinsie te bedien, in Pretoria op te rig. 'n Afvaardiging van Rustenburgse boere wat tereg gevoel het dat so 'n pakhuis liefs in die produksiearea moet wees, het 'n spesiale komitee, waarin onder andere genl. Louis Botha, Sir Abe Bailey, kol. Mentz en sen. Munnik gedien het, oorreed om aan te beveel dat gemelde bedrag vir die stigting van 'n tabakkoöperasie te Rustenburg en die oprigting van 'n geskikte pakhuis met die nodige toerusting en masjinerie aangewend word.[2)]

Op hierdie wyse is die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging gestig en op 18 Mei 1909 onder die Transvaalse „Koöperatieve Landbouwverenigingen Wet", wet nr. 17 van 1909, wat ook die eerste wet op koöperasies in Suid-Afrika was, geregistreer.

### 3.2. Voordele van koöperatiewe bemarking onder oligopsonietoestande.

Soos reeds aangetoon, het die behoefte aan gesamentlike onderneming ontstaan omdat tabakboere in 'n baie swak afdingende posisie verkeer het en hulle tabak onder oligopsonietoestande moes bemark. In sulke omstandighede kan

----------

1) Unie van Suid-Afrika. Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet rapport. U.G. 16-'34, p.98.

2) Adams, J.J. Verwesenliking van 'n ideaal in M.K.T.V.-Gedenkboek, 1909 - 1959, p.24.

koöperatiewe bemarking die volgende voordele inhou:[1)]

3.2.1. Die ongebalanseerdheid van die mark kan daardeur in so 'n mate herstel dat 'n gunstiger prys vir die boer verkry kan word. Deur middel van gekonsentreerde aanbieding sal produsente in 'n sterker onderhandelende posisie geplaas word. Die mate van sukses wat behaal kan word, hang ook af van die mate van aanhang wat die koöperasie geniet.

3.2.2. Die koöperasie kan opberging teen 'n veel laer koste per eenheid as die individuele boer waarneem, omdat die koste nie eweredig met die volume van opberging toeneem nie. Hoogstapeling van tabak in groot koöperatiewe pakhuise gaan met sekere besparings gepaard.

3.2.3. Deur spesialisasie kan die koöperasies persone gebruik wat die nodige kennis en ervaring van bemarking en marktoestande besit.

3.2.4. Koöperasies kan die bewerking en verpakking beter en doeltreffender behartig as wat die individuele boer dit kan doen. Tabak vereis gespesialiseerde behandeling ten opsigte van fermentasie, klassifisering en gradering, uitdroging en aanklamming, verpakking, ens., wat nie deur die individuele boer onderneem kan word nie en wat noodsaaklik is om die waarde van die tabak te verhoog.

### 3.3. <u>Leemtes wat aanleiding tot verpligte koöperatiewe bemarking gegee het.</u>[2)]

Die M.K.T.V. het in die begin 'n ongelyke stryd gevoer daar hy, self finansieel swak, onervare en nog besig om op die been te kom, vir die boer se belange teenoor finansieel

----------

1) Vgl. Coetzee, F.J.J. Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden, 1957, p.23.

2) Vir vollediger besonderhede verwys ons na Steenekamp, F.J.L. a.w., p.8,18.

sterk en gevestigde fabrikante en handelaars in die bresse moes tree.

Die probleme om ordelike bemarking te bewerkstellig, wat die M.K.T.V. ondervind het, was kortliks die volgende:

3.3.1. Die koöperasie het nie voldoende aanhang gehad nie. Tabakprodusente kon hulle tabak vryelik regstreeks aan kopers verkoop en gevolglik kon volle beheer nie oor die bemarkingsfunksie uitgeoefen word nie.

3.3.2. Aanloklike pryse en verkoopsvoorwaardes is deur sekere fabrikante en kopers aan planters gebied om die koöperasie in 'n swak lig te stel en afvalligheid van lede aan te moedig.

3.3.3. Die produksie het in verskillende streke van die Unie begin toeneem, wat die veld van onbeheerde bemarking vergroot het.

3.3.4. Die onbeheerde invoer van tabak uit die buiteland het 'n bedreiging vir die binnelandse produsent ingehou.

3.3.5. Sekere interne probleme rakende die bestuur, administrasie, personeel, behandeling van die tabak, gebrek aan kapitaal, ens., het die doeltreffende funksionering van die vereniging benadeel.

Weens die bogenoemde tekortkomings en aangespoor deur die algemene prysdaling van landbouprodukte gedurende die jare 1921 en 1922, het produsente by die owerhede aangedring op verpligte koöperatiewe bemarking van tabak met die oog op die verkryging van algehele beheer oor die bemarking daarvan.

# 4. VERPLIGTE KOÖPERATIEWE BEMARKING VAN TABAK, 1925 TOT 1939.

## 4.1. Verpligte koöperatiewe bemarking onder Wet 38 van 1925.

Die verpligte bemarkingsklousule is ingevolge Wet nr. 38 van 1925 by die koöperatiewe wet ingelyf. Hierdie wetgewing het bepaal dat, indien minstens 75% van die produsente van 'n sekere produk in 'n bepaalde gebied lede is van 'n koöperasie wat die produk bemark, en hulle ook 75% van die totale produksie van daardie gebied lewer, die Minister op versoek van die betrokke koöperasie 'n verklaring in die Staatskoerant kan uitreik dat al die produsente van die produk in daardie gebied dit deur die koöperasie moet bemark. Persone wat nie lede van die koöperasie is nie, is, wat die aflewering en verkoop van die produk betref, onderhewig aan dieselfde voorwaardes en verpligtings as lede gemaak.

'n Soortgelyke mag is reeds in 1924 aan die „Koöperatieve Wijnbouwers Vereniging" verleen, by welke geleentheid volle beheer oor stookwyn ingevolge die „Wet op Kontrole over Wijn en Spiritualiën", verkry is.

## 4.2. Redes vir mislukking.

Afgesien daarvan dat die verpligte bemarking 'n onkoöperatiewe magsbeginsel behels, het dit blykbaar ook nie daarin geslaag om die doeltreffendheid van die bemarking van tabak te verhoog nie. Die „Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet" bevat 'n lang bespreking van hierdie aangeleentheid. Die Kommissie was van mening dat koöperasie geheel en al van enige prysreëlings- of stabilisasieskemas geskei moet word, omdat 'n klein groepie produsenteverteenwoordigers as „konstitusioneel ongeskik" beskou word om sodanige mag in die beste belang van sowel produsent as verbruiker uit te oefen.[1)]

----------

1) U.G. 16-'34, a.w., p.20.

Nadat verpligte beheer ingestel is, het koöperasies die pryse van tabak sodanig verhoog dat dit „baie duidelik aantoon dat hulle beweeg was deur 'n kortsigtige beleid om die fabrikant te dwing om enige prys te betaal afgesien van voorraad en sonder inagneming van die uitwerking van sodanige pryse op toekomstige produksie".[1] Alhoewel produsente beweer het dat die abnormale gemiddelde prys wat aan produsente in 1926-'27 betaal is, beïnvloed is deur die buitengewone gehalte van die oes,[2] is graadpryse, soos blyk uit figuur 4, hoofstuk IV, aansienlik verhoog. Omdat produksie buite verhouding met verbruik toegeneem het, moes die graadpryse daarna weer verminder word. Hierdie hoë binnelandse pryse het invoere ook laat toeneem.

Figuur 1 bevat besonderhede omtrent die gewig tabak deur die M.K.T.V. ontvang en die gemiddelde bedrag wat aan planters per pond uitbetaal is vanaf 1922 tot 1932. Hierdie syfers kan as verteenwoordigend van die land in die geheel beskou word, aangesien die M.K.T.V. 'n groot deel van die landsoes hanteer het en by die vasstelling van pryse deur Sentabak die toon aangegee het.[3] Volgens hierdie figuur is dit duidelik dat die prysverhoging van 1926, wat aan planters 'n gemiddelde opbrengs van 8.45 sent per lb., vergeleke met 4½ sent per lb. gedurende die voorafgaande vier jaar, opgelewer het, aanleiding tot 'n toename in produksie sou gee.


Hierdie produksietoename was nie net tot verpligte gebiede beperk nie. In die ander areas het produksie nog sneller as in eersgenoemde gebiede toegeneem. Die relatief hoë pryse van tabak in die binneland het dit vir fabrikante en ander kopers ook voordelig gemaak om groter hoeveelhede

----------

1) Idem, p.101.
2) Idem, p.102.
3) In hoofstukke III en IV word die funksie van prysvorming en die rol wat Sentabak voor die instelling van die Tabakbeheerskema gespeel het, breedvoeriger behandel.

FIGUUR 1.[1)]

TABAKONTVANGSTES EN GEMIDDELDE UITBETALINGS DEUR DIE M.K.T.V. 1922 TOT 1931.




Bronne: U.G. 16-'34. a.w., p.102 vir pryse en M.K.T.V. vir ontvangstes.

1) Vgl. Aanhangsel 1.

tabak in die buiteland te koop. Volgens figuur 2 het die totale aanbod afkomstig van binnelandse produksie op plase van blankes en invoere amper verdubbel van 15.6 miljoen lb. in 1925 tot byna 30 miljoen lb. in 1927.

Aangesien die verbruik van tabak gedurende daardie jare maar sowat 16.5 miljoen lb. per jaar was,[1] was daar 'n geweldige toename van voorrade in die land. Aan die einde van die boekjaar 1928/29 was die opgehoopte voorrade by die verskillende koöperasies alleen 14 miljoen lb.,[2] d.i. byna gelyk aan een jaar se verbruik.

Die enigste metode om van die surplus ontslae te raak was deur middel van uitvoer. Voor 1928 is heelwat pogings aangewend om uitvoere aan te moedig. Proefbesendings is oorsee gestuur en agente is in die buiteland aangestel om uitvoere te bevorder. Weinig sukses is egter behaal. Gedurende 1928 het die regering mnr. W.J. Lamont, destyds hoof van die Afdeling Ekonomie en Marke, aan tabakkoöperasies geleen om die buiteland te besoek om 'n afset vir Suid-Afrikaanse tabak in die buiteland te probeer vind. Ten gevolge van sy pogings is etlike miljoene pond laegraadse tabak in Europa en die Verenigde Koninkryk verkoop teen relatief baie lae pryse. Die feit dat gemiddelde uitbetalings aan planters in 1929 maar 3.33 sent per lb. was, dien as aanduiding van die lae opbrengs van die tabak wat uitgevoer is, veral as dit in aanmerking geneem word dat die gemiddelde prys wat binnelandse kopers in dieselfde jaar betaal het, 6.72[3] sent per lb. was.

### 4.3. Stigting van die Sentrale Koöperatiewe Tabakmaatskappy van Suid-Afrika Beperk.


Op 15 April 1926 is 'n vergadering van verteenwoordigers van die drie Virginiese tabakkoöperasies wat destyds bestaan het, naamlik die M.K.T.V., Piet Retief en Vaalrivier, gehou

----------

1) en 2) U.G. 16-'34. a.w., p.101.
3) Idem, p.102.

FIGUUR 2.

TABAKPRODUKSIE OP PLASE VAN BLANKES IN SUID-AFRIKA EN INVOERE VANAF 1923 TOT 1931. (IN MILJOEN LB.)




Bron: U.G. 16-'34. a.w., p. 100, 103.

om Sentabak te stig. Die doel van hierdie Sentrale was „om die belange van die lede, verteenwoordigende die verskillende tabakkoöperasies, te behartig deur die tabakindustrie te stabiliseer en die verkooppryse van tabak onderling te reël."[1]

Die funksies van Sentabak word in die volgende hoofstuk behandel, en soos uit die verdere bespreking afgelei kan word, het hierdie organisasie van die begin af 'n besondere plek ingeneem en, ten spyte van die bestaan van 'n Tabakbeheerraad, baie funksies verrig wat deur beheerrade in die geval van ander landbouprodukte verrig word. In hierdie stadium van die bespreking kan ons net meld dat Sentabak hom onvermoeid beywer het om tabakkoöperasies in ongeorganiseerde produksiestreke te laat stig, veral met die doel om hierdie streke as verpligte areas geproklameer te kry, ten einde die beheer oor die bemarking van tabak uit te brei. Die feit dat die Republiek se „tabakboere al sterk koöperatief georganiseer, met 'n groot mate van ooreenstemmigheid wat betref verkoopstelsel en eenvormigheid"[2] was toe die beheerskema in 1939 ingestel is, is in 'n baie groot mate te danke aan Sentabak.

4.4. <u>Tabakreëlingswet, wet nr. 19 van 1932</u>.

Die ineenstorting van wêreldpryse in 1929 het die landboubedryfstak besonder swaar getref. Die pryse van landbouprodukte het vinniger en verder as die pryse van die produkte van ander sektore van die ekonomie gedaal. Om die posisie te probeer verlig is hulpmaatreëls deur middel van wetgewing ingestel. Die teorie waarop hierdie maatreëls berus het, was dat deur die verpligte verwydering van die oorskotproduksie bo die binnelandse behoeftes deur middel van uitvoerkwotas en -subsidies, die binnelandse markpryse sou verhoog.

----------

1) Sentabak Notule. 15 April 1926.

2) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Nasionale Bemarkingsraad oor bemarkingsrade, 1938 tot 1946. U.G. 27-'47, p.196.

Hierdeur sou die landbou van hoër gemiddelde opbrengste verseker wees.

Soos in die gevalle van ander landbouprodukte, byvoorbeeld mielies, koring, slagvee en suiwelprodukte, is op aandrang van tabakprodusente 'n afsonderlike wet ook vir tabak gepasseer, naamlik die Tabakreëlingswet, wet nr. 19 van 1932. Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die onttrekking van enige oorskot van die plaaslike mark deur middel van die vasstelling van 'n uitvoerkwota deur die Minister van Landbou. Elke fabrikant of tabakhandelaar wat van 'n produsent of 'n produsentekoöperasie koop, is daarmee belas om die geproklameerde persentasie van sy aankope uit te voer. Elke tabakhandelaar was verplig om 'n lisensie te hê om alle tabaktransaksies aan te teken en maandelikse opgawes aan die Departement van Landbou te stuur. 'n Inspeksiediens is deur die Departement in die lewe geroep om toe te sien dat hierdie verpligtings deur persone wat tabak van produsente koop, nagekom word. Die wet het ook voorsiening gemaak vir die verbod op of beheer en regulering van die invoer van blaartabak.

Alhoewel die maatreëls kragtens hierdie wetgewing die indruk mag skep dat die aanmoediging van uitvoere beoog word, was dit nie die onderliggende gedagte nie. Die hoofdoel was om 'n billiker verdeling van die risiko's ten opsigte van uitvoere tussen die koöperatief georganiseerde en ongeorganiseerde produsente te bewerkstellig. Voorheen het koöperasies alleen die oorskot gedra, terwyl produsente in nie-verpligte gebiede al hulle tabak in die plaaslike mark verkoop het.

Aangesien die regering ook besef het dat daar feitlik geen aanvraag vir Suid-Afrikaanse tabak in die buiteland bestaan het nie, het hierdie wet ook aan die Minister die bevoegdheid verleen dat tabak aan die plaaslike handel

onttrek kon word en, in plaas van uitgevoer, vernietig kon word.

Hierdie wetgewing het die koöperatiewe bemarking van tabak baie bevorder. Koöperasies het aangebied om die verantwoordelikheid van kopers om tabak uit te voer op hulleself te neem en sodoende fabrikante en handelaars hiervan te bevry. Ongeorganiseerde produsente kon nie dieselfde aanbod maak nie. Weinig tabakhandelaars en fabrikante was begerig om vir hulle die risiko's, onkoste en probleme van 'n uitvoermark op die hals te haal. Hulle was ook nie toegerus om tabak vir die uitvoermark voor te berei nie. Die netto uitwerking van die wet was 'n groot toename in die verkope van koöperasies in die binnelandse mark en 'n ooreenstemmende vermindering van verkope deur planters wat nie koöperatief georganiseer was nie.[1]

Die eerste verpligte uitvoerkwota was ten opsigte van die boekjaar 1932/33 vasgestel op 25% van die totale gewig van die ontvange oes.[2]

Vir sover volgens notules van Sentabak vasgestel kon word, is sekere probleme by die toepassing van hierdie wet ondervind. Koöperasies moes byvoorbeeld gedurende die eerste jaar waarin die kwota van toepassing was, byna 1½ miljoen lb. uitgevoer het, maar het slegs daarin geslaag om sowat 400,000 lb.[3] tabak binne die betrokke jaar in die buiteland te bemark. Verder was al die grade en klasse tabak, afkomstig van al die verskillende areas, nie vir buitelandse kopers ewe aanneemlik nie.

4.5. <u>Wysigingswet nr. 17 van 1935</u>.

Ten gevolge van die probleme wat ontstaan het, en die tekortkomings van die Hoofwet, wet nr. 19 van 1932, was die

----------

1) U.G. 16 - '34. a.w., p.104.
2) U.G. 27 - '47. a.w., p.184.
3) Sentabak.

Staat se volgende stap die skepping van 'n beheerraad vir tabak deur die aanname van Wysigingswet, wet nr. 17 van 1935. Hierdie „Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid" sou die Departement grotendeels onthef van die regstreekse uitoefening van die beheer oor die nywerheid. Een van die hoofoogmerke van die wysiging was om 'n heffingsfonds[1] in die lewe te roep, hoofsaaklik om uitvoerverliese eweredig tussen produsente te versprei en om die omvang van die beheer oor bemarking uit te brei.

Kragtens Proklamasie 119 van 21 Junie 1935 is die eerste Tabakbeheerraad ingestel met nege stemgeregtigde lede: een verteenwoordiger van die Departement van Landbou; vyf om produsente te verteenwoordig (vier daarvan vir die koöperatiewe groep); twee verteenwoordigers van tabakfabrikante (een vir die grotere en een vir die kleinere bedrywe); en een verteenwoordiger vir die handel. Die hoofwerksaamhede[2] van die Raad was die volgende: Om die Minister van advies in die algemeen te bedien; om die jaarlikse uitvoerkwotapersentasie te bereken en aan te beveel; om heffingsgelde op tabak wat in die handel gebring word, in te vorder; om uit sy fondse 'n uitvoervergoeding op tabak wat uitgevoer word, te betaal; om regulasies vir die gradering en verpakking van tabak uit te vaardig; om toe te sien dat tabakhandelaars gelisensieer is en gereeld opgawes verstrek van tabak wat gekoop, verkoop, verwerk of uitgevoer word. Verder is aan die Tabakraad die taak opgedra om jaarliks die „kwota" van tolvrye invoer van tabak uit Suid-Rhodesië te bepaal, asook die minimum prys van die laagste graad wat onder die kwota ingevoer kan word.

Dit is 'n interessante feit dat hierdie raad, wat toe as sy belangrikste funksie beskou was, naamlik die bepaling van 'n verpligte uitvoerkwota, net eenkeer vervul het.

----------

1) Sien hs. VI vir besonderhede.
2) Vgl. U.G. 27 - '47. a.w., p.184.

Slegs vir die jaar 1935/36 is nog 'n verpligte uitvoerkwota van 5%[1] aanbeveel en geproklameer.

Alhoewel die eerste Tabakraad nie die mag gehad het om pryse te bepaal nie en ook nie eenkanaalbemarking regstreeks bevorder het nie, was dit 'n belangrike verdere stap om beheer oor die bemarking van tabak uit te brei. Wat verder van belang was, is die feit dat hierdie wetgewing koöperasies erken het as verteenwoordigers van tabakprodusente in die land by die verkoop van hulle produk.

## 5. DIE INSTELLING VAN EENKANAALBEMARKING ONDER DIE BEMARKINGSWET, 1937.

Die Tabakbeheerraad is hersaamgestel kragtens die Bemarkingswet, 1937, ingevolge Proklamasie nr. 51 van 1939. Soos uit die volgende hoofstukke duidelik sal blyk, is feitlik volkome beheer van bemarking van tabak deur die nuwe skema bewerkstellig en produsente se ideaal in verband met eenkanaalbemarking verwesenlik.

Koöperasies het ongetwyfeld die weg vir die beheerskema gebaan. Meer as 90%[2] van Suid-Afrika se tabakoes is deur koöperasies ontvang en bewerk. Koöperasies het in die nuwe skema volle erkenning gekry, en die ledetal van die raad is vermeerder van 9 tot 13; vier verdere koöperatiewe boereverteenwoordigers is bygevoeg. Koöperasies het hierdeur 'n meerderheid op die Raad gekry, aangesien agt van die dertien lede koöperasies verteenwoordig het. Hierdie ledetal het onveranderd gebly tot op 19 Oktober 1951, toe die verteenwoordiging van produsente na tien vermeerder is en dié van die vervaardigers na vier, sodat die totale ledetal op 16 te staan gekom het.

----------

1) U.G. 27 - '47. a.w., p.184.

2) Idem, p.184.

## 6. SAMEVATTING.

Toe tabak nog slegs vir eie gebruik geproduseer is, het daar geen bemarkingsprobleme bestaan nie. Namate tabak egter 'n handelsartikel geword het, het daar ook bemarkingsprobleme ontstaan. Hierdie probleme is vererger deurdat 'n groot getal ongeorganiseerde en gedesentraliseerde klein produsente hulle tabak moes verkoop aan 'n relatief geringe aantal kopers.[1)]

Uit die toestand van nood wat die Engelse oorlog gevolg het, is die eerste tabakbemarkingsorganisasie gebore, naamlik die „Magaliesberg Farmers' Association". Hierdie eerste poging het misluk.

Koöperatiewe bemarking van tabak het eers na die inwerkingtreding van Wet nr. 17 van 1908 (Transvaal) begin om veld te wen, en in 1909 is die M.K.T.V. te Rustenburg met Regeringshulp in die lewe geroep. Hoofsaaklik ten gevolge van swak ondersteuning en teenkanting deur tabakfabrikante en kopers kon die M.K.T.V. nie die verlangde mate van beheer oor

----------

1) A.E. Marks beskrywe die toestand wat geheers het soos volg: "Apart from the fact that he had inherited in marked degree those particular traits which make of the farmer everywhere a poor business man, he was the victim of a pernicious system of exchange. The situation of the farm and indifferent means of transport often combined to cut him off from the principal markets, and in consequence he had accustomed himself to the practice of delivering his produce to the nearest country storekeeper, receiving in exchange groceries, household goods, farming implements, or such other articles as could be obtained from the limited stock of goods retailed by the storekeeper. It may confidently be assumed that in this transaction the purchasing power of the produce was calculated at a rate which left a safe margin of profit to the storekeeper, and that the latter did not overlook the necessity of reaping a further advantage from the disposal of his wares to his customer, obtaining in this way a double profit on the one item of business. It was evident, therefore, that any scheme for promoting agricultural development should include as a prominent feature the establishment of less tortuous channels of communication between the producer and consumer".
International Institute of Agriculture.
Marks, A.E. Agricultural Co-operation in South Africa. Rome, 1914, p.10.

die bemarking van tabak en pryse uitoefen nie. Aangespoor deur die algemene prysdaling van landbouprodukte in 1921 en 1922 het produsente by die Staat aangedring op verpligte koöperatiewe bemarking van tabak ten einde algehele beheer daaroor te kry.

Die moontlikheid van algehele beheer is deur middel van 'n wysiging van die Koöperatiewe Wet, 1922, deur Wet nr. 38 van 1925, geskep. Alhoewel ernstig gepoog is om koöperatiewe beheer in alle tabakproduserende areas te verkry, kon hierdie ideaal nie verwesenlik word nie. Ten gevolge van die onrealistiese prysbeleid wat gevolg is, is die gedagte van suiwer koöperatiewe beheer deur die „Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet" verwerp.

Die ineenstorting van wêreldpryse in 1929 het daartoe aanleiding gegee dat hulpmaatreëls deur middel van wetgewing aangewend moes word om landboupryse te probeer stabiliseer. Aangesien koöperasies in die geval van tabak die aangewese liggame was waardeur uitvoering aan die betrokke wette gegee is, het die koöperatiewe bemarking van tabak steeds groter veld gewen.

Toe algehele beheer oor die bemarking van tabak in 1939 kragtens Proklamasie nr. 51 onder die Bemarkingswet, 1937, ingestel is, was koöperasies die aangewese liggame waardeur die betrokke skema tot uitvoer gebring kon word.

Soos uit die volgende hoofstukke sal blyk, het die tabakbeheerskema slegs voortgebou op wat deur koöperasies tot stand gebring is, sonder dat daar ten opsigte van die uitoefening van die funksies van bemarking enige drastiese veranderings aangebring is, behalwe miskien in verband met die funksie van prysvorming.

# HOOFSTUK III.

# ORGANISASIE.

## 1. INLEIDING.

In die vorige hoofstuk is die behoefte aan organisasie en beheer ten opsigte van die bemarking van bladtabak kortliks bespreek en daarop gewys dat die veld van hierdie organisasie met verloop van tyd steeds wyer getrek is totdat dit, in die vorm van 'n beheerde bemarkingstelsel, volle beheer oor die belangrikste bemarkingsfunksies verkry het.

Onder so 'n skema bestaan daar sekere voorskrifte hoe hierdie funksies uitgevoer moet word en watter organisasies dit ten uitvoer moet bring. In hierdie hoofstuk word die belangrikste doelstellings en funksies van hierdie organisasies kortliks aangestip. In dié opsig word hoofsaaklik gedink aan die bemarkingsfunksies wat regstreeks in verband staan met die bemarkingskema wat kragtens die Bemarkingswet, 1937, in die lewe geroep is.

Die organisasies wat regstreeks by die uitoefening van beheer oor die bemarking van blaartabak in Suid-Afrika betrokke is, is die volgende:

Die Nasionale Bemarkingsraad;

die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid;

die onderskeie tabakkoöperasies;

die Sentrale Koöperatiewe Tabakmaatskappy van Suid-Afrika Beperk; en

fabrikante en groothandelaars.

## 2. DIE NASIONALE BEMARKINGSRAAD.

Die Bemarkingswet kan beskrywe word as 'n veroorlowende maatreël wat voorsiening maak vir die instelling van verskillende skemas vir die regulering van die bemarking van

verskillende produkte, elk met 'n beheerraad om die betrokke skema toe te pas. Die betrokke skemas word in 'n hoë mate onderwerp aan die toesig van die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking. Die Bemarkingswet het ook voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Nasionale Bemarkingsraad om die Minister van advies te dien - en op te tree as 'n koördinerende en toesighoudende liggaam. Op hierdie wyse kon die optrede van die verskillende beheerrade deur 'n sentrale liggaam gekoördineer word.

Die vernaamste funksies van die Nasionale Bemarkingsraad, waaruit sy ander funksies eintlik voortspruit, is volgens ons mening dié wat te doen het met die behoorlike verspreiding van produksiemiddele, eerstens, tussen die landbou en ander bedrywe en, tweedens, tussen die verskillende vertakkings van die landbou. Indien die Nasionale Bemarkingsraad sou toesien dat die optrede van die verskillende rade, wat uit die aard van hulle samestelling seksioneel van aard sal wees, nie die ewewig in verband met die verspreiding van produksiemiddele versteur om die produktiewe aanwending daarvan te benadeel nie, beantwoord hy aan sy doel. Die ander funksies wat te doen het met die opstelling, wysiging en nagaan van skemas, asook advies aan die Minister in verband met die jaarlikse vasstelling van pryse en die instelling van diverse maatreëls onder die verskillende skemas beskou ons as ondergeskik aan die funksie van koördinasie. In hoofstuk XI keer ons terug na hierdie onderwerp, maar nou word voorlopig volstaan met die voormelde opmerkings.

## 3. DIE RAAD VAN BEHEER OOR DIE TABAKNYWERHEID.

Die hoofdoel van die Tabakraad is om uitvoering te gee aan die bepalings van die Tabakreëlingskema, wat kragtens die Bemarkingswet, 1937, ingestel is ingevolge Proklamasie

nr. 51 van 1939, soos gekonsolideer en gewysig deur Proklamasie nr. R.19 van 1961.

3.1. <u>Doelstellings van die Tabakreëlingskema.</u>[1]

Die hoofdoelstellings van hierdie skema is die volgende:

3.1.1. Om die aanbod en die vraag na bladtabak met behulp van koöperasies te reguleer;

3.1.2. om die verkooppryse by die afset van bladtabak deur koöperasies aan die handel vas te stel;

3.1.3. om die gradering van alle bladtabak wat die handel bereik, te standaardiseer;

3.1.4. om 'n heffing op bladtabak op te lê en dit te gebruik ter delging van administratiewe uitgawes, verliese op uitvoer en ander gemagtigde uitgawes.

Soos later verduidelik word, is die doelstellings soos hierbo deur die Tabakraad geformuleer, besonder ambisieus, veral die eerste twee. In die volgende hoofstukke word gevolglik besondere aandag aan hierdie aspekte bestee.

3.2. <u>Magte van die Tabakraad.</u>[2]

Die volgende is die belangrikste magte wat onder die skema aan die Raad verleen is:

3.2.1. Om, met goedkeuring van die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, produsente te verbied om plaaslik geproduseerde bladtabak (Transkeigebied uitgesluit), anders as deur bemiddeling van sekere aangewese agente, te verkoop;

----------

1) Tabakbeheerraad. Jaarverslag 1960/61, p.7.
2) Proklamasie nr. R. 19, 1961.

3.2.2. om, met goedkeuring van die Minister, produsente te verbied om sekere klasse, grade, hoeveelhede of persentasies bladtabak te verkoop;

3.2.3. om verkooppryse of minimum verkooppryse waarteen tabak deur agente verkoop word, vas te stel;

3.2.4. om verwerkers van en groothandelaars in bladtabak te registreer;

3.2.5. om die Minister van advies te dien aangaande gradering, kwaliteitstandaarde, verpakking, voorbereiding en bemarking van bladtabak, die verbod op en die beheer van die in- of uitvoer van bladtabak, die tolvrye invoer van bladtabak en enigiets anders waaromtrent die Raad dit mag goed vind om aanbevelings te maak;

3.2.6. om, met die goedkeuring van die Minister, 'n heffing op te lê op bladtabak wat ten behoewe van produsente verkoop word of wat ingevoer word of die Republiek andersins bereik;

3.2.7. om verliese gely op uitvoer van bladtabak te vergoed;

3.2.8. om toe te sien dat alle tabaktransaksies deur elke agent, fabrikant en groothandelaar van bladtabak te boek gestel word en om sodanige inligting deur middel van opgawes, soos deur die Minister voorgeskrywe, aan die Raad te stuur;

3.2.9. om behulpsaam te wees of finansiële ondersteuning te verleen in verband met die opberging van tabak en navorsingswerk betreffende die verbetering, produksie, voorbereiding en bemarking van tabak;

3.2.10. om 'n inligtingsdiens in te stel ten einde produsente van tyd tot tyd aangaande bemarkingstoestande in te lig.

3.3. <u>Samestelling van die Tabakraad.</u>[1)]

Die Tabakbeheerraad bestaan uit sestien lede wat die verskillende belange in die bedryf soos volg verteenwoordig:

| | |
|---|---|
| Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking.. (genomineer deur die Minister) | 1 |
| Produsente van tabak ........................... | 10 |
| 8 vir Virginiese tabak (genomineer deur Sentabak en op 'n streeksgrondslag gekies) | |
| 1 vir Turkse tabak (genomineer deur die Westelike Provinsie Koöperatiewe Tabakkwekers Maatskappy Beperk) | |
| 1 verteenwoordiger van nie-koöperatiewe produsente (genomineer deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie) | |
| Fabrikante ..................................... | 4 |
| 2 vervaardigers van sigarette (genomineer deur die komitee van vervaardigers van sigarette) | |
| 2 vervaardigers van tabak anders as sigarette (genomineer deur die komitee van vervaardigers van pyptabak) | |
| Handelsverteenwoordiger ........................ (genomineer deur die Minister) | 1 |
| Totaal ........ | 16 |

Afgesien van die bogenoemde stemgeregtigde lede word vergaderings van die Raad deur vier adviseurs bygewoon waarvan een die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking en een die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling verteenwoordig. Die ander twee word gewoonlik deur die Raad gekoöpteer vanweë hulle besondere kennis van die bedryf. Verder het 'n verteenwoordiger van „The Swaziland Co-operative Tobacco Company Limited" sitting op die Raad se vergaderings. Laasgenoemde kan aan die besprekings deelneem maar het geen stemreg nie.

----------

1) Tabakbeheerraad. Jaarverslag 1960/61, p.4.

## 4. AGENTE VAN DIE TABAKRAAD (KOÖPERASIES).

### 4.1. Verpligte lewering aan agente.

Kragtens die beheerskema is produsente in beheerde gebiede verbied om hulle tabak andersins as deur middel van sekere aangestelde agente te verkoop. Dit is geen nuwe beginsel nie en is slegs 'n verdere uitbreiding van die magte wat koöperasies reeds kragtens hulle statute besit het. Die statute of regulasies van alle tabakkoöperasies in Suid-Afrika bevat 'n klousule wat elke lid verplig om sy hele tabakoes in die vorm van blaartabak deur bemiddeling van die koöperasie waarvan hy lid is, te verkoop. Enige lid wat versuim om hierdie bepaling na te kom, kan deur die koöperasie beboet word, gewoonlik teen vyf sent per pond gewig tabak wat hy versuim het om aan die koöperasie te lewer.

Kragtens die wysiging van die Koöperatiewe Wet, 1922, deur Artikel 17 van Wet nr. 38 van 1925 (Artikel 102 van Wet 29 van 1939) is alle produsente in verpligte koöperatiewe bemarkingsgebiede verbied om hulle tabak te verkoop of van die hand te sit, behalwe deur middel van die betrokke koöperasie. Op hierdie wyse het koöperasies volle beheer oor die bemarking van tabak in verpligte areas verkry reeds lank voordat die Bemarkingswet, 1937, in werking getree het.

Die voormelde bepalings van die Koöperatiewe Wet, 1922, soos gewysig, is feitlik woordeliks deur die Tabakreëlingskema wat kragtens Proklamasie nr. 51 van 1939 ingestel is, oorgeneem. Artikel 21 van Proklamasie 51 bepaal dat die Tabakraad, met die Minister se goedkeuring, 'n produsent van tabak kan belet om tabak wat hy in die Republiek, met uitsluiting van die Transkeigebied, geproduseer het, te verkoop deur 'n ander kanaal as 'n agentskap wat die Raad aanwys. Indien hierdie agente koöperasies is, word produsente wat nie lede is nie, ook onderhewig gestel aan die regulasies van die

koöperasies met betrekking tot die lewering en verkoop van hulle tabak.

Uit die voorgaande en ten gevolge van die feit dat slegs koöperasies as agente van die Tabakraad aangestel word, is dit duidelik dat produsente ook onder die beheerskema in hulle doel geslaag het om beheer oor die bemarking van die land se tabak op 'n koöperatiewe grondslag te verkry.

4.2. Name van agente en gebiede wat hulle bedien.

Daar bestaan tien tabakkoöperasies in Suid-Afrika, wat almal agente van die Tabakraad is. Die hele land is ook in tien beskrewe streke, uitsluitende die Transkeigebied, kragtens die beheerskema ingedeel, en die produsente in elke area kan sy tabak slegs aan die koöperasie wat die agent vir daardie gebied is, lewer.

Die name van die verskillende koöperasies, datums van registrasie en die dorpe waar hulle hoofkantore geleë is, volg hierna.[1)]

Gebied A - Middel-Transvaal.

Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging, Rustenburg. Geregistreer op 18 Mei 1909.

Gebied C - Suidoos-Transvaal en Noord-Natal.

Piet Retief Koöperatiewe Tabakplantersvereniging, Piet Retief. Geregistreer op 19 Februarie 1926.

Gebied D - Noord-Transvaal.

Potgietersrusse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging, Potgietersrus. Geregistreer op 7 Julie 1933.

Gebied E - Oranje Vrystaat en Suidwes-Transvaal.

Vaalrivier Koöperatiewe Tabakboere Vereniging, Parys. Geregistreer op 30 Julie 1921.

----------

1) Opm. Dit sal opgemerk word dat daar nie 'n gebied B is nie. Gebied B is deur die Pietersburgse Koöperatiewe Boerevereniging bedien, maar hierdie koöperasie het in 1942 opgehou om te bestaan. Sedert 1 April 1942 is die Letabase en Pietersburgse distrikte gevolglik by gebied D ingelyf. Tabakraad. Jaarverslag 1941/42, pp. 6 en 7.

Gebied F - Noordoostelike Transvaal.

The Barberton District Co-operative Tobacco Company Limited, Nelspruit. Geregistreer op 2 Februarie 1927.

Gebied G - Oostelike Kaapland.

Die Gamtoos Koöperatiewe Tabak Maatskappy Beperk, Patensie. Geregistreer op 31 Desember 1936.

Gebied H - Suidwestelike Kaapland.

Die Kango Koöperatiewe Tabakmaatskappy Beperk, Oudtshoorn. Geregistreer op 12 Februarie 1926.

Gebied I - Suidelike Kaapland.

Katrivier Tabak Koöperatiewe Maatskappy Beperk, Balfour, K.P. Geregistreer op 4 Desember 1936.

Gebied J - Suid-Natal.

Natal Indian Tobacco Growers' Co-operative Company Limited, Durban. Geregistreer op 28 Junie 1941.

Gebied K - Westelike Provinsie.


Die Westelike Provinsie Koöperatiewe Tabakkwekers Maatskappy Beperk, Paarl. Oorspronklik op 23 November 1912 geregistreer onder die Maatskappyewet en op 9 November 1922 onder die Koöperatiewe Wet.

Ten einde 'n meer oorsigtelike beeld te gee is die agentskapsgebiede op Kaart 1, wat op die volgende bladsy verskyn, aangedui.

'n Leemte skyn te wees dat die beheerde gebiede in ooreenstemming met landdrosdistrikte geproklameer is. Sedert die instelling van beheer is die grense van verskeie landdrosdistrikte verskuif sodat onsekerheid oor waar hulle verplig is om hulle tabak te lewer by planters in die betrokke areas ontstaan het. Ten gevolge van sodanige verskuiwings val slegs sekere plase in die distrikte Lydenburg en Potgietersrus in die M.K.T.V. se gebied. Sodanige verskuiwings kan ook tot geskille tussen koöperasies lei. Dit is gewoonlik beter om grenslyne van hierdie aard volgens

KAART 1.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA VERDEEL IN TABAKRAAD-AGENTSKAPGEBIEDE.




Bron: Opgestel deur skrywer.

natuurlike permanente bakens te omskrywe.

Die tabakreëlingskema is nie, wat die regulering en verkoop van voorrade betref, op die Transkeigebied van toepassing nie. Hiervoor bestaan daar verskeie redes. Volgens die Tabakraad is die belangrikste redes[1] die groot getal nie-blanke planters wat op baie klein skaal tabak verbou en heeltemal ongeorganiseerd is. Die tabak van hierdie area is ook van 'n besondere tipe en soort wat baie van die Virginiese tipes wat elders in die land gekweek word, verskil. Verder word gevrees dat beheermaatreëls oor daardie tabak, indien uitvoerbaar, òf nie bevorderlik vir die goeie verstandhouding sal wees òf nie verwelkom sal word nie.

4.3. Verpoeling van tabak.

Die tabakbeheerskema verskil in dié opsig van ander beheerskemas, byvoorbeeld dié vir mielies, koring en ander graansoorte, naamlik dat die Tabakraad se agente nie die tabak namens die Raad hanteer nie. In 'n suiwer wetlike sin is die koöperasies dus nie agente van die Raad nie maar eerder agente van die produsente, wat wetlik verplig is om aan die koöperasies te lewer.

Tabakkoöperasies koop dus nie die tabak van produsente namens die Tabakraad nie, maar bewerk en verkoop dit namens planters volgens die sogenaamde poelstelsel. By die verskillende koöperasies verskil sekere van die regulasies wat op poele betrekking het, dog die grondbeginsels bly dieselfde. Volgens die poelstelsel word soos volg met produsente afgereken: Nadat produsente die tabak by die koöperasie gelewer het, ontvang hulle 'n voorskot van hoogstens 75% van die geskatte waarde van die tabak. Hierdie tabak word volgens klasse in ontvangs geneem en gerangskik en as sodanig afsonderlik gehou, bewerk en van die hand gesit. Vir elke afsonderlike klas is daar dus 'n aparte poel en word

----------

1) Tabakraad. Jaarverslag, 1960/61-boekjaar, p.3.

afsonderlik met die betrokke produsente afgereken. Nadat die tabak verkoop is, word die volgende bedrae van die opbrengs van elke klas tabak afgetrek:

4.3.1. die bedrag van die voorskotte;

4.3.2. rente ten opsigte van seisoenlenings aangegaan ten opsigte van die betrokke poel;

4.3.3. die proporsionele onkoste van die koöperasie ten opsigte van verpakking, gradering, hantering, bewerking, verkoop en vervoer van die tabak asook ander assuransie- en rentekoste; en

4.3.4. 'n proporsionele bedrag vir waardevermindering van die roerende en onroerende eiendom van die koöperasie.

Van die balans word 'n bydrae tot die reserwes of ledebelangefonds gemaak; voorsiening word vir redelike gebeurlikhede, vir verlies en, in die geval van 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, vir rente teen hoogstens 8% per jaar op die aandelekapitaal gemaak; die balans word onder produsente in verhouding met die voorskotte wat hulle reeds ontvang het, verdeel. Ingeval daar gedurende enige jaar 'n verlies gely word, word sodanige verlies deur die produsente vir daardie jaar gedra in verhouding met die totale waarde van die tabak deur elkeen gedurende die betrokke jaar aan die koöperasie gelewer.

In hierdie verband is dit interessant dat, alhoewel die Tabakraad nie verplig is om koöperasies as sy agente aan te stel nie, alle agente verplig word om die tabak op 'n koöperatiewe grondslag te hanteer. Kragtens die Tabakbeheerskema[1] is elke agent (behalwe 'n koöperatiewe vereniging of

----------

1) Proklamasie 51 van 1939, Artikel 21(4), soos gepubliseer in Buitengewone Staatskoerant 2617 van 21 Maart 1939.

maatskappy), met inbegrip van 'n sentrale of federale koöperatiewe maatskappy, verplig om die tabak te verpoel, voorskotte te betaal en die balans na aftrekking van 'n vergoeding, heffings, bemarkingskoste ens. soos deur die Tabakraad goedgekeur, aan produsente uit te betaal.

Die beginsels van die koöperatiewe poelstelsel sal dus ook op ander organisasies van toepassing wees, indien hulle as agente van die Tabakraad aangestel sou word.

### 4.4. Algemeen.

Dit is nie ons doel om die bemarkingsfunksies van tabakkoöperasies in hierdie stadium volledig te bespreek nie, maar daar is wel in die voorgaande uiteensetting gewys op sekere aspekte van koöperatiewe bemarking wat in die tabakbeheerskema opgeneem is. Hierdie aspekte is belangrik in die sin dat die instelling van die beheerskema geen wysiging in die doelstellings, funksies en pligte van die afsonderlike tabakkoöperasies aangebring het nie.

## 5. DIE SENTRALE KOÖPERATIEWE TABAKMAATSKAPPY VAN SUID-AFRIKA BEPERK. (SENTABAK).

Sentabak kan beskou word as die koördinerende en beleidvormende liggaam van produsentekoöperasies. Soos later nog duideliker sal blyk, is hierdie liggaam een van die belangrikste skakels by die bemarking van tabak in Suid-Afrika.

### 5.1. Filiale van Sentabak.

Ons het reeds in die vorige hoofstuk verwys na die stigting van Sentabak. Sentabak is op 22 Junie 1926 geregistreer en het drie stigtingslede gehad. Soos uit die onderstaande lys van filiale van Sentabak blyk, het Sentabak feitlik volle beheer oor die bemarking van Virginiese tabak gehad toe die beheerskema in 1939 oorgeneem het.

| Naam van koöperasie. | Datum van affiliasie. |
|---|---|
| Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging. | Stigtingslid. |
| Vaalrivier Koöperatiewe Tabakboere Vereniging. | Stigtingslid. |
| Piet Retief Koöperatiewe Tabakplantersvereniging. | Stigtingslid. |
| Die Kango Koöperatiewe Tabakmaatskappy Beperk. | 25 Mei 1927. |
| The Barberton District Co-operative Tobacco Company Limited. | 3 Junie 1927. |
| The Swaziland Co-operative Tobacco Company Limited. | 11 Julie 1931. |
| Potgietersrusse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging. | 1 September 1931. |
| Die Gamtoos Koöperatiewe Tabak-Maatskappy Beperk. | 26 Januarie 1937. |
| Katrivier Tabak Koöperatiewe Maatskappy Beperk. | 18 Februarie 1937. |
| Die Westelike Provinsie Koöperatiewe Tabakkwekers Maatskappy Beperk. | 9 Augustus 1939. |

Alhoewel die Swazilandse koöperasie buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika val, is die betrokke koöperasie met Sentabak geaffilieer. Aangesien daar geen handelsversperrings tussen die Republiek en Swaziland bestaan nie, is dit net logies dat, om volle beheer oor die bemarking te verkry, Swaziland onder sodanige skema ingelyf moes word.

## 5.2. Sentabak as prysvormende liggaam.

Artikel 69 van Sentabak se Statuut bepaal dat die maatskappy jaarliks die minimum verkooppryse van alle grade tabak van lede asook die verkoopsvoorwaardes vasstel. Enige lid wat sonder goedkeuring van die Raad van Sentabak sy tabak teen laer pryse as die vasgestelde verkoop, stel hom bloot aan 'n boete van vyf sent ten opsigte van elke pond tabak aldus verkoop. Die funksie van prysvasstelling is deur die Tabakraad oorgeneem toe die beheerskema in 1939 in werking getree het.

Die eerste pryse wat die Beheerraad ten opsigte van die bemarkingsjaar 1939/40 vasgestel het, was die heersende pryse wat deur Sentabak oorspronklik vir die betrokke jaar vasgestel is.

Nadat die Tabakraad oorgeneem het, vervul Sentabak nog 'n belangrike funksie by die vasstelling van pryse. Jaarliks stel Sentabak 'n prysmemorandum wat aan die Tabakraad en die Minister voorgelê word, namens produsente op.

5.3. Sentabak as mondstuk van produsente.

Ten opsigte van alle sake waar gesamentlike optrede nodig is om die tabakprodusent se belange te bevorder, tree Sentabak as mondstuk op. Afgesien van die geringe hoeveelheid tabak wat in die gebied van die Natalse Indiërkoöperasie en in die Transkeigebied geproduseer word, hanteer filiale van Sentabak die Republiek se hele tabakoes. Ten gevolge hiervan word Sentabak algemeen in landboukringe en deur regeringsdepartemente erken as dié liggaam wat tabakboere se belange in die Republiek behartig.

5.4. Beheer oor gradestandaarde.

Met die oog op die vasstelling van 'n eenvormige gradeeringstelsel en die vasstelling van eenvormige graadpryse om van toepassing te wees op alle gebiede waar tabak verbou word, hou Sentabak 'n wakende oog oor die gradestandaarde en werksaamhede van sy filiale deur middel van die ondersoek van graadmonsters en deur inspeksiedienste.[1] Indien die Tabakraad klagtes in verband met nat, vermufte, of foutief gegradeerde tabak van kopers ontvang, word sodanige klagtes dikwels na Sentabak verwys.[2]

----------

1) Vgl. Statuut van Sentabak, p.12.

2) Vgl. Tabakbeheerraad. Jaarverslag 1960/61, p.41.

5.5. Uitvoer van tabak.

Sentabak het volgens sy Statuut die mag om jaarliks te bepaal hoeveel tabak uitgevoer moet word, die uitvoer daarvan self te onderneem en om die uitvoerpryse vas te stel. Na die instelling van die tabakbeheerskema het Sentabak hierdie funksie behou en is hy aangestel as alleen-uitvoerder van Virginiese tabak in die Republiek van Suid-Afrika. Dit is natuurlik 'n omvattende funksie wat ten opsigte van feitlik alle ander beheerde landbouprodukte deur die betrokke beheerrade vervul word.

5.6. Binnelandse distribusie.

Die metode van distribusie van bladtabak in die binneland word deur Sentabak beheer. Die betrokke stelsel waarvolgens die distribusie plaasvind, word in 'n latere hoofstuk breedvoerig behandel. Dit is egter interessant dat Sentabak ook hierdie belangrike funksie onder die beheerskema behou het. Dit is ook inderdaad die eerste doelstelling wat in Sentabak se Statuut genoem word, naamlik „om die verkoop van die tabak van sy lede te kontroleer, of, indien nodig, op die voordeligste wyse self van die hand te sit".

5.7. Insameling en konsolidasie van statistiese gegewens.

As liggaam wat leiding moet gee, moet Sentabak oor die nodige inligting en statistiese gegewens beskik op grond waarvan produksie-, bewerkings-, hanterings- en bemarkingsbeleid geformuleer kan word.

Dit word tereg deur F.J.J. Coetzee gemeld dat die sentrales in Suid-Afrika blykbaar aan belangrikheid en ontwikkeling ingeboet het weens die werking van die bemarkingswet, wat hul funksionering by die afset van landbouprodukte ingekort of weggeneem het.[1] Sentabak is blykbaar

----------

1) Coetzee, F.J.J. a.w., p.59.

een van die enigste uitsonderings vir sover die beheerskema hom feitlik moes aanpas by die bemarkingsmasjinerie en hulle funksies, soos dit bestaan het voordat die bemarkingswet in werking getree het.

## 6. FABRIKANTE EN GROOTHANDELAARS.

Geen vervaardiger van bladtabak of groothandelaar in snuiftabak (in blaarvorm) mag tabak van 'n koöperasie koop tensy hy by die Tabakraad geregistreer is nie. Na registrasie deel die fabrikante en groothandelaars natuurlik in die stelsel van toekenning van bladtabak wat van toepassing is. Hulle is verplig om sekere opgawes aan die Tabakraad te verstrek en word onderwerp aan verskillende voorwaardes wat veral op die higiëniese toestande van hulle persele betrekking het.[1)]

Dit is moeilik om vas te stel watter fabrikante slegs gemoeid is met die verdere verwerking van tabak in sigarette en/of pyptabak en watter ook as groothandelaars funksioneer. Op 30 April 1961 was daar 49 geregistreerde fabrikante en groothandelaars, wat soos volg ingedeel word:[2)]

| | |
|---|---|
| Grootskaalse fabrikante van sigarette ......... | 1 |
| Grootskaalse fabrikante van sigarette en pyptabak .................................. | 1 |
| Grootskaalse fabrikante van pyptabak .......... | 2 |
| Kleinskaalse fabrikante van sigarette ......... | 2 |
| Kleinskaalse fabrikante van pyp-, rol- en snuiftabak .............................. | 30 |
| Fabrikante van sigare (op baie klein skaal).... | 3 |
| Groothandelaars in snuifblaar ................. | 10 |
| Totaal ....... | 49 |

Ook wat hierdie organisasies se funksies betref, het die beheerskema blykbaar geen ingrypende veranderings in die

----------

1) Proklamasie 923 van 1939.
2) 1960/61 Jaarverslag van die Tabakraad. p.19.

toestand wat daar voorheen bestaan het, teweeggebring nie.

## 7. SAMEVATTING.

Die tabakbeheerskema wat in 1939 kragtens die bemarkingswet ingestel is, het ten opsigte van die aantal bemarkingsorganisasies wat bestaan het, feitlik geen verandering teweeggebring nie. Ook ten opsigte van die funksies van hierdie organisasies het, behalwe wat die vasstelling van pryse betref, weinig verandering gekom. Oppervlakkig beskou wil dit voorkom asof die bemarkingskema slegs kragtens die bemarkingswet erkenning verleen het aan wat reeds bestaan het.

Die funksie van prysvasstelling is in die hande van die Tabakraad geplaas. In hierdie Raad het produsente 'n groot meerderheid van die stemgeregtigde verteenwoordigers. Ten opsigte van die belangrikste funksies van die Tabakraad is enige besluite wat geneem word, onderhewig aan die goedkeuring van die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking. Hieruit is dit duidelik dat die funksie van prysvorming in die geval van tabak waarskynlik as die belangrikste aspek waaroor beheer noodsaaklik geag was, beskou is.

# HOOFSTUK IV.

## GRADERING EN GRAADPRYSE VAN TABAK.

### 1. INLEIDING.

Twee van die doelstellings van die tabakreëlingskema wat in hoofstuk III genoem is, is om die gradering van alle bladtabak wat die handel bereik, te standaardiseer en om verkooppryse vas te stel. Aangesien die pryse van die onderskeie grade van die verskillende klasse tabak onder die beheerskema vasgestel word, is die stelsel van gradering wat gevolg word, baie nou verwant aan die prysvormingsaspek. Die gradering sorg vir die indeling van die verskillende kwaliteite tabak volgens hulle waardebepalende eienskappe, terwyl die pryse die voorkeure van kopers vir die bepaalde eienskappe moet weerspieël. Deur middel van hierdie prysverskille word produsente aangemoedig om die produkte en kwaliteite wat die meeste in aanvraag is, te produseer. Op hierdie wyse vind daar 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe aanpassing tussen vraag en aanbod plaas.

In hierdie hoofstuk ondersoek ons die metode van gradering en prysvasstelling in die lig van die voormelde opmerkings. Die prysvormingsaspek is egter so omvangryk dat dit nie in hierdie hoofstuk volledig behandel word nie. Die bespreking van pryse is gevolglik meer beskrywend van aard en moet beskou word as 'n inleiding tot die volgende twee hoofstukke, waarin hierdie aspek verder ontleed word. 'n Beknopte oorsig word ook gegee van die wysigings wat jaarliks aan die pryse en grade aangebring is, en die belangrikste beweegredes wat hiertoe aanleiding gegee het.

## 2. GRADERING.

### 2.1. Begrip.

Onder die woord gradering word verstaan die onderverdeling van tabakblare in klasse en grade volgens die eienskappe waarvolgens die betrokke mark of markte wat bedien word, verskille in waardes daaraan heg.

### 2.2. Die doel en belangrikheid van 'n graderingstelsel.[1]

Dit is vandag feitlik onmoontlik om jou in die posisie in te dink van die verkoop van 'n produk, soos tabak, sonder dat dit deeglik in grade geklassifiseer is. Dit sou beteken dat die kopers, verkopers en die fisiese produk op een punt gekonsentreer moet wees. Die kopers en verkopers sal dan die verskillende bondels of hope van die produk met mekaar vergelyk en die waarde van elk moet bepaal deur middel van 'n proses van onderhandeling en kibbelry. In die moderne huishouding is die kopers, verkopers en produksie-areas dikwels baie ver van mekaar af. Daar bestaan ook verskillende marke waar die betrokke produk verkoop word. Ten einde die pryse wat in die verskillende marke vir die bepaalde produk behaal word, met mekaar te kan vergelyk moet daar 'n metode wees waarop die eienskappe van die produkte op die verskillende marke vergelyk kan word. Dit vereis dat daar 'n eenvormige en noukeurige beskrywende metode van identifikasie moet wees.

In enige bemarkingstelsel is 'n mate van korrelasie tussen pryse en „kwaliteit" van 'n bepaalde produk noodsaaklik. As pryse byvoorbeeld te hoog is, kan kopers nie bekostig om dit te betaal nie, en as die gehalte van die produk weer te laag is, sal daar weinig vraag daarvoor wees al is die prys baie laag.

----------

1) Vgl. Shepherd, G.S. Marketing farm products. Iowa, 1958, p.198.

In die geval van tabak verskil die kwaliteit feitlik van blaar tot blaar, en die bruikbaarheid van bepaalde blare vir die vervaardiging van die verskillende tabakprodukte verskil ook van mekaar. Dit volg dus dat kopers van tabak bereid sal wees om meer te betaal vir die tabak wat hulle met groter voordeel kan gebruik, as vir die minder bruikbare tabak.

Hierdie voorkeur wat kopers vir sekere tipes tabak openbaar, moet ook na die produsent deurgevoer word. Die voorkeur van kopers word in die pryse wat hulle vir die verskillende grade en tipes tabak betaal, weerspieël. Om uit die hoër pryse voordeel te trek sal produsente hulle toelê op die produksie van daardie tipes wat vir hulle die grootste inkomste besorg. Op hierdie wyse vind daar 'n kwalitatiewe aanpassing tussen vraag en aanbod plaas.

Met die oog op die voorgaande is dit vir 'n bemarkings-organisasie belangrik om te weet wat die waardebepalende eienskappe van 'n produk is, en volgens hierdie eienskappe word spesifikasies opgestel waarvolgens dit geklassifiseer word. As daar geen grade en graadbeskrywings bestaan nie, kan die koper nie vir die verkoper sê wat sy behoeftes is nie. Die verkoper kan ook nie aandui wat hy kan aanbied nie, en met elke transaksie sal daar 'n inspeksie gereël en oor die prys besluit moet word.

Terwyl die Tabakraad verskillende pryse vir die verskillende klasse en grade tabak moet vasstel, is dit ook een van sy belangrikste funksies om te bepaal hoe hierdie klasse en grade van mekaar onderskei moet word.

## 2.3. <u>Eise waaraan 'n graderingstelsel moet voldoen.</u>

'n Graderingstelsel moet sodanig wees dat onderverdeling volgens die behoeftes van die mark plaasvind op 'n basis waarvolgens elke onderverdeelde hoeveelheid maklik uitkenbaar en beskryfbaar is. Eerstens vereis dit dat die waardebepalende eienskappe van die produk bepaal moet word, en,

tweedens, dat hierdie eienskappe duidelik omskrywe word. Hierdie omskrywings begin by die eienskappe wat die grootste markwaarde aan die produk gee, en eindig by dié wat dit die laagste markwaarde gee. Hierdie spesifikasies word dan volgens die eise van die mark onderverdeel in grade, elk met 'n onderskeidingsteken.

Om prakties uitvoerbaar te wees moet dit onder meer omvattend genoeg wees dat alle tabak van elke oes daarvolgens geklassifiseer kan word; dit moet eenvoudig en logies genoeg wees dat dit maklik verstaanbaar is; dit moet ook so logies, verstaanbaar en eenvoudig wees dat gradeerders dit van jaar tot jaar op 'n eenvormige basis kan toepas; en dit moet sodanig wees dat graadbeskrywings opgestel kan word wat maklik verstaanbaar is en oorgedra kan word van een persoon na 'n ander.

Om aan hierdie eise te voldoen is die gradering van tabak volgens fisiese eienskappe deur die wêreld aanvaar as die mees praktiese. Eienskappe wat as belangrik geag word, is die kleur, tekstuur, lywigheid, dikte, elastisiteit, vorm, grootte, ens. Soos later beskrywe sal word, is baie van die terme wat gebruik word om hierdie eienskappe te beskrywe, baie algemeen en vaag. Woorde soos dun, swaar, middelmatig, lywig, ens., word gebruik. Tabak is egter een van die produkte waarvan die eienskappe nie objektief in die graderingsproses gemeet kan word nie, sodat die gradering in 'n groot mate afhang van die oordeel van die gradeerder. Hieruit ontstaan 'n verdere eis, naamlik dat die tabakgradeerders streng onpartydig in hulle oordeel moet wees.

Of die stelsel wat in Suid-Afrika van toepassing is, aan hierdie eise voldoen, word in 'n latere paragraaf behandel.

## 2.4. Grade en kwaliteit.

Onder die woord „kwaliteit" word die eienskappe wat die waarde van die produk in die handel bepaal, verstaan. Dit

beteken dat verskille in prys verskille in kwaliteit sal weerspieël. In hierdie opsig is dit interessant en ook eienaardig dat, alhoewel die benaming „kwaliteit" dikwels ten opsigte van tabak gebruik word, daar verskille van mening bestaan oor die eienskappe wat die kwaliteit van tabak bepaal. Hierdie eienskappe word ook in amptelike graadbeskrywings slegs vaagweg gedefinieer sonder dat dit op 'n wetenskaplike grondslag verdedigbaar en verklaarbaar is.

Hierdie verskille van mening is egter in 'n mate volgens elke instansie se belange in die bedryf verklaarbaar. Van die persone wat gereeld met tabak werk, is die gradeerders van koöperasies waarskynlik die minste bevooroordeeld; hulle aanvaar die pryse wat ten opsigte van elke graad geproklameer word, en die fisiese eienskappe wat hierdie grade van mekaar onderskei, is vir hulle die norm waarvolgens kwaliteit beoordeel word. Die tabakprodusent is verplig om die tabakwaardeerder en -gradeerder se norm te aanvaar, aangesien die eienskappe wat vir hom die grootste inkomste lewer, die belangrikste is. Die sienswyse van kopers en fabrikante verskil waarskynlik die meeste. Een koper sal sekere grade verkies, terwyl 'n ander een weer in heeltemal verskillende grade sal belang stel, afhangende van die produkte wat hulle vervaardig. Die verbruiker of roker steur hom waarskynlik die minste aan kwaliteit. Die sigaret wat hy rook, mag miskien van die goedkoopste grade tabak vervaardig wees, maar dit voldoen aan sy smaak en is verpak soos hy daarvan hou. Die agronoom stel weer belang in plante wat weelderig groei, die grootste weerstand teen siekte en plae bied, 'n hoë opbrengs per morg lewer, goed ryp word en mooi van kleur is.

Gedurende die afgelope 25 jaar het skeikundige ontleding 'n steeds groter rol by die vermenging van grade vir die vervaardiging van sigarette of pyptabak begin speel. Chemiese ontleding het egter blykbaar nog niks bygedra tot die

verbetering of verandering van die gradering van tabak nie.

Ten spyte van die moontlike meningsverskille is dit die verbruiker wat tevrede gestel moet word. Volgens R.A. Owen[1] was die voorkeur van verbruikers gedurende die 450 jaar wat tabak verbruik word, die belangrikste faktor wat pryse en produksie beïnvloed het om geleidelik daarby aan te pas. Hierdie voorkeure van verbruikers word deur sielkundige faktore, smake, gewoontes, sosiale gebruike, advertensie, ens., beïnvloed en verbruiksgewoontes verander voortdurend. Daar bestaan byvoorbeeld reeds 'n aantal jare lank 'n wêreldverbruiksneiging ten gunste van die „filter"-tipe sigarette. In die jongste tyd is daar ook 'n toename in die verbruik van die Amerikaanse geroosterde tipe sigarette. Hierdie neigings beïnvloed gevolglik ook die vraag na sekere klasse en grade tabak.

Ten opsigte van die aanbod is dit 'n normale verskynsel dat oeste van jaar tot jaar verskil, ook wat die graadsamestelling daarvan betref. 'n Eventuele tekort aan sekere grade kan 'n faktor wees wat die waarde van daardie grade kan laat toeneem.

Met die oog op die voorgaande blyk dit dat die woord „kwaliteit" in verskillende betekenisse gebruik kan word, wat dan ook vir die misverstand verantwoordelik is. Onder volledige konkurrensietoestande behoort die prys van 'n betrokke graad van die geskiktheid om te gebruik of van die bruikbaarheid daarvan af te hang. Dit lyk dus asof die woorde „geskiktheid" en „bruikbaarheid" meer elasties is, en dat die woord „kwaliteit" in die tabakhandel hiermee vervang behoort te word ten einde enige misverstand te voorkom.

Die eienskappe wat die pryse van verskillende grade bepaal, moet in die grade vasgelê word. Aangesien die

----------

1) Owen, R.A. Let's get our thinking straight on just what tobacco quality is <u>in</u> Tobacco. New York, 29 April 1960, p.21.

bruikbaarheid van tabak van koper tot koper kan verskil, sal geen graderingstelsel ooit die voorkeure van alle verbruikers kan vertolk nie. Graderingstelsels het egter ook nie ontstaan om waarde aan bepaalde produkte te heg nie, maar was eerder die gevolg van verskille in waarde wat deur die handel aan die verskillende eienskappe van tabak geheg is.

Die doel van 'n graderingstelsel is om verskillende tabakblare op 'n betroubare basis van mekaar te onderskei. Hierdeur kan, onder andere, vergelykings tussen verskillende oeste getref word. Die boer kan nou die pryse wat hy vir verskillende besendings ontvang, vergelyk met voriges en met dié van ander boere om te sien watter gesogtheidseienskappe vir die hoër of laer pryse verantwoordelik is. Op die basis van hierdie indeling maak die fabrikant sy mengsels op en bepaal wat elkeen vir hom werd is.

## 2.5. Gradering van tabak in Suid-Afrika.[1)]

### 2.5.1. Ontstaan.

Reeds voordat daar tabakkoöperasies in die land bestaan het, het produsente al in 'n mate hulle tabak geklassifiseer, omdat hulle agtergekom het dat tabakkopers nie dieselfde pryse vir alle tipes tabak betaal nie. Goeie, ryp blare is byvoorbeeld meer gesog by kopers as blare wat nie goed ryp geword het nie of wat swak gedroog het en klein en gebreek is. Alhoewel produsente besef het dat die sortering en gradering van tabak vir hulle voordele inhou, het hulle geen sentrale leiding en aanmoediging ontvang nie. Omdat die volgende opmerkings van T.E. Elgin, gemaak in 1912, 'n mooi opsomming van die posisie gee, haal ons sy eie woorde aan:

----------

1) Vgl. 1.1. Human, C.D. Lesing oor gradering van tabak vir Bladman-waardeerderskursus. Rustenburg, Okt. 1957.

1.2. Steenekamp, F.J.L. a.w., pp. 88 - 95.

„Methods of handling in the earlier times were very crude and prices obtained unsatisfactory. Sorting was badly done; frequently one bundle would contain leaves of several different grades and of as many values. This caused a loss to the farmer, for the price paid to him was usually the value of the lowest grade in the bundles. It is a slow and tedious job to untie, sort and re-tie the leaves and such work is followed by a great loss in weight from waste and buyers cannot afford to do it unless the tobacco is bought far below its real worth. There seems to have been no effort to please the public taste and even within the last five years qualities of Transvaal tobacco have been sold for 1d. to 1½d. per lb., yet at the same time manufacturers were importing tobacco of a type that can be grown here".[1)]

Na die ontstaan van koöperasies is daar gepoog om lede op te voed om 'n gelykvormige stelsel van klassifisering op plase toe te pas. Op hulle beurt het koöperasies die tabak nadat dit gefermenteer is weer volgens die grade wat destyds bestaan het, gradeer. Na die stigting van Sentabak in 1926 is gepoog om 'n gelykvormige graderingstelsel op alle geaffilieerde koöperasies van toepassing te maak, en toe die tabakbeheerskema in 1939 in werking getree het, is Sentabak se skema net so oorgeneem om van toepassing te wees op alle agente van die Raad.

### 2.5.2. Stelsel van gradering vergelyk met dié van ander lande.

Die basiese beginsels waarvolgens tabak in die verskillende lande van die wêreld gegradeer word, is dieselfde, naamlik volgens fisiese eienskappe. In elke

----------

1) Elgin, T.E. Co-operation of Rustenburg Growers in The Agricultural Journal of the Union of South Africa, Jg. IV, nr. 5, Nov. 1912, p.730.

betrokke land moet die besondere vereistes van die betrokke marke wat bedien word, in ag geneem word. Die betrokke graadindelings en graadsamestellings kan dus in verskillende lande verskil omdat die elemente van kwaliteit en bruikbaarheid nie noodwendig oral dieselfde is nie.

In Suid-Afrika word tabak nie in soveel grade onderverdeel soos in die V.S.A. en Rhodesië nie. Binnelandse kopers word in Suid-Afrika verplig om reekse grade volgens die samestelling van die oes te koop. In die V.S.A. en die Federasie, veral laasgenoemde, moet die kieskeurigheid van kopers van alle dele van die wêreld in ag geneem word. Onderverdeling tot in die fynste uiterlike besonderhede bied dus aan die groot verskeidenheid kopers, elk met sy besondere voorkeure, die geleentheid om die grade aan te koop wat, na vermenging met ander grade, aan sy behoeftes voldoen.

Die algemene beginsel waarvolgens onderverdeling in die meeste lande van die wêreld plaasvind, is die verdeling van bossies tabak volgens tipes, te wete Turkse en Virginiese. Die Virginiese tipes word weer onderverdeel in klasse, naamlik oonddroog-, ligte lugdroog-, Burley-, donker lugdroogtabak, ens. Elke klas word dan weer onderverdeel in groepe volgens die posisie van die blaar aan die plant, dit wil sê in onderblare, sandblare, snyblare, blad, dekblad, rookblad, non-standaard en brokkeltabak. Elke groep word dan weer onderverdeel volgens 'n sogenaamde kwaliteitskaal wat gebaseer is op 'n kombinasie van elemente soos rypheid, gladheid, olieagtigheid, vastigheid, lywigheid, rekbaarheid, lengte, wydte, ens., en ook volgens kleur. Dikwels word die onderverdeling nog verder gevoer deurdat variëteit en oorsprong ook in ag geneem word. In Suid-Afrika word

tabak gradeer volgens 'n groepgradestelsel, waarvolgens nie in dieselfde mate klem op die groeps- en kwaliteitsfaktore gelê word nie, terwyl meer klem gelê word op die samevoeging van 'n verskeidenheid kwaliteite binne dieselfde graad, met eenvormigheid van kleur en, in 'n groot mate, lengte van blad as bepalende faktore.[1) ] Een graad van die Republiek kan dus in verskillende Rhodesiese grade onderverdeel word.

Kritiek op die Suid-Afrikaanse gradestelsel word in hierdie hoofstuk by die beoordeling van die doeltreffendheid uitgeoefen.

2.5.3. <u>Graadbeskrywings en omskrywing van terme</u>.

Aangesien daar slegs 'n beperkte belangstelling in die graadbeskrywings as sodanig sal bestaan, word besonderhede omtrent die verskillende grade en die beskrywings van elkeen in Bylae 1 tot hierdie hoofstuk verstrek. Bylae 2 bevat 'n omskrywing van die terme wat in die graadbeskrywings gebruik word.

Die volgende tipes of klasse tabak word in Suid-Afrika geproduseer:

Oonddroogtabak.

Ligte lugdroogtabak.

Donker lugdroogtabak: 1. Snuifgrade.
2. Pypgrade.
3. Roltabakgrade.
4. Sigaartabak.

Burleytabak.

Turkse tabak.

Bylae 1 bevat nie besonderhede van die sigaartabak en Turkse tabak nie, aangesien hierdie klasse tabak nie onder die beheerskema ingelyf is nie en die pryse daarvan dus nie deur die Beheerraad vasgestel word nie, maar

----------

1) Vgl. Human, C.D. a.w. p.18.

deur die betrokke koöperasies wat dit hanteer.

In die geval van Turkse tabak is daar slegs een koöperasie wat hierdie tipe tabak hanteer, en nog die produsent nog die kopers van hierdie tipe tabak beskou die instelling van beheermaatreëls onder die skema as 'n saak van dringende belang.[1] Die produksie van sigaarblad is uiters gering,[2] sodat die uitvaardiging van graderings- en verpakkingsregulasies waarskynlik nie nodig gevind word nie.

2.6. <u>Doeltreffendheid van die graderingstelsel</u>.

Of die stelsel van gradering doeltreffend is al dan nie, hang daarvan af of dit aan die eise van die mark wat bedien word, voldoen. Hieruit spruit voort dat 'n gestandaardiseerde produk op die mark geplaas moet word, ten opsigte waarvan met betrekking tot tyd en plek eenvormigheid gehandhaaf behoort te word. Verder moet die eienskappe op grond waarvan die onderverdeling plaasvind, ook die hoedanighede wees wat die verbruiks- of fabrikasiewaarde bepaal.[3] In die lig van die voorgaande word die doeltreffendheid van die Suid-Afrikaanse skema vervolgens beoordeel.

2.6.1. <u>Moontlike gebreke omdat die fisiese eienskappe van tabak nie volgens die graderingstelsel op 'n wetenskaplike basis gemeet word nie</u>.

In Suid-Afrika bestaan daar meer as 100 grade tabak, as die Turkse en sigaartabakgrade, wat nie geproklameer is nie, ook in aanmerking geneem word, en as die beskrywings van hierdie grade nagegaan word, sal opgemerk word dat veral klem op eienskappe soos kwaliteit, kleur, lengte, lywigheid gelê word, en by enkele grade word in besonder op die posisie van die blaar aan die plant gewys. Vir die buitestaander kom baie van die

----------

1) Tabakraad. 1960/61-Jaarverslag, p.14.
2) Idem, p.21.
3) Vgl. Haccou, J.F. Handel en marktwezen in goederen. Deel I. Leiden, 1957, p.166.

terme wat gebruik word, vaag voor. Alhoewel kwaliteit blykbaar die belangrikste eienskap is waarvolgens tabak gegradeer word, is die definisie[1] van hierdie woord baie vaag, en meld dit dat daar verskillende trappe van kwaliteit is, wat afhang van sekere eienskappe in die tabak. Daar bestaan egter geen standaardsamestelling van elke trap nie. In die gevalle van kleur en lywigheid word daar weer in sekere grade 'n groot variasie toegelaat. Volgens 'n objektiewe stelsel van gradering sou lywigheid waarskynlik 'n sekere gewig per oppervlakte eenheid gewees het. 'n Term soos „olieagtigheid" beskrywe 'n sekere voorkoms en het niks met olie te doen nie. Hierdie terme beskrywe fisiese eienskappe wat waarskynlik in die meeste gevalle nie wetenskaplik gedefinieer kan word nie.

Waar tabak volgens fisiese eienskappe deur middel van die kyk daarna, betasting en reuk beoordeel en gegradeer word, kan die gradering as subjektief beskrywe word. Dit is dus eerder 'n kuns as 'n wetenskap, 'n kuns wat deur middel van jarelange toepassing tot 'n hoë mate van eenvormigheid ontwikkel is. Dit word verder betwyfel of 'n suiwer wetenskaplike metode prakties uitvoerbaar sal wees.

Alhoewel die uitwendige eienskappe van tabak nie inherente rookeienskappe soos suikergehalte, stikstof- en nikotieninhoud juis weerspieël nie, is dit egter 'n bekende feit dat daar 'n noue verwantskap is. Ligte tabakgrade bevat byvoorbeeld gewoonlik meer suiker as die donkerder grade, waarvan die stikstof- en nikotieninhoud weer relatief groter is. Hierdie verwantskap is waarskynlik die rede waarom fabrikante in staat is om ten spyte van die leemtes van die graderingstelsel 'n

----------

1) Vgl. Bylae 2 tot hierdie hoofstuk.

eenvormige produk op die mark te plaas.

Ten gevolge van die voormelde faktore het die graadbeskrywings ook 'n beperkte waarde. Graderingstelsels het bestaan lank voordat graadbeskrywings bestaan het. Sekere fisiese eienskappe soos lengte en posisie van die blaar aan die plant, kan presies beskrywe word, maar 'n kleurskakering van 'n blaar kan net so min juis beskrywe word as die smaak van ou wyn. Indien 'n koper van tabak byvoorbeeld 'n hof op grond van die graadbeskrywing sou wou oortuig dat die grade wat as OR/AS en OR/DL aan hom gelewer is, OR/1 en OR/DB onderskeidelik is, sal hy dit waarskynlik nie kan doen nie.

Ten spyte van die feit dat die stelsel nie as wetenskaplik beskou kan word nie, word 'n gestandaardiseerde produk waarvan die graadindeling blykbaar aan die eise wat daaraan gestel word, voldoen, op die mark geplaas. Enige leemtes wat daar dus in hierdie opsig mag bestaan, moet dus eerder aan die aard van die produk as aan die stelsel van gradering toegeskrywe word.

### 2.6.2. Stelsel van gradering voldoen slegs aan die eise van die binnelandse mark.

Alhoewel die stelsel van gradering ontwerp is om aan die behoeftes van die binnelandse mark binne die raamwerk van die beheerskema te voldoen, ontstaan die vraag of dit ook aan die eise van die internasionale mark sal voldoen, indien Suid-Afrika dit sou oorweeg om vir 'n buitelandse mark te produseer. In hierdie stadium is dit voldoende om daarop te wys dat die beste pryse vir tabak in die buiteland behaal sal word, mits dit gegradeer is volgens die kwaliteitselemente wat die grootste waarde vir die buitelandse koper het. Dit skyn dus wenslik te wees dat sekere wysigings aangebring sal moet word, indien vir die uitvoermark geproduseer sou word. (Vgl. Hoofstuk IX in hierdie verband.)

Sekere leemtes word ook in die paragrawe oor graadpryse behandel. Omdat graadprysverskille gewoonlik 'n aanduiding is van die eienskappe wat die meeste in aanvraag is, is hierdie twee onderwerpe, te wete grade en pryse, ten nouste aan mekaar verbonde.

## 3. VASSTELLING VAN GRAADPRYSE.

### 3.1. Oogmerke met die vasstelling van pryse.


Die noodsaaklikheid van die vasstelling van verkooppryse was nie net tot tabak beperk nie maar was die gevolg van maatreëls wat die Staat op die gebied van die landbou-ekonomie getref het na aanleiding van die uiters lae pryse wat landbouprodukte gedurende die depressiejare en daarna behaal het. Ons wil nie in besonderhede op die onderwerp ingaan nie, maar wil slegs enkele opmerkings in verband met die Bemarkingswet, 1937, se oogmerke in verband met bestendigheid en bevredigende pryse vir landbouprodukte maak.

Die toestand wat aanleiding tot die tussenkoms van die Staat gegee het, word na aanleiding van Figuur 3 geskets. Ten gevolge van die Eerste Wêreldoorlog (1914-18) was daar 'n oplewing, en pryse het in die algemeen snel toegeneem maar daarna weer net so snel afgeneem. Volgens Figuur 3 het die indeks van kleinhandelpryse slegs van 145.8 in 1920 na 106.8 in 1923 gedaal (27%), terwyl die indeks van produsentepryse van boerderyprodukte, sonder veeteeltprodukte, 'n daling van byna 50% getoon het vanaf 212 in 1919/20 na 116 in 1921/22.

Pryse van landbouprodukte styg in tye van inflasie normaalweg vinniger as dié van ander produkte. Soos ook te verwagte, reageer dit ook gouer op deflasietoestande. Na 1920 het die produksiekoste van landbouprodukte relatief tot die opbrengs wat produsente vir hulle produkte ontvang, hoog gebly. Lone, vervoer- en ander produksiekoste het meer geleidelik gedaal as die pryse van landbouprodukte.

FIGUUR 3.

INDEKSE VAN PRODUSENTEPRYSE VAN BOERDERYPRODUKTE (VEETEELTPRODUKTE UITGESLUIT), GROOTHANDELPRYSE EN KLEINHANDELPRYSE (VOEDSEL) IN SUID-AFRIKA VANAF 1910 TOT 1938. (1938 = 100).




Bron: Uniestatistiek oor vyftig jaar. Pretoria, 1960, pp. H29, H24 en H15.

Desgelyks het die distribusiekoste ook relatief hoog gebly, sodat die pryse wat verbruikers vir landbouprodukte betaal het, buitensporig hoog voorgekom het vergeleke met die boer se opbrengs. Baie produsente het gevolglik die indruk gekry dat die sogenaamde middelman buitensporige winste maak.

Ten spyte van die vordering wat die koöperatiewe beweging (veral landboukoöperasies) sedert 1920 gemaak het, het die pryse van landbouprodukte onbestendig gebly. Soos uit Figuur 3 duidelik blyk, het die ineenstorting van pryse in 1929 veral die boeregemeenskap baie swaar getref en talle tot die rand van bankrotskap gebring. Hierdie toestand was egter internasionaal van aard, en in baie lande van die wêreld was die betrokke regerings verplig om maatreëls te tref om die landboubedryf tegemoet te kom.

Hierdie maatreëls waarna reeds in Hoofstuk II verwys is, en wat gedurende die jare 1930 tot 1935 deur middel van spesiale beheerwetgewing aangeneem is, was egter tydelike hulpmiddels vir die verhoging van die plaaslike pryse van suiwelprodukte, mielies, tabak, slagvee en koring.

Toe die pryse van landbouprodukte egter na die depressie nie in dieselfde mate as die van nywerheidsprodukte herstel het nie, het die mening veld gewen dat 'n mate van permanente staatstussenkoms in die bemarking van landbouprodukte noodsaaklik geword het.[1] Omvattende bemarkingskemas is eers na 1937 in die lewe geroep ingevolge die Bemarkingswet, 1937, wat geskoei was op die lees van soortgelyke wetgewing wat vroeër in die dertiger jare in Brittanje, Kanada en Holland vir die daarstelling van produkte- of bemarkingsrade ingestel is.[2] Net soos in ander lande van die wêreld was hierdie wetgewing in Suid-Afrika „die uitvloeisel van 'n begeerte by die produsente dat hulle onderhandelingsvermoë by die verkoop van hulle produkte versterk moes word."[3] Die feite dat die

----------

1) Van Rensburg, H.J. a.w., p.35.

2) en 3) U.g. 27-'47, a.w., p.1.

wetgewing gebaseer is op maatreëls wat moes dien as bystand onder die besondere toestand wat daar geheers het, en die feit dat die onderhandelingsvermoë van die produsent verhoog moes word, dui daarop dat die basiese oogmerk die verhoging van pryse vir die boer se produkte was. Die Koöperatiewe Kommissie het tydens sy omvangryke ondersoek 'n besonder goeie geleentheid gehad om 'n aanvoeling van die algemene beskouing en gevoel van die toonaangewende instansies in die landbou te kry. Die feit dat hierdie Kommissie hom so sterk uitgedruk het en gewaarsku het teen die gevare van die vasstelling van pryse deur middel van eenkanaalbemarkingsorganisasies, waarin produsente die grootste seggenskap sal hê,[1] versterk ons vermoede in hierdie verband. Hierdie aspek word weer in Hoofstuk XI aangehaal.

3.2. Voorgeskrewe prosedure.

Kragtens die Bemarkingswet, 1937, is die mag aan die Tabakbeheerraad verleen om die pryse van blaartabak te beheer. Die vasstelling van pryse berus egter nie slegs by die Beheerraad nie, maar is onderhewig aan die formele goedkeuring van die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, na raadpleging van die Nasionale Bemarkingsraad.

Nadat die Minister tevrede gestel is dat die minimum verkooppryse, soos aanbeveel deur verteenwoordigers van produsente en fabrikante op die Beheerraad, in die lig van heersende omstandighede in die tabakbedryf in besonder en ekonomiese toestande in die algemeen, as geregverdig beskou word, word dit deur middel van proklamasie in die Staatskoerant vasgelê. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die Minister 'n politieke amptenaar is en dat naas ekonomiese daar ook politieke oorwegings sal wees wat sy finale beslissing sal beïnvloed. Die prysaankondigings word gewoonlik in dieselfde kennisgewing ingelyf waarin die Minister produsente

----------

1) U.G. 16-'34, a.w., p.25.

verbied om hulle tabak op 'n ander wyse as deur 'n tabakkoöperasie, wat 'n agent van die Tabakraad is, te verkoop.

In die beheerskema word voorsiening gemaak vir die vasstelling van minimum, maksimum of vaste verkooppryse of pryse bereken ooreenkomstig 'n ander basis deur die Raad bepaal. In die verlede is die beleid gevolg om minimum verkooppryse vas te stel waarvolgens die verskillende klasse en grade van tabak aan kopers wat by die Tabakbeheerraad as fabrikante of groothandelaars geregistreer is, verkoop word. Hierdie pryse word gewoonlik aan die begin van elke bemarkingseisoen vasgestel.

3.3. <u>Minimum verkooppryse in plaas van produsentepryse</u>.

Die rede waarom minimum verkooppryse in plaas van produsentepryse vasgestel word, lê opgesluit in die koöperatiewe aard van die tabakbeheerskema. Toe die skema ingestel is, het koöperasies reeds meer as 90% van die land se tabakoes ontvang en bewerk, en die beginsel van verpligte koöperatiewe bemarking was reeds in die belangrikste produksiegebiede van krag. Die is dus nie vir die Tabakraad nodig geag om, soos in die geval van ander rade, byvoorbeeld die mielie- en koringraad, van die magte wat die bemarkingswet verleen om die produk self te koop en verkoop, gebruik te maak nie.[1]

Alle produsente van tabak, hetsy lede of nie-lede van koöperasies, word deur middel van die skema onderhewig gestel aan die regulasies waarvolgens tabak deur koöperasies verpoel word en met produsente afgereken word. Dit kom dus daarop neer dat alle tabakkoöperasies die tabak teen die bepaalde pryse moet verkoop. Uit die opbrengs van hierdie verkope ontvang elke produsent sy regmatige aandeel na aftrekking van sekere onkoste en voorsienings. As die aftrekkings van alle koöperasies dieselfde is, sal produsente dieselfde behandeling geniet, ongeag die koöperasie waar sy tabak gelewer is.

----------

1) U.G. 27-'47. a.w., p.185.

Die moontlikheid bestaan egter dat produsentepryse vir dieselfde graad van koöperasie tot koöperasie kan verskil ooreenkomstig die doeltreffendheid van hantering en bewerking, verskille in die hanteringskoste en ander aftrekkings.

Ten einde oor die finansiële en tegniese doeltreffendheid van agente te kan waak, word die aanstelling van agente onderhewig aan onder andere die volgende voorwaardes gestel:[1]

3.3.1. Die statuut of regulasies van die koöperasie moet deur die Tabakraad goedgekeur word;

3.3.2. so 'n agent moet op eie koste en tot die bevrediging van die Tabakraad geskikte pakhuise en toerusting wat nodig geag word vir die ontvangs en voorbereiding van die tabak vir die mark, verskaf;

3.3.3. 'n doeltreffende stelsel van rekords en rekenings, insluitende volledige registers van produsente en die verlangde pakhuis- en rekeningboeke moet deur so 'n koöperasie in stand gehou word.

Met die voorgaande word beoog dat elke produsent sy regmatige vergoeding vir die tabak wat hy lewer, ontvang en dat die markkwaliteit van die tabak die hoogs moontlike verbetering in belang van die produsent ondergaan. Hierdie verbetering deur middel van noukeurige bewerking en gradering is natuurlik ook in belang van die koper. In hierdie opsig is die wakende oog wat deur middel van inspeksiedienste deur die Tabakraad en Sentabak gehou word, van groot belang.

Die feit dat produsentepryse nie regstreeks nie, maar onregstreeks, soos uit die voorgaande blyk, beheer word, behoort nie 'n leemte in die skema te wees nie, mits die Tabakraad natuurlik teen agente wat nie doeltreffend

----------

1) Tabakraad. Jaarverslag 1959/60, p.12.

funksioneer nie, sou optree.[1] In hierdie opsig sou dit ook binne die magte van die Raad val om 'n eenvormige koers waarteen aftrekkings deur koöperasies gemaak word, in te stel.

Die vasstelling van produsentepryse sou in die geval van tabak sekere praktiese probleme oplewer. In die algemeen beskik die boere individueel nie oor die fasiliteite, produksieomvang, tegniese kennis ens. om tabak in 'n voldoende eenvormig geklassifiseerde vorm te lewer nie. Soos uit die hieropvolgende bespreking afgelei kan word, is die noukeurige en eenvormige gradering van tabak 'n noodsaaklike vereiste vir die vasstelling van pryse. Voordat die pryse vir die boer vasgestel kan word, sal die Tabakraad ook die waardasieklasse waarin die boer sy tabak sorteer, moet vasstel en omskrywe. Aangesien daar in die geval van sekere klasse tabak vir elke graad gemiddeld vier waardasieklasse is, lyk dit of die vasstelling van produsentepryse vir tabak, praktiese probleme mag oplewer.

### 3.4. Graadprysverskille in Suid-Afrika.

Volgens vorige opmerkings sal die waarde van 'n bepaalde klas en graad tabak in 'n vrye mededingende mark, in die eerste plek, van die aanbod en bruikbaarheid daarvan afhang, en tweedens van die aanbod, geskiktheid en pryse van ander grade wat in die plek van die betrokke graad gebruik kan word.

----------

1) Volgens die 1960/61-jaarverslag van die Tabakraad, p.36, het betalings aan lede ten opsigte van 1959 poelrekenings aansienlik van koöperasie tot koöperasie verskil. Uitbetalings het gevarieer van 67% tot 77% van die totale opbrengs. Die koöperasies se koste het gevarieer van 3% tot 12½%. Dit is dus duidelik dat alle koöperasies nie ewe doeltreffend funksioneer nie en dat die pryse wat boere vir hulle tabak ontvang, aansienlik kan verskil, afhangende van die koöperasie waarvan hy lid is. Volgens die 1959/60-jaarverslag van die Raad, p.14, het 'n soortgelyke toestand ten opsigte van die 1958-poele bestaan.

Onder die bemarkingskema wat in Suid-Afrika van toepassing is, het kopers nie 'n vrye keuse om verskillende tabakgrade selektief aan te koop nie, en prysverskille tussen die verskillende klasse en grade tabak is nie noodwendig 'n aanduiding van gesogtheidsverskille nie. Hierdie aspek word ook in Hoofstuk VIII aangeroer.

Verskille in graadpryse is in Suid-Afrika 'n weerspieëling van die sienswyse van die liggame en persone wat die pryse vasstel. Die persone wat die grootste aandeel in die vasstelling van graadpryse het, is verteenwoordigers van fabrikante en produsente wat in die Tabakraad sitting het, en natuurlik ook die Nasionale Bemarkingsraad. Die kopers van tabak stel waarskynlik ook meer belang in die gemiddelde prys wat hulle vir hulle aankope sal betaal, as in die afsonderlike graadpryse, vanweë die feit dat hulle nie grade selektief kan aankoop nie. Die Nasionale Bemarkingsraad stel ook meer belang in die gemiddelde prys van die oes as geheel as in die graadpryse as sodanig. Die persone vir wie die afsonderlike graadpryse die belangrikste is, is die produsenteverteenwoordigers, dit wil sê die verskillende koöperasies wat die tabak van produsente ontvang en laasgenoemde volgens die waarde van die tabak wat deur hulle gelewer is, moet vergoed.

Alhoewel die vasstelling en wysiging van afsonderlike graadpryse gewoonlik op aanbeveling van die Tabakraad se tegniese komitee geskied, dit wil sê in oorleg met sekere fabrikanteverteenwoordigers, bestaan daar blykbaar geen betroubare norm, binne die raamwerk van die beheerde bemarkingskema, op grond waarvan hierdie pryse bepaal kan word sodat dit die fabrikasiewaarde presies weerspieël nie.

Hierdie aspek van bemarking hang ook ten nouste saam met die metode van distribusie, wat later behandel word. Die voorgaande opmerkings moet dus slegs as voorlopig beskou word.

## 4. TABAKGRADE EN -PRYSE IN SUID-AFRIKA SEDERT 1910.

In die volgende hoofstukke val die klem op gemiddelde pryse, en daarom is dit belangrik om kortliks na te gaan op watter grondslag graadpryse in die verlede vasgestel is en waarom dit gewysig is. Of die wysigings geregverdig was al dan nie, kan egter nie in hierdie stadium van die studie bepaal word nie. Wat egter interessant is, is die redes waarom die wysigings aangebring is. In die volgende hoofstukke word die betrokke beweegredes as aspekte van prysvorming verder ontleed.

### 4.1. Tabakgrade en graadpryse vanaf 1910 tot 1925.[1)]

Die graderingstelsel wat in Suid-Afrika van toepassing is, het volgens die behoeftes van die bedryf ontstaan en ontwikkel. Kort na die ontstaan van die M.K.T.V. is hierdie behoefte reeds aangevoel; oorspronklik het daar slegs agt grade tabak, wat grade A, B, C, D, E, F, G en H genoem is, bestaan.

In daardie jare was lugdroogtabak die enigste klas Virginiese tabak wat in Suid-Afrika gekweek is, en die gradering het hoofsaaklik volgens kleur en lengte van die blare geskied. Die grade A tot C was byvoorbeeld die ligter luggedroogde grade, wat hoofsaaklik vir sigaretvervaardiging gebruik is, terwyl die grade D tot H weer die donker luggedroogde grade was, wat oorwegend vir die vervaardiging van pyptabak geskik was. Dit is interessant om op te merk dat die graadmerke D tot H vandag nog gebruik word om die donker luggedroogde pyptabakgrade te onderskei.

Pryse is aan hierdie grade deur die M.K.T.V. gekoppel volgens die voorkeure van kopers. Aangesien die tabak van produsente verpoel is, is waardasiepryse ook vasgestel op

----------

1) Opm. Die inligting wat onder hierdie hoof verstrek word, is verkry uit die ou notules van die M.K.T.V., en in enkele gevalle kon die M.K.T.V. die inligting uit hulle rekords verskaf.

grondslag waarvan voorskotte aan produsente met aflewering van hulle tabak aan die koöperasie betaal is. Daar moes natuurlik gewaak word teen die uitbetaling van groter voorskotte as wat die tabak na verkoop daarvan oplewer. Ten einde waardasiepryse op 'n realistiese basis te kon vasstel is daar aan die begin van elke jaar met kopers onderhandel in verband met pryse en die hoeveelhede tabak wat hulle wou koop.


Figure 4 en 5 stel die pryse wat vanaf 1913 tot 1939 vasgestel is, grafies voor. Wat die tydperk tot 1926 betref, bevat dit die verkooppryse soos deur die M.K.T.V. vasgestel. Daar dien op gewys te word dat hierdie pryse nie vir alle kopers gegeld het nie en dat prystoegewings dikwels ten opsigte van die groter kopers gemaak is.

Dit sal opgemerk word dat die aantal grade onveranderd gebly het tot in 1920, toe die graad CD bygevoeg is. Die ou graad C is eintlik net verder uitgradeer en die ligte van die donker blare in hierdie graad geskei. CD het gestaan vir „C dark". Gedurende dieselfde jaar word 'n sending deur die M.K.T.V. na Europa gestuur om 'n afsetgebied vir Suid-Afrikaanse tabak te probeer vind. Die volgende jaar is die indeling van die ligte luggedroogde grade drasties verander. Hierdie verandering is blykbaar in die lig van die grade tabak wat destyds in die buiteland deur ander produserende lande bemark is, aangebring. Die aantal ligte luggedroogde grade is dus in 1921 na ses vermeerder. Die letter A het gestaan vir „air-cured". In 1923 en 1925 het daar nog vier grade bygekom, sodat daar in 1926 sewentien grade was.

Wat die pryse wat deur die M.K.T.V. vasgestel is, betref, is dit (vgl. Figure 3, 4 en 5) duidelik dat tabakpryse konjunktuurbewegings gevolg het. Daar is ongelukkig weinig inligting oor hierdie tydperk beskikbaar.

FIGUUR 4.[1]

VERKOOPPRYSE VAN GRADE LIGTE LUGDROOGTABAK IN DIE M.K.T.V.-AREA VANAF 1913 TOT 1939.





Bronne: M.K.T.V. en Sentabak.

1) Vgl. Aanhangsel 2.

FIGUUR 5.[1)]

VERKOOPPRYSE VAN DONKER LUGDROOGTABAKGRADE VANAF 1913 TOT 1939.

(PYPTABAKGRADE HET BETREKKING OP DIE M.K.T.V.-AREA EN SNUIFTABAKPRYSE HET IN DIE BARBERTON-GEBIED GEGELD.)




Bronne: M.K.T.V. en Sentabak.

1) Vgl. Aanhangsel 3.

### 4.2. Grade en pryse vanaf 1926 tot 1938.

As Figuur 3 met Figure 4 en 5 vergelyk word, is die kontras wat daar tussen konjunktuurbewegings en tabakpryse na 1925 bestaan het, opvallend. Die notule van Sentabak meld ook geen redes waarom graadpryse gedurende die eerste jaar van die Sentrale se bestaan, en ten spyte van oorproduksie-toestande, aansienlik verhoog is nie. In die lig van vorige opmerkings in Hoofstuk II is dit egter duidelik dat produsenteverteenwoordigers wat in die raad van Sentabak gedien het, òf nie die nodige kennis en insig in ekonomiese aangeleenthede, veral met betrekking tot prysvorming, gehad het nie, òf hulle moes 'n besonder hoë verwagting gekoester het van wat deur middel van verpligte koöperatiewe bemarking in belang vir die boer vermag kon word. Die oogmerk van produsente was blykbaar nie stabieler pryse nie maar hoër pryse.


Dit kan hier gemeld word dat die verkooppryse deur Sentabak vir al sy filiale vasgestel is. Die betrokke figure bevat egter slegs inligting in verband met die gebied van die M.K.T.V. Die pryse wat vir die M.K.T.V. gegeld het, was, met die uitsondering van snuiftabakpryse, effens hoër as dié van ander filiale van Sentabak. Die M.K.T.V. was in die beginstadium beter toegerus om die tabak te hanteer en te bewerk en het blykbaar sy tabak makliker van die hand gesit as die ander. Namate die ander koöperasies hulle beter toegerus het en hulle gradestandaarde verbeter het, het die graadpryse van die affiliasies ook 'n groter mate van eenvormigheid aangeneem.

### 4.3. Grade en pryse vanaf 1939.

'n Beknopte uiteensetting van die redes waarom graadpryse sedert 1939 onder die tabakbeheerskema in elke betrokke jaar gewysig is, word in Bylae 3 tot hierdie hoofstuk gegee. Hierdie bylae moet in samehang met Figure 6, 7 en 8, wat die

FIGUUR 6.

VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOGTABAKGRADE IN DIE M.K.T.V.-AREA. 1931 TOT 1961.





Bronne: Die M.K.T.V. en jaarverslae van die Tabakraad.

1) Vgl. Aanhangsel 4.

FIGUUR 7.


VERKOOPPRYSE VAN LIGTE LUGDROOGTABAKGRADE 1939 TOT 1961.




Bron: Jaarverslae van die Tabakraad.

FIGUUR 8.

VERKOOPPRYSE VAN DONKER LUGDROOGTABAKGRADE 1913/14 TOT 1938/39. (M.K.T.V.-AREA.)




Bron: Jaarverslae van die Tabakraad.

graadpryse van die belangrikste Virginiese tipes tabak vir die betrokke tydperk grafies voorstel, gelees word.

Figuur 6 bevat ook besonderhede omtrent die pryse van oonddroogtabakgrade voordat die beheerskema ingestel is.

Opsommend: die belangrikste faktore wat tot prysverhogings aanleiding gegee het, is die volgende:

4.3.1. Toename in die koste van produksie.

4.3.2. In tye van tekorte is pryse verhoog om produksie aan te moedig.

4.3.3. Spesiale prysverhogings is in 1951/52 toegestaan in die geval van oonddroogtabak om die oorskakeling na die produksie van Orinocotipes tabak te bevorder.

4.3.4. Om as aansproing te dien dat 'n beter gehalte produk op die mark geplaas word.

In die volgende hoofstukke word die voormelde beweegredes breedvoeriger bespreek. Wat die pryse van individuele grade betref, volstaan ons met wat in hierdie hoofstuk daaroor gesê is. Onderlinge regstelling tussen graadpryse en die wysigings wat van tyd tot tyd aan die graadindelings gemaak is, is aspekte wat in sekere opsigte tegnies van aard is en vir die doel van hierdie studie nie van groot belang nie.

## 5. SAMEVATTING.

Volgens die voorgaande uiteensetting wil dit voorkom of 'n doeltreffende stelsel van gradering van tabak, wat aan die behoeftes van die binnelandse mark voldoen, onder die beheerskema in werking is. Ten gevolge van die stelsel van toekenning van tabak word dit blykbaar nie nodig geag dat

verskille tussen die pryse van die verskillende klasse en grade tabak 'n juiste weergawe van die voorkeure van kopers moet wees nie. Dit wil egter voorkom of die eienskappe van smaak moeilik bepaal en gebruik kan word as die presiese eienskappe waarvolgens die gradering geskied. Ten spyte van die gebreke wat 'n stelsel van gradering volgens fisiese eienskappe wat subjektief beoordeel word, besit, word verseker dat 'n eenvormige produk op die mark geplaas word, in grade en klasse soos fabrikante dit kan gebruik.

Die prysvormingsaspekte en metode van distribusie word in die volgende hoofstukke ondersoek.

Met hierdie hoofstuk sluit ons die beskrywende deel af, om oor te gaan tot die ekonomies ontledende deel van hierdie studie.

GRAADBESKRYWINGS VAN TOEPASSING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA : 1962/63 BEMARKINGSJAAR.

(Soos bekend gemaak in die Staatskoerant, nr. 6686 van 19 Mei 1961, Goewermentskennisgewing nr. 753).

(a) OONDDROOGTABAK.

| GRAAD-MERK | KWALITEIT | KLEUR | GROOTTE | LYWIGHEID | GROEP | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| OR/AS | Allerbeste | Suurlemoen en oranje | Lank en middelmatig | | Blad | Mag effens swakker kwaliteit blare van dieselfde kleure bevat. |
| OR/1 | Puik | Suurlemoen | Lank en middelmatig | Dun | Blad | Mag effens gebreekte allerbeste en goeie suurlemoenkleurige blad van dieselfde lengtes bevat. |
| OR/2 | Goed | Oranje, effens gevlek | Lank en middelmatig | Middelmatig tot goed | Blad | |
| OR/2S | Allerbeste tot goed | Suurlemoen en oranje | Kort | | Blad | |
| OR/3 | Goed | Suurlemoen en ligte oranje, effens gevlek | Lank en middelmatig | Dun tot middelmatig | Blad | Mag effens gebreekte allerbeste tot goeie kwaliteit suurlemoen- en oranjekleurige blare van lang en middelmatige lengtes bevat. |
| OR/4 | Goed tot middel-matig | Oranje en ligte maho-nie, effens gevlek en verkleur | Lank en middelmatig | Goed tot swaar | Blad | |
| OR/4S | Goed tot middel-matig | Suurlemoen, oranje tot ligte mahonie, effens gespons en gevlek. | Kort | | Blad | |



BYLAE 1.

(a) OONDDROOGTABAK (vervolg).

| GRAAD-MERK | KWALITEIT | KLEUR | GROOTTE | LYWIGHEID | GROEP | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| OR/GL1 | Goed tot middelmatig | Suurlemoen en oranje, effens gevlek en gespikkeld | | | Onderblare en sandblare | Mag goeie tot middelmatige kwaliteit gebreekte suurlemoen- en oranjekleurige blare bevat. |
| OR/GLS | Goed tot middelmatig | Suurlemoen en oranje, effens gevlek | Kort | | Blad | |
| OR/5 | Middelmatig tot laag | Suurlemoen en oranje, gevlek, gespons en verkleur | Lank en middelmatig | Middelmatig tot swaar | Blad | Mag effens gebreekte blare van dieselfde kleure, grootte, ens., van goeie tot lae kwaliteit bevat |
| OR/5S | Middelmatig tot laag | Suurlemoen en oranje, gevlek, gespons en verkleur | Kort | | Blad | |
| OR/GLM | Middelmatig tot laag | Suurlemoen, oranje en ligte mahonie, gevlek, gespons en gespikkeld | | | Onderblare en sandblare | Mag ook gebreekte blare van dieselfde kleure bevat. |
| OR/TM | Middelmatig tot laag | Suurlemoen, oranje en mahonie, gevlek, gespons en gespikkeld | Kort | | Blad | |
| OR/DL | Middelmatig | Mahonie en ligte okkerneut, effens gevlek | Lank en middelmatig | Middelmatig tot swaar | Blad | |
| OR/DB | Middelmatig tot laag | Donker mahonie tot ligte okkerneut | Lank en middelmatig | Goed tot swaar | Blad | |

(a) OONDDROOGTABAK (vervolg).

| GRAAD-MERK | KWALITEIT | KLEUR | GROOTTE | LYWIGHEID | GROEP | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| OR/HL | Laag | Ligte mahonie tot ligte okkerneut, gevlek en gespikkeld | Mag ook kort lengtes bevat | | Onderblare en sandblare | |
| OR/E | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Lank en middelmatig, ook gebreekte blare | Middelmatig tot swaar | Blad | |
| OR/F | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Smal, middelmatig en kort | Middelmatig tot swaar | Blad | |
| OR/G | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | | | Onderblare en sandblare | Mag ook erg gebreekte blad van dieselfde kleur en kwaliteit en van lang tot kort lengtes bevat |
| OR/H | Laag | Okkerneut tot donker okkerneut | | | Onderblare en sandblare | Ook blare van baie kort lengtes van dieselfde kleure |
| OR/SL | Goed tot middelmatig | Suurlemoen, oranje, mahonie en ligte okkerneut | Nie kleiner as een vierkante duim | | Brokkel | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |
| OR/SD | Goed tot middelmatig | Ligte en donker okkerneut | Nie kleiner as een vierkante duim | | Brokkel | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |
| OR/SLS | Goed tot middelmatig | Suurlemoen, oranje mahonie en ligte okkerneut | Nie kleiner as $\frac{1}{4}$ duim vierkant | | Brokkel | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |

(a) <u>OONDDROOGTABAK (vervolg)</u>.

| GRAAD-MERK | KWALITEIT | KLEUR | GROOTTE | LYWIGHEID | GROEP | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| OR/SDS | Goed tot middelmatig | Ligte en donker okkerneut | Nie kleiner as ¼ duim vierkant | | Brokkel | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |
| OR/SSL | | | Kleiner as ¼ duim vierkant | | Brokkel | Skoon gesif en nie met swael gemeng nie. |

(b) LIGTE LUGDROOGTABAK.

| GRAADMERK | KWALITEIT | KLEUR | GROOTTE | LYWIGHEID | GROEP | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| A1 | Allerbeste en effens swakker | Suurlemoen en oranje | Lank en middelmatig | | Blad | Mag effens gebreekte blare bevat |
| A2 | Goed en effens swakker | Suurlemoen en oranje, effens gevlek | Lank en middelmatig | Goed tot middelmatig | Blad | Mag effens gebreekte blare bevat |
| A2S | Allerbeste tot goed | Suurlemoen en oranje | Kort | | Blad | |
| A3 | Goed | Oranje tot ligte mahonie | Lank en middelmatig | Goed tot middelmatig | Blad | Mag effens gebreekte blare van eerste twee grade bevat |
| A4 | Goed | Mahonie | Lank en middelmatig | Goed tot middelmatig | Blad | |
| A4S | Goed tot middelmatig | Oranje tot mahonie, effens gevlek | Kort | | Blad | |
| DL | Goed | Mahonie tot ligte okkerneut | Lank en middelmatig | Middelmatig tot swaar | Blad | |
| GL | Middelmatig tot laag | Suurlemoen, oranje en mahonie | | | Onderblare en sand-blare | Mag ook goeie tot middelmatige gehalte mahonie- tot ligte okker-neutkleurige kort blare, gevlek en gespikkeld, bevat |
| DB | Goed tot middelmatig | Gemengde donker mahonie tot ligte okkerneut | Lank en middelmatig | Goed tot swaar | Blad | |

(b) LIGTE LUGDROOGTABAK (vervolg).

| GRAAD-MERK | KWALITEIT | KLEUR | GROOTTE | LYWIGHEID | GROEP | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| HL | Laag | Ligte mahonie tot ligte okkerneut, gevlek en gespikkeld | | | Sandblare, mag lae gehalte kort blad bevat | |
| SL | Goed tot middelmatig | Suurlemoen, oranje, mahonie en ligte okkerneut | Nie kleiner as een vierkante duim | | Brokkeltabak | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |
| SLS | Goed tot middelmatig | Suurlemoen, oranje, mahonie en ligte okkerneut | Nie kleiner as ¼ duim vierkant | | Brokkeltabak | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |
| L/SSL | | | Kleiner as ¼ duim vierkant | | Brokkeltabak | Skoon gesif en nie met swael gemeng nie |

(c) DONKER LUGDROOGTABAK.

| GRAAD-MERK | KWALITEIT | KLEUR | GROOTTE OF LENGTE | LYWIGHEID | GROEP | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (i) SNUIFGRADE.[1] | | | | | | |
| DS1 | Allerbeste tot goed | Okkerneut tot donker okkerneut | Minstens 25 duim | Goed tot swaar | Blad | |
| DS2 | Allerbeste tot goed | Okkerneut tot donker okkerneut | 22 tot 25 duim | Goed tot swaar | Blad | |
| DS3 | Allerbeste tot goed | Okkerneut tot donker okkerneut | 18 tot 22 duim | Goed tot swaar | Blad | |
| (ii) PYPGRADE.[1] | | | | | | |
| PS | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Minstens 25 duim | Goed | Blad | |
| D | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Lank en middelmatig | Goed tot middelmatig | Blad | |
| E | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Middelmatig | Goed tot middelmatig | Blad | Mag ook effens gebreekte blare bevat |
| F | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Smal, middelmatig en kort | Middelmatig | Blad | |
| G | Goed tot laag | Okkerneut tot donker okkerneut | | | Onderblare en sand-blare | Mag ook erg gebreekte blare van grade D en E bevat |
| H | Laag | Okkerneut tot donker okkerneut | | | Sandblare | Mag ook baie smal en kort lengtes blad bevat. |

(c) DONKER LUGDROOGTABAK (vervolg).

| GRAADMERK | KWALITEIT | KLEUR | GROOTTE OF LENGTE | LYWIGHEID | GROEP | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (ii) PYPGRADE[1)] (vervolg). | | | | | | |
| SD | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Nie kleiner as 1 duim vierkant | | Brokkeltabak | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |
| SDS | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Nie kleiner as $\frac{1}{4}$ duim vierkant | | Brokkeltabak | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |
| D/SSL | | | Kleiner as $\frac{1}{4}$ duim vierkant | | Brokkeltabak | Skoon gesif, nie met swael gemeng nie |
| (iii) ROLTABAKGRADE. | | | | | | |
| D(t) | Goed, fyn tekstuur en goeie rekbaarheid, dun middelrug | Okkerneut tot donker okkerneut | Minstens 19 duim lank | | Blad | |
| E(t) | do. | do. | Minstens 15 duim lank | | Blad | |
| F(t) | do. | do. | Minstens 12 duim lank | | Blad | |
| F(i) | do. | do. | | | Effens gebreekte blad | Mag ook effens gebreekte, gemengde donker mahoniekleurige blare van goeie lywigheid bevat |

1) Bron: Staatskoerant nr. 261 van 15 Junie 1962.

(d) BURLEYTABAK.[1)]

| GRAADMERK | KWALITEIT | KLEUR | GROOTTE OF LENGTE | LYWIGHEID | GROEP | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (i) LIGTE BURLEY. | | | | | | |
| B/1 | Allerbeste tot goed | Oranje tot ligte mahonie | Lank en middelmatig | Middelmatig tot swaar | Blad | |
| B/1S | Allerbeste tot goed | Ligte oranje tot ligte mahonie | Kort | Middelmatig | Blad | |
| B/2 | Goed | Mahonie tot ligte okkerneut | Lank en middelmatig | Middelmatig tot swaar | Blad | |
| B/2S | Goed tot middelmatig | Mahonie tot ligte okkerneut | Kort | Middelmatig | Blad | |
| B/3 | Goed tot middelmatig | Ligte oranje tot ligte okkerneut | | | Onderblare en sandblare | Ook erg gebreekte blare van vorige 4 grade |
| B/4 | Goed | Suurlemoen tot ligte oranje | Lank en middelmatig | Goed tot middelmatig | | Ook effens gebreekte blare allerbeste tot goeie kwaliteit |
| B/5 | Goed tot middelmatig | Suurlemoen tot ligte oranje | Lank en kort | | Blad | |
| B/GL | Middelmatig tot laag | Suurlemoen tot ligte oranje | | | Onderblare en sandblare | Ook kort blare van vorige graad |
| B/SL | Goed tot middelmatig | Ligte oranje tot ligte okkerneut | Nie kleiner as een vierkant duim | | Brokkeltabak | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |
| B/SLS | Goed tot middelmatig | Ligte oranje tot ligte okkerneut | Nie kleiner as ¼ duim vierkant | | Brokkeltabak | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |

(d) BURLEYTABAK[1] (vervolg).

| GRAADMERK | KWALITEIT | KLEUR | GROOTTE OF LENGTE | LYWIGHEID | GROEP | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (i) LIGTE BURLEY (vervolg). | | | | | | |
| B/LSSL | | | Kleiner as $\frac{1}{4}$ duim vierkant | | Brokkeltabak | Skoon gesif en nie met swael gemeng nie |
| (ii) DONKER BURLEY. | | | | | | |
| B/D | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Lank en middelmatig | Goed tot middelmatig | Blad | |
| B/E | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Middelmatig | Goed tot middelmatig | Blad | Mag effens gebreekte blare bevat |
| B/F | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Smal, middelmatig en kort | Middelmatig | Blad | |
| B/G | Goed tot laag | Okkerneut tot donker okkerneut | | | Onderblare en sandblare | Ook erg gebreekte blad van grade B/D en B/E |
| B/H | Laag | Okkerneut tot donker okkerneut | | | Sandblare | Mag ook blare van baie smal en kort lengte bevat |
| B/SD | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Nie kleiner as 1 duim vierkant | | Brokkeltabak | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |
| B/SDS | Goed tot middelmatig | Okkerneut tot donker okkerneut | Nie kleiner as $\frac{1}{4}$ duim vierkant | | Brokkeltabak | Skoon gesif, gestoom, gepers en gebaal |
| B/DSSL | | | Kleiner as $\frac{1}{4}$ dm. vierkant | | Brokkeltabak | Skoon gesif en nie met swael gemeng nie |

1) Vgl. Staatskoerant nr. 261 van 15 Junie 1962.

BYLAE 2.

## BETEKENIS VAN SEKERE TERME WAT IN DIE BESKRYWING VAN TABAKGRADE GEBRUIK WORD.

(i) „Blad": die blare van die tabakplant bokant die onderblare. Aangesien die algemene graadbeskrywings nie voorsiening vir snygrade maak nie, word laasgenoemde groep tabakblare vir die doel van die amptelike graadbeskrywing onder die term „blad" ingesluit.

(ii) „Bossie": 'n versameling los tabakblare wat aan die onderend daarvan vasgebind is met 'n blaar van dieselfde graad as die versameling, of, as die tabak vir die vervaardiging van snuif bedoel is, òf met 'n blaar van dieselfde graad òf met 'n toutjie.

(iii) „Brokkeltabak": 'n afvalproduk wat ontstaan deur die hantering van tabak in blaar- of ontrugde vorms en bestaan uit los, ongebinde blare of weefsels wat opgaar in pakhuise waar tabak bewerk word, of tabak wat tot klein stukkies verwerk is.

(iv) „Graad": 'n onderverdeling van tabakblare volgens kwaliteit, kleur en lengte.

(v) „Groen":

(a) enige tabakblaar waarvan een-vyfde of meer van sy oppervlakte oorwegend van 'n groen kleur is;

(b) enige hoeveelheid brokkeltabak wat 20 persent of meer groen blare bevat.

(vi) „Kleur": die tweede eienskap van 'n graad, waarvan elk volgens verlangde kleure ingedeel is. Die terme wat gebruik word om die kleure van die

verskillende grade te beskrywe, is suurlemoen, oranje, mahonie en okkerneut.

(vii) „Kort lengte": tabakblare wat smal is, nie ten volle ontwikkel is nie en gewoonlik van die boonste gedeelte van die plant afkomstig is.

(viii) „Kwaliteit": die hoofeienskap van 'n tabakgraad, waarvan daar die vyf trappe van allerbeste, puik, goed, middelmatig en laag is, waarvan elk op 'n samestelling van die basiese elemente van tabak, soos gladheid, olie, rekbaarheid, rypheid, tekstuur, breedte, lengte, kleur en eenvormigheid, gebaseer is.

(ix) „Lang lengte": tabakblare wat in die groeiproses ten volle ontwikkel het en wat nie korter as 16 duim is nie.

(x) „Mahonie": hoofsaaklik 'n rooi kleur in tabakblare.

(xi) „Middelmatige lengte": tabakblare wat in die groeiproses ten volle ontwikkel het en wat korter as 16 duim is.

(xii) „Okkerneut": hoofsaaklik 'n dowwe of 'n donker skynsel van bruin kleur in tabakblare.

(xiii) „Onderblare": 'n groep tabakblare wat gewoonlik van die onderste gedeelte van die plant afkomstig is. Hierdie blare het van 'n dun tot middelmatige lywigheid, is laag in oliegehalte, het 'n dowwe voorkoms, is bros en bevat gewoonlik 'n hoeveelheid afval.

(xiv) „Ondergraadtabak": tabak, van watter klas ook al, wat nie aan die vereistes vir enige van die grade, in die aanhangsel hierby gespesifiseer, voldoen nie.

BYLAE 2 (vervolg).

(xv) „Ontrugde tabak": die blaarskyf van 'n tabakblaar nadat die middelruggie verwyder is.

(xvi) „Oranje": hoofsaaklik 'n oranjekleur in tabakblare.

(xvii) „Sandblare": 'n sub-groep onderblare wat saamgestel is uit baie dun blare wat ontydig ryp geword het, met 'n dowwe en vuil kleur.

(xviii) „Standaardgraadtabak": tabak, van watter klas ook al, van kwaliteit wat voldoen aan die vereistes vir enige van die grade in die aanhangsel hierby vermeld.

(xix) „Suurlemoen": hoofsaaklik 'n geel kleur in tabakblare.

(xx) „Tabak": onverwerkte tabak van enige van die klasse in hierdie regulasies vermeld.

---------oOo---------

Bron: Staatskoerant nr. 6686 van 19 Mei 1961, Kennisgewing nr. 753.

BYLAE 3.

## TABAKGRADE EN MINIMUM VERKOOPPRYSE 1939/40 TOT 1961/62.

Die volgende prysaanpassings is in die ondervermelde jare gemaak:

1939/40. Die wetlik vasgestelde basispryse vir Virginiese tabak wat in 1939 bepaal is, was die heersende pryse soos deur Sentabak bepaal voordat die Tabakreëlingskema in werking getree het. (Goewermentskennisgewing nr. 924 van 30 Junie 1939.)

1940/41. By oorweging van tabakpryse vir 1940/41, het die Tabakraad ekonomiese toestande wat voortgespruit het uit die Tweede Wêreldoorlog, in aanmerking geneem. Lewenskoste en produksiekoste het toegeneem, dus ook die pryse van kunsmisstowwe, boerderybenodigdhede, verpakkingsmateriaal en plaasarbeid. Die Tabakraad het derhalwe besluit om 'n prysverhoging van 20% op die 1939/40 basispryse van oondgedroogde en ligte luggedroogde tabak aan te beveel en 10% ten opsigte van donker luggedroogde tabak. Ingevolge die bepalings van die Bemarkingswet 1937 (soos gewysig) is die sienswyses van die Nasionale Bemarkingsraad en die Raad van Handel en Nywerheid in verband met bogenoemde besluit ingewin. Hierdie liggame het gevoel dat, alhoewel produksiekoste toegeneem het, die voorgestelde verhoging nie heeltemal geregverdig was nie. Dit kan gemeld word dat die produksie van ligte Virginiese tabaksoorte gedurende hierdie tyd nog nie die lokale verbruik oortref het nie, terwyl die produksie van die

donker tipes 'n geruime tyd reeds die aanvraag oortref het. Die Minister het, met inagneming van voormelde faktore, die volgende prysverhogings goedgekeur soos bekendgemaak in Goewermentskennisgewing 1122 van 12 Julie 1940:

(i) 15% op die basisprys ten opsigte van oondgedroogde en ligte luggedroogde tabak; en

(ii) 7½% ten opsigte van donker luggedroogde tabak.

1941/42. Die volgende persentasie verhogings op die 1939/40 basispryse is in Goewermentskennisgewing nr. 448 van 28 Maart 1941 bekendgemaak ten opsigte van die 1941/42 bemarkingsjaar:

(i) Oondgedroogde tabak: + 15%;

(ii) ligte luggedroogde tabak: + 22½%;

(iii) donker luggedroogde tabak: + 7½%.

Alhoewel produsente-verteenwoordigers op die Tabakraad gevra het om 'n verdere prysverhoging, is dit nie toegestaan nie. Die addisionele persentasieverhoging van 7½% ten opsigte van ligte luggedroogde tabak (van 15% tot 22½%) is toegestaan om produksie aan te moedig aangesien fabrikante 'n tekort aan hierdie tipe tabak ondervind het.

1942/43. Gedurende hierdie jaar het die Tabakraad aanbeveel dat die plus-persentasie op die basispryse verhoog word van 15% tot 20% in die geval van oondgedroogde tabak, 22½% na 25% ten opsigte van ligte luggedroogde tabak en 7½% na 15% by donker luggedroogde tabak. Verder het produsente gevoel dat daar nog sekere wanverhoudings tussen die pryse van sekere ligte luggedroogde tabakgrade bestaan het en het aangevoer dat sekere regstellings gemaak moet word ten einde hierdie

graadpryse in verhouding tot bruikbaarheid in fabrikasie te bring. Verder is aangevoer dat egalige gradering binne die graad steeds beter geword het. Na oorweging, het die Minister toegestem tot die volgende pryse:

(i) Oondgedroogde tabak: basisprys plus 20%.

(ii) Ligte luggedroogde tabak: basisprys plus 22½%, asook verhoging in basisprys van grade A4 (+ 1½d), A4S (+ 2d), DL (+ 4½d), GL (+ 3½d), DB (+ 4d).

(iii) Donker luggedroogde tabak: basisprys plus 15%. (Goewermentskennisgewing nr. 797 van 1 Mei 1942).

Die gemiddelde basispryse van ligte lugdroogtabak is dus inderdaad verhoog met die regstellings van sekere graadpryse met meer as 20%, d.w.s. die werklike prysverhoging op die oorspronklike 1939/40-pryse was byna 50% as die opbrengs van die betrokke grade relatief tot ander grade uit die oes in aanmerking geneem word.

1943/44. Die Tabakraad het besluit dat die nuwe pryse van alle soorte tabak die basispryse plus 35% moet wees. Verder dat die basispryse van alle donker lugdroogtabakgrade met 'n half pennis per pond verhoog word om produksie aan te moedig daar die landsvoorrade van hierdie klas tabak op 'n baie lae peil staan. Hierdie verhoging is toegestaan en bekendgemaak in Goewermentskennisgewing nr. 689 van 9 April 1943.

1944/45. Die Tabakraad het besluit om die pluspersentasie ten opsigte van alle klasse Virginiese tabak met

10% te verhoog, naamlik van 35% tot 45%. As argumente, is stygende lewenskoste, toenemende produksiekoste en afname in die opbrengs per morg weens die na-oorlogse tekort aan kunsmisstowwe, tabaksiekte- en pestebestrydingsmiddels en die stygende lone, toename in hanteringskoste van koöperasies, tekort aan boumateriaal en toename in pryse van ander landbougewasse aangevoer. Verder is die groot vloedskades wat produksiekoste per eenheid baie verhoog het, beklemtoon.

Ten gevolge van die Minister van Landbou se beleid om prysverhogings in die landbou te bekamp, is die bogenoemde besluit van die Tabakraad op versoek van die Minister herroep en 'n pluspersentasie van 40% goedgekeur. (Goewermentskennisgewing nr. 1400 van 25 Augustus 1944).

1945/46. Ten spyte van herhaalde vertoë aan die Minister om, met die oog op verhoogde koste, die pluspersentasies te verhoog na 50%, het die Minister op aanbeveling van die Nasionale Bemarkingsraad die pluspersentasies op 45% gestel. (Goewermentskennisgewing nr. 1289 van 20 Julie 1945).

1946/47. Die Tabakraad het vanweë redes voorheen genoem, asook die groot toename in die verbruik van tabak, op pluspersentasies van 60% besluit. Na ondersoek het die Nasionale Bemarkingsraad pluspersentasies van 55% aanbeveel, wat deur die Minister aanvaar is. (Goewermentskennisgewing nr. 1715 van 16 Augustus 1946).

BYLAE 3 (vervolg).

1947/48. Die besluit van die Tabakraad om die pluspersentasies te verhoog van 55% na 65% asook die basispryse van donker lugdroogtabak met 'n pennie per lb., is deur die Minister goedgekeur en bekendgemaak in Goewermentskennisgewing nr. 1103 van 30 Mei 1947.

1948/49. Die pluspersentasies is verhoog met 1½% na 66½%, dog hierdie 1½% word as addisionele heffing in die Tabakbeheerraad se prysstabilisasiefonds gestort.

1949/50. 'n Prysverhoging van 1½% in die pluspersentasies (d.w.s. 66½% tot 68%) is vir 1949/50 aanbeveel. Hierdie 1½% moes koöperasies gebruik om 'n fonds daar te stel om buitensporige verliese by die uitvoer van surplusse te bestry. Die Nasionale Bemarkingsraad het hierdie verhoging as ongeregverdig beskou, omdat produksie, teen heersende pryse, nog toegeneem het, die aanvraag na verwagte sou daal en 'n surplus van 3 miljoen lb. op die jaar se oes verwag is. Die Tabakraad het na verdere oorweging sy vorige besluit weer eens bekragtig op grond daarvan dat die oorproduksie te wyte was aan uitbreiding van produksie op nuwe Staatsbesproeiingskemas, lae voorraadspeil in die land, en die noodsaaklikheid om fondse op te bou om uitvoerverliese te dek.

1950/51. Die Raad het 'n pluspersentasieverhoging van 2% (68% tot 70%), wat gebruik moes word om die Tabakraadheffing van 7/10d. per lb. na 1d. per lb. te verhoog, aanbeveel. Na 4 jaar van goeie oeste het verliese op uitvoere baie toegeneem. Dit is ook gevind dat die Amarello-tipes tabak wat in Suid-Afrika gekweek is, nie vir die buiteland aanneemlik

was nie en uitvoerverliese kon vergroot. Produsente moes dus oorgehaal word om Orinoco-tipes tabak te produseer. Daar is egter beweer dat Orinoco-tabak baie vatbaar vir siektes is en dat die opbrengs per morg 20.6% laer as dié van Amarello is en die waarde per morg 32.3% minder teen bestaande pryse. Dit is dus aanbeveel dat die prys van Orinoco-tipes tabak 33-1/3% hoër moet wees as Amarello-tipes. Hierdeur sou invoere onnodig blyk te wees. Laasgenoemde verhoging ten opsigte van Orinoco is deur die Minister goedgekeur, dog die ander pluspersentasies is onveranderd op 68% gelaat.

1951/52. Die volgende pluspersentasieverhogings is deur die Tabakraad goedgekeur:

| | | |
|---|---|---|
| Amarello oonddroog | : | van 68% na 78%; |
| Orinoco oonddroog | : | 40% i.p.v. 33-1/3% hoër as Amarello; |
| ligte lugdroog | : | van 68% na 73%; |
| donker lugdroog | : | 'n verhoging van die basispryse met 1d. per lb. t.o.v. alle grade. |

Die Minister het die pluspersentasies soos volg vasgestel:

| | | |
|---|---|---|
| Amarello oonddroog | : | 74%; |
| Orinoco oonddroog | : | 33-1/3% hoër as Amarello tot 31 Maart 1951, daarna 37½%; |
| ligte lugdroog | : | 71%; |
| donker lugdroog | : | ¾d. per lb. verhoging in basispryse en pluspersentasie onveranderd op 68%. |

1952/53. Geen prysveranderings is aanbeveel nie.

BYLAE 3 (vervolg).

1953/54. Produsentelede op die Tabakraad het 'n pluspersentasieverhoging van 2½% aanbeveel op grond van produksiekostetoenames; die moeilike bestaan wat tabakboere, wat meestal kleinboere is, voer; duur arbeidskoste en klein oeste gedurende die vorige 2 jaar. Fabrikante het beweer dat pryse nie verhoog kan word nie, daar hulle winsgrense reeds 'n gevaarpunt bereik ten gevolge van die duurder tabakpryse wat hulle moet betaal sonder dat die pryse van hul eie verwerkte produkte verhoog kon word. Verder het hulle gewys op die groot voorrade wat hulle verplig is om te dra, en op die onverkoopte voorrade by koöperasies. Hulle het gevra dat die 37½% bykomstige verhoging van Orinoco na 25% verminder moet word.

Die pryse is onveranderd gelaat.

1954/55. Alle pryse is onveranderd gelaat ten spyte van versoeke deur produsente om dit te verhoog. Pryse vir Burley-tabak is geproklameer. Pryse vir vuurgedroogde tabak is ook bekendgemaak.

1955/56. Aansienlike prysverhogings is in hierdie jaar toegestaan ten gevolge van die daling in produksie, naamlik:

Oonddroog : basiese graadpryse plus 150%;

ligte lugdroog : 'n verhoging van die basiese graadprys van die graad DB met 1½d. en die pluspersentasie van 71% na 92%;

donker luggedroogde tabak : 'n verhoging van ¾d. per lb. in die basiese graadpryse, en verhoging van die pluspersentasie van 68% na 70%;

ligte Burley : bly onveranderd;

donker Burley : basiese graadpryse verhoog met ¾d. en pluspersentasie van 68% na 70% verhoog.

1956/57. Gedurende hierdie jaar word die pluspersentasies afgeskaf en nuwe minimum verkooppryse vir elke graad geproklameer. Die uitwerking hiervan was, soos uit Figuur 6 duidelik blyk, dat oonddroogpryse gemiddeld met 2d. per lb. verhoog is, ligte lugdroog met 3½d. per lb.; donker pypgrade is met 1d. per lb. verhoog en die gemiddelde prys met 2.25d.; snuifgrade is met 1½d. verhoog en Burley met 1d. per lb.

Oonddroogpryse was vir alle gebiede dieselfde, dog in die geval van lugdroog het verskille ten opsigte van die verskillende produksie-areas bestaan. Gedurende 1956/57 is lugdroogpryse, behalwe ten opsigte van die Suid-Natalse gebied, in groter ooreenstemming met die M.K.T.V.-gebied gebring. Argumente wat aangevoer is om die prysverhogings goedgekeur te kry, was:

(a) die agterstand van die kleiner opbrengs van Orinoco teenoor Amarello;

(b) stygende produksiekoste met spesiale verwysing na arbeidsprobleme;

(c) wispelturige klimaatstoestande;

(d) die koste van heropbouing van verarmde gronde, veral ten gevolge van die kleinhoewestelsel waar die toepassing van 'n gesonde wisselboustelsel ten gevolge van beperkte bewerkbare gronde, bemoeilik word.

BYLAE 3 (vervolg).

1957/58. Die produksie was nog gedurende die vorige jaar minder as die verbruik, en ten gevolge van 'n beweerde toename in produksiekoste is prysverhogings soos volg toegestaan:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| oondgedroogde tabakgrade | : 1d. | per | lb.; | |
| ligte luggedroogde tabakgrade | : ½d. | " | " | ; |
| donker luggedroogde pyptabakgrade | : ½d. | " | " | ; |
| donker luggedroogde snuiftabakgrade | : ¼d. | " | " | ; |
| Burley-tabakgrade | : ½d. | " | " | . |

1958/59. Vanweë oorproduksietoestande wat ingetree het, is gemiddelde pryse onveranderd gelaat, behalwe dat sekere prys- en graadaanpassings gemaak is. Fabrikanteverteenwoordigers op die Tabakraad het egter gemeen dat pryse verminder moes word.

1959/60. 'n Hersiening en hergroepering van grade en hulle onderskeie pryse asook 'n hersiening van grade en graadpryse is in werking gebring. Verder is die pryse van donker Burley-grade in gebied C in ooreenstemming met die ander gebiede gebring. Die gemiddelde pryse bly egter onveranderd. Die pryse van alle ander klasse nie hierbo genoem nie, bly onveranderd.

1960/61. Die grade en pryse van roltabak is vir die eerste keer onder die beheerskema ingetrek en gepubliseer. Verder is die pryse oorgeskakel na die desimale geldstelsel. In geheel bly die pryse egter onveranderd.

Met die uitsondering van Turkse tabak en sigaartabak is die pryse en grade van alle Virginiese tabak onder die skema geproklameer.

# H O O F S T U K V.

## PRYSBEPALING EN DIE AANBOD VAN TABAK.

### 1. INLEIDING.

#### 1.1. Algemeen.

In die moderne huishouding word 'n magdom produkte geproduseer, wat in talle en uiteenlopende marktoestande verhandel word. Indien dit 'n kapitalistiese huishouding is, is die prysstelsel die kardinale meganisme waardeur al die verskillende marktransaksies gekoördineer word. Sonder hierdie meganisme sou produsente geen leidraad in verband met wat geproduseer moet word, hê nie. Dieselfde geld vir verbruikers, wat nie in staat sou wees om hulle begrotings te beplan nie. Die reëling van produksie en die verdeling van die verbruik geskied dus deur middel van 'n prysstelsel.

In so 'n huishouding het bemarking te doen met die vraag van verbruikers na die produk, die prysmeganisme wat die vraag na die bepaalde produk na die distribueerders en produsente oordra, en die metode van distribusie van die produk.

Voordat ons oorgaan tot 'n bespreking van die voormelde aspekte van bemarking, te wete die aanbod, vraag en distribusie, is dit gerade om daarop te wys dat daar onder die beheerskema vir tabak 'n nuwe marktoestand geskep is. Ons het in Hoofstuk II van die oligopsonietoestande wat daar voorheen geheers het, melding gemaak. Met die instelling van die tabakbeheerskema is daar 'n bilaterale monopoliesituasie geskep.

#### 1.2. Bilaterale monopoliesituasie.

Onder 'n bilaterale monopolietoestand bestaan daar slegs twee markpartye, naamlik die monopolis en 'n monopsonis.

In die geval van tabak is alle tabakprodusente deur middel van hulle verteenwoordigers in Sentabak saamgesnoer. Dit geld natuurlik ook ten opsigte van produsenteverteenwoordigers in die Tabakraad. Op dieselfde wyse is kopers van bladtabak in die Tabakraad verteenwoordig. In so 'n marktoestand bestaan daar nie 'n outomatiese ewewigprys nie, aangesien die prysvormingsproses deur die onderhandelingsposisie van die betrokke partye beïnvloed word. Dit is wel waar dat die Nasionale Bemarkingsraad feitlik as bemiddelaar ten opsigte van die uiteenlopende belange van die twee partye moet optree en moet poog om 'n ewewigsposisie in die mark te bewaar. Nogtans moet dit in gedagte gehou word dat produsente 'n meerderheidstem in die Tabakraad het, en omdat hulle 'n groot gesamentlike politieke mag het, is dit ook te verwagte dat hulle die grootste seggenskap sal hê wanneer pryse bepaal word.

1.3. <u>Vraag as uitgangspunt van bemarking</u>.

Alhoewel die vraag na tabak eers in 'n latere hoofstuk behandel word, is dit die uitgangspunt. Voordat 'n produk geproduseer word, moet daar 'n behoefte aan die produk bestaan; anders sal dit nie verbruik word nie. Die mate van bevrediging wat verskillende produkte aan verbruikers verskaf, skep 'n bepaalde vraag na elke produk. Die funksie van bemarking vereis dat daar, in kwalitatiewe en kwantitatiewe terme, bepaal moet word wat die verbruiker se behoeftes ten opsigte van tyd, plek en vorm is.

Die vraagaspek van bemarking is van besondere belang onder 'n beheerde bemarkingskema, omdat die boer nie graag in terme van die vraag dink nie. Hy produseer die produk en beskou dit as die plig van die betrokke skema om toe te sien dat dit op 'n voordelige wyse van die hand gesit word.

Die meeste landboubemarkingsprobleme ontstaan juis omdat die regte produk nie in die regte hoeveelhede geproduseer

word nie. 'n Bemarkingskema moet dus bepaal wat die behoeftes van verbruikers is en gaan wees en toesien dat dit geproduseer en bemark word.

1.4. Die begrippe „aanbod" en „produksie".

Daar word dikwels beweer dat die prys van 'n landbouproduk te hoog is en dat die gevaar van oorproduksie en surplusse daardeur ontstaan. Dit is 'n gewaagde stelling om sonder verdere kwalifikasie te maak, omdat pryse in 'n vrye mededingende mark hoog kan wees omdat produksie klein in verhouding met die aanvraag kan wees. Verder word die begrippe produksie en aanbod dikwels met mekaar verwar.

Aanbod is die hoeveelheid van 'n bepaalde produk wat aan kopers in 'n bepaalde mark op 'n bepaalde tydstip beskikbaar gestel sal word teen elk van 'n reeks pryse. Dit is dus 'n teoretiese kurwe van die gewilligheid of moontlikheid om die betrokke hoeveelhede teen die betrokke pryse beskikbaar te stel. Hierdie hoeveelhede kan uit voorrade of produksie afkomstig wees. Voorrade is egter ook van produksie afkomstig, en gevolglik word aanbod oor langtermyn vir die doel van hierdie studie as 'n funksie van produksie beskou. Produksie is egter in die geval van 'n landbouproduk onderhewig aan groot skommelings ten gevolge van klimatologiese en ander omstandighede. 'n Studie van die aanbod is dus 'n studie van die hoeveelhede wat produsente sal poog om te produseer ten gevolge van bepaalde prysaanbiedings.

Die begrip pryselastisiteit van die aanbod beteken die mate waarin die hoeveelheid beskikbaar gestel sal toeneem by 'n gegewe styging in die prys, en omgekeerd. Veral die elastisiteit van die aanbod van 'n landbouproduk is in die praktyk vanweë wisselvallige omstandighede dikwels moeilik bepaalbaar en vereis 'n intensiewe studie van die betrokke tydperke wat gedek word.[1)]

----------

1) Vgl. Shepherd, G.S. Agricultural price analysis. Iowa, 1957, pp. 91 - 98.

### 1.5. Bewaring van ewewig.

In Suid-Afrika word graadpryse van tabak vasgestel, dit wil sê op 'n bepaalde punt op die aanbodkurwe. Alles gelyk synde sal produksie homself op hierdie punt stabiliseer. Indien hierdie hoeveelheid gelyk is aan die hoeveelheid wat kopers bereid sal wees om teen daardie prys te neem, is 'n ewewigsposisie bereik. Met die vasstelling van pryse kan hierdie ewewigsposisie nie geïgnoreer word nie. Afhangende van die pryselastisiteit van die vraag en aanbod sal die hoeveelheid gevra byvoorbeeld kleiner as die hoeveelheid beskikbaar gestel wees as die prys te hoog vasgestel word en daar sal dan 'n onverkoopte oorskot wees.

Die elastisiteit van die vraag en aanbod word egter op langtermyn deur talle elemente en faktore beïnvloed. Enige beheermaatreëls wat ingestel word, sal ook hulle invloed op hierdie kurwes laat geld. Die oordeelkundige vasstelling van pryse vereis dus 'n deeglike kennis en inagneming van die bestaande elastisiteit van die vraag en aanbod asook van die faktore en omstandighede wat dit kan beïnvloed.

Vervolgens word die belangrikste aspekte van produksie en pryse van tabak in Suid-Afrika asook die omvang van produksie wat gepaard gegaan het met die gemiddelde pryse wat daar geheers het, stap vir stap ondersoek.

## 2. ASPEKTE VAN DIE PRODUKSIE VAN TABAK.

### 2.1. Omvang van die produksie van tabak teenoor ander landbouprodukte.

Produsente kan in 'n mindere of meerdere mate, elk na gelang van sy besondere omstandighede, hulle produktiewe kragte aanwend vir die voortbrenging van alternatiewe produkte en dienste. Om hierdie rede is dit noodsaaklik om onder 'n beheerskema ook kennis te dra van ekonomiese toestande in die algemeen, veral die bemarkingsaspek, en


meer spesifiek ten opsigte van ander landbouprodukte. As daar byvoorbeeld oorproduksietoestande in die landbou is, kan dit as aansproing dien om juis dié produkte te produseer in die beheerskema waarvan produsente die grootste vertroue het. So 'n stap kan selfs die beste skema laat verongeluk. Dit is gevolglik belangrik om elke produk te sien as deel van die landbou-ekonomie as geheel.

Dit is interessant om in hierdie opsig die produksie van tabak met dié van ander landbouprodukte te vergelyk, sonder om enige gevolgtrekkings op hierdie stadium te probeer maak. In Figuur 9 word die indekse van die fisiese volume van die produksie van alle akkerbougewasse met dié van tabak vergelyk. Dit sou eintlik meer insiggewend wees om die produksietendense op 'n produktebasis met mekaar te vergelyk volgens verskillende produksie-areas, waarna die veld steeds wyer getrek moet word om die geheelbeeld van die produk in die landsekonomie te kan kry. Indien ondersoeke van hierdie aard deur die beheerskema onderneem sou gewees het, sou sekere belangrike afleidings gemaak kon word in verband met produksieneigings en die oorsake daarvan. As dit byvoorbeeld tabak en grondbone areas is wat betrokke is, mag dit wees dat grondbonepryse die produksie van tabak kan beïnvloed. By gebrek aan volledige inligting volstaan ons by die globale syfers. As ons na Figuur 9 kyk, sal gemerk word dat tabakproduksie tussen 1925 en 1930 buite verhouding met dié van ander akkerbougewasse toegeneem het. As hierdie tendens verder ontleed sou word, sou dit waarskynlik blyk dat daar, ten gevolge van die toename in die pryse van tabak, 'n groot toename in die aanwending van faktore van produksie wat hiertoe aanleiding gegee het, was en dat die pryse wat vir tabak vasgestel is, in vergelyking met die pryse van ander landbouprodukte hoog was.

As die kromme van kurwe A verder gevolg word, word

FIGUUR 9.[1]

INDEKSE VAN DIE FISIESE VOLUME VAN PRODUKSIE VAN AKKERBOUGEWASSE EN TABAK VANAF 1911 TOT 1959. (BASIS 1936/37 TOT 1938/39 = 100).




Bron: Unie van Suid-Afrika. Buro van sensus en statistiek. Uniestatistieke vir vyftig jaar. Pretoria, Staatsdrukker, 1960, p. I-27 - I-28.

1) Vgl. Aanhangsel 5.

gemerk dat die algemene produksieneiging tussen die jare 1951 en 1957 onderbreek is. Dit moet egter in aanmerking geneem word dat genoemde jare met 'n oorskakeling van die tipes tabak wat geproduseer is, saamgeval het. Wat egter merkwaardig is, is die mate waartoe, asook die tempo waarmee tabakproduksie in vergelyking met die produksie van ander akkerbougewasse sedert 1955 toegeneem het. As die indekse van die fisiese volume van verskillende akkerbougewasse nagegaan en met mekaar vergelyk word, is dit opvallend dat daar geen ander individuele landbouproduk was, behalwe miskien grondbone, waarvan die produksie so snel soos die van tabak sedert 1939 toegeneem het nie.

Figuur 9 bevestig ook die algemene verskynsel dat totale landbouproduksie nie dieselfde mate van wisselvalligheid aan die dag lê as die produksie van afsonderlike produkte nie.[1)]

## 2.2. Aantal tabakprodusente in verhouding tot die omvang van produksie.

Die vernaamste produksiemiddel is die mens self. Die boer, wat die ondernemer is, wend grond, arbeid en kapitaal vir die produksie van bepaalde produkte aan. Een van die faktore wat die omvang van produksie van tabak bepaal, is die aantal potensiële tabakprodusente wat daar in 'n land bestaan. Met die voormelde in gedagte het ons probeer bepaal watter verband daar tussen die omvang van tabakproduksie en die aantal tabakprodusente, bestaan.

Ten einde hierdie verwantskap grafies voor te stel word gewoonlik van „plotted charts" gebruik gemaak. Aangesien die verlangde inligting ontbreek om die ontleding tot 'n stadium waar afleidings gemaak kan word, deur te voer, moes ons genoeë neem met slegs sekere algemene afleidings. Om hierdie afleidings te kon maak was dit nie nodig om van

----------

1) Vgl. Schultz, T.W. The economic organisation of agriculture. Chicago, 1953, p.230.
Bishop-Toussaint. Introduction to agricultural economic analysis. New York, 1958, p.172.

indekssyfers, logaritmiese voorstellings of „plotted charts" gebruik te maak nie. Ons het eerder gepoog om die voorstellings oorsigtelik te maak sonder dat die werklike gegewens in die proses verlore gaan.

Figuur 10, A tot J, is 'n voorstelling van die verhouding tussen die aantal leweransiers en die gewig Virginiese tabak wat hulle aan die verskillende koöperasies gelewer het. Die Natalse koöperasie is uitgesluit omdat die betrokke inligting nie beskikbaar is nie. Die inligting strek oor die periode vanaf 1941 tot 1960. Elkeen van hierdie grafieke word nie afsonderlik behandel nie, aangesien die tendense wat hulle openbaar, deurgaans min of meer dieselfde is.


Die eerste interessante verskynsel is dat daar, afgesien van die invloed van klimatologiese faktore en die uitbreiding en inkorting van produksie deur gereelde tabakplanters, 'n merkbare korrelasie tussen die aantal produsente en die omvang van die totale produksie is. In hierdie verband word verwys na Figuur 10A, wat die totaalsyfers vir die land as geheel bevat, waarin die krommes van die twee kurwes vir die meeste jare opvallend ooreenstemmende neigings toon. Dit kan egter wees dat persone wat periodiek, en nie jaarliks nie, tabak plant, slegs op klein skaal produseer, en dat die groot skommelings in totale produksie toe te skrywe is aan groot en klein oeste, hoofsaaklik ten gevolge van die uitbreiding en inkrimping van produksie deur gereelde tabakprodusente, in samehang met klimatologiese faktore.

'n Tweede belangrike verskynsel wat ook feitlik deurgaans op al die gebiede van toepassing is, is die op groter skaal verbouing van tabak sedert die oorskakeling na die produksie van Orinoco-tipes tabak sedert 1951. Hierdie aspek word breedvoeriger in die volgende paragrawe onder die opskrif „Produksie per produsent" behandel.


Die bogemelde verskynsels is belangrik omdat dit in die

FIGUUR 10.

AANTAL LEWERANSIERS EN OMVANG VAN PRODUKSIE VAN VIRGINIESE TABAK IN DIE AREAS WAT DEUR DIE VERSKILLENDE KOöPERASIES BEDIEN WORD. 1941 TOT 1960.




FIGUUR 10 (vervolg.)



FIGUUR 10 (vervolg).

AANTAL LEWERANSIERS EN OMVANG VAN PRODUKSIE VAN VIRGINIESE TABAK, 1941 TOT 1960.




Opm. Hierdie figuur sluit nie die Natal-area in nie.

Bron: Sentabak.

Vgl. Aanhangsel 6.

eerste instansie 'n aanduiding is dat die aanbod wel 'n mate van pryselastisiteit besit omdat bestaande produsente hulle produksie kan uitbrei terwyl daar ook nog 'n aantal potensiële produsente is wat onder sekere bemarkingsomstandighede tabak sal produseer. Die verbouing van tabak op groter skaal kan weer beteken dat die aanbodkurwe na regs geskuiwe het en dat daar 'n neiging kan bestaan dat meer teen dieselfde produsenteprys of selfs teen 'n laer prys geproduseer sal word, byvoorbeeld ten gevolge van kostebesparings en verbeterde tegniek van verbouing.

Soos reeds gemeld, kon die ontleding nie ver genoeg gevoer word om spesifieke afleidings te maak nie, omdat die globale syfers nie insiggewend genoeg is nie. Produksietoestande verskil van area tot area, en ten opsigte van die verskillende klasse tabak bestaan daar ook verskille. In hierdie verband is dit wenslik dat die ontleding op 'n streeksbasis vir elke klas tabak afsonderlik gemaak word. Die verskillende produsente moet verder volgens die omvang van elkeen se oes gegroepeer word, byvoorbeeld tussen 1 en 500 lb., 500 en 1,000 lb., ens. As Figuur 10 I ten opsigte van Swaziland byvoorbeeld nagegaan word, wil dit voorkom asof die gemiddelde produksie per planter sedert 1941 afgeneem het. As dit egter in aanmerking geneem word dat slegs sowat 5.6% (111 lede) van die totale aantal leweransiers in 1959/60 byna 60% van die totale hoeveelheid tabak gedurende die betrokke jaar aan Swaziland gelewer het, sal besef word dat die totale aantal planters nie altyd as 'n betroubare weergawe van produksietendense aanvaar kan word nie, tensy hierdie gegewens verder geanaliseer kan word.

Dit is jammer dat die betrokke inligting nie beskikbaar is nie, aangesien dit insiggewend in verband met produksietendense in die verskillende areas sou wees. Dit sou byvoorbeeld moontlik gewees het om te bepaal watter groep

planters hoofsaaklik vir enige verandering in die omvang van produksie verantwoordelik is, of dit bestaande of nuwe planters is en of hulle op groot of klein skaal produseer. Hiervan kan afgelei word watter areas uitbreidingsmoontlikhede besit, en dit sal ook nuttig wees om te weet ten koste van watter ander landbouprodukte die produksie van tabak uitgebrei word.

2.3. <u>Gemiddelde produksie per produsent</u>.


Ten spyte van die gebrek aan omvattende inligting is dit interessant om na te gaan hoe die produksie (volgens lewerings) per planter in die verskillende agentskap-areas vanaf 1941 tot 1959 gewissel het. Figuur 11 vergelyk die gemiddelde gewig tabak per leweransier in die verskillende agentskapsgebiede, met mekaar. Aangesien die betrokke kurwes vir die verskillende gebiede baie uiteenlopend is, word slegs die drie belangrikste produksieareas se gegewens en die gemiddelde vir die land as geheel verstrek.

Figuur 11 bevestig ons vorige stelling dat globale syfers nie baie insiggewend is nie. Alhoewel die tendens van al die kurwes opwaarts is, toon dit groot korttermynverskille tussen die betrokke areas. Verdere ontleding daarvan is nodig om juiste gevolgtrekkings te kan maak. Toe die gemiddelde produksie per lid in een van die areas 24,000 lb. was, het een van die lede nagenoeg 1,000,000 lb. tabak daardie jaar aan die koöperasie gelewer, sodat die gemiddelde produksie van die oorblywende planters heelwat kleiner as die gemiddelde van die area was.

By gebrek aan verdere ontledende syfers kan daar dus net enkele afleidings van die betrokke grafiek gemaak word. Die belangrikste hiervan is dat die neiging blykbaar bestaan dat tabak in Suid-Afrika op 'n toenemende skaal per boerdery-eenheid geproduseer word. Hierdie neiging is veral merkbaar in die geval van die produksie van die luggedroogde tipes

FIGUUR 11.[1)]

GEMIDDELDE GEWIG VIRGINIESE TABAK PER PRODUSENT AAN VERSKILLENDE KOÖPERASIES AFGELEWER, ASOOK DIE LANDSGEMIDDELDE VANAF 1941 TOT 1960.




Bron: Sentabak.

1) Vgl. Aanhangsel 7.

tabak, wat normaalweg op droë lande verbou word. Dit geld veral ten opsigte van die P.K.T.V.-gebied (Potgietersrus). Hierdie neiging bestaan ook in 'n geringer mate by oonddroogtabak (M.K.T.V.), wat hoofsaaklik onder besproeiing verbou word.

Aangesien ons die Suid-Afrikaanse bemarkingstoestande dikwels met die van Rhodesië vergelyk, is dit interessant om in hierdie verband te meld dat oonddroogtabak in die Federasie (van die Rhodesiës) oorwegend op droë lande verbou word en dat slegs ongeveer 3,000 produsente verantwoordelik is vir 'n totale oes van nagenoeg 200,000,000 lb. tabak, dit wil sê die gemiddelde produksie per planter is ongeveer 63,000 lb. per jaar,[1] teenoor nagenoeg 6,300 lb. in Suid-Afrika.[2]

2.4. Omvang van produksie en opbrengs per morg.

Dit is 'n erkende feit dat die boer veral by sekere gewasse in 'n mate 'n dobbelspel voer. Hy bewerk sy grond, plant teen groot koste, terwyl die grootte van sy oes en die inkomste per morg wat hy gaan ontvang, in 'n groot mate afhang van klimatologiese faktore en natuurlik ook van die pryse wat hy gaan ontvang. In die jaarverslae van Sentabak, die Tabakraad, en die Nasionale Bemarkingsraad kom die stelling dikwels voor dat 'n bepaalde oes klein is ten gevolge van swak klimatologiese omstandighede. Hierdie stelling word gemaak sonder dat dit bewys kan word, omdat betroubare syfers in verband met die aantal morge beplant nie beskikbaar is nie.

Om te kan bepaal in watter mate klimatologiese omstandighede 'n bepaalde oes bïnvloed het, moet die aantal morge wat beplant is, en die opbrengs per morg bekend wees. In watter mate klimatologiese omstandighede die opbrengs per

----------

1) Addicot, J. The story of 3,000 men who grow the leaf in A special survey of the Rhodesian and Nyassåland Tobacco Industry. Tobacco, Londen, Junie 1960, p.15.

2) M.K.T.V.

morg kan beïnvloed, blyk uit Figuur 12. Kurwe A dui die opbrengste per morg aan ten opsigte van 'n variëteitsproef wat deur die Sentrale Tabaknavorsingsinstituut te Rustenburg uitgevoer is. Kurwe B is 'n weergawe van die totale hoeveelhede tabak wat gedurende die ooreenstemmende jare aan die M.K.T.V. deur produsente ingelewer is.

Dit is opvallend dat, alhoewel slegs die opbrengs van een morg tabak met die hele oes in die M.K.T.V.-area vergelyk word, daar nogtans 'n sterk ooreenkoms tussen die twee kurwes bestaan. Daar dien op gewys te word dat die gemiddelde produksie per morg op plase heelwat laer is as dié van die Navorsingsinstituut se proefpersele. Die betrokke proefperseel te Rustenburg is ook nie verteenwoordigend van die M.K.T.V.-area as geheel nie, aangesien laasgenoemde area, afgesien van Rustenburg, ook Brits, Groblersdal, Nylstroom en Magaliesburg as belangrikste produksieareas insluit.


Dit is interessant om die resultate van die variëteitsproef verder te ontleed om aan te dui in watter mate die boer se oes, en gevolglik ook sy inkomste, deur klimatologiese faktore, wat buite sy beheer is, beïnvloed kan word. Die gemiddelde opbrengs van die betrokke morg tabak was gedurende die sestien jaar waaroor die proef gestrek het, 3,822 pond gewig. Figuur 13 dui die jaarlikse persentasie afwyking van die gemiddelde aan. Hierdie grafiek wys dat daar nie so iets soos 'n normale oes bestaan nie en dat daar ook geen reëlmatige kort- of langtermynnatuurskommelings bestaan nie. Produksie kan dus ook nie op 'n enkele morg, plaas of land op 'n bepaalde peil gehandhaaf word nie. Dit moet nie hiervan afgelei word dat 'n land se totale produksie van 'n bepaalde produk in dieselfde mate as die opbrengs van die betrokke morg tabak, van jaar tot jaar ten gevolge van fratse van die natuur sal varieer nie. Alle areas word gewoonlik nie in dieselfde mate deur droogtes, hael, peste, siektes,

FIGUUR 12.

PRODUKSIE PER MORG VOLGENS 'N VARIëTEITSPROEF EN GEWIG TABAK GELEWER AAN DIE M.K.T.V. 1944 - 1959.

A. -------- Opbrengs per morg

B. ———— Lewerings aan M.K.T.V.





Bronne: A. Sentrale Tabaknavorsingsinstituut. Navorsingsverslag 1958/59, Rustenburg, T.691/200, p.10.

B. Sentabak.

FIGUUR 13.

JAARLIKSE PERSENTASIE AFWYKING VAN DIE GEMIDDELDE PRODUKSIE PER MORG TABAK OOR 'N TYDPERK VAN SESTIEN JAAR.




Bron: Verder verwerking van kurwe A van figuur 12.

ens., geteister nie, sodat een area in 'n bepaalde jaar rekordoeste kan oplewer, terwyl daar in 'n ander area mis-oeste kan voorkom.

### 2.5. Omvang van produksie, aantal morge beplant en opbrengs per morg.

Die totale produksie van tabak in 'n bepaalde jaar hang af van die aantal morge wat beplant word, en van wat die opbrengs per morg is. Die produsent kan die opbrengs per morg beïnvloed deur sy bewerkingsmetodes maar het geen beheer oor klimatologiese faktore nie, en gevolglik kan hy nie die omvang van sy produksie per morg beheer nie. Die aantal morge wat hy beplant, is gevolglik die betroubaarste aanduiding van sy bereidwilligheid om te produseer. Die werklike produksiesyfers word dus ook nie as 'n betroubare maatstaf ten opsigte van die pryselastisiteit van die aanbod beskou nie.


Ten einde 'n idee te vorm van die belangrikheid van omvattende inligting in hierdie opsig, het ons die volgende ontleding van produksieneigings in die M.K.T.V.-gebied vanaf 1956 tot 1961 gemaak. Daar moet egter op gewys word dat die inligting wat gebruik word, nie heeltemal betroubaar is nie. Die aantal morge beplant is byvoorbeeld die som van die skattings wat voormanne van die M.K.T.V. aan die begin van elke betrokke jaar gemaak het. Hierdie ontleding volgens Figuur 14 besit 'n verdere leemte omdat 1956 as basisjaar geneem is. Figuur 10 B toon dat 1956 maar 'n klein oes opgelewer het vergeleke met die gemiddelde oeste vir die tien jaar vanaf 1950 tot 1960. Verder is die termyn wat geneem word, baie kort.

As die opbrengs per morg in 1956 as normaal beskou kan word, het produsente beplan om oeste volgens kurwe B te produseer. Hierdie kurwe is 'n indeks van die aantal morge beplant (1956 = 100). Die werklike oeste was volgens

FIGUUR 14.[1)]

INDEKSE VAN TOTALE PRODUKSIE, BERAAMDE AANTAL MORGE BEPLANT, EN GEMIDDELDE OPBRENGS PER MORG IN DIE M.K.T.V.-AREA VANAF 1956 TOT 1961.

(1956 = 100).




Bron: Verwerking van inligting verkry van die M.K.T.V.

1) Vgl. Aanhangsel 8.

kurwe A groter as B omdat die opbrengs per morg in al die betrokke jare, met die uitsondering van 1960, groter as in 1956 was. Met sekere voorbehoude, wat in die volgende paragraaf behandel word, moes die oeste sedert 1956, met uitsondering van klimatologiese omstandighede, indien dit die enigste faktor was wat die opbrengs per morg bepaal het, volgens kurwe C gewees het. Vir hierdie kurwe is die aantal morge konstant gehou met slegs die opbrengs per morg as veranderlike faktor. Die verskil tussen C en A was die gevolg van addisionele produksiemiddele wat vir die produksie van tabak aangewend is.

In die praktyk word die opbrengs per morg egter nie slegs deur klimatologiese faktore beïnvloed nie. Verbouingsmetodes en tegnologiese ontwikkeling speel ook 'n belangrike rol. Verder gebeur dit dikwels dat, namate meer grond vir die verbouing van tabak aangewend word, minder geskikte grond daarvoor gebruik word, sodat die opbrengs per morg laer kan wees as in die areas waar tabak normaalweg gekweek word.

2.6. Algemeen.

Dit mag as eienaardig voorkom dat volledige inligting waarvolgens produksieneigings ontleed kan word ten einde die elastisiteit van die aanbod te kan bepaal, nie beskikbaar is nie. Vir die ekonoom is hierdie inligting belangrik om prystendense te verklaar. Terwyl die pryse van tabak onder die skema vasgestel word, behoort hierdie gegewens nog belangriker te wees indien 'n ewewigsposisie ten opsigte van vraag en aanbod bewaar moet word. Soos uit latere hoofstukke duideliker sal blyk, is die verklaring van hierdie skynbare leemte opgesluit in die ekonomiese, bemarkings- en politieke klimaat waarin die beheerskema gefunksioneer het.

Ter opsomming wil ons beklemtoon dat die belangrikste beheerbare faktor wat die grootte van 'n oes bepaal, die area

(aantal morge) is. Die gemiddelde opbrengs per morg sal van jaar tot jaar verskil volgens klimatologiese omstandighede, geskiktheid van die grond, bemesting, verbouings- en bewerkingsmetodes, ens. Hierdie opbrengs verskil van area tot area, onder andere omdat droogtes, haelbuie, oorstromings, ens., nie in alle dele van die land in dieselfde mate voorkom nie. Om hierdie rede sou dit wenslik wees om die produksiegebied in kleiner eenhede te verdeel om die invloed van bepaalde natuurverskynsels en ander faktore op die oes te kan bepaal.

Die ontleding van produksietendense vereis dat die verskillende klasse tabak van mekaar geskei moet word en onderverdeel moet word volgens streke en grootte van produksie-eenhede. Aangesien hierdie inligting ontbreek, behandel ons vervolgens sekere aspekte ten opsigte van pryse, voordat gepoog word om die invloed van tabakpryse op die omvang van produksie te probeer bepaal.

## 3. ASPEKTE VAN DIE PRYSE VAN TABAK.

Onder hierdie opskrif word veral stilgestaan by twee aspekte waarvan in Hoofstuk IV reeds melding gemaak is, te wete die vasstelling van individuele graadpryse en produksiekoste as faktor by die vasstelling van pryse.

### 3.1. Graadpryse en gemiddelde pryse.

#### 3.1.1. Verskille tussen gemiddelde graadpryse en gemiddelde verkooppryse vanaf 1939 tot 1960.

'n Bepaalde oes bestaan uit verskillende klasse tabak, waarvan elk in verskillende grade ingedeel word. Klimatologiese omstandighede, tabaksiektes en peste, drogingsmetodes en -omstandighede, ens., beïnvloed nie alleen die grootte van die oes nie, maar ook die samestelling in grade en klasse en gevolglik ook die gemiddelde verkoopprys daarvan.

In Figuur 15 word die indekse van gemiddelde graadpryse op grond van 1939-produksie met die indekse van gemiddelde binnelandse verkooppryse van die drie belangrikste Virginiese tabakklasse, met mekaar vergelyk. Die heel boonste twee kurwes vir oonddroog en die heel onderste twee kurwes vir donker lugdroog het elkeen sy eie afsonderlike skaal op die linkeras van die grafiek. Die skaal van die middelste kurwes vir ligte lugdroogtabak verskyn op die regterkantste as. Al hierdie kurwes is op dieselfde skaal getrek. Die gebroke lyne dui die gemiddelde binnelandse verkooppryse aan, terwyl die ongebroke kurwes die gemiddelde pryse van die verskillende oeste sou aangedui het as die samestelling per graad dieselfde gebly het.

Volgens hierdie figuur was die gemiddelde verkooppryse (kurwes A) in die geval van al drie klasse tabak jaarliks hoër as die B-kurwes, met slegs enkele uitsonderings in die geval van oonddroogtabak. Selfs hier het die enigste groot afwykings gedurende die jare 1952 en 1954 voorgekom en het met besondere swak oesjare en die oorskakeling na die produksie van Orinoco-oonddroogtipes tabak saamgeval. Hierdie hoër pryse wat andersins deurgaans behaal is, is veroorsaak deur die verbetering van die graadsamestelling ten gevolge van doeltreffender produksiemetodes, beter bemesting, doeltreffender bestryding van plantsiektes en insekte, beter drogingsmetodes, verbetering van variëteite, en so meer. Gebrek aan eenvormige gradering van jaar tot jaar of veranderings wat ten opsigte van verskillende grade aangebring is, kon ook 'n geringe rol gespeel het.


### 3.1.2. Omvang van produksie, gehalteverbetering en invloed op gemiddelde pryse.

Dit sou logies wees om te verwag dat 'n groot oes

FIGUUR 15.[1)]

INDEKSE VAN GEMIDDELDE GEPROKLAMEERDE GRAADPRYSE (1939-OES BASIS)EN GEMIDDELDE BINNELANDSE VERKOOPPRYSE VAN TABAK. 1939-60.

(1939 = 100)




Bron: Verwerking van gegewens verstrek in die jaarverslae van Sentabak en die Tabakraad.

1) Vgl. Aanhangsel 12.

ook as 'n goeie oes bestempel kan word, dit wil sê dat dit meer hoë grade as 'n klein oes sal oplewer. Volgens Figuur 16 blyk dit egter nie altyd die geval te wees nie. In Figuur 16 is die invloed van graadprysverhogings uit die effektiewe verkooppryse wat behaal is, uitgeskakel. Die betrokke pryskurwes dui gevolglik aan wat die gemiddelde pryse van die verskillende klasse Virginiese tabak sou gewees het indien geproklameerde graadpryse sedert 1939 konstant sou gebly het.

Volgens Figuur 16 het die betrokke pryse van oondgedroogde tabak vanaf 1939 tot 1950 van 14.65 sent per pond gewig tot 18.21 sent in 1950 toegeneem. Die kurwes is na 1950 onderbreek en sluit vanaf 1951 slegs Orinoco-tipes tabak in. Na 1951 het dit 'n aantal jare geduur om dieselfde gehaltepeil te bereik as wat voorheen met die Amarello-tipes oonddroogtabak bereik is. Dit lyk asof dieselfde peil ongeveer in 1957 bereik is.

In die algemeen blyk dit dat gehalteverbetering sedert 1939 'n belangrike rol ten opsigte van die gemiddelde verkooppryse van die verskillende klasse tabak gespeel het.


Dit lyk egter eienaardig dat, alhoewel die twee kurwes dieselfde algemene opwaartse neiging openbaar, die afwykings van jaar tot jaar dikwels die teenoorgestelde is. Hiervoor kan daar verskillende verklarings wees, te wete:

3.1.2.1. Tabakgronde wat normaalweg verbou word, het waarskynlik 'n groter opbrengs per morg gelewer, sowel kwalitatief as kwantitatief.

3.1.2.2. Toenames in produksie het, soos reeds gesien, gepaard gegaan met 'n toename in die aantal produsente en ook die aantal morge wat onder tabak geplaas is. Nuwe produsente neem gewoonlik

FIGUUR 16.[1]

OMVANG VAN PRODUKSIE (BAALSYFERS) VERGELYK MET JAARLIKSE KONSTANTE GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE NA UITSKAKELING VAN PRYSVERHOGINGS EN BEREKEN OP 1939-BASIS. 1939 - 1960.




Bronne: Verwerking van gegewens verkry uit jaarverslae van die Tabakraad en Sentabak.

1) Vgl. Aanhangsel 9.

'n paar jaar om die geheime van geslaagde verbouing van tabak, veral oonddroogtabak, wat moeiliker is om te bewerk as ander Virginiese tipes, aan te leer. Hierdie produsente se oeste mag dus geneig wees om 'n swakker graadsamestelling as dié van gevestigde planters te hê.

3.1.2.3. Swakker bewerking speel ook by die bewerking en hantering van 'n buitengewoon groot oes 'n rol, omdat boere nie wat arbeid, oonde, skure, ens., betref, ingerig is om 'n buitengewoon groot oes te hanteer en te bewerk nie.

In hierdie verband is die jaarverslae van die Tabakraad, Sentabak en selfs individuele koöperasies nie baie insiggewend nie. Vir die doel van hierdie studie kan dié belangrike afleiding egter gemaak word dat stabiele graadpryse nie noodwendig beteken dat die gemiddelde verkooppryse van elke oes van 'n bepaalde klas tabak konstant sal bly nie. In die geval van oonddroogtabak het die gemiddelde konstante prys gedurende die afgelope 20 jaar selfs tot 4 sent per pond (20%) van jaar tot jaar verskil, wat, afgesien van verskille in die gemiddelde opbrengs per morg, 'n groot invloed op die jaarlikse bruto inkomste van 'n tabakboer kon gehad het. Die boer se netto inkomste sal dus in 'n groter mate as sy bruto inkomste aan jaarlikse skommelings onderhewig wees, omdat sy produksiekoste en opbrengs per morg nie in dieselfde mate deur klimatologiese omstandighede beïnvloed word nie.

# 4. KOSTE VAN PRODUKSIE VAN BLADTABAK.

## 4.1. Algemeen.

Volgens Hoofstuk IV is die koste van produksie in die verlede as 'n belangrike faktor by die jaarlikse vasstelling van pryse beskou. Oënskynlik is dit ook logies korrek dat die koste van produksie per eenheid by die jaarlikse prysvasstelling deeglik in aanmerking geneem word. Die gemiddelde prys behoort hoog genoeg vasgestel te word om die koste van produksie te dek; andersins sou dit nie die produsent betaal om 'n bepaalde produk te verbou nie. Ongelukkig is die probleem nie so eenvoudig nie, want in die praktyk gebeur dit dikwels dat in plaas daarvan dat produksiekoste die pryshoogte bepaal, die teenoorgestelde gebeur en dat pryse bepaal hoe hoog produksiekoste sal wees.

Vervolgens behandel ons die jongste produksiekosteopnames kortliks, met spesifieke verwysing na die aspekte wat produksiekoste 'n ongewenste basis vir prysvasstelling maak.

## 4.2. Resultate van jongste produksiekosteopnames in Suid-Afrika en Suid-Rhodesië.

Tabel 1 bevat besonderhede omtrent die betrokke produksiekosteopnames. Hierdie opnames word nie in fyner besonderhede behandel nie, maar slegs enkele aspekte wat van belang geag word, word bespreek. As hierdie twee opnames met mekaar vergelyk word, moet dit in gedagte gehou word dat dit nie volkome vergelykbaar is nie, onder andere omdat die koste-items verskil, die oeste nie vergelykbaar is nie en die pryse en koste aangegee word in terme van twee geldeenhede, naamlik Rhodesiese sterling en Suid-Afrikaanse ponde.

## 4.3. Verskille ten opsigte van produksiekoste en pryse tussen landbou en ander sektors van die ekonomie.

Fabrikante verkeer normaalweg in 'n gunstiger posisie as boere om pryse op grond van koste van produksie te bepaal

TABEL 1. PRODUKSIEKOSTE VAN TABAK IN SUID-AFRIKA[1] EN SUID-RHODESIë.[2]

| | SUID-AFRIKA | | | | | | SUID-RHODESIë | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | KOSTE PER MORG | | | KOSTE PER LB. | | | KOSTE PER MORG | KOSTE PER LB. |
| | 1954/55 £ | 1955/56 £ | GEM. £ | 1954/55 d. | 1955/56 d. | GEM. d. | 1956/57 £ | 1956/57 d. |
| Arbeid - Blank .......................... | | | 5.0 | 1.6 | 1.0 | 1.7 | 19.5 | 2.72 |
| Nie-blank ...................... | | | 49.0 | 14.2 | 11.7 | 12.1 | 62.7 | 8.79 |
| Trekker en trekvee ...................... | | | 9.3 | 2.9 | 2.0 | 2.4 | 18.5 | 2.60 |
| Bemesting ............................... | | | 8.3 | 2.3 | 2.0 | 2.2 | 24.7 | 3.44 |
| Brandstof ............................... | | | 4.0 | 1.1 | 1.0 | 1.0 | 2.0 | .28 |
| Saad en plantjies ....................... | | | .4 | .1 | .1 | .1 | .3 | .05 |
| Insekmiddels ............................ | | | 1.0 | .2 | .3 | .3 | 3.4 | .55 |
| Pakmateriaal en kaasdoek ................ | | | 1.6 | .4 | .3 | .4 | 2.8 | .40 |
| Vervoer ................................. | | | 14.1 | 4.2 | 3.2 | 3.6 | | |
| Masjinerie en gereedskap ................ | | | 5.7 | 1.9 | 1.1 | 1.5 | | |
| Waterbelasting .......................... | | | .6 | .2 | .1 | .2 | | |
| Rente - vaste verbetering en diverse .... | | | 15.5 | 4.8 | 3.2 | 3.9 | | |
| Bedryfskoste ............................ | | | | | | | 50.6 | 7.10 |
| Ander ................................... | | | | | | | 3.2 | .46 |
| Gradering ............................... | | | | | | | 5.1 | .71 |
| Versekering (hael)....................... | | | | | | | 7.0 | .99 |
| Verkoopskoste ........................... | | | | | | | 8.3 | 1.09 |
| Vergoeding van boer £920 p.j. ........... | | | | | | | 26.5 | 3.72 |
| TOTAAL .................................. | 119.1 | 110.4 | 114.5 | 33.9 | 26.0 | 29.4 | 234.6 | 32.90 |
| Gemiddelde aantal morge per boerdery..... | 10.4 | 12.1 | 11.3 | | | | 32⅓ | |
| Opbrengs per morg ....................... | 843.4 | 1018.8 | 935.3 | | | | 1712 | |

Bronne: 1) Buys, C.J. en Moller, C.A. Ekonomiese ondersoek van tabakboerdery in sekere besproeiingstreke in Transvaal. Pamflet nr. 373, ekonomiese reeks nr. 50, Dept. van Ekon. en Bemarking. Pretoria, 1961.
2) Suid-Rhodesië.Dept. of Economics and Markets. Cost of tobacco production on some European farms in Southern Rhodesia in 1956/57. Salisbury, 1958.

en wel om die volgende redes:[1]

4.3.1. Vervaardigde produkte word aaneenlopend geproduseer, en die omvang van produksie kan feitlik onmiddellik verander word om by die behoeftes van die mark aan te pas. In die geval van landbouprodukte vind aanpassings van produksie nie so geredelik plaas nie. Dit neem minstens 'n seisoen voordat die omvang van produksie verander kan word.

4.3.2. Vervaardigde produkte is gewoonlik minder bederfbaar as landbouprodukte. Indien daar 'n ooraanbod is, kan 'n gedeelte van die mark weerhou word en die toevoer tot die mark gereël word, terwyl produksie intussen ingekort kan word om 'n te snelle ophoping van voorrade te verhoed. In hierdie opsig verskil landbouprodukte wesenlik van vervaardigde produkte. Sekere landbouprodukte is so bederfbaar dat dit glad nie opgeberg kan word nie, terwyl ander, soos tabak, wel opgeberg kan word, maar tensy produksie ingekort kan word, sal enige opberging slegs die probleem uitstel sonder om dit op te los.

4.3.3. In die landboubedryf kan natuurinvloede die oordeelkundigste produksieplanne omverwerp, dit wil sê oor korttermyn.

4.3.4. Daar is egter nog ander redes waarom produksie in die landbou nie so snel as in ander sfere van die ekonomie by pryse aangepas kan word nie. Een hiervan is die feit dat die kostestruktuur verskil. Landbouproduksie vereis normaalweg 'n relatief groter belegging in vaste bates as ander produkte. Die verhouding van

----------

1) Vgl. Shepherd, G.S. Agricultural price analysis. a.w., p.160.

vaste tot veranderlike koste is dus buitengewoon groot, en indien 'n fabrikant sy produksie sou inkort, word sy koste ten opsigte van arbeid, krag, rente, grondstowwe, ens., ook verminder. Die boer kan nie sy koste in dieselfde mate besnoei nie, omdat sy rente-uitgawes, belastings, vergoeding aan gesinsarbeid en ander uitgawes nie dieselfde aanpassingsvermoë besit nie. Indien daar 'n groot verbandskuld op die plaas is, kan dit selfs tot 'n vermeerdering in produksie aanleiding gee.

4.3.5. As pryse ver benede die produksiekoste van verskillende fabrieke sou daal, sal hierdie fabrieke verplig word om betreklik gou te sluit, indien hulle nie kan oorskakel na die produksie van ander artikels nie. Die gevolglike verminderde produksie sal ten gevolge hê dat pryse weer opwaarts sal neig. Dit is egter baie moeiliker om 'n boer van sy plaas af te drywe, omdat hy normaalweg in 'n sterker finansiële posisie is om 'n betreklike lang tydperk boerdery voort te sit in marktoestande waar pryse nie sy produksiekoste dek nie. Hy kan op sy kapitaal teer en sy lewenstandaard verlaag. Die verskil tussen die boer en die vervaardiger word in Tabel 2 voorgestel. Selfs al sou die boer verplig word om sy plaas te verlaat, sal iemand anders hom spoedig vervang. „Falling prices breed idle factories but not idle farms".[1)]

----------

1) Thomsen, F.L. Agricultural prices, soos aangehaal deur Shepherd, G.S. Agricultural price analysis. a.w.,p.161.

TABEL 2.

VERSKIL TUSSEN DIE INVLOED VAN 'N 10%-VERLIES TEN OPSIGTE VAN 'N PLAAS EN 'N VERVAARDIGINGS-ONDERNEMING.[1]

| | VERVAARDIGINGSBEDRYF | PLAAS |
|---|---|---|
| KAPITAAL BELê ......... | R 25,000 | R 25,000 |
| JAARLIKSE OMSET ....... | R200,000 | R 4,000 |
| 10%-VERLIES OP OMSET .. | R 20,000 | R 400 |
| AANTAL JARE VOORDAT UIT BESIGHEID GEDRYF IS.. | 1 | 20 tot 35 |

### 4.4. Probleem om gesamentlike produksiekoste te bepaal.

Daar bestaan talle praktiese probleme in verband met die bepaling van die produksiekoste van 'n produk, soos tabak, wat deur duisende boere geproduseer word, gewoonlik in samehang met ander landbouprodukte. Die monster wat by die Suid-Afrikaanse produksiekosteopname gebruik is, was 187 boere in 1954/55 en 177 in die daaropvolgende jaar. Hierdie boere was maar vir nagenoeg 10% van die produksie in die M.K.T.V.-gebied verantwoordelik. In die geval van die Rhodesiese opname is die monster van 102 plase geneem.

Die plase wat in Suid-Afrika besoek is, produseer verskillende grade en klasse tabak sowel as koring, mielies, hawer, gars, vrugte, groente, ens., en volgens die statistiese en rekeningkundige rekords wat normaalweg deur boere gehou word, is die noukeurige bepaling van die koste van produksie van die afsonderlike produkte 'n uiters moeilike, indien moontlike taak. Waar individuele graadpryse onder die beheerskema vasgestel word, sal die produksiekoste van die verskillende grade ook afsonderlik bepaal moet word, indien dit as basis van prysvasstelling gebruik word.

----------

1) Idem, p.161.

In die verdere geval waar produkte volgens 'n wisselbouskema geproduseer word, mag die produksie van een van hierdie gewasse volgens die toedeling van koste wat gemaak word, onlonend wees, dog die heilsame uitwerking daarvan op produksie van die ander produk mag hiervoor opmaak. Dit bemoeilik die berekening van hierdie koste veral as volledige inligting nie deur boere beskikbaar gestel kan word nie.

4.5. Wie se produksiekoste moet geneem word?


Selfs al sou dit moontlik wees om die produksiekoste van elke plaas ten opsigte van elke afsonderlike produk noukeurig te bepaal, verskil die produksiekoste van plaas tot plaas. Die vraag ontstaan dan watter plaas se produksiekoste as basis van prysvasstelling moet dien. In die geval van die Rhodesiese produksiekosteopname was die laagste koste 12.11d. per lb. en die hoogste 46.78d. per lb. Wat is nou die produksiekoste van tabak in Rhodesië? As die prys op 12.11d. per lb. in Rhodesië vasgestel sou word, sal die meeste tabakboere nie 'n bestaan kan maak nie, en as die prys op 46.78d. per lb. gestel sou word, sal daar 'n groter hoeveelheid tabak geproduseer word as wat die mark teen daardie prys kan opneem.

Die uitsoek van 'n plaas of selfs plase wat verteenwoordigend van die geheel is, word nog verder bemoeilik deurdat klimatologiese omstandighede van jaar tot jaar kan wissel en in dieselfde jaar selfs van plaas tot plaas kan verskil. Dieselfde plaas se produksiekoste kan dus in die een jaar benede die gemiddelde wees en gedurende die volgende jaar ver bokant die gemiddelde.

Hierdie produksiekosteverskille van boer tot boer, plaas tot plaas, volgens tipes en klasse tabak wat verbou word, en van jaar tot jaar, word in die betrokke produksiekoste-opname-verslag met Figuur 17 geïllustreer.

FIGUUR 17.

VERSPREIDING VAN PRODUKSIEKOSTE PER LB. TABAK TUSSEN PRODUSENTE WAT DEUR PRODUKSIEKOSTEOPNAMES IN 1954/55 EN 1955/56 GEDEK IS (REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA).




Bron: Buys, C.J. en Möller, C.A. a.w., p.30.

Dit is nie net die produksiekoste wat van plaas tot plaas verskil nie, maar ook die winsgewendheid van tabakproduksie. Die gemiddelde prys wat die boer vir sy tabak sal ontvang, sal afhang van die klas, tipe en kwaliteit van die tabak wat hy produseer. In 1955/56 het meer as 60% van die boere meer as 30 sent per lb. vir hulle tabak ontvang, en in 1954/55 het slegs 50% van die boere meer as 30 sent ontvang.[1] Ten gevolge van die verskille in sowel die produksiekoste as prys per lb. was daar ook 'n verskil van boer tot boer in die netto wins per morg tabak. As die boer gevolglik verlang dat hy vir sy tabak 'n prys ontvang wat gelykstaan aan sy produksiekoste plus 'n redelike wins, word die berekening van die prys nog verder bemoeilik, veral omdat die keuse van verteenwoordigende produsente nou nog moeiliker word. Twee produsente se produksiekoste per lb. tabak kan dieselfde wees, maar die wins per lb. kan verskil omdat die een 'n beter kwaliteit as die ander kan lewer. Die vraag ontstaan dus watter verskille in pryse daar tussen die twee kwaliteite moet bestaan.

4.6. <u>Grondeienskappe en winsgewendheid</u>.

Behalwe klimaatsfaktore oefen grondeienskappe 'n belangrike invloed op die verbouing van tabak uit. 'n Ontleding van hierdie aspek sou tegnies van aard wees, en sonder om ons op hierdie terrein te begeef word verwys na die Rhodesiese opname waarvolgens dit gevind is dat die winste van boere in die verskillende tabakdistrikte aansienlik van mekaar verskil.

----------

1) Idem, p.33.

TABEL 3.

NETTO WINS PER ACRE EN PER POND GEWIG TABAK VERKOOP IN VERSKILLENDE SUID-RHODESIESE DISTRIKTE. 1956/57.

| | NETTO WINS | |
|---|---|---|
| | PER ACRE | PER LB. |
| KAROI .............. | £92.17. 6. | 21.75d. |
| HARTLEY ............ | 62. 9. 5. | 20.32 |
| MARANDELLAS ........ | 56. 1. 7. | 15.98 |
| RUSAPE ............. | 33.16. 9. | 12.00 |
| GUTU ............... | 34.10.10. | 11.59 |
| SALISBURY .......... | 37. 8. 9. | 10.63 |
| MTOKO .............. | 26. 3. 6. | 8.42 |
| SINOIA ............. | 22.15. 8. | 7.01 |
| CHOMA (VERLIES) .... | - 8.16. 3. | -3.42 |
| GEMIDDELD .......... | £44.16. 7. | 13.26d. |

BRON. Cost of tobacco production ens. a.w., p.11.

Die besondere goeie resultate in die Karoi-gebied word hoofsaaklik aan die goeie grond en klimaatsomstandighede toegeskrywe. Melding word egter ook van die „general quality of the farmers in the district which is probably above the average",[1] gemaak.

4.7. Produksiekoste en wins volgens getal morge tabak verbou.

Volgens Tabel 4 bestaan daar 'n definitiewe verhouding tussen die oppervlakte onder tabak per boerdery en die wins per pond tabak.

----------

1) Rhodesiese opnameverslag. a.w., p.11.

TABEL 4.

VERHOUDING TUSSEN PRODUKSIEKOSTE EN WINS PER POND TABAK EN DIE OPPERVLAKTE ONDER TABAK.

(GEMIDDELD VIR DIE TWEE JAAR 1954/55 EN 1955/56).

| OPPERVLAKTE PER PLAAS | PRODUKSIEKOSTE PER POND. (sent) | WINS PER POND. | WINS PER ACRE. |
|---|---|---|---|
| A. SUID-AFRIKA.[1] | | sent | |
| Minder as 8 morg | 27.3 | 3.6 | |
| 8 tot 11.9 morg | 21.1 | 6.0 | |
| 12 tot 15.9 morg | 24.4 | 8.9 | |
| 16 en meer morge | 25.6 | 11.0 | |
| GEMIDDELD | 24.5 | 8.1 | |
| B. SUID-RHODESIë.[2] (1955/56) | | pennies | |
| Minder as 50 acre | | 7.07 | £20.12.3 |
| 50 tot 89 acre | | 12.77 | 42.19.3 |
| 90 en meer acre | | 16.15 | 58. 6.7 |
| GEMIDDELD | | 13.26 | £44.16.7 |

1) Buys en Möller, a.w., p.35.
2) Rhodesiese opname, a.w., p.12.

In die bogemelde gevalle toon die wins per pond tabak 'n groot toename namate die skaal van produksie per boerdery-eenheid toeneem. In albei gevalle is dit ook gevind dat 'n groter oppervlakte per boerdery gepaard gaan met 'n hoër gemiddelde prys per pond tabak. Dit blyk ook dat die koste en opbrengs per oppervlakte-eenheid toeneem namate meer grond per plaas onder tabak geplaas word, maar dat die verhoogde opbrengs meer as vergoed vir die toename in die koste. Die grootskaalse produsent se eenheidskoste is gevolglik laer as dié van die kleinskaalprodusent.

4.8. Verskille in produktiwiteit.

Die opbrengs per morg word as maatstaf van produktiwiteit geneem. Volgens Tabel 5 blyk dit dat, namate die opbrengs per morg tabak toeneem, die produksiekoste per pond tabak afneem.

TABEL 5.

OPBRENGS PER MORG IN VERHOUDING TOT PRODUKSIEKOSTE EN WINS PER POND TABAK.

(GEMIDDELD VIR DIE TWEE JARE 1954/55 EN 1955/56).

| OPBRENGS PER MORG TABAK. | GETAL GEVALLE | GEMIDDELDE OPBRENGS PER MORG. | PRODUKSIE-KOSTE PER POND. | WINS PER POND. |
|---|---|---|---|---|
| lb. | | lb. | sent | sent |
| 0 - 500 | 60 | 361 | 57.4 | -16.7 (verlies) |
| 501 - 1,000 | 149 | 767 | 29.7 | 5.2 |
| 1,001 - 1,500 | 100 | 1,162 | 21.3 | 11.7 |
| Meer as 1,500 | 55 | 1,757 | 15.3 | 14.8 |
| GEMIDDELD | 364 | 935 | 24.2 | 7.8 |

Bron. Buys en Möller, a.w., p.36.

Die opbrengs per morg is een van die belangrikste faktore wat die finansiële sukses van tabakboerdery bepaal. 'n Lae opbrengs per morg gaan gewoonlik gepaard met 'n klein wins of selfs verliese, soos uit die voorgaande tabel blyk. In teenstelling hiermee blyk dit dat hoe hoër die opbrengs per morg is, hoe groter die wins.

4.9. Bemesting en opbrengs per morg.

Die hoeveelheid bemestingstowwe wat toegedien word, en die oordeelkundigheid waarmee dit gebruik word, speel 'n belangrike rol om 'n hoë opbrengs per morg te verkry. Volgens die betrokke produksiekosteopnames is enigiets van niks tot R60-00 per morg aan kraalmis en kunsmis bestee.

Die gemiddelde besteding vir die twee jaar 1954/55 en 1955/56 word aangetoon in Tabel 6.

TABEL 6.

OPBRENGS PER MORG TABAK IN VERHOUDING TOT DIE KOSTE AAN KUNSMIS EN KRAALMIS PER MORG.

(GEMIDDELD VIR DIE TWEE JAAR 1954/55 EN 1955/56).


| KOSTE AAN KUNSMIS EN KRAALMIS PER MORG. Rand | GETAL GEVALLE | GEMIDDELDE KOSTE. Rand | OPBRENGS PER MORG. Ponde gewig. |
|---|---|---|---|
| 0 tot R9-99 | 121 | 6.2 | 850 |
| 10 tot 19.99 | 150 | 14.8 | 960 |
| 20 tot 29.99 | 67 | 25.0 | 1,125 |
| 30 en meer | 26 | 38.6 | 1,194 |
| | 364 | 15.4 | 935 |

Bron. Idem. p.38.

Van die 364 gevalle was daar 121 wat minder as R10 per morg aan bemesting bestee het, en die gemiddelde opbrengs per morg was 850 pond tabak. 'n Groter uitgawe per morg het deurgaans met 'n groter opbrengs gepaard gegaan. Die boere wat meer as R30 (gemiddeld R38.6) per morg aan kunsmis en kraalmis bestee het, se gemiddelde opbrengs per morg was 1,194 pond. Die inligting vervat in Tabel 6 word in Figuur 18 grafies voorgestel. Ongelukkig het ons slegs die vier punte op die betrokke kurwe, en dit word aangeneem dat hulle volgens die stippellyn verbind kan word. Volgens hierdie figuur is daar 'n duidelike toename in die opbrengs per morg namate groter hoeveelhede bemestingstowwe toegedien word. Dit blyk egter dat ook in hierdie opsig die wet van dalende meeropbrengs geld. Die besteding van die tweede R10 aan bemesting vermeerder die opbrengs met 154 pond en daarna verminder dit na 118 pond, waarna die addisionele opbrengs na 33 pond val.

FIGUUR 18.

OPBRENGS PER MORG TABAK IN VERHOUDING TOT DIE KOSTE AAN KUNSMIS EN KRAALMIS PER MORG.
(GEMIDDELD VIR DIE TWEE JAAR 1954/55 EN 1955/56).




Bron: Verwerking van Tabel 6 teen 'n konstante gemiddelde prys van 32.6 sent per lb.

Daar moet egter gewaarsku word dat ons hier met gemiddeldes te doen het, en ten gevolge van die wisselvalligheid van boerdery, kom daar in die praktyk baie afwykings van die gemiddelde voor. Ten spyte hiervan is daar 'n besliste positiewe verhouding tussen bemesting en opbrengs per morg, wat van boer tot boer verskil.

### 4.10. Verskille in kwaliteit.

Die verhouding tussen die wins per pond tabak ten gevolge van prysverskille per pond word in Tabel 7 aangegee.

TABEL 7.

VERHOUDING TUSSEN DIE WINS EN DIE PRYS PER POND TABAK BEHAAL IN DIE VIER BESPROEIINGSTREKE.

(GEMIDDELD VIR DIE TWEE JAAR 1954/55 EN 1955/56).

| PRYS PER POND TABAK | GETAL GEVALLE | MORGE TABAK | OPBRENGS PER MORG | KOSTE PER POND | WINS PER POND |
|---|---|---|---|---|---|
| sent | | | pond | sent | sent |
| 26.7 en minder | 109 | 8.5 | 912 | 20.0 | - 4.8 |
| 26.7 tot 31.7 | 70 | 10.8 | 793 | 29.7 | 1.2 |
| 31.7 tot 36.7 | 73 | 13.1 | 969 | 23.4 | 11.0 |
| 36.7 tot 41.7 | 71 | 13.1 | 934 | 27.4 | 14.0 |
| meer as 41.7 | 41 | 13.0 | 1,120 | 23.6 | 20.2 |
| GEMIDDELD/TOTAAL | 364 | 11.3 | 935 | 24.5 | 8.1 |

Bron. Idem, p.40.

Uit bostaande tabel kan 'n besliste korrelasie tussen die prys per pond en wins per pond waargeneem word. Verder is dit interessant dat die boere wat die beste pryse vir hulle tabak ontvang het, ook die hoogste opbrengs per morg gehad het. Voorheen het ons in hierdie hoofstuk egter probeer om 'n korrelasie tussen die pryse en grootte van die oes te vind, maar nie daarin geslaag nie.

4.11. Algemene afleiding.

Uit die voorgaande blyk dit dat 'n produksiekosteopname baie insiggewend kan wees. Volgens die betrokke opnames wat gemaak is, behaal produsente besonder goeie resultate indien hulle op redelik groot skaal tabak verbou, dit reg bemes en 'n goeie gehalte tabak kan lewer. Dit blyk ook dat 'n relatief hoë produksiekoste per morg gewoonlik ook 'n hoë opbrengs per morg sal oplewer. Volgens die Rhodesiese opname is bevind „that freedom from pests, ample European supervision and a judicious yet willing investment of capital as opposed to 'living on a shoestring' are important factors, as everyday experience tends to confirm".

Alhoewel daar beperkende faktore mag wees, wil dit volgens die voorgaande uiteensetting voorkom asof sowel die opbrengste as winste per morg op baie plase verhoog kan word indien produksiemiddele beter benut sou word. Indien dit sou gebeur, kan tabak teen 'n laer gemiddelde koste per eenheid geproduseer en teen 'n laer prys winsgewend verkoop word. Hieruit volg dat, indien pryse verlaag sou word, dit nie noodwendig 'n vermindering in produksie teweeg sal bring nie, maar selfs aanleiding tot doeltreffender produksie kan gee en gevolglik groter winste en 'n uitbreiding in produksie kan meebring.

Daar is soveel faktore wat die produksiekoste kan beïnvloed, dat produksiekoste van plaas tot plaas en van jaar tot jaar op dieselfde plaas sal verskil. Die vasstelling van pryse op grond van produksiekoste is, afgesien daarvan dat dit as prakties onuitvoerbaar beskou word, ook basies verkeerd. Die faktore wat produksieomvang van 'n afsonderlike produk bepaal, is nie dieselfde as dié wat die verbruikswaarde bepaal nie. Die belangrikste argument teen die vasstelling van pryse van landbouprodukte op grond van produksiekoste is die feit dat, indien hierdie basis gebruik

sou word, dit nie noodwendig sal verseker dat slegs die regte hoeveelheid van die produk op die regte tyd en in die regte vorm bemark sal word nie.

Alhoewel produksiekoste nie as 'n norm om pryse te bepaal gebruik kan word nie, kan dit 'n baie belangrike doel dien om aan die beleidbepalers in 'n beheerde bemarkingstelsel 'n beeld van sekere faktore wat die aanbod kurwe bepaal, te gee. Die produksiekoste kan byvoorbeeld die toekomstige omvang van produksie bepaal, want indien produksiekoste ten gevolge van tegnologiese ontwikkelings en verbeterde produksiemetodes sou afneem, kan die groter winste wat behaal word, aanleiding tot groter produksie gee. Ons het ook gesien dat die pryselastisiteit van die aanbod van area tot area kan verskil. As periodieke produksiekoste-opnames aangevul word met jaarlikse opnames van die aantal morge wat onder tabak geplaas word, sou die taak van die beleidbepalers vergemaklik word. Indien die betrokke inligting beskikbaar was, sou dit makliker gewees het om te bepaal wat produksieneigings in die bedryf is en hoe produksie in ewewig met die verbruik gebring kan word.

## 5. <u>OMVANG VAN PRODUKSIE EN GEMIDDELDE BINNELANDSE VERKOOPPRYSE VAN BLADTABAK</u>.

### 5.1. <u>Elastisiteit van die aanbod en vasstelling van pryse</u>.

Die vasstelling van die pryse van tabak sou 'n eenvoudige taak gewees het, indien die elastisiteit van die aanbod maklik berekenbaar was en as dit bekend was dat 'n bepaalde verandering in die prys met 'n bepaalde verandering in produksie gepaard sou gaan.

Soos reeds aangedui, is die eerste probleem waarmee 'n mens te doen kry die wisselvalligheid van produksie ten gevolge van klimatologiese en natuursomstandighede. In

hierdie verband is daar geen reëlmaat nie en vier of vyf goeie oesjare kan deur twee swak oesjare na mekaar gevolg word. Om hierdie wisselvallige element uit te skakel word die pryselastisiteit van die aanbod van 'n akkerbougewas gewoonlik gemeet deur die verhouding van die verandering in oppervlakte (aantal morge beplant) tot 'n bepaalde verandering in prys. Die oppervlakte gee 'n beter beeld van die boer se geneigdheid om te produseer as sy werklike oes.

In hierdie opsig is die onoorkoomlike probleem dat die betrokke inligting nie beskikbaar is nie, met hierdie ondersoek ondervind. In die geval van tabak word die probleem nog ingewikkelder, omdat daar verskillende klasse, tipes en grade tabak bestaan, waarvan elkeen se prys en produksie-omstandighede verskil.

'n Verdere probleem waarmee te doen gekry word, is die wisselvalligheid van produksie op langer termyn, wat veroorsaak word deur die aansporing tot groter produksie ten gevolge van die groter winste gedurende een of meer goeie oesjare. Hierdie verskynsel word gewoonlik deur die sogenaamde spinnerakteorie verklaar.[1] Alhoewel ons nie hierdie teorie wil behandel nie, is dit tog wenslik om dit net kortliks na aanleiding van Tabel 8 te verduidelik. In hierdie tabel word denkbeeldige syfers gebruik omdat geen betroubare statistiek in hierdie opsig beskikbaar is nie.

----------

1) Vgl. Schuman, Franzsen en De Kock. Ekonomie 'n inleidende studie. Stellenbosch, 1957, p.222.

TABEL 8.

DENKBEELDIGE VOORBEELD VAN DIE WISSELVALLIGE WINSGEWENDHEID VAN TABAKPRODUKSIE TEEN KONSTANTE PRYSE EN PRODUKSIEKOSTE.

| JAAR | PRYS PER POND TABAK. | OPBRENGS PER MORG lb. | PRODUKSIE-KOSTE PER MORG | BRUTO INKOMSTE PER MORG | WINS PER MORG |
|---|---|---|---|---|---|
| 1950 | 50c. | 900 | R300 | R450 | R150 |
| 1951 | 50c. | 1,000 | R300 | R500 | R200 |
| 1952 | 50c. | 1,200 | R300 | R600 | R300 |
| 1953 | 50c. | 1,500 | R300 | R750 | R450 |
| 1954 | 50c. | 1,400 | R300 | R700 | R400 |
| 1955 | 50c. | 600 | R300 | R300 | - |
| 1956 | 50c. | 1,300 | R300 | R650 | R350 |

Volgens die bovermelde tabel het die bruto inkomste per morg eweredig met die gewigsopbrengs per morg verander. Die netto inkomste per morg, of die wins per morg, het egter baie gewissel. Konstante pryse beteken nie noodwendig dat produksie, volgens aanplantings, op 'n bepaalde peil gehou sal word nie. Namate die wins per morg toeneem, sal dit boere tot groter produksie aanmoedig. Die teenoorgestelde is egter ook waar, want waar 1955 volgens die voorgaande voorbeeld 'n swak oesjaar was, kan hierdie feit daartoe aanleiding gee dat minder morge tabak in 1956 aangeplant word, ten spyte daarvan dat 1956 weer 'n goeie oesjaar mag wees. Vir die spinnerakteorie geld dieselfde beginsel, dog hierdie teorie veronderstel 'n vrye mededingende mark en nie konstante pryse nie.

Daar is talle ander faktore wat die aanbod en die elastisiteit daarvan beïnvloed en waarmee rekening gehou moet word. In hierdie verband dink ons aan veranderings in die pryse van ander landbouprodukte, produksiemiddele, huur,

rente, en dies meer. Tegnologiese ontwikkelinge, produksietendense in die verskillende areas, die winsgewendheid van die verbouing van ander landbougewasse in die betrokke produksie-areas, tydperk nodig om produksie te wysig, ens., speel almal 'n belangrike rol.

Uitbreiding van produksie vind natuurlik makliker as inkrimping plaas. Die boer het 'n bepaalde bedrag in sy boerdery belê, hy het 'n bepaalde aantal arbeiders in sy diens. As gespesialiseerde kennis nodig is, soos by tabak, sal die boer nie so maklik van hierdie arbeid ontslae raak nie, tensy dit absoluut noodsaaklik is nie. As pryse sou daal, kan dit dus gebeur dat die boer sy produksie kan uitbrei om sy inkomste te probeer handhaaf. Dit kan ook gebeur dat hy wel minder morge beplant, maar vanweë beter bewerking en bemesting die opbrengs per morg sal toeneem en totale produksie gehandhaaf word.

Met die oog op die voorgaande komplikasies en die feit dat die beskikbare inligting nie voldoende is om die elastisiteit van die aanbod te probeer meet nie, sou enige poging in hierdie verband waarskynlik misluk het. Ten einde die invloed van die verskillende faktore wat 'n rol speel, te kan meet moet die termyn wat geneem word, ook betreklik lank wees. In hierdie opsig sou dit nodig wees om met gemiddeldes van, sê, vyf of tien jaar te werk. In 'n ontwikkelende land bestaan daar weer die probleem dat omstandighede binne selfs vyf jaar sodanig kan verander, dat die hele aanbodkurwe na regs of links verskuif het. Dit is byvoorbeeld nie altyd moontlik om te bepaal hoeveel van 'n toename in die aanbod deur 'n toename in die prys veroorsaak is nie en hoeveel daarvan 'n toename in die aanbod self ten gevolge van verbeterde tegniek is nie.

Onder 'n beheerde bemarkingstelsel word die produksie ook deur ander maatreëls wat deur die verskillende koöpera-

sies, sentrales en die beheerrade ingestel word, beïnvloed. Hierdie aspekte word in latere hoofstukke breedvoeriger aangehaal.

Vervolgens behandel ons die prys en produksietendense sedert die instelling van beheerde bemarking slegs baie kortliks.

## 5.2. Produksie- en prystendense van bladtabak vanaf 1911/12 met spesiale verwysing na die tydperk vanaf 1939.


### 5.2.1. Indekse van fisiese volume van tabakproduksie, bruto waarde en afgeleide indeks van pryse.

Figuur 19 bevat besonderhede omtrent die indekse van die fisiese volume en bruto waarde van tabakproduksie asook die afgeleide indeks van produsentepryse met 1936/37 tot 1938/39 as basis. Hierdie tipe grafiek is natuurlik nie baie insiggewend nie, omdat sowel produksieomstandighede as die algemene pryspeil geweldig baie oor die lang tydperk verander het. Afgesien van die konjunktuurskommelinge ten gevolge van twee wêreldoorloë en die depressiejare tussenin het die samestelling van produksie volgens klasse tabak, elk met 'n verskillende gemiddelde prys, ook baie verander.

Wat egter opvallend is, is die gebrek aan bestendigheid wat daar feitlik deurgaans geheers het. As die tydperk vanaf 1920 tot 1933 geneem word, sal opgemerk word dat sowel die volume van produksie as die pryse van bladtabak vanaf 1920/21 tot 1922/23 gedaal het, sodat die bruto waarde van die oeste nog skerper gedaal het. Dit skyn in stryd met die waardeleer te wees, waarvolgens 'n afname in die aanbod gewoonlik met stygende pryse gepaard gaan. Die jaarlikse produksie was egter nie die totale aanbod nie, omdat daar ook groot onverkoopte voorrade opgehoop was wat van die hand gesit moes

FIGUUR 19.[1)]

INDEKSE VAN FISIESE VOLUME, BRUTO WAARDE EN AFGELEIDE PRYSE VAN VIRGINIESE TABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1911/12.
1936/37 - 1937/38 = 100.




Bron: Uniestatistieke oor vyftig jaar. a.w., p. I.28.
1) Vgl. Aanhangsel 5.

word. Op hierdie wyse word klein oeste ook nog belas met surplusse van vorige oeste, wat die inkomste van produsente baie benadeel. In die geval van landbouprodukte wat meer bederfbaar as tabak is en nie in dieselfde mate opgeberg kan word nie, reageer pryse normaalweg gouer op enige daling in produksie, omdat produksie by baie bederfbare goedere die totale aanbod daarvan op 'n bepaalde tydstip verteenwoordig.

Vanaf 1923/24 neem die pryse van tabak snel toe, totdat dit in 1926/27 op 'n baie hoë peil deur Sentabak gestel word. Hierdie prystoename gaan toe met 'n geweldige produksietoename gepaard, wat sy hoogtepunt in 1928/29 bereik, waarna 'n volgende produksie- en pryssiklus in werking gestel word. Hierdie pryssiklus loop vanaf 1926/27 tot 1931/32, en die produksiesiklus, wat stadiger reageer, tree toe in 1928/29 in, en ten gevolge van die droogtetoestande en misoes in 1933/34 eindig dit in 1932/33. Daarna volg 'n tydperk van geleidelike herstel tot ongeveer 1937/38.

Voordat oorgegaan word tot 'n bespreking van die tydperk sedert 1939, kan net gemeld word dat, alhoewel die onderskeie koöperasies voor 1939 'n beheer oor pryse probeer uitoefen het, hulle nogtans deur die las van onverkoopte oorskotte gedwing was om pryse te verlaag wanneer die beskikbare hoeveelhede die hoeveelhede wat verkoop kon word oortref het, ten einde die ewewig te probeer herstel.

Ten spyte van die voorgaande sou dit korrek wees om te beweer dat selfs voor die tabakbeheerskema in werking getree het, pryse nie 'n natuurlike ewewigspeil op grond van die werking van vraag en aanbod gevind het nie, veral omdat die monopolistiese beheer van pryse geleidelik sedert 1910 vanaf fabrikante en kopers na tabakprodusentekoöperasies oorgeskuif het.

## 5.2.2. Produksie en pryse sedert 1939.


### 5.2.2.1. Oonddroogtabak.

In Figuur 20 word die totale produksie van oonddroogtabak teenoor die gemiddelde verkooppryse wat behaal is, gestel. Figuur 20A stel die gemiddelde verkooppryse teenoor die produksie, terwyl Figuur 20B die produksie van oonddroogtabak met verkooppryse, waarvan die invloed van konjunktuurskommelings deur middel van die groothandelprysindeks uitgeskakel is, met mekaar vergelyk. Figuur 20B sou in 'n mate die pryselastisiteit van die aanbod kon weerspieël as die produksiesyfer vervang kon word met die aantal morge verbou en mits die groothandelprysindeks as geskikte maatstaf van die boer se koopkrag beskou kon word.

Dit is opvallend dat die gemiddelde pryse van oonddroogtabak sedert 1939/40, mits konjunktuurinvloede uitgeskakel word, min of meer op dieselfde gemiddelde peil gebly het ten spyte van die tussentydse korttermyn wisselings. Volgens Figuur 20B was die gemiddelde vanaf 1939 tot 1946 nagenoeg tussen 15 en 16 sent per pond en vanaf 1956 tot 1960 ongeveer 16 tot 17 sent per pond. Ten spyte van die voorgaande het die produksie gedurende dieselfde tydperk verdriedubbel. Hierdie toename was nie slegs aan veranderings in pryse toe te skrywe nie maar ook aan toename in die opbrengste per morg ten gevolge van verbeterde tegniek of, met ander woorde, 'n toename in die aanbod ten gevolge van 'n afname in die produksiekoste. As die produksiekosteopnames van 1954/55 en 1955/56, wat ons reeds bespreek het, as verteenwoordigend van die geheel geneem word, was die gemiddelde opbrengs toe nage-

FIGUUR 20.[1]

OMVANG VAN PRODUKSIE EN GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOGTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939/40 TOT 1960/61.




Bronne: Pryse - Jaarverslae van Tabakraad.
Produksie - Sentabak.

1) Vgl. Aanhangsel 10.

noeg 900 pond oonddroogtabak per morg, terwyl oesskattings in die jongste tyd (1960) op 'n gemiddelde opbrengs van tussen 1,400 en 1,600 pond per morg gebaseer word. Daar die opbrengs per morg 'n baie belangrike faktor is om die winsgewendheid van tabakboerdery te bepaal, het dit ongetwyfeld ook 'n belangrike rol ten opsigte van die toename in produksie, veral sedert 1956, gespeel. Dit beteken dat produksie selfs teen konstante pryse kon toegeneem het.

Die verhoogde pryse van oonddroogtabak in samehang met groter opbrengste per morg word beskou as die belangrikste faktor wat aanleiding tot groter produksie gegee het. Die toename in die opbrengste per morg was te danke daaraan dat produsente al meer en meer vertroud geraak het met die verbouing van Orinoco-oonddroogtabak en die feit dat 'n reeks klimatologies gunstige tabakjare op mekaar gevolg het.

As Figuur 20 in die geheel beskou word, blyk dit dat, afgesien van die geweldige daling in produksie vanaf 1952 tot 1956 ten gevolge van die oorskakeling na die produksie van Orinoco-tipes tabak, daar deurgaans 'n geleidelike toenemende produksietendens was.

Die voorspelling kan dus, met inagneming van alle faktore, gewaag word dat die produksie van oonddroogtabak, teen heersende pryse, verder sal toeneem, mits geen ander maatreëls ingestel word wat die inkomste van oonddroogtabakboere sal benadeel of produksie kunsmatig aan bande lê nie.

Hierdie vermoede dat die heersende geproklameerde minimum-verkooppryse van oonddroogtabak in

Suid-Afrika nie ontmoedigend vir die verdere uitbreiding van produksie is nie, word versterk deur die heersende tendens dat oonddroogtabak op 'n groter skaal per boerdery-eenheid verbou word.


In Hoofstuk VI word prys- en produksietendense in Suid-Rhodesië met dié van Suid-Afrika vergelyk. (Vgl. Fig. 25). Alhoewel produksietoestande in die twee lande verskil, is dit opvallend dat Suid-Afrika sy grootste oeste, voor die oorskakeling na Orinoco-tabak, gelewer het toe die pryse in die twee gebiede weinig van mekaar verskil het, naamlik vanaf 1948 tot 1950. Sedertdien het die verkooppryse van oonddroogtabak in Suid-Afrika steeds toegeneem, terwyl pryse in Suid-Rhodesië 'n dalende neiging getoon het. Sekere fabrikante het al hierdie verskille in prystendense gebruik as argument dat die pryse van oonddroogtabak in Suid-Afrika te hoog is. Of dit wel die geval is, is moeilik om te bewys. Rhodesiese tabakpryse moes hulle by die pryse van 'n oorversadigde wêreldmark aanpas, terwyl die Suid-Afrikaanse mark, wat beskerm is, nie in dieselfde mate deur wêreldproduksietoestande en -pryse beïnvloed word nie. Gevolglik kan daar verskille in pryse in die twee marke bestaan, wat geregverdig mag word deur die stabiliteitsoogmerke van die Suid-Afrikaanse bemarkingskema.

5.2.2.2. <u>Ligte en donker lugdroogtabak</u>.

Die gemiddelde verkooppryse van ligte en donker lugdroogtabak word onderskeidelik in Figuur 21A en 21B met die omvang van die produksie van elk vergelyk.

FIGUUR 21.[1)]

OMVANG VAN PRODUKSIE EN GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN LIGTE EN DONKER LUGDROOGTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939/40 TOT 1960/61.




Bronne: Pryse: Tabakraad.
Produksie: Sentabak.

1) Vgl. Aanhangsels 14 en 15.

Dit sal opgemerk word dat die produksie van donker lugdroogtabak 'n deurgaans stygende neiging openbaar het, terwyl die omvang van produksie van ligte lugdroogtabak, alhoewel wisselvalliger oor kort termyn, min of meer konstant gebly het. Hierdie onbestendigheid oor kort termyn in die geval van ligte lugdroogtabak kan aan verskeie faktore toegeskrywe word, te wete klimatologiese omstandighede wat die produksie kwantitatief in twee opsigte beïnvloed het. Eerstens is die totale omvang beïnvloed, en tweedens bepaal die klimaat hoeveel van die oes lig of donker gaan droog. Pryse het ook 'n rol gespeel, veral wat betref die geweldige afname van produksie sedert 1953. Die pryse wat vir ligte lugdroogtabak vasgestel is, in verhouding tot dié vir oonddroog- en donker lugdroogtabak, het die produksie van eersgenoemde klas tabak ontmoedig. In 1949 was die gemiddelde pryse vir ligte lugdroogtabak 10 sent per pond hoër as dié van donker lugdroog en nagenoeg 4 sent per pond laer as die pryse van oonddroog, terwyl dit in 1953 maar sowat 3 sent hoër as donker en 16 sent laer as oonddroog was. Maatreëls wat deur tabakkoöperasies ingestel is om produksie van ligte lugdroogtabak te ontmoedig, het ook 'n rol gespeel.

In verband met donker lugdroogtabak is reeds voorheen melding gemaak van die faktore wat pryse en produksie sedert 1939 beïnvloed het. Dit lyk asof die groot toename hoofsaaklik aan 'n toename in die aanbod eerder as aan 'n toename in pryse toegeskrywe kan word.

6. SAMEVATTING.

Alhoewel die studie van produksie en pryse van tabak slegs oppervlakkig deurgevoer kon word, omdat volledige inligting nie beskikbaar is nie, en uit 'n ekonomies ontledende oogpunt teleurstellend was, openbaar hierdie ontleding vir ons dat prysvorming onder die beheerde bemarkingstelsel eerder op die aanvoeling as op die ekonomiese en wetenskaplike ontleding van produksietendense en -toestande in die bedryf berus. Dit geld ten opsigte van sowel die gemiddelde pryse as die individuele graadpryse van die verskillende klasse tabak.

Dit het ook onmoontlik geblyk om die elastisiteit van die aanbod te bepaal, omdat die betrokke inligting weer eens nie beskikbaar is nie. Selfs al sou dit beskikbaar wees, sou dit geen maklike taak gewees het om die elastisiteit te meet nie, omdat die tydperk wat gedek is, oor 'n periode van snelle ontwikkeling in die landbou in die algemeen en die ekonomie van die land as geheel strek. Verder het daar ook groot veranderings ten opsigte van die tabakproduksie as sodanig ingetree, byvoorbeeld die oorskakeling in verband met die tipes tabak wat verbou is, tegnologiese ontwikkelings, groter skaal verbouing - almal faktore wat die aanbod beïnvloed het.

Ons het ook verder daarop gewys dat, alhoewel produksiekoste as 'n belangrike faktor by die bepaling van pryse beskou is, die werklike koste van produksie nie bekend was nie. Alhoewel ons produksiekosteopnames as belangrik beskou met die oog op die insiggewendheid daarvan ten opsigte van die aanbod en die elastisiteit daarvan, lyk dit nie wenslik om pryse op grond van produksiekoste vas te stel nie. Produksiekoste kan slegs as basis van prysvasstelling dien as die hoeveelheid wat teen die betrokke prys geproduseer

word, gelyk is aan die hoeveelheid wat teen daardie prys verkoop kan word.

In hierdie hoofstuk is die feit dat daar vir sowel 'n buite- as 'n binnelandse mark geproduseer word, buite rekening gelaat. Soos later duidelik sal wees, is die beheerskema, soos dit in die verlede gefunksioneer het, 'n binnelandse bemarkingskema, omdat die belangrikste funksie daarvan die vasstelling van binnelandse pryse is en die produksiepeil maar in die jongste tyd die binnelandse vraag begin oortref het. Beleidbepalers onder die skema het dus voor die wesentlike probleem te staan gekom of produksie binne die perke van die binnelandse afset gehou behoort te word, en of dit in belang van die bedryf is om ook vir die buitelandse mark te produseer. Alhoewel hierdie aspekte eers in die laaste drie hoofstukke behandel word, is dit belangrik om dit in gedagte te hou wanneer ons die binnelandse vraag, distribusie van tabak en beheer van produksie in die volgende hoofstukke behandel.

# HOOFSTUK VI.

## BEHEER VAN PRODUKSIE EN PRYSE MET INAGNEMING VAN DIE AFSET.

### 1. INLEIDING.

Ons het reeds daarop gewys dat dit een van die hoofdoelstellings van die Tabakraad is om die aanbod van en die vraag na bladtabak met behulp van koöperasies te reguleer. Dit is egter nie duidelik wat hierdie doelstelling behels nie, want om die vraag te reguleer sou beteken dat die skema die hoeveelheid wat verbruikers teen bepaalde pryse sal koop, moet reguleer. Vir die doel van hierdie hoofstuk veronderstel ons dat voormelde doelstellings verwys na die maatreëls wat getref word om die ewewig tussen produksie en verbruik te probeer handhaaf.

Die boer besluit watter produkte hy gaan produseer. Markpryse is die belangrikste faktor wat die boer sal laat besluit watter produkte hy gaan produseer en hoeveel van elk. As die pryse van 'n bepaalde produk in verhouding tot die pryse van ander produkte sou toeneem, sal dit dien as aansporing tot groter produksie daarvan. In 'n vrye mededingende mark sal pryshoogtes afhang van die hoeveelheid van die betrokke produk wat beskikbaar is in verhouding tot die aanvraag. Langtermyn-prysbewegings word deur veranderings in die vraag en aanbod veroorsaak, en hoe groot hierdie prysbewegings is, sal van die pryselastisiteit van die vraag en aanbod afhang. Pryse word dus deur vraag en aanbod bepaal.

In 'n bemarkingstelsel waar boere 'n vrye keuse het om te besluit wat hulle gaan produseer en waar verbruikers self

besluit wat hulle gaan koop, sal 'n beheerde bemarkingstelsel, soos byvoorbeeld vir tabak, moet poog om pryse op 'n ewewigspunt vas te stel. Dit wil sê, teen die betrokke prys moet kopers bereid wees om die hoeveelheid te koop wat geproduseer of aangebied word. Dit volg dus dat, indien pryse te hoog vasgestel word, produsente geneig sal wees om meer te produseer as wat verbruik sal word, en indien dit te laag vasgestel word, produsente bereid sal wees om minder te produseer as wat verbruikers bereid sal wees om teen daardie prys te koop. Die simptome van sulke toestande staan bekend as surplus- en tekorttoestande.

In hierdie hoofstuk vergeet ons 'n oomblik van die oorsake en bepaal ons by die simptome asook die middele wat aangewend is om die simptome te behandel. In die eerste plek word gepoog om te bepaal of die ewewig tussen produksie en verbruik al sedert 1939 versteur was. Daarna word die middele wat binne die raamwerk van die beheerskema aangewend word om die ewewig te probeer bewaar, krities ontleed.

Daar dien op gewys te word dat die in- en uitvoer van bladtabak, sowel as die kwalitatiewe aanpassing tussen produksie en verbruik in volgende hoofstukke behandel word. In hierdie hoofstuk val die klem op die globale aanpassing tussen binnelandse of plaaslike produksie en verbruik, veral omdat, soos voorheen reeds opgemerk, die beheerde bemarkingstelsel 'n binnelandse oriëntasie het.


## 2. OORPRODUKSIE- EN TEKORTTOESTANDE SEDERT 1939.

### 2.1. Totale produksie, verbruik en voorrade.

Figuur 22 bevat besonderhede omtrent die totale produksie, verbruik en voorrade van Virginiese tabaktipes in Suid-Afrika vanaf 1939 tot 1961. Volgens hierdie figuur kurwes A en B blyk dit dat die beheerskema te doen gekry het met tydperke van tekorte vanaf 1941 tot 1947, daarna oor-

FIGUUR 22.[1]

TOTALE PRODUKSIE, VERBRUIK EN VOORRADE VAN VIRGINIESE TABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939 TOT 1961.




Bron: Sentabak.

1) Vgl. Aanhangsel 15.

produksie tot 1951, tekorte tot 1956 en oorproduksie vanaf 1957 tot datum. Ons het reeds in die vorige hoofstuk daarop gewys dat hierdie groot wisselings in die jaarlikse produksie nie slegs aan klimatologiese faktore toegeskrywe kan word nie. Hierdie vermoede word verder bevestig deur die feit dat oorproduksie en tekorttydperke in siklusse eerder as sporadies voorgekom het, terwyl ons reeds in Hoofstuk V daarop gewys het dat daar geen reëlmaat ten opsigte van die opeenvolging van swak en goeie oesjare bestaan nie.

Daar was, afgesien van die prysfaktor, twee ander faktore wat tabakproduksie in 'n groot mate beïnvloed het. Volgens Figuur 22, kurwe A, het produksie vanaf 1946 tot 1951 van 28.9 miljoen lb. tot 51.5 miljoen lb. gestyg. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog en nog 'n aantal jare daarna is landbouproduksie in die algemeen belemmer deur tekorte aan produksiemiddele soos landboumasjinerie en implemente, bemestingstowwe en arbeid. Nadat hierdie dinge weer vryelik beskikbaar geword het, het produksie toegeneem. Die probleme wat deur die betreklik hoë produksiepeil wat vanaf 1947 tot 1951 geheers het, geskep is, is tydelik deur die oorskakeling na die verbouing van ander tipes tabak oorkom. Hierdie oorskakeling het met twee baie swak oesjare saamgeval, wat die tekorttoestand van 1951 tot 1956 vererger het.

Die aanbod bestaan uit voorrade plus produksie, sodat oorproduksietoestande 'n aantal agtereenvolgende jare 'n sneeubaleffek op voorrade het, soos ook blyk uit kurwe C van Figuur 22. Hierdie sneeubaleffek sou natuurlik heelwat groter gewees het as daar geen buitelandse afset vir Suid-Afrikaanse tabak was nie.

Indien die invloed van voormelde faktore wat produksie aan bande gelê het, uitgeskakel sou kon word, was die ekonomiese klimaat sedert die instelling van die tabakbeheerskema besonder gunstig vir 'n uitbreiding van tabakproduksie,

en inderdaad lyk dit of die probleme van die tabakbeheerskema surplusse eerder as tekorte was.

## 2.2. Produksie, verbruik en pryse van die belangrikste klasse tabak sedert 1939.


Figuur 23 A, B en C bevat besonderhede omtrent die produksie (kurwe A), verbruik (kurwe B), en gemiddelde verkooppryse van oonddroog-, ligte lugdroog- en donker lugdroogtabak in Suid-Afrika vanaf 1939 tot 1961. Kurwe A en B van hierdie figure toon dat produksie en verbruik gedurende die eerste agt jaar van beheerde bemarking op 'n toestand van tekorte dui, veral in die geval van oonddroogtabak, waarna tydperke van oorproduksie en tekorte mekaar periodiek opgevolg het. Die neigings was dus in 'n mindere of meerdere mate dieselfde by alle klasse Virginiese tabak en kom ooreen met dié van Figuur 22.

Ten einde die posisie van die aanbod in verhouding tot die vraag beter uit te beeld word die landsvoorrade van die verskillende klasse tabak, uitgedruk in maande verbruik, in Figuur 24 grafies voorgestel en vergelyk met 'n geskatte normale voorraadsduur van 18, 15 en 12 maande verbruik in die gevalle van oonddroog-, ligte lugdroog- en donker lugdroogtabak onderskeidelik. Die landsvoorrade sluit ingevoerde tabak in. Die voorraadsduur is bereken deur die voorraad aan die einde van elke jaar met twaalf te vermenigvuldig en die betrokke jaar se verbruik daarin te deel.

Daar dien op gewys te word dat die verbruikstendense ten opsigte van die verskillende klasse tabak afsonderlik misleidend kan wees. Die jaarlikse verbruik van die onderskeie klasse tabak, in verhouding tot mekaar, word, soos later verduidelik word, deur talle faktore soos belastingvrye invoerkwotas, die metode van toekenning, produksieneigings, landsvoorradeposisie, ens., beïnvloed.

FIGUUR 23.[1])

PRODUKSIE, VERBRUIK EN GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOG-, LIGTE LUGDROOG- EN DONKER LUGDROOGTABAK VANAF 1939 TOT 1961.





Bronne: Produksie en verbruik - Sentabak.
Gemiddelde verkooppryse - Tabakraad.

1) Vgl. Aanhangsels 14 en 15.

FIGUUR 24.[1]

VOORRAADSDUUR IN MAANDE VERBRUIK VAN DIE VERSKILLENDE KLASSE TABAK IN SUID-AFRIKA AAN DIE EINDE VAN ELKE JAAR VANAF 1939 TOT 1961.




Bron: Verwerking van gegewens verkry uit Sentabak-jaarverslae.

1) Vgl. Aanhangsel 15.

## 3. MINIMUMVERKOOPPRYSE, OORPRODUKSIE EN TEKORTE.

Dit moet beklemtoon word dat die maatreëls wat die boer se inkomste uit 'n bepaalde produk beïnvloed, in 'n groot mate sal bepaal hoeveel van 'n bepaalde produk hy sal produseer. In hierdie opsig speel pryse dus 'n baie belangrike rol.

Daar bestaan wel sekere boere wat sekere produkte produseer uit 'n liefde vir 'n bepaalde soort boerdery. Hierdie soort voorliefde kan 'n rol speel, maar wat waarskynlik die belangrikste is, is die strewe na die groots moontlike inkomste uit die produktiewe kragte wat die boer tot sy beskikking het. In 'n kapitalistiese huishouding dien pryse om produktiewe kragte in verskillende produksierigtings te stuur. Hoeveel van 'n bepaalde produk geproduseer sal word, sal van die besluite wat produsente indiwidueel en gesamentlik in die lig van omstandighede en beskikbare inligting neem, afhang. Elke produsent kan gewoonlik verskeie landbouprodukte produseer, en elkeen moet besluit wat, op watter wyse en hoeveel hy gaan produseer. Die boer se keuse van die produk of produkte wat hy gaan produseer, sal ook sy inkomste beïnvloed, met die gevolg dat die meeste boere die produk sal kies op grond van die inkomste wat hy verwag dat die bepaalde produk sal oplewer. Daarna moet hy ook besluit watter metode van produksie hy sal volg, dit wil sê watter metode die goedkoopste in verhouding tot die verwagte inkomste sal wees. Produksie sal uitgebrei word solank as wat die winste verkry uit sodanige uitbreiding, aanhou om toe te neem. In hierdie opsig speel produksiekoste per eenheid van die geproduseerde produk natuurlik 'n belangrike rol om die netto inkomste van die boer te bepaal, aangesien die verskil tussen die pryse wat hy ontvang (totale inkomste), en sy totale onkoste sy wins sal bepaal.

As ons met die voormelde opmerkings in gedagte weer na


Figuur 23 kyk, blyk dit dat, wat oonddroogtabak betref, minimumverkooppryse sedert 1939 gehandhaaf is of, so nie, verhoog is. Dit blyk ook dat toename in die verbruik gedurende tye van tekorte as aansporing om pryse te verhoog en produksie aan te moedig gedien het. In tye van oorproduksie het die neiging bestaan om minimumverkooppryse te handhaaf. Dieselfde geld natuurlik ook vir ligte lugdroog- en donker lugdroogtabak. Hiervan moet afgelei word dat, eerder as om minimumverkooppryse as maatreël te gebruik om ewewig tussen vraag en aanbod te bewaar, ander maatreëls getref is om ewewig te probeer bewerkstellig.

Die voormelde sou 'n gewaagde stelling wees tensy tabakpryse met ander pryse, veral die van ander landbouprodukte wat in die plek daarvan geproduseer kan word, vergelyk word, en tensy die winsgewendheid van die produksie van tabak in verhouding tot ander landbouprodukte bepaal word. Soos later gesien sal word, speel hierdie aspekte 'n belangrike rol. Dit is egter 'n baie wye studieveld ten opsigte waarvan sekere aanbevelings in Hoofstuk XI gemaak word.

Die skyn dat minimumverkooppryse nougeset onder die tabakbeheerskema gehandhaaf of verhoog is, word verder bevestig as die produksie- en prystendense in Suid-Afrika met die van Rhodesië vergelyk word. In die Rhodesiës word tabak volgens 'n vrye markstelsel verkoop, dit wil sê deur middel van openbare veilings. Volgens Figuur 25 het oonddroogtabakpryse in Suid-Afrika en Suid- en Noordwes-Rhodesië taamlik gelyk geloop tot 1954/55, maar sedertdien het dit in Suid-Afrika met nagenoeg 40% toegeneem, terwyl daar in Rhodesië 'n dalende neiging was. Selfs hierdie dalende neiging het Rhodesië se produksie nie ontmoedig nie. Alhoewel die Rhodesiese pryse van oonddroogtabak nie sondermeer met Suid-Afrikaanse pryse vergelyk kan word nie, kan nietemin van die tendense afgelei word dat tabakpryse in Suid-Afrika gedien

FIGUUR 25.

GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOGTABAK EN OMVANG VAN PRODUKSIE IN SUID-AFRIKA[1] EN SUID- EN NOORDWES-RHODESIË[2] VANAF 1939/40 TOT 1959/60.




Bronne: 1) Jaarverslae van die Tabakraad en Sentabak.
2) Rhodesian tobacco journal. Jg. 13, Maart 1961, p.44.

het as 'n besondere aansporing tot groter produksie, veral sedert die vyftiger jare toe die pryse van ander landbouprodukte, veral akkerbougewasse, geneig was om òf konstant te bly òf teen 'n geringer tempo as tabak toe te neem. As ons die produksieneigings in Rhodesië met dié in Suid-Afrika vergelyk, ontstaan die vraag onwillekeurig waarom produksie nie in Suid-Afrika dieselfde hoogtes bereik het nie, ten spyte daarvan dat pryse in Suid-Afrika voordeliger vir produsente skyn te wees. Die verklaring hiervoor moet in die plaaslike karakter van die bemarkingstelsel en die maatreëls wat daarvolgens geneem is om produksie binne die perke van die plaaslike mark te probeer hou, gesoek word. Vervolgens word die belangrikste van hierdie maatreëls behandel.

## 4. MAATREËLS WAT SEDERT 1939 INGESTEL IS OM EWEWIG TE BEWAAR EN STABILITEIT IN DIE BEDRYF TE BEVORDER.

### 4.1. Heffingsfonds van die Tabakraad.

#### 4.1.1. Ontstaan en oorspronklike doelstellings.

Die gedagte insake 'n prysstabilisasiefonds of heffingsfonds het by Sentabak ontstaan, selfs lank voordat die tabakbeheerskema ingestel is. Op hulle vergadering van 30 Augustus 1930 het Sentabak se Raad besluit dat die instelling van 'n heffingsfonds deur die Staat selfs noodsaakliker as die verkryging van algehele kontrole deur koöperasies oor die verkoop van bladtabak in Suid-Afrika is. Sentabak was van mening dat die Aksynsowerhede hierdie heffing net voor of met die verkoop van enige bladtabak kon vorder. Ons het reeds in Hoofstuk II daarvan melding gemaak dat koöperasies destyds surplusse van produksie bo binnelandse afset teen groot verliese moes uitvoer. Tabakplanters wat toe nie aan koöperasies behoort het nie, het hieruit voordeel

getrek deurdat hulle hul totale oeste in die binneland verkoop het en gevolglik nie in die uitvoerverliese gedeel het nie. Die gedagte was dat heffings op alle binnelandse tabakverkope gehef moes word en dat hierdie gelde in 'n fonds gestort moes word, wat uitsluitlik gebruik sou word om uitvoerverliese te dek, asook enige koste wat deur Sentabak aangegaan word om sowel die binne- as die buitelandse afset van bladtabak te bevorder. Hierdeur sou die las van uitvoerverliese egalig tussen alle tabakprodusente volgens die hoeveelheid tabak wat deur elkeen verkoop word, versprei word.

Hierdie ideaal is egter eers in 1935 met die aanname van die Tabakreëlingswysigingswet, wet nr. 17 van 1935, verwesenlik. Die twee hoofdoelstellings van hierdie wet was om voorsiening vir die instelling van 'n heffing op tabak en die daarstelling van 'n raad van beheer oor die tabaknywerheid te maak. Ook die tans bestaande bemarkingskema het sedert sy ontstaan in 1939 vir 'n heffingsfonds voorsiening gemaak.

### 4.1.2. Statutêre bepalings en doelstellings.

Die heffingsfondsrekening word deur die Tabakraad geadministreer. Die voorgeskrewe heffingstarief is kragtens die 1935-wetgewing en ook daarna op 'n maksimum van een pennie per pond gewig vasgestel. Die tariewe kon volgens verskillende klasse tabak verskil maar nie volgens grade van enige klas nie. In 1956 is die voorgeskrewe tarief deur middel van Goewermentskennisgewing nr. 127 van 1956 gewysig sodat daar sedertdien geen vasgestelde maksimum tarief bestaan nie.

Volgens proklamasies wat van jaar tot jaar in hierdie verband uitgevaardig word, is die heffings aan die Tabakraad betaalbaar binne dertig dae nadat enige tabak verkoop, ingevoer of aangekoop is, en die persone

wat vir die betaling van die heffingsgelde verantwoordelik is, is die volgende:

4.1.2.1. in die geval van tabak deur koöperasies verkoop of uitgevoer, die betrokke koöperasies;

4.1.2.2. in die geval van tabak ingevoer, die invoerder;

4.1.2.3. in die geval van tabak verkoop of andersins deur 'n produsent van die hand gesit, ingesluit 'n produsent van Transkeitabak, aan 'n handelaar anders as 'n tabakkoöperasie, sodanige handelaar;

4.1.2.4. in die geval van tabak vervaardig deur of ten behoewe van 'n produsent, en van die hand gesit aan 'n handelaar, sodanige handelaar.

Die heffingskoerse wat sedert die instelling van hierdie fonds van krag was, verskyn in Tabel 9 en besonderhede van die aanwending daarvan word vervat in Tabel 10.

Volgens jaarverslae van die Tabakraad is dit een van die hoofdoelstellings van die skema om 'n heffing op bladtabak in te vorder en dit te gebruik ter delging van administratiewe uitgawes, vergoeding van verliese gely op uitvoere en vir enige ander gemagtigde uitgawes. Hierdie ander gemagtigde uitgawes word nie genoem nie, maar volgens Tabel 10 is hierdie fonds al in die verlede gebruik om uitvoerverliese te vergoed, onder andere ook in verband met navorsing en die opberging van tabak.

Die oorspronklike doelstelling van die heffingsfonds, naamlik om uitvoerverliese eweredig tussen alle tabakplanters te verdeel, het na die instelling van die bestaande beheerskema in 1939 verval. Alle tabak-

TABEL 9.

HEFFINGSTARIEWE OP TABAK BETAALBAAR AAN DIE TABAKRAAD VANAF 1935 - 1961.

| JAAR WAARIN HEFFING OPGELÊ OF GEWYSIG IS. | KLASSE OF GRADE TABAK MET HEFFING BELASBAAR. | HEFFINGSKOERS PENNIES OF SENT PER LB. SOOS AANGEDUI |
|---|---|---|
| 1935 | Turks | .1d. |
| | Ander klasse | .2d. |
| 1939 | Alle klasse | .2d. |
| 1948 | Alle klasse | .4d. |
| 1951 | Donker lugdroog | .7d. |
| | Ander klasse | 1.0d. |
| 1956 | Donker lugdroog | .7d. |
| | Ander klasse | 1.0d. |
| 1958 | Donker - alle tipes | .8d. |
| | Lig - alle tipes | 1.7d. |
| 1959 | Oonddroog | 4.8d. |
| | Ander ligte tipes | 3.2d. |
| | Snuifgrade | 2.3d. |
| | Rolgrade | 2.3d. |
| | Ander donker tipes | 1.7d. |
| | Turks | 1.7d. |
| 1960 | Oonddroog | 4.00c. |
| | Ander ligte tipes | 2.75c. |
| | Snuifgrade | 2.00c. |
| | Rolgrade | 2.00c. |
| | Ander donker tipes | 1.50c. |
| | Turks | 1.50c. |

Bron: Jaarverslae van die Tabakraad.

TABEL 10. INKOMSTE EN UITGAWES VAN DIE TABAKBEHEERRAAD. (IN R1,000).

| JAAR | INKOMSTE | | | | | UITGAWES | | | | SURPLUS INKOMSTE BO UITGAWES |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | HEFFINGS | | | | RENTE | ADMINISTRASIE | VERLIESE OP UITVOERE | OPBERGING | NAVORSING | |
| | TOTAAL | LUGDROOG | TURKS | OONDDROOG | | | | | | |
| 1938/39 | 46.9 | 34.3 | .7 | 11.9 | 2.2 | 9.2 | 15.9 | - | - | 24.1 |
| 1939/40 | 43.7 | 28.2 | .5 | 15.0 | 3.1 | 7.8 | 10.9 | - | - | 28.1 |
| 1940/41 | 58.0 | 37.9 | 1.4 | 18.8 | 3.1 | 9.1 | 17.9 | - | - | 34.1 |
| 1941/42 | 41.8 | 24.6 | .3 | 16.9 | 3.6 | 8.4 | 7.8 | - | - | 29.2 |
| 1942/43 | 47.0 | 24.5 | 1.4 | 22.1 | 3.9 | 9.0 | 5.6 | - | - | 37.2 |
| 1943/44 | 62.2 | 35.9 | .6 | 25.6 | 4.2 | 8.8 | 4.6 | - | - | 52.9 |
| 1944/45 | 57.1 | 24.3 | .8 | 32.0 | 5.4 | 11.6 | 1.5 | - | - | 49.5 |
| 1945/46 | 60.3 | 31.8 | 1.3 | 27.3 | 7.4 | 10.5 | - | - | - | 57.2 |
| 1946/47 | 57.1 | 27.1 | .9 | 29.1 | 10.7 | 11.0 | 6.8 | - | - | 49.9 |
| 1947/48 | 76.8 | 32.1 | 1.4 | 43.3 | 11.8 | 11.2 | 3.2 | - | - | 74.2 |
| 1948/49 | 173.3 | 86.9 | 2.7 | 83.7 | 13.7 | 11.7 | 1.5 | - | 1.0 | 172.9 |
| 1949/50 | 288.4 | 127.1 | 3.9 | 157.4 | 19.0 | 12.8 | 29.8 | - | 20.0 | 244.8 |
| 1950/51 | 304.5 | 156.2 | 4.4 | 154.0 | 24.9 | 13.9 | 19.8 | - | - | 305.7 |
| 1951/52 | 378.3 | 176.1 | 10.3 | 191.9 | 35.9 | 14.0 | 107.2 | - | 12.9 | 280.3 |
| 1952/53 | 360.8 | 184.2 | 8.1 | 168.4 | 48.7 | 15.6 | 25.2 | - | 68.5 | 300.2 |
| 1953/54 | 292.5 | 156.2 | 8.9 | 127.5 | 54.3 | 11.9 | 346.0 | - | 95.7 | 106.7 |
| 1954/55 | 299.1 | 119.8 | 6.5 | 172.7 | 61.5 | 15.1 | 146.6 | - | 57.8 | 141.2 |
| 1955/56 | 314.8 | 111.0 | 6.7 | 197.1 | 62.7 | 16.0 | 146.3 | - | 33.5 | 181.7 |
| 1956/57 | 478.4 | 171.8 | - | 306.6 | 83.3 | 22.5 | 79.2 | - | 35.2 | 424.9 |
| 1957/58 | 443.2 | 203.8 | 14.5 | 224.8 | 105.5 | 21.4 | 78.7 | - | 29.0 | 419.6 |
| 1958/59 | 736.8 | 307.4 | 10.1 | 419.2 | 117.6 | 31.7 | 198.8 | - | 18.1 | 615.9 |
| 1959/60 | 1,719.7 | 680.4 | 13.1 | 1,026.2 | 170.7 | 33.3 | 336.8 | 190.1 | 5.9 | 1,324.2 |
| 1960/61 | 1,388.0 | 492.2 | 15.5 | 880.3 | 184.0 | 34.2 | 1,026.6 | 216.8 | 11.1 | 283.3 |

Bron: Jaarverslae van Tabakbeheerraad.

produsente, met die uitsondering van die Transkeigebied en ander minder-belangrike produksiegebiede, was sedert daardie datum verplig om hulle tabak aan koöperasies te lewer, en volgens die stelsel van tabakverspreiding wat van toepassing is, word gelyke behandeling van alle produsente in hierdie opsig bewerkstellig.

Ten einde die doel en funksies van so 'n fonds aan te toon behandel ons vervolgens sekere aspekte van die invordering en aanwending daarvan.

### 4.1.3. Heffingsfondsbydraes verskil volgens verskillende klasse tabak.

Tabel 9 toon aan dat die heffingstariewe ten opsigte van die verskillende klasse tabak verskil. Voor 1959 was die tariewe nie aan die waardes van die verskillende klasse tabak gekoppel nie, maar met die verhogings wat in 1959 in werking getree het, het gemiddelde binnelandse verkooppryse gedien as basis van die tariewe wat vasgestel is. Dit is egter nie as absolute basis gebruik nie, sodat 'n gelyke behandeling van alle klasse tabak nie bewerkstellig is nie. Turkse tabak, wat 'n hoër verkoopprys as ligte lugdroogtabak het, is byvoorbeeld belas met 'n laer heffingstarief.

Sekere produsenteorganisasies is van mening dat elke klas tabak sy eie heffingsfonds behoort te hê, sodat die bydraes van die een klas tabak waarvan die binnelandse produksie byvoorbeeld binne die perke van die binnelandse afset is, nie aangewend word om uitvoerverliese en opbergingskoste ten opsigte van 'n ander klas se surplusse te vergoed nie. Die mening word ook in sekere kringe gehuldig dat die verskille tussen die heffings in ooreenstemming gebring behoort te word met die behoeftes en voordele van die fonds vir elke klas tabak. Die Tabakraad neem blykbaar 'n baie sterk

houding in hierdie verband in en argumenteer dat „'n streng verdeling van elke soort of klas tabak, elk volgens sy eie verdienste of las, moeilike probleme en gedurig wisselende aanpassings sal meebring en kan selfs na 'n skadelike kompetisie deur die verkoop van een soort ten koste van 'n ander lei. By koöperasies streef ons na 'n breë basis van gelyke behandeling en nie die akkurate wetenskaplike metode nie wat beide onprakties en ongevraag is."[1] Vir persone wat 'n wetenskaplike benadering van sake het, is die voormelde 'n baie aanvegbare stelling, en sonder om in besonderhede daarop in te gaan, bevestig dit dat die heffingsbydraes nie as middel gebruik word om die aanbod van die verskillende klasse tabak, in verhouding tot mekaar en volgens die behoeftes van die mark, te reguleer nie.

Gestel klas A-tabak se prys is te hoog vasgestel en dat dit aanleiding tot 'n toename in die verbruik van klas B-tabak ten koste van A gee. Surplusse van A sal dan ophoop, wat teen verliese uitgevoer sal moet word. Indien die prys van A nie reggestel word nie, sou dit verkeerd wees om B, waarvan die prys in vergelyking met dié van A laag is, nog te belas met 'n heffing wat gebruik word om uitvoerverliese ten opsigte van A te vergoed. In hierdie opsig kan 'n beleids-handhawing van heffingstariewe op 'n statutêre eerder as 'n wetenskaplike basis juis tot „legio probleme gekoppel met chaos en skadelike reperkussies",[2] aanleiding gee.

4.1.4. <u>Wisselende tariewe en aanwending kan stabiliteit bevorder</u>.

Volgens die Tabakraad word die heffingsbydraes as 'n „soort belasting" op alle tabak wat in die Republiek geproduseer word of die land binnekom en „dus in

----------

1) 1960/61-Jaarverslag van die Tabakraad. p.38.
2) Idem.

werklikheid geen direkte verband met die produksie en die bevordering of regulering daarvan het nie",[1] beskou.

Tot 'n paar jaar gelede is uitvoere van tabak slegs as uitlaatklep vir enige surplusse wat toevallig, in samehang met die binnelandse afset ontstaan, beskou. Aangesien die surplusse teen verliese uitgevoer is, is die heffingsfonds aangewend om die pryse wat produsente vir hulle tabak ontvang het, te probeer handhaaf deur uitvoerverliese daaruit te vergoed.

Stabiele pryse verseker egter nie 'n stabiele inkomste aan die boer nie, sodat heffingsfondsbydraes teen 'n konstante tarief 'n groter las op swak as op goeie oesjare plaas. Waar die fonds verder aangewend word om uitvoerverliese in goeie oesjare te vergoed, word die verskille tussen die inkomste uit goeie en swak oeste vergroot. Indien die toename in produksie nie slegs die gevolg van gunstige klimatologiese omstandighede was nie, maar 'n doelbewuste poging van produsente om produksie uit te brei, kan die aanwending van die fonds om uitvoerverliese te dek produsente se inkomste kunsmatig aanvul en die indruk skep dat bemarkingstoestande rooskleuriger is as wat werklik die geval is. Hierdeur word verhoed dat produksie gedurende jare van oorproduksie ontmoedig word, wat bemarkingsprobleme kan vergroot. Soos later in paragraaf 4.1.8 hierna verduidelik word, kan die oordeelkundige aanpassing van die heffingstariewe en aanwending van die heffingsfonds as 'n belangrike produksiebeheer- en stabiliteitsmaatreël dien, mits aanpassings na gelang van omstandighede en die behoeftes van die mark gemaak word.

----------

1) Idem. p.37.

### 4.1.5. Heffingsfondsbydraes dien as addisionele invoerreg.

Koöperasies betaal die heffings ten opsigte van tabak wat deur hulle bemark word. In die geval van ingevoerde tabak moet die invoerder hierdie heffing betaal, en dit het dus dieselfde uitwerking as 'n invoerreg. Die prys van die ingevoerde artikel word hierdeur verhoog.

Hierdie aspek word nie as belangrik beskou nie, omdat dit slegs 'n kwessie van sienswyse behels. Indien geen heffing op ingevoerde tabak betaal wou word nie, sou die buitelandse produsent in 'n bevoorregte posisie in vergelyking met die plaaslike produsent geplaas word. In hierdie verband is dit belangrik om by die vergelyking van binnelandse minimum verkooppryse met buitelandse pryse te onthou dat die binnelandse pryse reeds vir die heffingsfondsbydraes voorsiening maak. Op dieselfde wyse moet dit as 'n uitvoerbelasting op uitgevoerde tabak beskou word, mits dit nie in die vorm van 'n uitvoertoelae uit die heffingsfonds vergoed word nie.

### 4.1.6. Subsidiëring van buitelandse afset.

Hierdie aspek word in Hoofstuk IX behandel.

### 4.1.7. Aanwending van heffingsfonds vir navorsingsdoeleindes.

Hierdie fonds is in die verlede onder andere ook bestee aan tabaknavorsing. Volgens Tabel 10 is daar tot 31 Maart 1961 reeds nagenoeg R390,700-00 uit die fonds hieraan bestee. Die grootste besteding het tydens die jare van oorskakeling na die produksie van Orinoco-tipes tabak plaasgevind.

Hierdie navorsing, wat feitlik uitsluitlik van 'n wetenskaplike en tegniese aard was, het ongetwyfeld baie

daartoe bygedra om tabakproduksie sedert die oorskakeling gouer te laat herstel en die verliese wat produsente gely het, te verminder.

Die mate waarin navorsing en tegnologiese ontwikkeling tot die toename in produksie bygedra het, is moeilik bepaalbaar. Dit is egter belangrik om te weet dat die aanwending van die heffingsfonds vir hierdie doel aanleiding tot groter produksie en 'n verskuiwing van die aanbodkurwe na regs kan gee.

4.1.8. <u>Invloed van heffingsfonds is beperk.</u>

Die waarde van 'n heffingsfonds hang af van wat daarmee beoog word en hoe dit aangewend word. Dit ly geen twyfel nie dat so 'n fonds die korttermynbestendigheid binne 'n bedryf kan bevorder, dit wil sê indien dit soos 'n voorsieningsfonds, soos byvoorbeeld 'n haelskadebeskermingsfonds, aangewend word om die produsent tegemoet te kom wanneer sy inkomste vanweë omstandighede buite sy beheer 'n ernstige afname toon. Die heffingskoerse verminder die pryse wat boere vir hulle tabak ontvang, en beïnvloed die omvang van produksie. In gevalle waar die toevloei tot die mark beheer kan word en periodieke op- en afwaartse prysaanpassings nie noodsaaklik is om 'n stabiele inkomste vir die boer te bevorder nie, kan dieselfde doel deur periodieke heffingskoersaanpassings bereik word.

Daar moet egter op gewys word dat, indien die ewewig tussen vraag en aanbod of produksie en verbruik versteur is, prysaanpassings gemaak sal moet word, omdat ewewig nie deur middel van die besteding van 'n heffingsfonds bewerkstellig kan word nie. As daar byvoorbeeld oorproduksietoestande ontstaan, wat basiese aanpassings vereis, kan die fonds nie 'n onbepaalde tyd lank hou

nie. Dit sal een of ander tyd uitgeput raak, tensy die heffingskoers sodanig verhoog word dat die jaarlikse bydraes tot die fonds groot genoeg is om die uitvoerverliese te vergoed. Die vraag ontstaan of dit nie onder sodanige omstandighede goedkoper sou wees om die betrokke poele regstreeks met die verliese te belas nie, in plaas daarvan om dit deur middel van 'n fonds te doen.

4.2. Die surpluspoelskema van Sentabak.

4.2.1. Omskrywing.

Ons het die poelstelsel van bemarking reeds in Hoofstuk III kortliks behandel. Die surpluspoelskema is slegs 'n voortbouing op die gewone koöperatiewe poelstelsel en konsolideer die beginsels waarvolgens alle filiale van Sentabak met hulle lede kan afreken. Artikel 72.B. van Sentabak se statuut, wat bindend vir alle filiale is, bevat besonderhede van hierdie skema.

Kortliks kom die skema daarop neer dat die direksie van Sentabak jaarliks volgens beramings en gegewens tot sy beskikking en na goeddunke bepaal watter persentasie van die totale verwagte produksie van elke klas tabak as surplus tot die aanvraag van die Suid-Afrikaanse mark beskou moet word. Hierdie surplusverklarings is op alle filiale van toepassing in verhouding tot elkeen se produksie teenoor die totale produksie. Filiale wat ten gevolge van die surplusverklaring hulle in ekonomiese moeilikhede bevind, kan volgens omstandighede tegemoetgekom word. Die raad van Sentabak het ook die mag om te bepaal hoe lede met hulle surplustabak moet handel en mag filiale onder andere opdra om sodanige tabak uit die land uit te voer, te vernietig, van die plaaslike mark te weerhou of vir herbewerking of

verwerking beskikbaar te stel. Die Raad kan egter ook besluit om in plaas van surplusse maksimum waardasies vas te stel. In die geval van surplusverklarings kan die raad besluit wat die voorskot of waardasiepryse van enige tabak wat as surplus verklaar is, sal wees.

4.2.2. <u>Doelstellings of oogmerke van die surpluspoelskema</u>.

Hierdie skema beoog die volgende:

4.2.2.1. Dat alle lede-koöperasies, en gevolglik alle produsente van tabak, min of meer dieselfde behandeling sal geniet ten opsigte van die bemarking van hulle tabak. As daar 'n surplus verklaar word, word die bepaalde persentasie van elke produsent se tabak as 'n surplus beskou.

4.2.2.2. Dat surplusse wat van 'n bepaalde oes afkomstig is, nie 'n las op die volgende jaar se oes sal wees nie, sodat elke nuwe oes 'n eerste aanspraak op die binnelandse afset vir daardie jaar sal hê.

4.2.2.3. Dat verhoed word dat koöperasies in finansiële verleentheid kom en maksimum voorskotte op tabak waarvoor daar nie 'n mark is nie, betaal word.

4.2.2.4. Dat die las van surplusse outomaties deur alle tabakplanters gedra word en hulle daardeur bewus van heersende bemarkingstoestande kan wees.

4.2.3. <u>Praktiese toepassing van die skema</u>.

Ten einde te verduidelik hoe hierdie skema in die praktyk toegepas sal word, word van denkbeeldige syfers in Tabel 11 gebruik gemaak. Hierdie syfers is

gebaseer op die produksie en verbruik van oonddroogtabak vanaf 1955 tot 1961; daarna volg denkbeeldige syfers.

TABEL 11.

TOEPASSING VAN SURPLUSPOELSKEMA GEBASEER OP DENKBEELDIGE SYFERS.

| JAAR | 1. | 2. | | 3. | 4. | | 5. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | PRODUKSIE | BINNELANDSE AFSET | | SURPLUS | UITVOER | | TOTALE OPBRENGS VAN OES | |
| | | GEWIG | PRYS | | GEWIG | GEM. PRYS | BEDRAG | SENT PER LB. |
| | milj. lb. | milj. lb. | sent per lb. | milj. lb. | milj. lb. | sent per lb. | milj. rand | |
| 1957 | 25 | 25 | 50 | - | - | 25 | 12.50 | 50.00 |
| 1958 | 32 | 24 | 50 | 8 | 8 | 25 | 14.00 | 43.75 |
| 1959 | 31 | 21 | 50 | 10 | 10 | 25 | 13.00 | 41.94 |
| 1960 | 25 | 21 | 50 | 4 | 4 | 25 | 11.50 | 46.00 |
| 1961 | 23 | 20 | 50 | 3 | 3 | 25 | 10.75 | 46.74 |
| 1962 | 28 | 21 | 50 | 7 | 7 | 25 | 12.25 | 43.75 |
| 1963 | 30 | 22 | 50 | 8 | 8 | 25 | 13.00 | 43.33 |
| 1964 | 33 | 23 | 50 | 10 | 10 | 25 | 14.00 | 42.42 |
| 1965 | 28 | 24 | 50 | 4 | 4 | 25 | 13.00 | 46.43 |

Kolom 1 van bostaande tabel bevat gegewens omtrent die grootte van die oes wat bemark moet word, kolom 2 die binnelandse afset of verbruik en die binnelandse verkoopprys, kolom 3 die verskil tussen kolom 1 en kolom 2, en in kolom 4 word die gewig uitgevoerde tabak en die uitvoerpryse aangedui. Kolom 5 bevat die totale opbrengs van die oes in totale geldwaarde asook per pond gewig.

In die bostaande tabel word veronderstel dat die totale surplus jaarliks uitgevoer word en dat die

surplus in die buiteland teen die helfte van die binnelandse prys verkoop word. Daar sal opgemerk word dat hoe groter die persentasie van die oes wat as surplus verklaar en uitgevoer word, hoe laer die gemiddelde opbrengs per pond gewig. Hierdie laer opbrengs en die kleiner voorskot wat produsente sal ontvang, afhangende van die grootte van die surplus wat verklaar word, behoort as ontmoediging van produksie te dien, terwyl die teenoorgestelde sal geld as die oes kleiner of net so groot soos die binnelandse afset is.

Dit is opvallend dat, alhoewel die surpluspoelbepalings reeds sedert die stigting van Sentabak in sy regulasies opgeneem is, nog maar weinig daarvan gebruik gemaak is. Geringe surplusse is volgens die jaarverslae van Sentabak op die 1959-, 1960- en 1961-poele verklaar, gewoonlik 10% of minder van die oes. As die betrokke jare se produksie met sowel die binnelandse as die buitelandse afset vergelyk en die geweldige toename in landsvoorrade in ag geneem word, is dit moeilik om te begryp op welke basis hierdie surplusse vasgestel was. In hierdie verband is dit interessant om op te merk dat Sentabak volgens sy jongste jaarverslag besluit het dat surplusse in die toekoms streng in terme van die surplusskema bepaal sal word.[1] Hierdie besluit impliseer dat surplus verklaarde tabak voortaan nie meer ten koste van toekomstige oeste in die binneland bemark sal word nie.

In die verlede is die nougesette toepassing van die surplusskema blykbaar agterweë gelaat, omdat surplustoestande wat voorgekom het, blykbaar as van verbygaande aard, vanweë verbruikstoename en periodieke produksietekorte, beskou is. Moontlik is die oorproduksietoestande, wat alreeds sedert 1957 ingetree het, ook as

----------

1) Sentabak. 36ste Jaarverslag. Pretoria, 12 September 1962, p.19.

slegs tydelik beskou en, soos dikwels in die geval van landbouprodukte, is die oplossing in ander korttermynskemas gesoek. Sodanige skemas is gewoonlik nie in staat om die verlangde langtermynaanpassings te bewerkstellig nie.

## 4.3. Die reserwevoorrade- of opbergingskema van die Tabakraad.

### 4.3.1. Die ontstaan en doel van die skema.

Opbergingskemas is al so oud soos beheerde bemarking van bergbare produkte. Hierdeur word beoog om die toevloei tot die mark te reguleer ten einde groot pryskommelings uit te skakel.

In die geval van tabak is die opbergingskema uit 'n toestand van nood gebore. Die snelle toename in produksie sedert 1956 en die beperkte afsetmoontlikhede het koöperasies en die Tabakraad „genoop om 'n skema te ontwerp om nie alleen van oorskotte ontslae te raak nie, maar ook om die vloei van voorrade te reguleer binne 'n beleid van produksie om aan die lokale vraag te voldoen, liewers as om uit te voer".[1)]

Hierdie skema berus op die beginsel dat die las van voorrade verdeel word tussen kopers, die Tabakraad en produsente deur middel van hulle koöperasies. Van fabrikante en kopers word verwag om 'n sekere voorraadsduur op te neem volgens die klasse tabak wat deur hulle verbruik word en die doel waarvoor dit aangewend word. Van sigaretfabrikante word verwag om, afgesien van hulle normale verbruik, voorrade gelykstaande aan agtien maande se verbruik te dra, terwyl pypfabrikante twaalf maande se voorraad moet dra. Die Tabakraad dra die aanspreeklikheid vir die opberging van 'n surplus op tot

----------

1) Tabakraad. 1959/60-Jaarverslag, p.37.

ses maande se voorraadsduur. Hierdie aanspreeklikheid van die Tabakraad is egter beperk tot die betaling van bergingsgelde en rente aan die koöperasies wat die tabak opberg. Enige addisionele voorrade moet deur produsentekoöperasies self gedra word.

Gedagtig aan die wisselvalligheid van produksie, beoog die skema die instandhouding van uitvoer in teenstelling met die sporadiese verkoop van surplusse in die buiteland. Verder word ook beoog dat die reserwevoorrade in die behoeftes van skraal jare moet voorsien. Albei hierdie doelstellings is prysenswaardig omdat dit noodsaaklik vir die outbouing van 'n buitelandse mark is dat kontinuïteit van aanbod gewaarborg word. Dit sou ook in belang van binnelandse fabrikante wees as voorrade tabak op 'n konstante basis gehandhaaf kan word.

4.3.2. Beoordeling van die opbergingskema.

In die praktyk lewer die skema talle probleme by die toepassing daarvan op, en heelwat besware teen die skema word deur verskeie fabrikante en groothandelaars geopper. Hierdie kritiek en besware word taamlik breedvoerig in die Tabakraad se jaarverslae van 1959/60 en 1960/61 behandel en word nie hier herhaal nie. Sekere van hierdie probleme word in Hoofstuk VIII, wat oor die distribusie van tabak handel, aangehaal.

'n Opbergingskema kan nie probleme wat ten gevolge van surplus- en tekorttoestande ontstaan, oplos nie, maar kan wel 'n nuttige doel dien indien dit gebruik word ten opsigte van tydelike surplusse en tekorte wat ten gevolge van klimatologies gunstige of swak oesjare ontstaan. Soos reeds aangehaal, beoog die skema om die „vloei van voorrade te reguleer binne die beleid van produksie om aan die lokale vraag te voldoen". Dit is dus 'n basiese vereiste dat die produksiepeil in ver-

houding tot die afset moet wees. Die Tabakraad is ten volle hiervan bewus, soos blyk uit die stelling dat die skema „beskou word in die lig van 'n tydelike maatreël om te dien tydens 'n periode waarin voorrade plaaslike behoeftes en normale uitvoere oorskry. Indien plaaslike vraag en aanbod saamval (produksie en verbruik word seker bedoel), of 'n redelike ooreenkoms toon, sal dit ten minste opgeskort word omdat die permanente instelling daarvan, om byvoorbeeld op te berg wanneer voorrade onvoldoende is, nie beoog was nie. Verder, indien oorskotvoorrade aanhou ophoop tot 'n punt waar produsente se ontvangstes uit opeenvolgende oeste ernstig in gevaar gebring word, sal die finansiële las op die Raad en die koöperasies 'n drastiese hersiening van die skema, of die instelling van ander maatreëls noodsaak. Die skema moet dus beskou word as 'n tydelike maatreël om 'n tyd van oorskotvoorrade te oorbrug, om beter koördinasie tussen aanbod en plaaslike vraag teweeg te bring...."[1)]

'n Opbergingskema kan sekere ernstige gevare inhou. Gestel byvoorbeeld dat die normale produksiepeil hoër as die afsetpotensiaal is, dan kan die feit dat 'n opbergingskema 'n gedeelte van die surplusse absorbeer, die werklike probleem slegs kumulatief uitstel tot 'n latere stadium. Indien stappe om produksie te beheer dus nie vroegtydig gedoen word nie, sal so 'n skema op 'n doellose ophoping van voorrade neerkom, wat die gevolg sal hê dat die maatreëls wat in elk geval ingestel sal moet word, drastieser sal moet wees as wat werklik nodig sou wees indien vroegtydig opgetree was. Dit word dus beklemtoon dat 'n reserwevoorraadskema, soos die een wat in die tabakbedryf van toepassing is, slegs as 'n maatreël om tydelike tekorte en oorskotte wat ten gevolge

----------

1) Idem, p.39.

van klimatologiese en soortgelyke omstandighede ontstaan, te oorbrug, beskou kan word. Wanneer oorskotte of tekorte die gevolg van versteurde ewewig is en basiese aanpassings of regstellings vereis word, kan dit onder sekere omstandighede as 'n tydelike hulpmiddel gebruik word, indien ander maatreëls vroegtydig ingestel word om die ewewig te herstel. Indien hierdie ander maatreëls agterweë bly, is daar meer na- as voordele aan 'n opbergingskema verbonde.

Ten spyte van die voorgaande is ons van mening dat daar vir seisoenskommelinge in produksie deur 'n opbergingskema voorsiening gemaak kan word, mits die patroon van sulke variasies en die mate van afwyking met redelike sekerheid bepaal kan word en mits daar nie groot afwykings in die faktore wat vraag en aanbod van tabak beheer, sal wees nie. Indien die ekonomiese onbestendigheid en groot veranderinge in die vraag buite rekening gelaat word, sou dit noodsaaklik wees om vorige seisoenskommelinge te ontleed met die doel om die invloed van die klimaat en ander skadelike faktore te bepaal. Dit kan slegs in die lig van hierdie inligting met 'n mate van sekerheid bepaal word wat die omvang van so 'n opbergingskema behoort te wees. Soos voorheen opgemerk, beskik die tabakbedryf nie oor genoegsame inligting om vroegtydig te kan bepaal of oorproduksie of tekorte slegs die gevolg van natuursomstandighede is nie. Voordat omvattender inligting in verband met produksie onder die skema beskikbaar is en die verlangde ontledings gemaak word, op grond waarvan voorrade beheer word, word dit betwyfel of die beheerskema die volle voordeel uit die opbergingskema sal kan put.

4.4. Onttrekking van sekere grade aan die mark.

Die eerste stap wat Sentabak gewoonlik oorweeg wanneer die oes die afset oortref, is om sekere van die laagste grade, wat ook die goedkoopste is, aan die mark te weerhou en aan boere slegs 'n nominale voorskot, gewoonlik nagenoeg ¼ sent per pond gewig, vir hierdie tabak by lewering aan koöperasies, te betaal.

Die doel hiervan is waarskynlik om die hoeveelheid tabak wat bemark moet word, te verminder, sonder dat die produsent se inkomste te veel onder die uitskakeling ly. Sedert 1959 word sekere van hierdie grade reeds aan die mark weerhou. In die geval van oonddroogtabak verteenwoordig hierdie grade minder as 3% van die oes. Die gemiddelde prys van hierdie grade is minder as een derde van die gemiddelde prys van die algehele oes, sodat die uitskakeling van hierdie grade die gemiddelde oonddroogtabak-boer se inkomste uit tabak met minder as 1% verminder. Op sigself kan hierdie maatreël dus nie as belangrik om ewewig te bewerkstellig beskou word nie.

Alhoewel hierdie uitskakeling die boer se inkomste verminder, het dit die teenoorgestelde uitwerking op die kopers van tabak, wat nou slegs die hoër grade teen 'n hoër gemiddelde prys kan koop. Indien die vraag 'n mate van pryselastisiteit besit, sal die betrokke stap die uitwerking hê dat die hoeveelheid gevra sal afneem, juis wanneer 'n toename verwelkom sou word. Die beginsel van die waardeleer, naamlik dat wanneer 'n bepaalde produk volop word, sy waarde afneem, en wanneer hy skaars is, sy waarde toeneem, skyn dus deur hierdie skema verwerp te word.

Daar mag geredeneer word dat die uitskakeling van die minderwaardige grade die produksie en verbruik daarvan sal ontmoedig ten gunste van 'n beter gehalte produk. Hierteenoor ontstaan die vraag of die betrokke grade wat as

minderwaardig beskou word en nie in aanvraag is nie, nie permanent uitgeskakel behoort te word indien omstandighede van die mark dit toelaat nie.

4.5. Vermindering van voorskotte aan planters.

Gedurende tye van oorproduksie word die voorskotte wat aan produsente by lewering van hulle tabak aan koöperasies uitbetaal word, gewoonlik verminder. Die belangrikste doel hiervan is gewoonlik om produksie te ontmoedig of om te dien in die plek van 'n surplusverklaring. Voorskotte kan natuurlik ook verminder word as die betrokke koöperasie nie oor die finansiële vermoë beskik om voorskotte op tabak, waarvoor daar nie 'n onmiddellike afset is nie, te finansier nie.

Wat die rede ook al is, bestaan die vraag of 'n vermindering van voorskotte enige invloed op produksie van tabak sal hê. By ontleding blyk dit dat verminderde voorskotte gewoonlik in die vorm van 'n groter agterskotuitbetaling opgemaak word. As daar veronderstel word dat die boer sy tabak vanaf Mei tot Oktober lewer en daarop voorskotte ontvang, maak dit nie vir hom 'n groot verskil of hy groter of kleiner voorskotte vanaf Mei tot Oktober ontvang nie, as sy agterskotuitbetaling in Meimaand dienooreenkomstig kleiner of groter is nie. Slegs gedurende die eerste jaar waarin die voorskotte verminder word, is die produsent se inkomste kleiner. Oor lang termyn sal die produsent se inkomste egter dieselfde bly, want wat hy nie in voorskot ontvang nie, word later aan hom as 'n agterskot uitbetaal.

4.6. Waarskuwings gerig aan boere in verband met produksie- en marktoestande.

Tabakkoöperasies hou hulle lede gewoonlik deur middel van voormanstelsels, vergaderings en omsendbriewe op hoogte van die tabakposisie en bemarkingsprobleme in die algemeen. Besluite van boere in verband met produksie word gebaseer op hulle ondervinding van die verlede en inligting en kennis

wat hulle sedertdien ingewin het. Indien 'n boer deur sy koöperasie in kennis gestel word dat hy sy produksie met 20% moet inkort, anders sal die koöperasie in die lig van omstandighede sekere grade van die mark moet terughou, surplusse verklaar, voorskotte verminder, ens., is dit waarskynliker dat hy hieraan gehoor sal gee as dat hy dit sal ignoreer. Die mate waarin hy gehoor sal gee, sal ook afhang van die moontlikhede om ander produkte voordelig in die plek van tabak te plant. Die feit bly egter staan dat die reaksie van produsente sal verskil, sodat hierdie tipe maatreël slegs as 'n hulpmiddel beskou kan word.

## 5. REGSTREEKSE BEHEER VAN PRODUKSIE.

### 5.1. Produksiekwotas.

Gedurende tye van oorproduksie het verskeie tabakkoöperasies en selfs Sentabak versoeke ontvang om hulle te beywer vir die instelling van produksiekwotas. Die gedagte was dat aan produsente 'n jaarlikse vergunning gegee word om 'n bepaalde hoeveelheid tabak te produseer.

Dit is natuurlik 'n omvattende onderwerp wat in nouer verband met die politiek as met die ekonomie staan, omdat dit die vryheid van die individu raak en onversoenbaar is met die beginsels waarvolgens die vrye mededingende huishouding funksioneer. Ons beperk ons dus tot sekere aspekte in verband met die toepassing daarvan op 'n produk soos tabak.

#### 5.1.1. Omvang van produksie waarvoor beplan moet word.

Produksie moet groot genoeg wees om in die behoeftes van die mark te voorsien. Om hierdie behoefte te kan bepaal sal sowel die posisie van die landsvoorrade as die verwagte vraag in aanmerking geneem moet word. Hierdie kwotas sal vasgestel moet word voordat die presiese behoeftes van die mark bekend is. Oonddroog-

tabak-plantjies word ongeveer in September elke jaar gesaai en die oes word eers vanaf April die volgende jaar bemark. Die kwotas sal gevolglik meer as 'n jaar voor die tyd vasgestel moet word, en dit sou moeilik wees om presies te bepaal wat die behoeftes van die mark gaan wees. Ons veronderstel egter dat dit wel bepaalbaar is en dat enige regstellings van die toevloei tot die mark, vir enige oor- of onderproduksie, deur middel van 'n reserwevoorraadskema gemaak kan word.

5.1.2. Hoe word hierdie kwotas tussen verskillende produksiegebiede verdeel?

In Suid-Afrika bestaan daar 10 tabakkoöperasies en dit word veronderstel dat 'n kwota aan elke koöperasie toegeken sal word op grond van vorige produksie van elke gebied en dat die koöperasies die onderverdeling tussen die produsente volgens elkeen se vorige produksieomvang sal maak.

Dit kan net gemeld word dat Sentabak telkemale by die bespreking van hierdie onderwerp 'n dooie punt bereik het, omdat sekere koöperasies op 'n minimumkwota aanspraak gemaak het, benede watter omset hulle na hulle mening onekonomiese eenhede sal wees.

Alhoewel daar 'n bepaalde omsetpeil bestaan, waarbenede 'n organisasie nie sy noodsaaklike uitgawes sal kan dek nie, is daar so baie faktore wat bepaal of 'n organisasie ekonomies is al dan nie. Dit gaan gepaard met die samestelling, organisasie, doeltreffendheid van bestuur, ens. van elke organisasie. Twee organisasies kan dieselfde omset hê, dog die een kan onekonomies wees en die ander een nie. Dit sou natuurlik tragies wees as faktore soos hierdie by die bepaling van kwotas in aanmerking geneem word, omdat dit dan die doel sal dien om onekonomiese produksie en bemarkingseenhede te beskerm.

5.1.3. Hoe word die kwotas tussen produsente verdeel?

Daar bestaan duisende tabakboere in Suid-Afrika en elkeen beplan sy boerdery om, volgens sy eie beskeie mening, die hoogste inkomste te lewer of die grootste genot te verskaf. Indien elkeen van hierdie duisende boere 'n kwota ontvang, moet daar 'n mate van sekerheid bestaan dat elkeen sy kwota sal lewer. Hierdie kwotas kan op een van twee grondslae bepaal word. Elke boer kan toegelaat word om 'n sekere aantal morge te plant of anders kan 'n bemarkingstoekenning aan hom gemaak word. As oppervlaktetoekennings gemaak word, moet dit bekend wees wat die opbrengs per morg gaan wees. Die opbrengs per morg sal op sy beurt van klimatologiese omstandighede sowel as die doeltreffendheid waarmee die oes bewerk word, afhang. Aangesien hierdie inligting nie vooraf bepaalbaar is nie, sal die kwotastelsel moet voorsiening maak vir 'n mate van oor- of onderproduksie. As die kwotas weer op 'n gewigsbasis bepaal word, sal die produsent moet besluit hoeveel morge hy gaan beplant om die bepaalde gewig te kan bemark. As sy oes dan groter as sy kwota is, sal dit hom betaal om slegs die hoër grade te lewer, en indien hierdie gebruik algemeen is, kan dit bemarkingsprobleme oplewer. As sy oes weer kleiner as sy kwota is, kan dit hom betaal om tabak van sy buurman, wat laasgenoemde oorgeproduseer het, oor te neem en in sy naam te bemark.

Die periode wat as basis van die kwotabepaling gebruik word, kan ook probleme oplewer. Daar bestaan nuwe en ou gevestigde tabakboere, daar bestaan boere en areas wat haelskade, misoeste en goeie oeste gedurende die voorafgaande jare gehad het. Sekere boere pas wisselboustelsels toe en plaas nie dieselfde aantal morge elke jaar onder tabak nie. Dan is daar die

geleentheidsplanter wat tabak sporadies produseer. Om kwotas onder 'n koöperatiewe bemarkingskema waarin die klein en groot produsent en die klein en groot koöperasie dieselfde seggenskap het, vas te stel, sal geen geringe taak wees nie. Die kwotabepalers sal hulleself ook op hoogte van die omstandighede van elke gevestigde, uittredende en voornemende tabakboer moet hou.

Afgesien van die voorgaande probleme wat opgelos sal moet word, moet dit in gedagte gehou word dat daar verskillende klasse tabak bestaan en kwotas sal vir elke klas afsonderlik bepaal moet word. In die geval van lugdroogtabak kan klimaatstoestande 'n belangrike rol speel om te bepaal hoeveel daarvan lig en hoeveel donker sal wees, wat die bepaling van kwotas sal bemoeilik.

5.1.4. Vrye inisiatief van die boer word aan bande gelê.

Afgesien van die feit dat die omvang van produksie van 'n landbouproduk soos tabak nie presies beplan kan word nie, word beplanning tot die stadium waar die vrye inisiatief van die boer gedemp word, nie as in belang van die gesonde ekonomiese ontwikkeling van die landbou beskou nie. In Suid-Afrika dien die vrye inisiatief van die boer nog as basis waarop die landbou-ekonomie gebou word, en pryse dien nog as die belangrikste aansporing waarvolgens produsente besluit wat en hoeveel hulle gaan produseer.

5.1.5. Kwotas as middel om die kleinboer te beskerm.

Die mening word dikwels gehoor dat die meeste van die plasies waarop oonddroogtabak op nedersettings onder besproeiing gekweek word, klein is, en enige daling in prys sal gevolglik hierdie kleinboere se bestaan bedreig. Dit is meestal hierdie produsente wat op produksiekwotas aandring. Hulle beweer dat grootskaalse produsente al

meer en meer tot die tabakbedryf toetree, wat oorproduksietoestande laat ontstaan.

Indien tabak goedkoper op groot as op klein skaal verbou kan word, skyn dit verkeerd te wees om skemas te ontwerp wat die onekonomiese produsent beskerm teen ander produsente wat dieselfde produk goedkoper kan lewer. So 'n houding lyk natuurlik baie onsimpatiek, veral omdat die grootte van besproeiingsgronde van plase op staatsnedersettings vasgestel is op 5, 10, 15 of 20 morge. Die oplossing van hierdie probleem lê nie in beskerming nie, maar in skemas om ekonomiese eenhede van hierdie plase te maak. Dit sou inderdaad onredelik wees om te verwag dat die natuurlike groei en ontwikkeling van die tabakbedryf onderhewig gestel en aangepas moet word by 'n groep produsente wat in die proses van ontwikkeling onekonomies geraak het.

In hierdie verband sou dit interessant wees om ondersoek in te stel waarom die plaas van sê 15 morge te klein geword het. Tien jaar gelede was dit waarskynlik groot genoeg om 'n goeie bestaan op te maak. Intussen het tabakpryse en opbrengste per morg toegeneem sodat die inkomste van die plaas òf verdubbel kon word òf verdubbel het. Al te dikwels word die verklaring in oorkapitalisasie en die sogenaamde hoër lewenspeil wat die moderne samelewing vereis, gevind.

Beplanning van produksie in die geval van produkte soos vrugte, waar die aanplanting van wingerde en boorde deur kwotatoekennings beheer word, kan moontlik geregverdig word omdat dit 'n aantal jare neem voordat die bome in volle drag kom. Oorproduksie of tekorttoestande kan gevolglik nie deur die vinnige oorskakeling van gewasse oorkom word nie. Alhoewel ons nie graag die terrein van die politiek wil betree nie, is ons oortuig

daarvan dat beplanning tot die mate waar die boer verplig word om slegs sekere produkte en net sekere hoeveelhede daarvan te produseer, nie in Suid-Afrika verwelkom sal word nie en nie in die beste belang van die gesonde ontwikkeling van die landboubedryf is nie. Dit word dus betwyfel of die voorstanders van kwotas die nodige wetgewing deurgeloods sal kry.

5.2. Sogenaamde „soilbank schemes".

Daar is seker geen land in die wêreld waar al meer skemas ontwerp is om 'n oplossing vir oorproduksietoestande in die landbou te vind as in die V.S.A. nie. Nogtans is oorproduksie op die huidige tydstip nog een van die grootste probleme waarmee die Amerikaanse Departement van Landbou te kampe het.

Die sogenaamde „soilbank scheme" is een van hierdie skemas. Sekere belanghebbendes in die tabakbedryf het 'n oplossing vir die oorproduksie van tabak hierin gesien en Sentabak versoek om hierdie aangeleentheid te oorweeg. Die onderliggende gedagte was dat produsente van tabak hulle produksie moes inkort en vir die hoeveelheid tabak wat hulle minder produseer, ontvang hulle 'n vergoeding wat gelykstaan aan, sê, die normale wins wat elke boer sou gemaak het as hy nie sy produksie tot daardie mate ingekort het nie.

Alhoewel hierdie soort skema sekere voordele mag inhou, kom dit as onrealisties voor, en dit skyn asof metodes gesoek word om die werklike probleem te ontwyk. Indien 'n „betaal vir wat jy nie produseer nie"-skema aanvaar sou word, sou die boer op die grond wat hy nie onder tabak kan plaas nie, 'n ander produk kweek waaruit hy 'n inkomste sal verdien. Vir die tabak wat hy wel produseer, kry hy dan die normale vasgestelde prys plus 'n ekstra vergoeding onder die skema. Die vraag ontstaan natuurlik waar die ekstra bedrag vandaan

kom. As dit uit die heffingsfonds van die Tabakraad betaal word, word die heffingsfondsbydraes van die boer gevorder op die tabak wat hy wel kan bemark en weer aan hom terugbetaal as vergoeding omdat hy minder geproduseer het. Die vraag doen hom voor of dieselfde resultaat nie met 'n prysverlaging bewerkstellig kan word nie. As die fonds uit die staatskas afkomstig is, sal daar baie goeie redes aangevoer moet word waarom die algemene belastingbetaler moet inboet vir die oorproduksietoestande wat daar in die tabakbedryf bestaan.

Die feit bly staan dat, indien daar 'n ooraanbod bestaan en die verbruiker nie met 'n verminderde prys oorgehaal kan word om dit te verbruik nie, of waar die prys vasgepen is, die surplus die verantwoordelikheid van die produsent is. Enige skema wat die vergoeding van die produksiemiddele wat vir die voortbrenging van die betrokke produk in verhouding tot ander aanwendings op 'n hoë peil probeer handhaaf, kan nie in 'n vrye mededingende ekonomie oor 'n lang termyn gehandhaaf word nie.

## 6. SAMEVATTING.

Volgens Figure 22 en 23 is daar 'n aantal jare sedert die instelling van die tabakbeheerskema geen oorproduksieprobleme ondervind nie. Enige oorproduksietoestande wat daar was, was maar van korte duur ten gevolge van die snel toenemende verbruik. Vanaf 1946 tot 1951 het daar wel oorproduksietoestande bestaan, omdat die algemene peil van tabakaanplantings heelwat hoër wàs as wat die binnelandse mark kon absorbeer. Met die oorskakeling na die produksie van Orinoco-tipes tabak is 'n demper op produksie geplaas, en die tekorttoestand wat ontstaan het, is ten gevolge van twee swak oesjare wat hiermee saamgeval het, vererger. Ten spyte van aansporingsprysverhogings het produksie eers in

1957 weer die peil van die binnelandse verbruik bereik. In werklikheid is die beheerde bemarkingstelsel vir die eerste keer ten gevolge van die surplusse wat ontstaan het, sedert 1958 werklik op die proef gestel.

As die middele wat aangewend is om hierdie toestand die hoof te bied, krities ontleed word, lyk dit asof dit slegs in staat is om tydelike verligting te bring en nie om basiese aanpassings tussen vraag en aanbod te bewerkstellig nie. In hierdie hoofstuk het ons slegs die binnelandse vraag en die bevrediging daarvan deur binnelandse produksie in gedagte gehad. Volgens die jongste jaarverslae van Sentabak en die Tabakraad word algemeen erken dat die bostaande middele en die wyse waarop dit toegepas is, nie geslaag genoeg was om produksie te beheer nie. Daar sal egter ook toegegee moet word dat die verskillende maatreëls wel 'n invloed uitgeoefen het en dat die oorproduksie en surplusse waarskynlik groter afmetings sou aangeneem het indien die betrokke stappe nie gedoen is nie.

Voortvloeiende uit die voorgaande uiteensetting ontstaan die vraag of produksie beperk behoort te word om slegs die binneland te voorsien, en indien die maatreëls wat reeds toegepas word, nie daarin kan slaag om produksie binne die afsetpeil te hou nie, wat gedoen moet word om 'n ewewigsposisie te bewerkstellig en te handhaaf. Voordat hierdie aspekte behandel word, word in die volgende hoofstuk sekere belangrike aspekte van die vraag na bladtabak behandel, waarna die distribusie van tabak in die binneland bespreek word.

# H O O F S T U K   VII.

## ASPEKTE VAN DIE VRAAG MET SPESIALE VERWYSING NA DIE INVLOED VAN AKSYNSBELASTINGS.

### 1. ALGEMEEN.

#### 1.1. Omskrywing van die term „vraag".

Die vraag kan gedefinieer word as die hoeveelheid van 'n bepaalde produk of diens wat kopers teen 'n bepaalde prys in 'n bepaalde mark op 'n bepaalde tyd sal neem.

Hierdie term word dikwels in verskillende betekenisse gebruik. Die mees algemene vergissing is om die vraag te beskou as die hoeveelheid wat verbruik word, of die hoeveelheid wat fabrikante of groothandelaars aankoop. In die praktyk kan die hoeveelheid van 'n produk wat deur markkanale opgeneem word of wat verbruik word, aansienlik verander ten gevolge van veranderings in die aanbod, sonder dat die vraag noodwendig hoef te verander.

Die vraag of vraagkurwe dui die bereidwilligheid en vermoë om onder die bepaalde omstandighede te koop aan. Daar kan gevolglik 'n vraag bestaan sonder dat enige transaksies plaasvind.

Daar bestaan verskillende soorte kopers van bladtabak en die vraag van elkeen van hulle verskil volgens die funksie wat elkeen in die tussen-handel vervul. Die uiteindelike verbruikersvraag is egter die basiese vraag wat bevredig moet word, en die vraag na bladtabak hang dus van die vraag na die eindproduk af.

#### 1.2. Elastisiteit van die vraag.

Die normale uitwerking van 'n daling in die prys van 'n artikel is dat die hoeveelheid gevra sal toeneem. Die begrip „elastisiteit van die vraag", of, meer spesifiek, die

pryselastisiteit van die vraag, is die mate waarin die hoeveelheid gevra toeneem by 'n gegewe daling in prys. Dit is natuurlik geen geringe taak om die elastisiteit te meet nie, veral omdat die faktore wat die vraag bepaal, gedurig besig is om te verander.

Aangesien daar geproduseer word om 'n toekomstige vraag te bevredig, is dit die plig van enige bemarkingskema om verbruiksreaksies en -neigings vooraf te beraam ten einde produksie in daardie rigting te lei en pryse op 'n reàlistiese peil te kan vasstel.

1.3. Marknavorsing en vooruitbepaling van verbruiksneigings.

Alles gelyk kan veranderings in die vraag gemeet word deur veranderings in die verbruik en pryse te meet. Onder 'n beheerde bemarkingskema, soos byvoorbeeld dié vir tabak, waar pryse vasgestel word, is daar geen outomatiese prysmeganisme wat die voorkeure van die mark vir 'n bepaalde klas en graad tabak aan die produsent tuisbring nie. Dit word dus as uiters noodsaaklik beskou dat 'n deeglike studie onder die beheerskema van verbruiksneigings gemaak moet word ten einde vroegtydig te kan bepaal watter invloed dit op die vraag na die grondstof, naamlik blaartabak, sal hê. Geleidelike aanpassings aan die behoeftes van die mark is gewoonlik minder pynlik as drastiese aanpassings wat deur omstandighede afgedwing moet word. In hierdie opsig dink ons aan die oorskakeling na die produksie van Orinoco-tipes tabak, wat in 1951 binne twee jaar deurgeloods moes word.

In Suid-Afrika word weinig aan mark- en ekonomiese navorsing onder die beheerskema gedoen. Die verklaring kan waarskynlik gesoek word in die gunstige bemarkingsomstandighede wat daar geheers het. Fabrikante doen indiwiduele navorsing, dog vanweë hulle beleid van geheimhouding vind geen konsolidasie van elkeen se pogings plaas nie, en dit was

ook nie moontlik om die omvang van hierdie navorsing te bepaal nie.

Omdat die nodige inligting ontbreek, en vanweë die omvang van die onderwerp is dit nie moontlik om die invloed wat die verskillende faktore op die verbruik van tabak gehad het, volledig te behandel nie. Die rede waarom ons die verbruik wel in breë trekke behandel, is om op die belangrikheid daarvan te wys dat die persone wat die beheerskema administreer, meer aandag hieraan behoort te bestee, ten einde te verhoed dat plotselinge en pynlike aanpassings wat verhoed of versag kon gewees het as volledige inligting beskikbaar was, miskien in die toekoms gemaak sal moet word.

## 2. FAKTORE WAT DIE OMVANG EN DIE AARD VAN DIE VERBRUIK BEPAAL.

In die jongste verlede het daar in Suid-Afrika sowel as in die res van die wêreld groot veranderings in die verbruik van die verskillende tabakprodukte ingetree. Om vir 'n produk soos tabak, wat gedeeltelik 'n modeartikel is, verklarings vir al die verskillende verbruiksneigings te vind, is 'n baie moeilike taak.

Die vyf faktore wat gewoonlik die vraag na 'n bepaalde artikel of diens bepaal, is die prys, die pryse van aanvullende goedere en/of substitute, die inkomste van verbruikers, die smaak van verbruikers en die verwagting van verbruikers met betrekking tot toekomstige inkomste en toekomstige pryse. Ons sal egter nie dieselfde indeling gebruik nie. 'n Paar bykomstige faktore word ook behandel.

### 2.1. Die produksie of beskikbaarheid van bepaalde klasse en tipes tabak in die land van verbruik.

Die Voortrekkers het hoofsaaklik 'n swaar, donker draaitipe tabak geproduseer en dit verbruik.[1] Hulle produksie

----------

1) Vgl. Marais, D.F., a.w., p.4 en Penzhorn, J., a.w., p.3.

het dus bepaal wat hulle sou verbruik. Hierdie verskynsel doen hom nog onder hedendaagse omstandighede voor. Soos later verduidelik sal word, skyn sekere klasse Suid-Afrikaanse tabak onaanneemlik vir die res van die wêreld te wees, en nogtans word dit verbruik en verskaf waarskynlik dieselfde genot aan die plaaslike verbruiker as wat 'n heeltemal ander klas tabak die gemiddelde verbruiker in, byvoorbeeld, Duitsland bevredig. Hierdie verskynsel is nie net tot tabak beperk nie, maar geld ook ander produkte, soos byvoorbeeld kossoorte. Terwyl die Engelsman sy neus vir ons biltong sou optrek, beskou ons sy haaspastei geensins as 'n geurige dis nie.

Invloede van buite het egter ook 'n invloed op die binnelandse verbruik, want as Orinoco-tipes tabak nie aan die Suid-Afrikaanse mark bekend geword het nie, sou die oorskakeling in 1951 waarskynlik nie nodig gewees het nie. Nietemin is die plaaslik geproduseerde produk die vryelikste beskikbaar, en dit is dus logies dat hierdie produk die vraag na en die voorkeure van plaaslike verbruikers sal beïnvloed.

## 2.2. Sosiale gewoontes en gebruike.

Die verbruik van tabak, veral die rook daarvan, moet hoofsaaklik as 'n sosiale gewoonte beskou word. Soos verwag kan word, het hierdie mark ook sy modes. Daar was 'n tyd toe die snuif van tabak in die hoogste sosiale kringe baie gewild was. Van die pragtigste familie-erfstukke, in die vorm van vergulde en selfs diamentversierde snuifdosies, dien nog as herinneringe aan daardie tyd. Daar was ook 'n tyd toe die pruim van tabak nie as 'n onaangename en slordige gewoonte beskou is nie en spoegbakkies baie huise versier het. Die mode van die tyd bepaal in 'n groot mate watter tipe, kwaliteit en hoeveelheid van die betrokke tabakproduk verbruik sal word.

Tabakprodukte het ook 'n gewoontevormende uitwerking op

die verbruiker daarvan. Die jeug is veral vatbaar vir die aanleer daarvan, omdat daar by hulle 'n verstaanbare behoefte bestaan om hulle volwassenheid, selfstandigheid, beskaafdheid, hulle selfversekerdheid, persoonlikheid en dies meer te bewys. In hierdie verband kan genoem word dat verbruiksopnames gewoonlik ook rekening hou met die verbruiksgewoontes volgens ouderdomsgroepe.

Hierdie gewoontes verskil van land tot land en van gemeenskap tot gemeenskap. Terwyl dit aanstoot mag gee as 'n blanke dame 'n pyp sou rook, word die ou moeder van sekere Bantoestamme met agting bejeën terwyl sy behaaglik aan haar pyp sit en suig. In Ethiopië word 'n roker in kerklike kringe met minagting behandel, terwyl dit in baie gemeenskappe as normaal sou voorkom as die predikant sou rook.

Sosiale gebruike en gewoontes speel 'n belangrike rol in verband met die hoeveelheid tabak wat gebruik word, asook die gesogtheid van 'n bepaalde tabakproduk. Aangesien daar weinig of geen inligting ten opsigte van Suid-Afrika beskikbaar is nie, is dit interessant om te verwys na enkele bevindings ten opsigte van verbruiksopnames in sekere ander lande van die wêreld.

Gedurende die afgelope 10 of 12 jaar was daar 'n geweldige toename in die verbruik van filtersigarette in die hele wêreld.

Voor 1950 het die filter-sigarette maar 1% van die totale verbruik van sigarette in die V.S.A. oor 'n tydperk van 40 jaar uitgemaak. In daardie jaar was 90% van die sigarette wat in daardie land vervaardig is, die gewone lengte ongefilterde sigarette, 9% was die „king size"-tipe en slegs 1% filtertipes. In 1960 het filtermondstuksigarette verreweg die grootste verbruik gehad. In 1950 was die verkope van „Menthol"-tipes onbenullig en in 1959 nagenoeg 10% van totale verkope.[1)]

----------

1) Kuger, H.C. Why do people smoke <u>in</u> Tobacco. New York, 29 Julie 1960, p.29.

Volgens dieselfde artikel waaruit die voorgaande inligting verkry is, het 'n ondersoek wat deur die Amerikaanse Departement van Landbou gedoen is, aan die lig gebring dat die mode van 'n bepaalde tydstip die belangrikste faktor is wat die tipe rookgoed wat verbruik sal word, bepaal. Daar is ook verder bevind dat die verbruik per hoof van die bevolking gedurende die afgelope twintig jaar snel in die V.S.A. toegeneem het. Hierdie toename word veral toegeskrywe aan die oorlogse en naoorlogse emosionele spanning en die toenemende lewenstempo.

In Frankryk was die bevinding[1)] dat die meeste mense rook omdat hulle 'n sensuele, sielkundige en sosiale bevrediging daaruit kry: sensueel in die sin dat dit soos voedsel die smaak en reuk bevredig; sielkundig, omdat dit die geestelike ewewig bewaar deurdat dit senuspanning, bekommernis en verveeldheid verlig; en sosiaal, omdat dit die roker se persoonlikheid verryk en bewys dat hy beskaaf en volwasse is.

In Duitsland was daar in die jongste tyd 'n toename in die verbruik van sigarette deur dames. Waar 16% van alle dames tussen die ouderdomme van 16 tot 65 jaar in 1956 gerook het, was hierdie syfer 21% in 1959. By die mans het die persentasie onveranderd op 69% gebly. Die gemiddelde verbruik van die dames was sewe sigarette per dag en by die mans was dit dertien per dag. In die Verenigde State van Amerika en in die Verenigde Koninkryk rook 'n groter persentasie van die bevolking as in Duitsland. Verder is gevind dat dames wat in die sogenaamde hoër sosiale kringe beweeg, meer as die ander rook. In die ouderdomsgroepe van 18 tot 44, 45 tot 60 en 60 tot 65 het 50%, 44% en 28% onderskeidelik gerook.[2)]

Volgens die voormelde voorbeelde blyk dit dat die bepaling van toekomstige verbruiksgewoontes 'n uiters moeilike

----------

1) en 2) Idem, p.29.

taak sal wees, veral omdat talle uiteenlopende faktore 'n rol speel. Hierdie faktore kan egter 'n belangrike invloed op die vraag hê, sodat periodieke verbruiksopnames vir sowel produsente as fabrikante van groot belang is.

2.3. Inkomste en lewenstandaard van verbruikers.

In baie lande van die wêreld bepaal die inkomstepeil van verbruikers wat hulle sal rook, wat die prys daarvan sal wees en hoeveel hulle sal verbruik.

Ondersoek het in die V.S.A. aan die lig gebring dat die gemiddelde persoon se verbruik van tabak toeneem namate sy inkomste toeneem. By die laer inkomstegroepe was die verbruik in verhouding tot inkomste egter hoër as in die geval van die hoër inkomstegroepe. In die V.S.A. word bereken dat die inkome-elastisiteit van die vraag na sigarette by manlike rokers ongeveer .07 is, dit wil sê dat 'n inkomstevermeerdering van 10% 'n gemiddelde toename van .7% in die verbruik van sigarette teweeg sal bring.[1)]

In Italië bestaan daar 'n noue verband tussen die inkomstepeil van rokers en die omvang van hulle sigaretverbruik, soos blyk uit die volgende syfers:[2)]

| MAANDELIKSE INKOMSTE (V.S.A.-DOLLARS) | GEMIDDELDE AANTAL SIGARETTE WAT PER DAG GEROOK WORD |
|---|---|
| Minder as 50 | 11.1 |
| 50 tot 120 | 12.1 |
| 120 tot 250 | 13.1 |
| Meer as 250 | 14.4 |

Talle voorbeelde kan aangehaal word, maar ons wil nog slegs op een voorbeeld wys: In Indië waar die gemiddelde inkomstepeil van die bevolking maar baie laag is, rook die meeste mense „bidis", d.i. 'n baie goedkoop tipe van sigaret.

----------

1) en 2) Idem, p.210.

In die laer inkomstegroepe rook minder as 3% van die bevolking sigarette van 'n redelike gehalte, terwyl mense in die hoër inkomstegroepe oorwegend sigarette van 'n hoë of gemiddelde gehalte rook.[1)]

2.4. Tabakbelastings.

Die invloed wat aksynsbelastings op die verbruik van tabak het, word later in hierdie hoofstuk bespreek, terwyl doeanebelastings in Hoofstuk X bespreek word.

2.5. Die verbruik van substitute.

Dit is moeilik om te glo dat daar substitute vir tabak bestaan. In 'n mate is een graad tabak 'n substituut vir 'n ander, of dit kan selfs komplementêr wees. Dit is egter nie hieraan dat ons op die oomblik dink nie.

Sedert 1955 het die verbruik van filtermondstuksigarette feitlik in alle dele van die wêreld waar sigarette gerook word, baie snel toegeneem. In 1955 is daar 19 biljoen filtersigarette in die wêreld verbruik en in 1959 74 biljoen. Daar was dus 'n toename van bykans 300%.[2)] Die filter vervang natuurlik dieselfde lengte tabak aan die sigaret, en volgens 'n nuusberig wat op bladsy 32 van die Amerikaanse tydskrif „Tobacco" van 9 Oktober 1959 verskyn, word beweer dat die gemiddelde roker tans 15% meer sigarette as tien jaar gelede rook, terwyl hy maar 1.5% meer tabak verbruik. Hierdie verskynsel word aan die toenemende verbruik van filtersigarette toegeskrywe, asook die nuwe vervaardigingsmetodes waarvolgens die rugge en afvaltabak, wat voorheen verlore gegaan het, nou bruikbaar geword het. Hierdie afval word in velle uitgerol en opgekerf vir gebruik in sigarette.

2.6. Advertensie.

In lande waar die pryse en gehalte van die verskillende

----------

1) en 2) Idem, p.210.

soorte sigarette wat bemark word, weinig van mekaar verskil, speel advertensie 'n baie belangrike rol. Die metodes van verpakking, bemarking en distribusie sal ook die keuse van verbruikers beïnvloed. Die grootskaalse fabrikante maak veral baie van advertensie gebruik, omdat hulle dit makliker as klein fabrikante kan bekostig aangesien die eenheidskoste op die groter omset laer is. In hierdie verband het advertensie byvoorbeeld 'n belangrike bydrae tot die groot toename in die verbruik van filtersigarette gelewer.

In lande soos Italië en Finland, waar die tabakhandel in die hande van staatsmonopolies is, word die verskillende soorte sigarette nie afsonderlik geadverteer nie. Die monopolies reël, deur middel van hulle prysbeleide, hoeveel van elke soort sigaret gerook sal word. Die staatsmonopolies is daarin geïnteresseerd om die groots moontlike inkomste vir die staat te lewer, en daar word dus deur advertensie slegs gepoog om die totale verbruik te verhoog.

## 2.7. Die prysfaktor.


In Suid-Afrika maak die prys van bladtabak maar 'n betreklik geringe deel van die prys van die eindproduk uit. Dit geld veral vir sigarette. Die aandeel van elk van die verskillende belanghebbendes en die staat in die prys van 'n gewilde sigarettipe in Suid-Afrika word in Figuur 26 voorgestel.

Volgens Figuur 26 is die minimumverkoopprys van bladtabak vir sigaretvervaardiging maar nagenoeg 11¾% van die kleinhandelsprys van sigarette in Suid-Afrika. Selfs al sou die prys van bladtabak verdubbel, kan dit die prys van sigarette maar met 11¾% laat toeneem. Dit kan dus met veiligheid beweer word dat veranderings in die pryse van bladtabak weinig invloed op die totale verbruik van tabak sal hê.

Die belangrikste enkele faktor wat die pryse van sigarette kan beïnvloed, is die belastingstarief.

FIGUUR 26.

BENADERDE AANDEEL VAN KOÖPERASIES, FABRIKANTE, GROOTHANDELAARS, KLEINHANDELAARS EN DIE STAAT IN DIE PRYS VAN SIGARETTE IN SUID-AFRIKA.




Bron: Verwerking van gegewens verkry van die M.K.T.V., Buro van Sensus en Statistiek, die Tabakraad en Sentabak.

In die geval van pyptabak speel die prys van die bladtabak 'n belangriker rol, omdat die aksynsbelasting en fabrikasiekoste 'n geringer rol speel. Die minimumverkooppryse van die bladtabak wat vir die vervaardiging van pyptabak gebruik word, maak 'n groter deel van die eindproduk uit, volgens 'n rowwe beraming minstens 25%, en 'n 10%-toename in die prys van die bladtabak sal die prys van die eindproduk 2½% laat styg.

Veranderings in die pryse van bladtabak in Suid-Afrika

sal dus 'n geringe invloed op die verbruik van die eindproduk hê.

2.8. Algemeen.

Daar die vraag na bladtabak van die vraag na tabakprodukte afhang, en aangesien die pryse van bladtabak 'n betreklik geringe invloed op die prys van die eindproduk het, kan aanvaar word dat bladtabak ook 'n geringe pryselastisiteit van die vraag sal hê. Wat die pryse van die eindprodukte betref, is aksynsbelastings in Suid-Afrika die belangrikste indiwiduele bepalende faktor, en gevolglik word besondere aandag aan hierdie aspek bestee.

## 3. AKSYNSBELASTINGS EN DIE VERBRUIK VAN TABAK.

### 3.1. Belastingtariewe in Suid-Afrika vanaf 1910 tot 1962.

Die pryse van die verskillende eindprodukte van tabak is, soos reeds opgemerk, 'n belangrike faktor om verbruikers te laat besluit watter tabakprodukte hulle verkies en hoeveel van elkeen hulle sal verbruik. In hierdie opsig is aksynsbelastings in Suid-Afrika die belangrikste indiwiduele faktor wat bepaal hoe duur die belangrikste tabakprodukte, veral sigarette, sal wees.

Bylae 4, wat aan die einde van hierdie hoofstuk verskyn, bevat besonderhede omtrent die aksynstariewe wat sedert 1910 in Suid-Afrika ten opsigte van die verskillende tabakprodukte van toepassing was. Dieselfde inligting word in 'n oorsigteliker vorm in Tabel 12 gegee. Sowel Bylae 4 as Tabel 12 toon aan dat die belastingtariewe van die verskillende tabakprodukte van mekaar verskil. Hierdie differensiasie het 'n belangrike invloed op die verbruik van die verskillende klasse tabak en tipes tabakprodukte, in verhouding tot mekaar.

TABEL 12.

GEMIDDELDE AKSYNSTARIEWE WAT VANAF 1911 TOT 1961 IN SUID-AFRIKA OP TABAKPRODUKTE VAN TOEPASSING WAS.

(Sent per pond gewig.)

| JAAR | SIGARETTE[1)] | SIGARET-TABAK | PYPTABAK | SIGARE | ROLTABAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 1911-1920 | 13.3 | - | - | - | - |
| 1921 | 23.3 | 10.0 | 10.0 | 25.0 | 5.0 |
| 1922 | 25.0 | 5.0 | 3.3 | 10.0 | 2.9 |
| 1923 | 25.0 | 5.0 | 3.3 | 10.0 | 1.7 |
| 1924 | 25.0 | 5.0 | 2.9 | 10.0 | - |
| 1925-1932 | 25.0 | 5.0 | - | - | - |
| 1933-1939 | 25.0 | 15.0 | - | - | - |
| 1940 | 40.0 | 30.0 | - | - | - |
| 1941 | 58.3)<br>51.7) | 48.3 | - | - | - |
| 1942 | 51.7 | 48.3 | 5.0 | 10.0 | - |
| 1943 | 67.5 | 61.7 | 9.0 | 10.0 | - |
| 1944 | 84.2 | 61.7 | 10.0 | 10.0 | - |
| 1945 | 84.2 | 61.7 | 9.9 | 10.0 | - |
| 1946 | 84.2 | 61.7 | 10.0 | 10.0 | - |
| 1947 | 84.2 | 61.7 | 10.3 | 10.0 | - |
| 1948 | 84.2 | 61.7 | 10.3 | 10.0 | - |
| 1949 | 84.2 | 61.7 | 10.4 | 10.0 | - |
| 1950 | 84.2 | 61.7 | 10.4 | 10.0 | - |
| 1951 | 84.2 | 61.7 | 10.4 | 10.0 | - |
| 1952 | 117.5 | 68.3 | 15.5 | 20.0 | - |
| 1953 | 117.5 | 68.3 | 15.5 | 20.0 | - |
| 1954 | 117.5 | 68.3 | 15.8 | 20.0 | - |
| 1955 | 117.5 | 68.3 | 15.9 | 20.0 | - |
| 1956 | 117.5 | 68.3 | 15.7 | 20.0 | - |
| 1957 | 117.5 | 68.3 | 16.2 | 20.0 | - |
| 1958 | 184.2 | 135.0 | 27.1 | 20.0 | - |
| 1959 | 184.2 | 135.0 | 26.7 | 20.0 | - |
| 1960 | 186.5 | 135.0 | 26.1 | 20.0 | - |

1) Bereken op 'n basis van 2½ lb. per 1,000 sigarette.

Bron: Die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid.

## 3.2. Aksynsdifferensiasie in Suid-Afrika.

### 3.2.1. Die instelling van gedifferensieerde tariewe.

Pyptabak is eers sedert 1921 belas, terwyl sigarettabak alreeds sedert Uniewording onderhewig aan 'n aksynsbelasting gemaak was. Dit was blykbaar moeilik om die invorderings van die pyptabakbelastings te doen, aangesien pyptabak nie noodwendig deur fabrieke gekerf is nie. Die boer het dikwels self tabak gekerf. Die belasting op pyptabak is dus weer in 1924 opgehef, en dit was eers in 1942, toe alle kopers van tabak onder die tabakbeheerskema geregistreer moes word, dat pyptabak weer belas is.

Op 24 Februarie 1942 is 'n aksynsbelasting van 6d. (5c.) per lb. op pyptabak ingestel. Op 1 November 1943 is die eerste gedifferensieerde belasting op pyptabak ingestel, naamlik 10c. per lb. ten opsigte van die duurder tabaktipes en 6.7c. per lb. in die geval van tabak wat op 15 Oktober 1943 vir minder as 7.7c. per lb. in die kleinhandel verkoop is. Op 25 Februarie 1944 is die tarief weer verhoog en 'n derde tarief ingestel, hoofsaaklik om verkope van los tabak te dek. Tabel 13 bevat volle besonderhede omtrent die aksynstariewe wat in daardie stadium van toepassing was, asook verhogings sedertdien.

Na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die verbruik van donkerblad begin daal (vgl. kurwe B van Figuur 27). Tabakprodusente het in hierdie verband vertoë tot die Minister van Landbou en die Minister van Finansies gerig en het onder andere om die volgende toegewings gevra:[1]

(i) Dat in die algemeen aksynsbelastings verminder moes word om 'n daling in die verbruik te voorkom;

----------

1) Volgens inligting verkry van Sentabak.

(ii) dat 'n gedifferensieerde belasting op pyptabak ingestel moes word wat voorsiening maak vir kleinhandelsverkope van minder as ¼ lb.-hoeveelhede tabak. Hulle het daarop gewys dat Bantoerokers veral, nie 'n ¼ lb.-pakkie tabak kan bekostig nie en verplig word om in plaas daarvan vir 2½c. of 5c. 'n paar los sigarette te koop.

Die Minister van Landbou het die daling in die verbruik van donker tabak aan die tekort wat daar gedurende die oorlog ten opsigte van pype en vuurhoutjies geheers het, toegeskrywe. Die Minister van Finansies was egter bereid om verdere oorweging aan die saak van gedifferensieerde aksynstariewe op pyptabak te skenk, mits die versoek ook deur fabrikante gesteun word. Nadat fabrikante se steun deur Sentabak verkry is, het minister Hofmeyer die gedifferensieerde belasting ingestel, veral met die doel om die minder gegoede roker in staat te stel om sy pyptabak teen 'n laer prys te kan koop.

### 3.2.2. <u>Die invloed van gedifferensieerde aksynstariewe op die verbruik van pyptabak</u>.

As verbruikstendense sedert die instelling van die gedifferensieerde aksynstariewe nagegaan word, kom dit voor asof die instelling daarvan, in teenstelling met wat oorspronklik beoog is, weinig stimulus aan verbruik van tabak in die laagste aksynsgroep gegee het. Dit lyk egter asof die aksynsverhoging in 1958 weer 'n oplewing in die verbruik van hierdie aksynsgroep teweeggebring het. Ten einde die tendense beter te kan aantoon, word die aksynsgroepe hierna afsonderlik behandel:

#### 3.2.2.1. <u>Laagste aksynsklas</u>.

(Vgl. kolomme 2A, 3A en 4A van Tabel 13.)

TABEL 13. AKSYNSBELASTING GEVORDER OP PYPTABAK VOLGENS AKSYNSGROEPE.

| 1. | 2. | | | 3. | | | | | | | 4. | | | | | | | 5. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JAARTAL | BELASTINGSTARIEF | | | GEWIG TABAK (MILJOEN LB.) | | | | | | | BEDRAG GEVORDER | | | | | | | GEM. PER LB. |
| | | | | A | | B | | C | | TOTAAL | A | | B | | C | | TOTAAL | |
| | A | B | C | LB. | % | LB. | % | LB. | % | LB. | £'000 | % | £'000 | % | £'000 | % | £'000 | d. |
| 1942 | - | 6d | - | - | - | 10.43 | 100% | - | - | 10.43 | - | - | 261 | 100% | - | - | 461 | - |
| | | | | * .06 | | | | | | | | | | | | | | |
| 1943 | 6d | 1/- | - | 1.79 | 20.30 | 7.29 | 79.70 | - | - | 9.14 | 46 | 11.29 | 364 | 88.71 | - | - | 411 | - |
| 1943 | 8d | 1/- | - | .68 | 36.55 | 1.18 | 63.45 | - | - | 1.86 | 23 | 27.75 | 59 | 72.25 | - | - | 82 | - |
| 1944 | 8d | 1/- | 2/- | 3.83 | 35.42 | 5.71 | 52.74 | 1.28 | 11.84 | 10.82 | 128 | 23.61 | 286 | 52.71 | 128 | 23.68 | 542 | 12.00 |
| 1945 | 8d | 1/- | 2/- | 4.31 | 35.60 | 6.51 | 53.80 | 1.28 | 10.60 | 12.10 | 144 | 24.04 | 326 | 54.52 | 128 | 21.44 | 598 | 11.85 |
| 1946 | 8d | 1/- | 2/- | 4.25 | 31.87 | 7.68 | 57.57 | 1.40 | 10.56 | 13.33 | 142 | 21.26 | 384 | 57.61 | 141 | 21.13 | 667 | 11.99 |
| 1947 | 8d | 1/- | 2/- | 3.59 | 27.18 | 8.00 | 60.58 | 1.61 | 12.24 | 13.20 | 120 | 17.56 | 400 | 58.71 | 162 | 23.73 | 682 | 12.39 |
| 1948 | 8d | 1/- | 2/- | 3.52 | 24.26 | 9.39 | 64.81 | 1.59 | 10.93 | 14.50 | 117 | 15.73 | 470 | 63.02 | 158 | 21.25 | 158 | 12.34 |
| 1949 | 8d | 1/- | 2/- | 3.47 | 22.34 | 10.32 | 66.53 | 1.73 | 11.13 | 15.52 | 116 | 14.36 | 516 | 64.16 | 173 | 21.48 | 805 | 12.44 |
| 1950 | 8d | 1/- | 2/- | 3.72 | 22.20 | 11.18 | 66.82 | 1.84 | 10.98 | 16.74 | 124 | 14.29 | 559 | 64.51 | 184 | 21.20 | 867 | 12.43 |
| 1951 | 8d | 1/- | 2/- | 3.65 | 21.59 | 11.41 | 67.43 | 1.86 | 10.98 | 16.92 | 122 | 13.87 | 571 | 64.97 | 186 | 21.16 | 879 | 12.43 |
| 1952 | 8d | 1/- | 2/- | .95 | 23.91 | 2.63 | 66.29 | .39 | 9.80 | 3.97 | 32 | 15.65 | 132 | 65.10 | 39 | 19.25 | 202 | 12.22 |
| 1952 | 1/2 | 1/6 | 2/6 | 2.99 | 21.21 | 9.33 | 66.25 | 1.77 | 12.54 | 14.09 | 174 | 15.91 | 700 | 63.92 | 221 | 20.17 | 1,095 | 18.66 |
| 1953 | 1/2 | 1/6 | 2/6 | 3.98 | 21.58 | 12.13 | 65.77 | 2.33 | 12.65 | 18.44 | 232 | 16.20 | 910 | 63.46 | 292 | 20.34 | 1,434 | 18.65 |
| 1954 | 1/2 | 1/6 | 2/6 | 4.03 | 20.35 | 12.85 | 64.84 | 2.94 | 14.81 | 19.82 | 235 | 15.02 | 964 | 61.55 | 367 | 23.43 | 1,566 | 18.96 |
| 1955 | 1/2 | 1/6 | 2/6 | 4.10 | 19.00 | 14.16 | 65.67 | 3.30 | 15.33 | 21.56 | 239 | 13.95 | 1,062 | 61.95 | 413 | 24.10 | 1,714 | 19.08 |
| 1956 | 1/2 | 1/6 | 2/6 | 4.38 | 18.55 | 15.42 | 65.28 | 3.82 | 16.17 | 23.62 | 256 | 13.53 | 1,156 | 61.20 | 477 | 25.27 | 1,889 | 18.89 |
| 1957 | 1/2 | 1/6 | 2/6 | 4.04 | 18.18 | 14.08 | 63.38 | 4.09 | 18.44 | 22.21 | 235 | 13.06 | 1,056 | 58.55 | 512 | 28.39 | 1,803 | 19.49 |
| 1958ø | 1/2 | 1/6 | 2/6 | 1.67 | 17.40 | 6.09 | 63.10 | 1.89 | 19.50 | 9.65 | 98 | 12.36 | 457 | 57.78 | 236 | 29.86 | 791 | 19.65 |
| 1958 | 1/11 | 2/6 | 4/2 | 2.19 | 19.20 | 7.06 | 61.70 | 2.19 | 19.10 | 11.44 | 210 | 13.55 | 883 | 57.02 | 456 | 29.43 | 1,549 | 32.48 |
| 1959 | 1/11 | 2/6 | 4/2 | 4.48 | 20.36 | 13.63 | 62.02 | 3.87 | 17.62 | 21.98 | 429 | 14.59 | 1,704 | 57.97 | 807 | 27.44 | 2,940 | 32.10 |
| 1961⊠ | 18.5c | 24.5c | 41.5c | | | | | | | | | | | | | | | |

* Gevorder in 1944.

ø Sluit klein gedeelte in waarop hoër belasting betaal is.

Bron: Departement van Doeane en Aksyns.

⊠ 1960 tariewe dieselfde as 1959.

Alhoewel hierdie aksynsgroep oorspronklik ingestel is om die minder gegoede roker in staat te stel om klein hoeveelhede tabak teen 'n lae prys te koop, het die totale hoeveelheid tabak in hierdie aksynsgroep tot 1958 min of meer konstant gebly. Volgens hierdie tabel het dit gedurende 1944 3.84 miljoen lb. beloop en veertien jaar daarna in 1958, 3.86 miljoen lb. In verhouding tot die totale verbruik van pyptabak was hier byna 'n 50%-daling in verbruik, naamlik van 35.4% in 1944 tot omtrent 18% in 1958 (vgl. Tabel 13, kolom 3A). Wat veral opvallend is, is dat die relatief grootste afname plaasgevind het net na die oorspronklike instelling van die gedifferensieerde tarief, en wel vanaf 1944 tot 1951 van 35.4% na 21.6%. Gedurende dieselfde tydperk het die betrokke aksynstariewe onveranderd gebly.

Wanpraktyke ten opsigte van die pryse waarteen lostabak in die kleinhandel verkoop is, het baie hiertoe bygedra. Dit dien verduidelik te word dat die aksynsbelasting op pyptabak deur fabrikante betaal word wanneer hulle die tabak aan groot- en kleinhandelaars verkoop. Ten einde te verseker dat kleinhandelaars die tabak teen die pryse wat deur die aksynsregulasies voorgeskryf word, verkoop, word kleinhandelaars van pryslyste voorsien waarop aangedui word teen watter pryse hulle die verskillende tipes tabak moet verkoop. Tipes pyptabak wat onder die laagste aksynsklas val, word in 10- tot 80 lb.-verpakkings aan kleinhandelaars verkoop teen pryse wat wissel tussen 52.5c. en 56c. per lb.[1] Die kleinhandelaars word toegelaat om hierdie tabak te verkoop teen pryse wat wissel tussen 15.2c. en 15.6c. per ¼ lb., wat hulle 'n bruto winsgrens van 9% tot 14% toelaat. Volgens kleinhandelaars wat genader is, is dit

----------

1) Prysopgawes van groothandelaars in 1961.

nie vir hulle lonend om tabak teen hierdie winsgrens te hanteer nie, veral in die gevalle waar die populêre aanvraag vir 5c.- en 10c.-pakkies is. Die uitweeg van sulke klein hoeveelhede is 'n duur proses, indien dit akkuraat gedoen moet word, en daarby is die tabak onderhewig aan verkrummeling, uitdroging en vermorsing, wat verdere verliese meebring. Volgens proefhoeveelhede wat aangekoop is, en navrae wat by reisigers van fabrikante gedoen is, is dit gevind dat 1 ons-pakkies tabak algemeen teen 5c. en selfs 6c. per pakkie en in enkele gevalle teen 4c. per pakkie in die kleinhandel verkoop word. Per 4 ons-hoeveelhede werk die prys dus uit op 16c. tot 24c. per ¼ lb., wat hierdie tabak laat kwalifiseer vir die hoogste en middel-aksynsgroepe, waarvan die voorgekrewe pryse 19½c. of meer per ¼ lb. en meer as 15½c. maar minder as 19½c. per ¼ lb. onderskeidelik is. Die ingeligte verbruiker sal dus, as hy dit kan bybring om 'n ¼ lb.-pakkie te koop, dwaas wees om 5c. of 10c. se lostabak teen die duurder prys te koop.

Sedert die verhoging in aksynstariewe in 1958 het die verbruik in die laagste aksynsgroep merkbaar begin toeneem, want waar dit net voor die jongste aksynsverhoging in 1958 maar 17.4% van die totale pyptabakverbruik uitgemaak het, was dit 20.51% gedurende die tweede helfte van 1959 (20.36% ten opsigte van die 1959-kalenderjaar). Hierdie toename was ten koste van 'n daling van 19.5% voor die aksynsverhoging na 17.62% in 1959) in die aandeel van die hoogste aksynsklas. As dit in aanmerking geneem word dat die 1958-verhoging ten opsigte van die hoogste tarief 16.7c. per lb. was en slegs 7½c. en 10c. in die geval van lostabak, kan aanvaar word dat baie rokers van ¼ lb.-pakkies tabak, nie die verhoogde prys wou of kon bybring nie en oorgeslaan het

na die rook van lostabak. Dit is 'n duidelike bewys dat waar die aksynsdiskriminasie teenoor sekere tipes of verpakkings tabak te ver gevoer word, dit die verbruik in 'n bepaalde rigting stuur en die een deel van die bedryf ten koste van 'n ander deel kan bevoordeel. Hierdie verbruiksneiging het ook 'n daling van 27.07c. na 26.8c. per lb. in die gemiddelde aksynsbelasting op pyptabak veroorsaak, wat 'n gevolglike verlies vir die staatskas beteken.

3.2.2.2. Middel-aksynsklas.

(Vgl. Tabel 13 kolomme 2B, 3B en 4B).

Vanaf 1944 tot die verhoging van aksynstariewe op pyptabak in 1952 het die verbruik van tabak wat in hierdie aksynsgroep val, aansienlik toegeneem van 5.7 miljoen lb. (52.7%) na 11.4 miljoen lb. (67.4%). Die relatiewe afname van 50% van die verbruik in die laagste aksynsgroep is dus opgeneem deur die middelgroep, waarvan die aandeel in die totale pyptabakverbruik met nagenoeg 28% toegeneem het van 52.74% na 67.4%. As die persentasies in kolomme 3A en 3B (Tabel 13) bymekaargetel word, sal gemerk word dat hierdie twee groepe saam vanaf 1944 tot 1951 min of meer 'n konstante aandeel van 90% van die totale pyptabakverbruik behou het. Die aksynsbelastingstariewe is in 1952 verhoog met 'n gelyke bedrag van 5c. per lb. ten opsigte van al die betrokke pyptabakprysklasse. Hierdie verhoging het blykbaar weinig invloed op die verbruik van pyptabak in hierdie aksynsgroep gehad, en selfs die 1958-verhoging dui slegs 'n geringe verbruiksverhoging aan maar dui nog geen duidelike tendens aan nie.

3.2.2.3. Hoogste aksynsklas.

Hierdie aksynsklas behels hoofsaaklik die mengsel

en spesiaal behandelde pyptabak. Dit is opmerklik dat die verhoging in aksynsbelasting gedurende 1958 sy invloed onmiddellik op die verbruik van die duurder pyptabakmengsels laat geld het. Waar hierdie tabak gedurende 1958 (voor die aksynsverhoging) 19.5% van die totale pyptabakverbruik uitgemaak het, het dit gedaal na 17.62% gedurende 1959.

### 3.2.3. Die invloed van gedifferensieerde aksynstariewe op die verbruik van die verskillende klasse tabak en die betrokke tabakprodukte.

Gedifferensieerde aksynstariewe kan een tipe of verpakking van tabak teenoor ander tipes bevoordeel ten gevolge van die prysverskil wat deur die aksynsvoorsprong geskep word. Die gemiddelde pryse van ligte tabak is hoër as dié van donker pyptabak. Waar die aksynsdifferensiasie alreeds die pyptabak wat onder die laagste aksynsgroepe val, 'n voorsprong in die mark gee, wat verskerp word indien aksynstariewe eweredig verhoog sou word, het dit blykbaar ook die uitwerking dat steeds minder ligte tabak in pyptabakmengsels gebruik moet word, sodat die betrokke mengsels hulle mededingende posisie in die mark kan handhaaf. Hierdie tendens word in Tabel 14 geopenbaar.

TABEL 14.

VERBRUIK VAN LIGTE- EN DONKERBLAD VIR DIE FABRIKASIE VAN PYPTABAK (MILJOENE LB.) 1954 TOT 1961.

| | L I G | | D O N K E R | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| | GEWIG | % | GEWIG | % | GEWIG |
| 1954 | 6.3 | 30.58 | 14.3 | 69.42 | 20.6 |
| 1955 | 7.9 | 37.61 | 13.1 | 62.39 | 21.0 |
| 1956 | 8.7 | 36.25 | 15.3 | 63.75 | 24.0 |
| 1957 | 6.5 | 28.51 | 16.3 | 71.49 | 22.8 |
| 1958 | 6.4 | 32.16 | 13.5 | 67.84 | 19.9 |
| 1959 | 5.8 | 26.48 | 16.1 | 73.52 | 21.9 |
| 1960 | 6.2 | 27.80 | 16.1 | 72.20 | 22.3 |
| 1961 | 5.9 | 27.96 | 15.2 | 72.04 | 21.1 |

Bron: Sentabak.

Gedurende 1954 was daar vir praktiese doeleindes geen tekorte van donker- of ligteblad in die land nie en daar is toe 30.58% ligteblad in pyptabakmengsels verwerk. Gedurende die jare 1955, 1956 en 1957 was daar 'n tydelike tekort aan donkerblad, maar gedurende 1958 het die produksie van donkerblad weer die verbruik oortref. Nogtans het die verbruik van ligteblad in pyptabakmengsels 32.16% van die totaal uitgemaak. 1959 toon egter 'n skerp daling na 26.48%, wat skynbaar gedeeltelik aan die aksynsdiskriminasie wat gedurende 1958 soos volg verskerp is, toegeskrywe moet word:

AKSYNSTARIEF OP PYPTABAK.


| | HOOGSTE GROEP | MIDDEL-GROEP | LOSTABAK-GROEP |
|---|---|---|---|
| Voor verhoging ..... | 25c. | 15c. | 11.7c. |
| Na verhoging (1958). | 41½c. | 24.5c. | 18.5c. |
| Verskil ............ | + 16½c. | + 9.5c. | + 6.8c. |

Bron: Sentabak.

Alhoewel die voorkeur van verbruikers vir die een of ander tipe rookgoed 'n beperkte mate van diskriminasie kan verduur, moet dit nie te ver gevoer word nie, want dan bestaan die gevaar dat 'n gedeelte van die bedryf benadeel en 'n ander gedeelte kunsmatig bevoordeel kan word. Volgens Figuur 27, wat die verbruik van tabak (by fabrikasie) oor 'n aantal jare voorstel, het die totale verbruik van alle tipes Virginiese tabak gesamentlik in Suid-Afrika deurgaans 'n betreklik egalige styging getoon. Die verbruik van ligte tabak het gedurende en ná die oorlogsjare tot in 1945 snel toegeneem, maar dit het daarna betreklik staties op ongeveer 27 tot 30 miljoen lb. per jaar gebly. In die geval van

FIGUUR 27.

VERBRUIK (FABRIKASIE) VAN BLADTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939 - 1961. (IN MILJOENE LB.)




Bron: Sentabak.

Vgl. Aanhangsel 15.

donker pyptabak was daar egter 'n groot toename: eintlik het dit meer as verdubbel van minder as 8 miljoen lb. in 1947 tot oor die 20 miljoen lb. in die jongste tyd. Dit is moeilik om vas te stel in watter mate die daling in verbruik van ligteblad in pypmengsels, wat hierbo behandel is, bostaande tendens beïnvloed het, aangesien die groot verskil tussen die belasting op pyptabak en sigarette ook 'n diskriminerende uitwerking op die verbruik van die twee tipes tabak gehad het en tot die ongelyke toename in die verbruik van die twee tipes bygedra het. Gedurende 1958 is die differensiasie in aksynstariewe tussen pyptabak en sigarette nog verder verhoog en wel soos volg:


| | SIGARETTE BASIS 2½ LB. PER 1,000 | GEMID. TARIEF OP PYPTABAK | DIFFERENSIASIE |
|---|---|---|---|
| | per lb. | per lb. | per lb. |
| Tarief voor verhoging in 1958 (per lb.) | 117.5c. | 16.3c. | 101.2c. |
| Tarief na verhoging (per lb.) | 184.2c. | 27.0c. | 157.2c. |

Ten gevolge hiervan was daar 'n verdere daling in die verbruik van ligteblad en 'n toename by donkerblad, sodat, waar die verbruik van donkerblad gedurende die jare 1946 tot 1948 maar nagenoeg $^{1}/5$de van die totale landsverbruik uitgemaak het, die verhouding van lig teenoor donker gedurende 1959, 58:42 was.

Dieselfde tendens is ook waarneembaar as die verbruik van sigarette met dié van pyptabak vergelyk word. Voor die Tweede Wêreldoorlog en ook daarna was daar 'n groot relatiewe afname in die verbruik van pyptabak en 'n relatiewe toename in die verbruik van sigarette. Volgens Figuur 28 het die verbruik van pyptabak sedert

FIGUUR 28.[1]

VERBRUIK (FABRIKASIE) VAN SIGARETTE EN PYPTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1945 TOT 1960.




Bron: Sentabak.

1) Vgl. Aanhangsel 11.

1945 baie vinnig veld gewen teenoor die verbruik van sigarette. As dit in aanmerking geneem word dat die roker van 800 sigarette (2 lb.) per maand byna R3.70 aan aksynsbelasting moet betaal, teenoor 54 sent van dié van die pyproker van 'n gelyke hoeveelheid tabak (2 lb.), is dit ook net logies dat dit uit 'n kosteoogpunt vir die roker voordeliger is om 'n pyp eerder as sigarette te rook. Hierdie tendens is 'n regstreekse teenstelling met die wêreldneiging dat steeds groter hoeveelhede tabak in sigaretvorm as in enige ander vorm verbruik word. Sowat twintig jaar gelede het die verbruik van sigarette slegs een derde van die totale verbruik van tabak in die vrye wêreld verteenwoordig, terwyl dit in 1960 meer as 60% daarvan uitgemaak het. Slegs sowat 11% is in 1960 in die vorm van gekerfde en rooktabak verbruik, 1% in die vorm van sigare en meer as 6% in die vorm van snuif en roltabak.[1] Die feit dat die verbruik van sigarette nie in dieselfde mate as dié van pyptabak in Suid-Afrika toegeneem het nie, kan in 'n groot mate aan die gedifferensieerde belastingstruktuur toegeskrywe word.

3.2.4. <u>Kritiese beoordeling</u>.

By die beoordeling van die bevorderlikheid van die een of ander aksynsbelastingstelsel vir die tabakbedryf in besonder en die landsekonomie in die algemeen, moet dit in gedagte gehou word dat daar verskillende partye is wat daarby betrokke is en na wie se belange omgesien moet word. Sonder om in besonderhede hierop in te gaan, behoort die hoofoogmerk te wees om, binne die raamwerk van die tabakbeheerskema en die produksie- en verbruiksamestelling, die natuurlike ontwikkeling van

----------

1) Tobacco, Barclays Bank D.C.O., a.w., p.56.

die bedryf te bevorder. Enige maatreëls, soos aksynsregte, wat een gedeelte produsente of verbruikers teenoor 'n ander seksie benadeel of bevoordeel, is ongeregverdig. Gedifferensieerde aksynstariewe is onder sekere omstandighede verdedigbaar. In hierdie opsig word byvoorbeeld aan etiese gronde, gesondheidsoorwegings, ens. gedink. Produkte kan dan volgens die persentasie inhoud van die skadelike elemente daarin belas word. In die geval van tabak bestaan daar nie so 'n basis waaraan die aksynsdiskriminasie gekoppel is nie. Sodanige basis sou verhoed dat daar tussen tabaktipes ten onregte gediskrimineer sou word. By gebrek aan sodanige gronde is dit nie duidelik waarom daar teen verbruikers, hetsy in die hoër of laer inkomstegroepe, gediskrimineer moet word nie, indien hulle die een of ander produk bo die tipes tabak wat in die laer aksynsgroepe val, sou verkies nie. As die laagbesoldigde roker van pyptabak byvoorbeeld beskerming in die vorm van 'n betreklik lae aksynsreg nodig het, waarom nie ook die minder gegoede rokers van sigarette nie?

Uit 'n sosio-ekonomiese oogpunt mag dit wenslik wees dat 'n goedkoper produk aan die minder gegoede roker verskaf word. As dit egter aan die lig kom dat die betrokke prysvoorskrifte nie in die praktyk nagekom word nie, behoort daar stappe gedoen te word om te verseker dat die betrokke verbruikers wel die beoogde voordele geniet.

Met die oog op die voorgaande sou dit wenslik wees dat die Staat sy beleid in verband met die verskille in belastings ten opsigte van die verskillende tabakprodukte in heroorweging neem. Hierdie heroorweging kan in die lig van 'n verbruiksopname gedoen word ten einde ongeregverdigde diskriminasie te verhoed. Ten einde

enige ongewenste tendense uit te skakel sal die posisie periodiek in hersiening geneem moet word en stappe gedoen moet word om toe te sien dat uitvoering aan die Staat se beleid in hierdie verband gegee word.

## 4. AKSYNSTARIEWE EN VERBRUIKSTENDENSE.

### 4.1. Algemeen.

Aangesien belastings vir 'n groot deel van die pryse van tabakprodukte in die meeste lande van die wêreld verantwoordelik is, het dit ook 'n belangrike invloed op die verbruik. Soos uit die volgende paragrawe duidelik sal blyk, het die meeste verhogings van belastings in Suid-Afrika 'n stremmende invloed op die verbruik uitgeoefen. Dit kan dus ook verwag word dat enige verminderings in belastingstariewe die verbruik sal laat toeneem. Volgens 'n studie[1)] van die mark wat deur een van die grootste sigaretfabrikante in Duitsland gemaak is, het die verbruik van sigarette in Duitsland na die hersiening van aksynsbelastingtariewe in 1952, ten gevolge waarvan sigaretpryse verminder het, snel toegeneem. Voor die hersiening in 1952 het die gemiddelde sigaretroker 6.5 sigarette per dag gerook, waarna dit toegeneem het na 10 per dag in 1956 en 12 per dag in 1960.


### 4.2 Verbruiksreaksies en aksynsverhogings in Suid-Afrika.

As die verbruik in Suid-Afrika nagegaan word, word gevind dat daar tot in 1957 jaarliks 'n toename van nagenoeg 4½% per jaar in die totale verbruik van alle tipes Virginiese tabak was. In Figuur 29 word die verbruik sedert 1939 met 'n konstante toename van 4½% per jaar vergelyk. Volgens hierdie figuur was die styging gedurende die Tweede Wêreldoorlog en 'n paar jaar daarna groter as 4½%.

----------

1) Morgenbesser, H. Germany's cigarette smokers - What they smoke and why in Tobacco. 29 Junie 1961, p.98.

FIGUUR 29.[1] TOTALE VERBRUIK VAN ALLE VIRGINIESE TIPES BLADTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939 TOT 1961 VERGELYK MET 'N JAARLIKSE VERBRUIKSTOENAME VAN 4½%.





Bron: Sentabak.

1) Vgl. Aanhangsel 15.

Die volgende elf jaar na 1946 het die verbruik min of meer hierdie kurwe gevolg, maar veral na 1947 het daar 'n groot afwyking ingetree. Figure 30 en 31, waarin die verbruikstendense ten opsigte van pyptabak en sigarette in die lig van die 4½%-verbruikstoename gemeet word, toon dieselfde verskynsel in 'n mindere of meerdere mate. Dit sal ook volgens hierdie figure opgemerk word dat daar gedurende die oorlogsjare 'n geweldige toename in die verbruik in sigarette ten koste van pyptabak was, wat selfs nie deur verhoogde aksynsregte gestuit is nie. Soos op die betrokke grafiek aangedui, was die aksynsreg op sigarette in 1939 nagenoeg 25c. per lb. In 1940 en 1941 is hierdie belasting met 15c. en 12c. onderskeidelik verhoog. Gedurende die volgende twee jare is die belastings weer met 16c. elk verhoog, en dit skyn asof hierdie verhoging die snel stygende verbruik gestuit het, waarna die toename baie meer geleidelik was. In 1952 is die belasting op sigarette weer met 34c. per lb. verhoog teenoor 'n 5c. verhoging ten opsigte van pyptabak, wat weer 'n dempende uitwerking gehad het. Gedurende 1956 en 1957 was daar 'n effense oplewing, maar na die 66c. belastingverhoging op sigarette in 1958 het die verbruik skerp gedaal en tot in 1961 nog geen oplewing getoon nie. In die geval van pyptabak is die normale 4½%-styging tot in 1957 gehandhaaf, waarna die verbruik gedaal en staties gebly het.

Tabakprodusente beweer dat die daling in verbruik aan die verhoogde belasting gewyt moet word en dat die surplusposisie hierdeur vererger is. Hierdie afleiding blyk korrek te wees, as in aanmerking geneem word dat daar gedurende dieselfde tydperk 'n normale aanwas in die bevolking en ook 'n aansienlike styging in die nasionale inkomste was. Daar verskyn dikwels berigte in die pers wat die ontstaan van longkanker aan die rook van sigarette wil koppel. In ander

FIGUUR 30. VERBRUIK VAN SIGARETTE IN SUID-AFRIKA VANAF 1939 TOT 1961[1] VERGELYK MET 'N JAARLIKSE TOENAME VAN 4½%.





1) Bron: Sentabak.

FIGUUR 31.

VERBRUIK VAN PYPTABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1939 TOT 1961[1)] VERGELYK MET 'N JAARLIKSE TOENAME VAN 4½%.

———————— Werklike verbruik.
— — — — — — — Denkbeeldige verbruikskurwe jaarlikse verhoging van 4½%.




1) Bron: Sentabak.

lande van die wêreld was die verbruik tot onlangs nie hierdeur geaffekteer nie. Dit is ook onwaarskynlik dat die betrokke persberigte die verbruik van sigarette in Suid-Afrika noemenswaardig beïnvloed het.

4.3. Verbruik per kop van bevolking.

As die verbruik van tabak per volwasse persoon in Suid-Afrika met verskillende ander lande van die wêreld vergelyk word, is dit betreklik laag, veral as die vergelyking tot nywerheids-ontwikkelde lande beperk word. (Vgl. Tabel 15.) Ongelukkig is die inligting vervat in Tabel 15 taamlik verouderd. Dit is nietemin interessant om na aanleiding van die volgende aanhaling 'n verklaring vir die verskille in verbruik te probeer vind.

„These average per adult consumption figures, which to some extent reflect the general standard of living of the populations concerned, as well as the degree of urbanisation, have taken as a whole, increased during the present century at a fairly steady rate, apart from some dramatic fluctuations during the war. They rose sharply during the first world war and continued to grow until the great economic depression in the early thirties brought a setback. During the later thirties a new high level was reached and demand was undoubtedly stimulated during the second world war, when high employment levels and increased incomes prevailed along with a shortage of other consumer goods. Consumption rose steeply at this time when and as soon as supplies were available. On the other hand shortage of foreign exchange cut down supplies in some importing countries in the early post-war period - though some governments have given a degree of preference to the high revenue-producing tobacco imports, even in times of serious balance of payments difficulty. Also, a much heavier taxation in the post-war years, the higher tobacco prices and the considerable increase in

manufacturing costs have tended to discourage demand to some extent.

The burden of taxation on the tobacco industry is probably one of the reasons why world consumption of tobacco products is not increasing at a faster rate."[1)]

TABEL 15.

VERBRUIK VAN TABAKPRODUKTE IN VERSKILLENDE LANDE VAN DIE WêRELD IN 1947. (SAMESTELLING VAN VERBRUIK SOWEL AS VERBRUIK PER VOLWASSE PERSOON.)

| LAND | VOLWASSE BEVOLKING 15 JAAR EN OUER | TOTALE VERBRUIK | % SAMESTELLING VAN VERBRUIK | | | GEWIG PER PERSOON |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | SIGARETTE | SIGARE | ANDER TABAKPRODUKTE | |
| | MILJOENE | MILJ.LB. | % | % | % | LB. |
| V.S.A. | 119.1 | 1,210 | 76.2 | 9.3 | 14.5 | 10.2 |
| V.K. | 39.6 | 261 | 86.3 | .5 | 13.2 | 6.6 |
| JAPAN | 61.4 | 235 | 95.1 | - | 4.9 | 3.8 |
| WES-DUITSLAND | 40.2 | 191 | 56.5 | 29.4 | 14.1 | 4.7 |
| FRANKRYK | 33.0 | 142 | 69.1 | 1.0 | 29.9 | 4.3 |
| ITALIë | 35.9 | 110 | 85.3 | 3.3 | 11.4 | 3.1 |
| BRASILIë | 35.1 | 106 | 93.8 | 3.5 | 2.7 | 3.0 |
| KANADA | 11.1 | 93 | 71.2 | 5.0 | 23.8 | 8.0 |
| MEXIKO | 17.2 | 70 | 99.1 | .6 | .3 | 4.1 |
| SPANJE | 21.4 | 68 | 50.8 | 2.2 | 47.0 | 3.2 |
| TURKYE | 15.2 | 64 | 89.1 | - | 10.9 | 4.2 |
| HOLLAND | 7.7 | 63 | 47.1 | 23.0 | 29.9 | 8.2 |
| ARGENTINIë | 15.6 | 61 | 84.7 | 3.0 | 12.3 | 3.9 |
| AUSTRALIë | 6.8 | 50 | 61.4 | .4 | 28.2 | 7.3 |
| SUID-AFRIKA | 8.8 | 48 | 53.0 | - | 47.0 | 5.4 |
| BELGIë | 7.0 | 43 | 45.5 | 4.2 | 50.3 | 6.2 |
| SWITSERLAND | 3.9 | 28 | 57.5 | 27.7 | 14.8 | 7.3 |
| SWEDE | 5.6 | 23 | 57.5 | 1.3 | 41.2 | 4.2 |
| DENEMARKE | 3.3 | 24 | 46.0 | 10.3 | 43.7 | 7.3 |
| GRIEKELAND | 6.0 | 24 | 100.0 | - | - | 4.0 |
| OOSTENRYK | 5.5 | 22 | 85.2 | 3.7 | 11.1 | 3.9 |
| PORTUGAL | 6.3 | 13 | 84.2 | - | 15.8 | 2.1 |
| IERLAND | 2.0 | 13 | 84.8 | - | 15.2 | 6.3 |
| FINLAND | 3.0 | 12 | 87.8 | .8 | 11.4 | 4.1 |
| NOORWEë | 2.6 | 12 | 31.9 | .9 | 67.2 | 4.3 |
| NIEU-SEELAND | 1.5 | 11 | 59.5 | - | 40.5 | 7.4 |
| FEDERASIE VAN RHODESIë EN NJASSALAND | 2.4 | 9 | 93.0 | - | 7.0 | 3.6 |

Bron: Tobacco, Barclays Bank D.C.O., a.w., p.60.

----------

1) Tobacco, Barclays Bank D.C.O., a.w., p.61.

As verbruikstendense per eenheid van bevolking oor 'n aantal jare in Suid-Afrika nagegaan word (vgl. Tabel 16) is dit opvallend dat, alhoewel die verbruik per hoof van totale bevolking sedert die Tweede Wêreldoorlog snel toegeneem het tot in 1957, daar sedertdien 'n afname was.

TABEL 16.

JAARLIKSE VERBRUIK VAN VIRGINIESE TABAK IN SUID-AFRIKA PER EENHEID VAN TOTALE BEVOLKING OOR 'N AANTAL JARE VANAF 1941 TOT 1960.

| JAARTAL | VERBRUIK PER PERSOON |
|---|---|
| 1941 | 2.5 lb. |
| 1946 | 3.1 lb. * |
| 1951 | 3.4 lb. * |
| 1957 | 3.7 lb. |
| 1960 | 3.1 lb. * |

* Gebaseer op bevolkingsyfers volgens sensusopnames, terwyl vir die jare 1941 en 1957 die middeljaarberamings van die Departement van Sensus en Statistiek gebruik gemaak is.

Bron: Verwerking van gegewens verkry van Sentabak en die Dept. van Sensus en Statistiek.

Volgens voormelde tabel het die verbruik per hoof van bevolking met byna 50% vanaf 1941 tot 1957 toegeneem, waarna dit van 3.7 lb. na 3.1 lb. gedaal het. Dit beteken dat die verbruik per persoon sedert 1957 afgeneem het, omdat hulle minder begin rook het of sommige rokers opgehou het om te rook. Moontlik was dit 'n kombinasie van die twee.

4.4. Private verbruiksbesteding.

Tabel 17 bevat besonderhede omtrent sowel die private verbruiksbesteding teen heersende pryse as omtrent die reële verbruiksbesteding teen 1953-pryse. Die reële verbruiksstatistiek verskaf 'n belangrike maatstaf van die mate waarin die lewenstandaarde wat werklik deur 'n bevolking gehandhaaf

TABEL 17. VERBRUIKSBESTEDING IN SUID-AFRIKA 1951 - 1959. (R.S.A. MILJOENE RAND.)

| | 1951 | 1952 | 1953 | 1954 | 1955 | 1956 | 1957 | 1958 | 1959 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) Teen heersende pryse. | | | | | | | | | |
| 1. Voedsel ................................ | 592.4 | 712.0 | 771.6 | 807.2 | 841.4 | 892.4 | 949.2 | 993.0 | 1012.0 |
| 2. Klerasie en persoonlike toebehore ...... | 299.6 | 322.4 | 347.6 | 372.8 | 404.2 | 473.0 | 448.6 | 470.4 | 495.0 |
| 3. Vervoer en kommunikasie ................ | 197.4 | 213.6 | 231.6 | 244.6 | 279.0 | 294.2 | 348.8 | 396.2 | 406.2 |
| 4. Meubels, toebehore, ens. ............... | 146.8 | 156.4 | 162.6 | 174.0 | 191.8 | 197.2 | 214.8 | 224.4 | 236.0 |
| 5. Huur, eiendomsbelasting, ens. .......... | 113.4 | 122.6 | 129.2 | 144.4 | 156.0 | 163.2 | 183.0 | 193.0 | 203.0 |
| 6. Lopende huishouding .................... | 84.0 | 92.6 | 100.6 | 109.2 | 120.4 | 130.8 | 140.8 | 149.8 | 158.8 |
| 7. Drank .................................. | 102.6 | 114.4 | 117.0 | 119.6 | 122.4 | 120.2 | 132.6 | 146.4 | 151.0 |
| 8. Ontspanning en vermaak ................. | 95.2 | 104.0 | 110.8 | 117.0 | 124.2 | 133.6 | 141.0 | 144.2 | 148.4 |
| 9. Persoonlike versorging en gesondheid ... | 72.8 | 81.4 | 89.0 | 96.0 | 103.0 | 109.8 | 119.0 | 130.0 | 140.8 |
| 10. Tabak ................................. | 79.0 | 92.4 | 94.2 | 98.0 | 100.4 | 110.8 | 115.8 | 123.4 | 125.0 |
| 11. Brandstof en lig ...................... | 35.6 | 36.8 | 40.8 | 44.2 | 48.0 | 50.6 | 57.0 | 63.4 | 67.8 |
| 12. Diverse dienste ....................... | 40.8 | 45.6 | 51.0 | 55.4 | 60.2 | 65.8 | 70.2 | 75.8 | 82.2 |
| 13. Buitelandse sektor .................... | 1.2 | - .8 | 2.2 | 4.2 | 4.0 | 1.6 | .6 | 3.4 | 7.8 |
| TOTALE PRIVATE VERBRUIKSBELASTING ...... | 1860.8 | 2093.4 | 2248.2 | 2386.6 | 2555.0 | 2693.2 | 2921.4 | 3113.4 | 3234.0 |
| (b) Reële verbruiksbesteding teen 1953 pryse | | | | | | | | | |
| 1. Voedsel ................................ | 723.8 | 746.6 | 771.6 | 804.8 | 813.8 | 833.6 | 865.8 | 883.4 | 889.8 |
| 2. Klerasie en persoonlike toebehore ...... | 308.6 | 319.4 | 347.6 | 370.2 | 399.0 | 416.2 | 440.0 | 459.6 | 483.8 |
| 3. Vervoer en kommunikasie ................ | 219.4 | 223.6 | 231.6 | 236.2 | 266.8 | 279.6 | 322.0 | 351.2 | 350.8 |
| 4. Meubels, toebehore, ens. ............... | 152.2 | 159.4 | 162.6 | 171.8 | 188.4 | 191.2 | 204.8 | 212.0 | 222.4 |
| 5. Huur, eiendomsbelasting, ens. .......... | 120.8 | 124.8 | 129.2 | 134.0 | 138.8 | 143.6 | 148.4 | 153.6 | 159.6 |
| 6. Lopende huishouding .................... | 93.4 | 96.8 | 100.6 | 104.0 | 107.8 | 110.8 | 113.8 | 116.6 | 119.6 |
| 7. Drank .................................. | 106.6 | 117.0 | 117.0 | 120.6 | 123.0 | 127.0 | 132.4 | 131.8 | 138.4 |
| 8. Ontspanning en vermaak ................. | 104.8 | 107.2 | 110.8 | 114.8 | 118.0 | 125.4 | 129.0 | 128.4 | 130.6 |
| 9. Persoonlike versorging en gesondheid ... | 79.4 | 83.4 | 89.0 | 94.8 | 98.8 | 103.2 | 107.4 | 111.8 | 118.6 |
| 10. Tabak ................................. | 90.6 | 92.4 | 94.2 | 97.0 | 96.6 | 103.6 | 104.0 | 98.0 | 95.6 |
| 11. Brandstof en lig ...................... | 39.6 | 39.6 | 40.8 | 42.8 | 44.6 | 46.4 | 48.8 | 50.8 | 52.8 |
| 12. Diverse dienste ....................... | 46.8 | 48.4 | 51.0 | 53.6 | 57.6 | 62.0 | 64.6 | 67.8 | 71.6 |
| 13. Buitelandse sektor .................... | - 1.2 | - 1.6 | 2.2 | 4.2 | 3.8 | 1.8 | - .8 | 2.6 | 2.6 |
| TOTALE REëLE BESTEDING ................. | 2082.8 | 2157.0 | 2248.2 | 2348.8 | 2457.0 | 2544.4 | 2680.2 | 2767.6 | 2836.0 |

Bron: Suid-Afrikaanse Reserwebank. Bylaag tot statistiese kwartaalblad, Desember 1960, Tabelle 2 en 3.

word, met die verloop van tyd verander. Volgens die betrokke tabel het die totale reële private verbruik met 36% vanaf R2,082.8 miljoen in 1951 na R2,836.0 miljoen in 1959 toegeneem. Daar was dus 'n jaarlikse gemiddelde toename van nagenoeg 4%. Die totale bevolking het oor dieselfde tydperk met 1.8% per jaar toegeneem, sodat daar 'n gemiddelde jaarlikse toename van meer as 2% in die reële verbruik per hoof van bevolking was.


As die betrokke tabel verder ontleed word, blyk dit dat tabakverbruik nie in die voordeel van die bevolkingsaanwas en groter welstand gedeel het nie. Tabak is inderdaad die enigste produk waarvan die reële verbruik sedert 1959 'n daling getoon het. Die relatiewe belangrikheid van tabak in die reële verbruik toon 'n aansienlike daling van 4.4% in 1951 tot 3.4% in 1959, 'n daling dus van meer as 20%. Selfs in die geval van alkoholiese drank, waarop die aksynsbelasting ook in 1958 verhoog is, was daar 'n toename daarna. Ook hierdie syfers dui daarop dat die verbruik van tabak in Suid-Afrika deur aksynsbelastings aan bande gelê word en selfs ernstig benadeel word.

4.5. <u>Kleinhandelsprysindekse (alle items vergelyk met sigarette) en die verbruik van sigarette</u>.

Soos uit Figuur 32 blyk, het die pryse van sigarette min of meer tred gehou met ander kleinhandelpryse. Sedert 1940 was daar 'n afwyking wat tot 1951 geduur het. Daarna het die twee kurwes weer tot in 1957 taamlik na aan mekaar geloop, maar na die verhoging in die aksynsbelasting in 1958 het sigarette buitengewoon duur in verhouding tot ander verbruiksgoedere geword. Indien voormelde figuur in samehang met Figuur 30 bestudeer word, word daar verdere bevestiging gevind dat die verhoging in belastings van 1958 die verbruik van sigarette baie nadelig beïnvloed het.

FIGUUR 32.

KLEINHANDELSPRYSINDEKS, VERGELYK MET SIGARETTE-PRYSINDEKS IN SUID-AFRIKA VANAF 1938 TOT 1961 MET 1938 AS BASISJAAR.




Bron: Die Direkteur van Sensus en Statistiek soos verstrek aan Sentabak.

## 5. TABAKBELASTINGS IN SEKERE ANDER LANDE VAN DIE WêRELD.

### 5.1. Verenigde Koninkryk.

Daar word dikwels beweer dat belastings wat op tabak in die Verenigde Koninkryk gehef word, heelwat hoër as in Suid-Afrika is en dat die Suid-Afrikaanse verbruiker homself gelukkig behoort te ag dat hy sy rookgoed teen 'n aansienlik laer prys kan koop. Hierdie vergelyking blyk ongeregverdig te wees, omdat omstandighede in die twee lande aansienlik verskil. In hierdie verband kan net gemeld word dat die samestellings van die twee bevolkings verskil, asook die lewenstandaarde en gewoontes. Verder moet dit in gedagte gehou word dat die Verenigde Koninkryk nie 'n tabakprodu-serende land is nie. In die twee lande sal die faktore wat in aanmerking geneem word by die vasstelling van die belas-tingtariewe, gevolglik ook nie dieselfde wees nie.

Besonderhede omtrent die koerse waarteen belastings in die Verenigde Koninkryk gehef is, verskyn in Tabel 18. Hierdie tabel dek die tydperk vanaf 1863. Wat veral interessant is, is dat geen onderskeid tussen sigarette en pyptabak gemaak word nie en dat albei soorte onderhewig aan dieselfde tariewe is. Verder dien daarop gewys te word dat die basiese belastingstarief ten opsigte van ingevoerde onverwerkte tabak gebaseer is op 'n voginhoud van nie minder nie as 10%. Soortgelyke tabak uit Statebondslande geniet 'n voorkeur van 1/6½d. per lb. Daar bestaan ook sekere spesifieke tariewe ten opsigte van ontrugte tabak, tabak met 'n voginhoud van minder as 10% en verwerkte tabak.

### 5.2. Die Federasie van die Rhodesiës en Njassaland.

Tabel 19 bevat besonderhede omtrent die belasting-tariewe wat sedert 1937 in die Federasie op sigarette van toepassing was.

TABEL 18.

TABAKBELASTINGS IN DIE VERENIGDE KONINKRYK EN KLEINHANDELPRYS VAN SIGARETTE - 1863 TOT 1961.

| JAARTAL WAARIN BELASTING VERHOOG IS. | NORMALE TARIEF PER LB. | | RYKSVOORKEUR-TARIEF | | KLEINHANDEL-PRYS VAN 20 SIGARETTE | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | s. | d. | s. | d. | s. | d. |
| 1863 | 3 | 2 | - | - | - | - |
| 1878 | 3 | 6 | - | - | - | - |
| 1887 | 3 | 2 | - | - | - | - |
| 1898 | 2 | 8 | - | - | - | - |
| 1900 | 3 | 0 | - | - | - | - |
| 1909 | 3 | 8 | - | - | - | 8 |
| 1915 | 5 | 6 | - | - | - | 8 |
| 1917 | 7 | 4 | - | - | - | 10 |
| 1917 | 6 | 5 | - | - | - | 9 |
| | | | Van 1919 | | | |
| 1918 | 8 | 2 | 7 | 6 | - | 10 |
| | | | Van 1925 | | | |
| 1927 | 8 | 10 | 6 | 1½ | 1 | 0 |
| | | | Van 1927 | | | |
| | | | 6 | 9½ | | |
| 1931 | 9 | 6 | 7 | 5½ | 1 | 0 |
| 1939 | 11 | 6 | 9 | 5½ | 1 | 1 |
| 1939 | 13 | 6 | 11 | 5½ | 1 | 2 |
| 1940 | 17 | 6 | 15 | 5½ | 1 | 5 |
| 1940 | 19 | 6 | 17 | 5½ | 1 | 6 |
| 1942 | 29 | 6 | 27 | 5½ | 2 | 0 |
| 1943 | 35 | 6 | 33 | 11½ | 2 | 4 |
| 1947 | 54 | 10 | 53 | 3½ | 3 | 4 |
| 1948 | 58 | 2 | 56 | 7½ | 3 | 6 |
| 1956 | 61 | 2 | 59 | 7½ | 3 | 10 |
| 1960 | 64 | 6 | 62 | 11½ | 4 | 1 |
| 1961 | | + 10% | | + 10% | 4 | 6 |

Bron: Tobacco. Barclays Bank D.C.O. [illegible]

TABEL 19.

SIGARETBELASTINGSTARIEWE IN DIE FEDERASIE VAN DIE RHODESIEËS EN NJASSALAND VANAF 1937 TOT 1955.

| DATUM | BELASTING PER POND. BEREKEN TEEN 2½ LB. PER 1,000 SIGARETTE | |
|---|---|---|
| | s. | d. |
| 1937 | 3 | 2 |
| 1939 | 4 | 6 |
| 1940 | 5 | 0 |
| 1942 | 6 | 4 |
| 1946 | 8 | 2 |
| 1948 | 11 | 6 |
| 1949 | 18 | 6 |
| 1950 | 11 | 6 |
| 1954 | 4 | 6 |
| 1955 | 4 | 7 |

Bron: Sentrale Tabaknavorsingsinstituut.

Die tarief wat in 1955 ingestel is, was volgens inligting ingewin van die Sentrale Tabaknavorsingsinstituut nog in 1960 van krag. Die belasting op sigarette was dus nog in 1960 4/7 per lb. en op pyptabak 2/6 per lb. Dit is opvallend dat die belasting op 28 April 1948 verhoog is na 18/6 per lb. en die volgende jaar verminder is na 11/6. Een van die belangrikste redes waarom die belasting verminder is, was omdat die hoë belasting 'n aansienlike daling in die verbruik bewerkstellig het.

Rhodesiese toestande is meer vergelykbaar met Suid-Afrikaanse toestande, en as die hoë belasting van 18/6 per lb. 'n daling in verbruik veroorsaak het, is dit verstaanbaar dat 'n soortgelyke belastingpeil dieselfde uitwerking op verbruik in Suid-Afrika sal hê.

### 5.3. België.

In België, Holland en Luxemburg word 'n ad valorem-doeanetarief van 35% op ingevoerde rooktabak gehef. Verder word 'n aksynsreg van 44%, wat gebaseer is op die kleinhandelprys van die betrokke tabakproduk, gevorder.

Ad valorem-regte het 'n diskriminerende uitwerking op die verbruik van die duurder grade bladtabak. In 'n later hoofstuk oor uitvoer sal weer daarop gewys word dat lande soos België, Holland en Luxemburg verbruikers van goedkoop tabak is, en gevolglik is die verbruik van pyptabak in hierdie lande hoër as in ander, juis omdat die goedkoper, swaarder en donkerder grade tabak uiters geskik is vir die vervaardiging van pyptabak. Ten gevolge van die ad valorem-belastings is die kleinhandelpryse van pyptabak wat die goedkoper grade bevat, ook heelwat laer as dié van sigarette wat die ligter en duurder grade bevat.

### 5.4. Verenigde State van Amerika.

In die Verenigde State van Amerika word verskillende belastings op tabak in die verskillende state gehef. Om 'n 'n idee te kry hoe swaar tabak in die V.S.A. belas word, is dit interessant om die volgende aan te haal:

„For every dollar the tobacco farmer received for tobacco used in domestically consumed cigarettes, $ 3.23 was collected in taxes by federal, state and local government on cigarettes manufactured from tobacco. Cigarette taxes account for between 48 and 75 per cent of what the smoker pays."[1)]

As belastings in Suid-Afrika met dié van die V.S.A. vergelyk word, word gevind dat die posisie nie baie van die voorgaande verskil nie. Volgens Figuur 26 ontvang die Staat in Suid-Afrika nagenoeg 51.8% van die prys van sigarette en tabakkoöperasies 11.8%. Vir elke R1-00 wat die boer vir sigarettabaktipes in Suid-Afrika ontvang, samel die Staat nagenoeg R5-00 in.

1) Aanhaling uit Sentabak-korrespondensie. Vgl. ook Calamia, E.F. How tobacco taxes hurt the consumer and merchant in Tobacco Science, Februarie 20, 1959, p.10.

Volgens die voorgaande uiteensetting is tabakbelastings veral ten opsigte van sigarette in Suid-Afrika geensins so laag as wat algemeen gedink word nie, veral nie as die invloed daarvan op die verbruik, bevolkingsamestelling en faktore soos die gemiddelde inkomste per hoof van bevolking ook in aanmerking geneem word nie.

## 6. SAMEVATTING.

Die vraag na bladtabak is afhanklik van die vraag na die eindprodukte wat van tabak gemaak word. Die prys van bladtabak maak 'n betreklik geringe deel van die prys van die eindproduk uit, veral in die geval van sigarette, en die prys van die grondstof kan die verbruik of vraag dus slegs in 'n beperkte mate beïnvloed. Die belangrikste afsonderlike faktor wat die pryse van die belangrikste tabakprodukte beïnvloed, is belastings. Die onoordeelkundige optrede van die staat kan in hierdie opsig die verbruik baie nadelig beïnvloed met ernstige gevolge vir tabakprodusente, sowel die vervaardigers en distribueerders as verbruikers.

Waar tabak vir 'n toekomstige mark geproduseer word en produsente onder die beheerde bemarkingskema leiding in verband met toekomstige produksie moet ontvang, is dit van die uiterste belang dat die beleidbepalers onder die beheerde bemarkingskema deeglik op hoogte van verbruiksneigings gehou moet word. Verbruiksneigings kan op hulle beurt weer slegs verklaar word as 'n deurtastende studie van die faktore wat die verbruik beïnvloed, gemaak word. Aan die begin van hierdie hoofstuk het ons daarop gewys dat daar 'n ernstige tekort aan inligting in hierdie verband bestaan en dat meer aandag hieraan bestee behoort te word. In Hoofstuk XI word sekere positiewe voorstelle in hierdie verband gedoen.

BYLAE 4.

AKSYNSBELASTINGTARIEWE WAT VANAF 1910 TOT 1961 IN SUID-AFRIKA OP TABAKPRODUKTE VAN TOEPASSING WAS.

| JAARTAL | TARIEF | TARIEF PER POND GEWIG |
|---|---|---|
| 1. SIGARETTE. | | |
| 1911 | Plakseëls ½d. per ½ ons of gedeelte daarvan | 1/4 |
| 1921 | 1/- per lb. plus plakseëls van ½d. per ½ ons of gedeelte daarvan | 2/4 |
| 1922 | 6d. per lb. plus plakseëls ¾d. per ½ ons of gedeelte daarvan | 2/6 |
| 1940 | 2/- per lb. plus plakseëls @ ¾d. per ½ ons of gedeelte daarvan | 4/- |
| 1941 | 3/10 per lb. plus plakseëls @ ¾d. per ½ ons of gedeelte daarvan | 5/10 |
| en vanaf 1.7.1941 | 6d. per lb. plus plakseëls @ 1¾d. per ½ ons of gedeelte daarvan | 5/2 |
| | Sedert hierdie datum is daar verskillende tariewe ingestel vir verskillende gewigte sigarette. Daar die meeste Suid-Afrikaanse sigarette minder as 2½ lb. per 1,000 sigarette weeg, word slegs hierdie tarief hierna genoem: | |
| 1943 | 5¼d. per lb. plus plakseëls @ 1½d. per 10 plus 2d. vir elke 50 sigarette | 6/9¼ |
| 1944 | 5¼d. per lb. plus plakseëls @ 2d. per 10 plus 2d. vir elke 50 sigarette | 8/5¼ |
| 1952 | 5¼d. per lb. plus plakseëls van 3d. per 10 plus 2d. vir elke 50 sigarette | 11/9¼ |
| 1958 | 5¼d. per lb. plus plakseëls van 3d. per 10 plus 1/- vir elke 50 sigarette | 18/5¼ |
| 1961 | 26½ sent per lb. plus plakseëls van 4 sent per 10 sigarette | 186½ sent |

BYLAE 4 (vervolg.)

| JAARTAL | TARIEF | TARIEF PER POND GEWIG |
|---|---|---|
| 2. SIGARETTABAK. | | |
| 1921 | | 1/- |
| 1922 | | 6d. |
| 1933 | 6d. per lb. plus plakseëls teen 1½d. per 2 onse of gedeelte daarvan | 1/6 |
| 1940 | 2/- per lb. plus plakseëls @ 1½d. per 2 onse of gedeelte daarvan | 3/- |
| 1941 | 3/10 per lb. plus plakseëls @ 1½d. per 2 onse of gedeelte daarvan | 4/10 |
| 1943 | 5/2 per lb. (plus opgeskorte reg van 3/4 per lb.) plus plakseëls van 1½d. per 2 onse | 6/2 |
| 1952 | 5/2 per lb. plus plakseëls @ 2½d. per 2 onse | 6/10 |
| 1958 | 11/10 per lb. (plus opgeskorte reg van 3/4 per lb.) plus plakseëls @ 2½d. per 2 onse | 13/6 |
| 1961 | 103 sent per lb. (plus opgeskorte reg van 33 sent per lb.) plus plakseëls @ 4 sent vir elke 2 onse of gedeelte daarvan | 135 sent |
| 3. PYPTABAK. | | |
| 1921 | | 1/- |
| 1922 | | 4d. |
| 1924 | | 3½d. |
| 1925 | | Afgeskaf |
| 1942 | | 6d. |
| 1943 | 1/- en 8d. onderskeidelik volgens kleinhandelprysgroep | 12d. |
| 1944 | 2/-, 1/- en 8d. volgens prysgroepe | 12d. |
| 1952 | 2/6, 1/6 en 1/2 volgens prysgroepe | 18.7d. |
| 1958 | 4/2, 2/6 en 1/11 volgens prysgroepe | 32.3d. |
| 1961 | 41½ sent, 24½ sent en 18½ sent volgens prysgroepe | * |

* Nog nie beskikbaar nie.

BYLAE 4 (vervolg.)

| JAARTAL | TARIEF | TARIEF PER POND GEWIG |
|---|---|---|
| 4. SIGARE. | | |
| 1921 | | 2/6 |
| 1922 | | 1/- |
| 1924 | | 1/- |
| 1925 | | Afgeskaf |
| 1942 | | 1/- |
| 1943 | | 1/- |
| 1952 | | 2/- |
| 1961 | | 20 sent |
| 5. ROLTABAK. | | |
| 1921 | | 6d. |
| 1922 | | 3½d. |
| 1924 | | 2d. |
| 1925 | | Afgeskaf |

Bron: Inligting verkry uit Jaarverslae van die Tabakraad en in sekere gevalle regstreeks van die Tabakraad.

# HOOFSTUK VIII.

## DIE STELSELS VAN DISTRIBUSIE VAN BLADTABAK IN SUID-AFRIKA.

### 1. ALGEMEEN.

#### 1.1. Inleiding.

In hierdie hoofstuk behandel ons die distribusieprobleem, die distribusiestelsels wat in die verlede in die Republiek van toepassing was, en die vraag of hierdie stelsels aan hulle doel beantwoord het. Aandag word ook aan alternatiewe metodes van distribusie wat in ander lande van die wêreld van toepassing is, geskenk, asook aan die wenslikheid dat die Suid-Afrikaanse stelsel gewysig word om ook vir die buitelandse bemarking van tabak voorsiening te maak. Laasgenoemde aspek word ook in Hoofstuk IX aangeraak.

#### 1.2. Probleemstelling.

Die distribusie van tabak is een van die bemarkingsaspekte wat voortdurend probleme oplewer, en baie van hierdie probleme ontstaan blykbaar omdat die pryse van die onderskeie tabakgrade nie noodwendig die markwaarde van elk verteenwoordig nie, ten gevolge waarvan distribusieskemas ontwerp is waarvolgens kopers verplig word om reekse van grade, eerder as grade selektief volgens hulle bepaalde behoeftes, aan te koop.

Die distribusieprobleem bestaan in die doeltreffende aanpassing van die beskikbare hoeveelheid tabak op 'n bepaalde tydstip by die behoeftes en omstandighede van 'n mark waarin die prysfaktor, onder die bestaande beheerskema en stelsel van bemarking en distribusie, in elk geval op

korttermyn, 'n ondergeskikte rol speel.

Minimumverkooppryse word onder die beheerskema betreklik staties gehou vanweë die prysstabiliteitsoogmerk van die beheerde bemarkingskema. Prysaanpassings vind dus nie so geredelik plaas nie, en dit kan selfs verwag word dat dit so lank as moontlik agterweë gelaat sal word, met die gevolg dat die ewewig tussen vraag en aanbod versteur kan word. Indien die ewewig versteur sou wees en meer tabak op 'n bepaalde tydstip aangebied word as wat die mark bereid is om teen die vasgestelde pryse op te neem, ontstaan die vraag of die distribusiestelsel en of die prysbeleid hiervoor te blameer is. Daar dien egter op gewys te word dat die Bemarkingswet, 1937, ten doel het om korttermyn-prysskommelings tot 'n minimum te beperk, maar nie dat pryse op 'n peil vasgestel word wat die ewewig tussen vraag en aanbod oor langtermyn versteur nie.

Die probleem wat in die verlede ondervind is, was om 'n gegewe hoeveelheid tabak van verskillende klasse en grade tussen fabrikante en groothandelaars te verdeel op 'n basis wat nie die een koper teenoor 'n ander koper onregmatig bevoordeel nie, en ook om aan elke koper van bladtabak 'n billike aanspraak op die beskikbare hoeveelheid te gee.

Twee partye is betrokke by die distribusie, naamlik verkopers en kopers. Die belange van hierdie twee partye verskil. Die verkopers of produsente stel hulle dit ten doel om 'n bepaalde oes, bestaande uit verskillende klasse en grade tabak, in sy geheel teen die hoogs moontlike prys te verkoop. Die koper, daarenteen, wil weer sy besondere benodigdhede teen so 'n lae prys moontlik aankoop. Elk van hierdie partye poog dus om die hoogs moontlike wins te maak. Met die voorgaande in gedagte is dit interessant om op te merk dat fabrikante en groothandelaars in die Republiek die distribusiestelsels wat gedurende tye van tekorte van

toepassing was, aanvaar het sonder om teen die koop van die oes in sy geheel beswaar te maak. Gedurende tye van oorproduksie het hulle egter steeds gepoog om die distribusiestelsel te wysig op 'n wyse wat hulle in staat kon stel om 'n groter mate van seleksie by hulle aankope toe te pas.

Dit sou dwaas wees om in 'n landstreek waar dit nooit reën nie, die geut te blameer omdat daar nooit water uit loop nie. Net so moet die distribusiestelsel as die kanaal waardeur bladtabak van die koöperasies na die fabrikante en groothandelaars vloei, beskou word. Die feit dat besware teen die distribusiestelsels juis in tye van ooraanbod ontstaan het, laat onwillekeurig die vraag ontstaan of die kanaal nie geblameer word vir gebreke by die regulering van die sluise nie. Daar moet nie meer van die distribusiestelsel vereis word as waartoe dit in staat is nie. Soos uit Hoofstuk XI duideliker blyk mag dit wenslik wees dat die beheerde bemarkingstelsel gewysig word en dat 'n distribusiestelsel ontwerp word wat aan die eise van die mark voldoen.

1.3. <u>Eise waaraan 'n distribusiestelsel moet voldoen</u>.

Die belangrikste vereistes wat aan 'n distribusiestelsel onder die tabakbeheerskema gestel kan word, is die volgende:

1.3.1. Die stelsel van distribusie moet aangepas word by die omstandighede en behoeftes van die mark waarin dit funksioneer, en moet rekening hou met verbruiks- en produksietendense, die omvang en aard van die vraag, verskille in die behoeftes van verskillende kopers en die magsposisie van die betrokke partye om hulleself ten koste van ander betrokke partye te bevoordeel.

1.3.2. Die bemarkbare hoeveelheid tabak moet, met inagneming van die belange van sowel kopers as verkopers, op die voordeligste wyse van die hand gesit word.

1.3.3. Gelyke behandeling van alle verkopers aan die een kant en kopers aan die ander kant moet verseker word.

1.3.4. Die distribusiestelsel moet 'n mate van elastisiteit besit, sodat maksimum- en minimumhoeveelhede wat beskikbaar word, gehanteer kan word sonder dat die tydelike surplusse en tekorte wat mag ontstaan, die bedryf en sy normale gesonde ontwikkeling benadeel.

Soos uit die volgende paragrawe blyk, het die distribusiestelsel wat onder die beheerde tabakbemarkingstelsel van toepassing is, ten spyte van sy gebreke gedurende tekorttoestande doeltreffend gefunksioneer. Gedurende tye van oorproduksie het dit blykbaar sekere leemtes openbaar, omdat die geut te klein geword het om die volle stroom te neem. Daar word ook op gewys dat die geut, soos hy ontwerp is, slegs aan die binnelandse behoeftes van die mark kan voldoen onder 'n bemarkingskema waarin pryse jaarliks vasgestel word. Dit funksioneer verder in 'n beskermde mark, 'n aspek wat in die volgende hoofstuk behandel word. Dit sou dus foutief wees om te verwag dat die stelsel van distribusie ook die volle vloei van produksie, wanneer dit meer is as wat die mark kan absorbeer, moet neem teen binnelandse vasgestelde pryse wat hoër as pryse op die wêreldmark is.

1.4. <u>Bronne van inligting</u>.

In hierdie hoofstuk word vryelik gebruik gemaak van inligting wat goedgunstig deur Sentabak, die M.K.T.V. en die Tabakraad aan ons beskikbaar gestel is. Aangesien dit in baie gevalle uit dokumente, memoranda, notule, ens., wat van 'n vertroulike aard is, geneem is, en in ander gevalle inligting is wat ingewin is deur persoonlike navrae en besprekings ook met sekere fabrikante, word die betrokke bronne nie in alle gevalle aangedui nie. Sonder hierdie

hulp sou die skrywe van hierdie hoofstuk onmoontlik gewees het, en hiervoor is ons teenoor die betrokke instansies opreg dankbaar. Enige leemtes wat daar dus mag bestaan omdat die bronne nie aangedui word nie, moet gesien word in die lig daarvan dat die inligting op 'n vertroulike basis beskikbaar gestel is en dit slegs met oorleg gebruik kon word. Die skrywer aanvaar gevolglik ook persoonlike aanspreeklikheid vir enige inligting wat verstrek word en enige opinies wat uitgespreek word, al kan die bronne waarvan gebruik gemaak is, as gesaghebbend en verteenwoordigend beskou word.

## 2. DIE REEKS-VAN-GRADE-ALLOKASIESKEMA EN GROEPALLOKASIESKEMA.

### 2.1. Die reeks-van-grade-allokasieskema (ligte tabak).

Voor 1909, toe daar nog geen koöperatiewe organisasies vir die bemarking van tabak bestaan het nie, was produsente verplig om hulle tabak deur middel van direkte onderhandeling met kopers van die hand te sit. Selfs na die stigting van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging (M.K.T.V.) in 1909 was daar geen sprake van 'n georganiseerde metode van distribusie nie, aangesien alle produsente nie in koöperasies georganiseer was nie. Ten spyte van die maatreëls van sekere fabrikante om produsente te verhoed om vir die gesamentlike verkoop van hulle tabak in koöperatiewe organisasies te verenig (vgl. Hoofstuk II), en die pogings wat aangewend is om gesamentlike bemarking te bevorder, was dit eers na die stigting van Sentabak in 1926 dat die eerste gesamentlike distribusiestelsel in die lewe geroep kon word. Die eerste gesamentlike distribusieskema, algemeen bekend as die „reeks-van-grade-allokasieskema", is vir die eerste keer in 1932 op grond van 'n informele ooreenkoms tussen Sentabak

en die destydse Departement van Landbou ingestel.[1] en [2] Die doel van hierdie skema was om aan elke fabrikant die geleentheid te bied om volgens behoefte 'n billike en eweredige deel van die Unie se ligte tabak te koop.

Gedurende daardie jare moes fabrikante aan die Departement opgawes van hulle vorige jaar se verbruik verstrek, op grond waarvan elke fabrikant se aandeel in die Suid-Rhodesiese tolvrye invoerkwota van ligte tabak bereken is. Hierdie inligting is ook aan Sentabak deur die Departement beskikbaar gestel en deur Sentabak verder verwerk in 'n staat wat aandui watter persentasieaandeel elke fabrikant in die vorige jaar se totale ligtetabakverbruik gehad het. Hierna moes elke filiaal van Sentabak onderneem om aan elke fabrikant die geleentheid te bied om die aangewese persentasie van die bemarkbare oes te kan koop. Indien enige fabrikant sou weier om sy volle persentasietoekenning op te neem, is die balans eweredig onder die ander fabrikante verdeel. 'n Klein persentasie van die oes is ook jaarliks tydelik vir nuwe fabrikante afgesonder, maar indien geen aanvrae van nuwe fabrikante ontvang is nie, is sulke reserwehoeveelhede pro rata onder bestaande fabrikante verdeel.

Soos uit die voorgaande blyk, is die reeks-van-grade-allokasieskema betreklik eenvoudig. As 'n fabrikant se verbruik gedurende enige jaar byvoorbeeld 10% van die totale

----------

1) U.G. 27-'47. a.w., p.189.

2) Opm. Op 18 Maart 1931 het die Raad van Sentabak besluit dat filiale voortaan by die verkoop van die laer grade voorkeur sal gee aan fabrikante wat ook die hoë grade koop, ten einde te verhoed dat sekere fabrikante net die laer grade koop en die ander fabrikante wat die volle reeks koop, ondersny. Op 7 Julie 1931 is 'n besluit geneem dat alle sigarettabak vanaf 1 April 1932 sover moontlik op 'n persentasie-van-die-oes-basis verkoop sal word en dat alle pyptabak, insluitende minderwaardige grade, voortaan teen 'n gemiddelde prys verkoop sal word. Eintlik het die allokasieskema ontstaan deur die begeerte van produsente om hulle oeste in die geheel te verkoop.

landsverbruik van ligteblad was, was hy geregtig op 'n ietsie minder as 10% van elke graad tabak soos die betrokke jaar se oes dit oplewer. Aangesien 'n geringe deel van die oes vir nuwe fabrikante gereserveer is, was die betrokke allokasie-persentasie minder as 10%.

'n Vollediger ontleding van die verskillende aspekte van hierdie skema word later in hierdie hoofstuk gegee, omdat die reeks-van-grade- en groepallokasieskemas heelwat gemeen het en sekere aspekte gesamentlik behandel kan word.

## 2.2. Faktore en omstandighede wat aanleiding tot die afskaffing van die reeks-van-grade-allokasieskema en die instelling van 'n groepallokasieskema gegee het.

Die botsende belange van tabakprodusente en kopers en die feit dat hierdie skema ontwerp is toe die aanbod van Suid-Afrikaanse ligte tabak kleiner as die binnelandse vraag was, was die belangrikste oorsake van die afskaffing van die reeks-van-grade-allokasieskema.

Wat die belange van kopers van tabak betref, moet daar in gedagte gehou word dat hulle funksies onderling verskil. Sommige vervaardig net sigarette en verbruik weinig donker tabak; ander vervaardig pyptabak en sigarette; 'n derde groep vervaardig hoofsaaklik die duurder pyptabakmengsels wat 'n redelike persentasie ligte tabak bevat. Dan is daar nog 'n betreklik groot aantal kleiner fabrikante wat oorwegend die swaarder soorte pyptabak, veral die goedkoper klasse, vervaardig. Die behoeftes en geldelike posisie van feitlik elke afsonderlike fabrikant verskil van dié van al die ander. Elkeen van hulle het sy eie voorkeure, probleme en behoeftes. Dit is trouens ten gevolge van hierdie uiteenlopendheid, veral toe ligte tabak betreklik vryelik beskikbaar geword het, dat die betrokke allokasieskema vir die meerderheid van fabrikante minder aanneemlik geword het. Die fabrikant wat slegs die goedkoper pyptabakmengsels vervaardig het, het dit

as onnodig en onlonend beskou om byvoorbeeld die volle reeks van oonddroogtabakgrade met 'n gemiddelde prys van sê 50 sent per pond tans, in sy mengsels te gebruik, terwyl 'n reeks van die laer grade teen die helfte van hierdie prys geskik vir vermenging in sy besondere pyptabakmengsels was.

Om hierdie probleem te oorkom het daar dikwels uitruilings van grade tussen fabrikante plaasgevind.[1] Terwyl daar destyds 'n skaarste aan ligteblad was en aansienlike belastingvrye invoere van goedkoop Rhodesiese oonddroogtabak toegelaat was, was sigaretfabrikante bereid om van hul laer grade aan pyptabakfabrikante vir die hoër grade te verruil. Toe die produksie van ligte Virginiese tipes tabak in 1940 die binnelandse verbruik oortref het (vgl. Aanhangsel 15) en in vergelyking met vorige jare 'n groot hoeveelheid tabak gedurende 1939 ingevoer is (vgl. Tabel 35, Hoofstuk X) het veral pyptabakfabrikante gepoog om die reeks-van-grade-allokasieskema afgeskaf te kry. Volgens die notule van Sentabak[2] en die Tabakraad en inligting verkry van die M.K.T.V. het die Tabakraad gedurende die tweede helfte van 1940 'n komitee aangestel om vas te stel of ligte tabak nie in twee groepe verdeel kon word nie, naamlik groep I en groep II, waarvan die eerste groep die hoër grade bevat en die tweede groep die laer grade, met die oog op die besondere behoeftes van die kopers. Op hierdie tydstip was die Departement van Landbou ook gretig om 'n beter stelsel van distribusie te vind waarvolgens uitruilings van grade tussen fabrikante nie meer nodig sou wees nie. Produsente het ook, ten spyte van hulle sienswyse, wat hierna behandel word, saamgewerk en was bereid om 'n groepgradeskema te oorweeg. Hulle het aan die hand gedoen dat die pryse vir fabrikante wat slegs die laer groep II-grade tabak wou koop, met 10%

----------

1) Vgl. U.G.27-'47. a.w., p.190.

2) Vgl. Sentabaknotule van 15 Oktober 1940, 28 Januarie 1941, 16 April 1941, 13 Augustus 1941 en 22 April 1942.

verhoog moes word. Voordat die komitee egter sy ondersoek voltooi het, het sekere fabrikante al besware teen die voorgestelde groepallokasieskema gemaak en het die Tabakraad besluit om 'n sentraal beheerde uitruilskema in die lewe te roep. Die Departement van Landbou het fabrikante intussen gevra dat hulle moes aandui watter grade tabak hulle bereid sou wees om uit te ruil. Soos verwag kon word, was die resultaat dat die betrokke pyptabakfabrikante meer van die hoër grade wou uitruil as wat sigaretfabrikante bereid was om op te neem. Pyptabakfabrikante wou weer meer van die laer grade hê as wat sigaretfabrikante aan hulle wou afstaan. Volgens notules van die Tabakraad- en Sentabakvergaderings wat gedurende Augustus 1941 gehou is, is die ruilskema formeel teruggetrek en is besluit om terug te keer na die reeks-van-grade-toekenningskema.

Volgens korrespondensie van daardie tyd met Sentabak was sekere fabrikante nie tevrede met die voormelde besluite nie, en in 1945 toe 'n besondere goeie oes van ligte tabak verwag is en voorrade ligte tabak ten gevolge van aansienlike invoere gedurende 1944 tot 'n redelike peil herstel was (vgl. Figuur 24 en Tabel 35), is hernieude pogings aangewend om die allokasieskema te wysig. Alhoewel die notule van die Tabakraad en Sentabak dikwels slegs kortliks verwys na die betrokke onderwerp, het die notule van die direksievergadering van Sentabak gehou op 28 Augustus 1947 die sienswyse van produsente so volledig gestel dat dit woordeliks herhaal word.

> „Soos deur die Raad op ons vorige vergadering besluit, doen die Sekretaris verslag in verband met die moontlikheid en/of wenslikheid om ligte tabak volgens die sogenaamde groepallokasiestelsel aan fabrikante toe te ken. Die bedoeling van hierdie metode van toekenning sou volgens bewering van sekere kleinere fabrikante wegdoen met

„die teenswoordige verpligting van fabrikante waarvolgens hulle grade tabak moet koop wat nie altyd vir hulle fabrikasie geskik is nie. Die Sekretaris verklaar dat volgens beskikbare rekords dit duidelik is dat die saak sedert 1940 reeds verskeie kere deur ons Raad sowel as deur die Tabakbeheerraad in dieselfde lig baie deeglik ondersoek en oorweeg is. Verskillende skemas is aan die betrokke rade deur fabrikante voorgelê, maar nie een het geblyk prakties uitvoerbaar of vir alle fabrikante aanneemlik te wees nie. Sekere moeilikhede of probleme waarvoor ons te staan kom, noem die Sekretaris soos volg:

1. Deur die groepallokasiestelsel te aanvaar, skep ons maatskappy vir sy lede 'n gevaarlike beginsel van verkoop aan fabrikante volgens graadseleksie.[1)]
2. Oeste word aan die begin van die jaar, voordat die oesopbrengs bekend is, op 'n persentasiebasis aan fabrikante toegeken. In 'n goeie oesjaar sal byvoorbeeld die groep I fabrikante baie meer tabak as hulle werklike aandeel volgens verbruik kry, terwyl die geval met die groep II fabrikante dan omgekeerd sal wees. 'n Fabrikant sal dus nooit seker wees of hy sy regmatige aandeel uit die oes sal kry nie.
3. Sodra 'n fabrikant eers een keer tot een of ander groep behoort, plaas hy homself in die gevaar dat sy toekomstige besigheid binne die betrokke groep beperk sal wees en hy moeilik sy besigheid met tabak van 'n ander groep kan uitbrei. Indien die koöperasies aan so 'n fabrikant wel 'n allokasie in 'n ander groep onder sulke omstandighede sou gee, kan koöperasies vir hulleself daardeur alleen baie besware en

----------

1) Produsente was nie ten gunste van enige skema waarvolgens fabrikante 'n keuse gegee word om slegs sekere grade te koop nie, omdat dit die gevaar inhou dat slegs die goedkoper grade gedurende tye van surplusproduksie gekoop sal word sodat die duurder grade onverkoop oorbly.

moeilikhede van die ander fabrikante besorg.

4. Onder die groepallokasiestelsel blyk dit dat die fabrikante wat tabak uit albei groepe benodig, 'n billiker prys vir die tabak wil betaal as die fabrikante wat net tabak uit groep II koop. Hierteen maak groep II fabrikante blykbaar beswaar aangesien hulle onder die teenswoordige stelsel van onderlinge ruiling die grade wat hulle benodig, kan kry sonder om ekstra daarvoor te betaal.

Die Sekretaris het voortgegaan en op die ingewikkeldhede en komplikasies van die groepallokasiestelsel gewys, en na verdere bespreking word eenparig

BESLUIT: dat hierdie Raad sy vorige besluite in verband met die groepallokasiestelsel bekragtig, naamlik, dat, indien fabrikante onderling oor 'n skema wat vir alle fabrikante aanneemlik is, kan ooreenkom, hulle so 'n skema aan ons Raad vir oorweging en besluit kan voorlê."

Hierna het veral pyptabakfabrikante ernstige pogings aangewend om 'n skema wat vir alle belanghebbendes aanneemlik sou wees, uit te werk. Verskeie skemas is deur fabrikante aan Sentabak voorgelê. Al die voorgestelde skemas het die groepering van die ligte grade in groepe as onderliggende gedagte gehad.

### 2.3. Die groepallokasieskema.

Die groepallokasieskema het vir die eerste keer met die toekenning van tabak in 1949 in werking getree. Figuur 23 toon dat die 1949-oes die eerste van 'n reeks besonder groot ligtetabakoeste was, wat die verbruik ver oortref het. Vervolgens behandel ons hierdie metode van toekenning in meer besonderhede.

2.3.1. <u>Groepverdeling</u>.

Vir toekenningsdoeleindes word oonddroog- en ligte lugdroogtabakgrade elk in twee groepe soos volg ingedeel:

<u>Oonddroog</u>: Groep I: grade OR/AS tot OR/GL1.
Groep II: grade OR/5 tot OR/SD.

<u>Ligte lugdroog</u>: Groep I: grade A1 tot A4S.
Groep II: grade DL tot SL.

Die oorblywende oonddroog- en ligte lugdrooggrade OR/SLS, OR/SDS en lugdroog SLS, sowel as die fyn brokkelgrade het nie onder hierdie skema geval nie en is afsonderlik aan fabrikante toegeken.

2.3.2. <u>Grondslag en voorbeeld van verdeling</u>.

Allokasiepersentasies moet so vroeg moontlik jaarliks bepaal word om koöperasies in staat te stel om die oes deur die jaar, namate dit in gereedheid gebring en verpak word, aan fabrikante en kopers te faktureer. Net soos in die geval van die reeks-van-grade-allokasieskema word die allokasies bereken op die oesskattings wat deur koöperasies gedurende Januarie of Maart gemaak word. Verder is die beginsel behou dat die voorafgaande kalenderjaar se verbruik as algemene grondslag van berekening van toekennings sal dien.

Die groot verskil lê daarin dat pyptabakfabrikante hul toekenning ontvang slegs uit groep II. Die balans nadat pyptabakfabrikante hulle deel gekry het, word dan tussen sigaretfabrikante verdeel. Die volgende voorbeeld verduidelik hoe hierdie skema werk.

## VOORBEELD VAN ALLOKASIEBEREKENING KRAGTENS GROEPSKEMA.

### Oesskatting en verbruik.

### (IN MILJOEN LB.)

| | OONDDROOG | | LIGTE LUGDROOG | | TOTAAL | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GR. I | GR.II | GR.I | GR.II | GR. I | GR.II | |
| Maart-oesskatting | 16.00 | 7.00 | 4.00 | 3.00 | 20.00 | 10.00 | 30.00 |
| Verbruik (vorige jaar) | | | | | | | |
| Pypfabrikante | 1.00 | 4.00 | - | 3.00 | 1.00 | 7.00 | 8.00 |
| Sigaretfabrikante | 16.00 | 5.00 | 2.00 | 1.00 | 18.00 | 6.00 | 25.00 |
| TOTAAL | 17.00 | 9.00 | 2.00 | 4.00 | 19.00 | 13.00 | 32.00 |

Op grond van die voorgaande syfers het pyptabakfabrikante 8 miljoen lb. ligteblad uit 'n totale verbruik van 32.00 miljoen lb. gedurende die vorige jaar gebruik. Hulle is dus geregtig op $^{8}/32$stes van die nuwe jaar se oes, d.w.s. $^{8}/32$stes van 30 miljoen lb., naamlik 7½ miljoen lb. Hierdie 7½ miljoen lb. kry hulle slegs uit groep II. Die balans van die groep II plus die groep I-grade word dan tussen sigaretfabrikante verdeel. Uit die nuwe oes sal sigaret- en pyptabakfabrikante onderskeidelik dan die volgende allokasies ontvang:

### VERDELING VAN VERWAGTE OES TUSSEN SIGARET- EN PYPTABAKFABRIKANTE.

| | OONDDROOG | | LIGTE LUGDROOG | | TOTAAL | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GR. I | GR.II | GR.I | GR.II | GR. I | GR.II | |
| Pyptabakfabrikante | | 5.25 | | 2.25 | | 7.50 | 7.50 |
| Sigaretfabrikante | 16.00 | 1.75 | 4.00 | .75 | 20.00 | 2.50 | 22.50 |
| TOTAAL | 16.00 | 7.00 | 4.00 | 3.00 | 20.00 | 10.00 | 30.00 |

Die basis waarvolgens pyptabakfabrikante se toekennings tussen oonddroog gr. II en ligte lugdroog groep II verdeel word, is die oesverhouding van oonddroog groep II teenoor ligte lugdroog groep II. In die bostaande voorbeeld was die oesverwagting 7.00 miljoen lb. oonddroog gr. II teenoor 3.00 miljoen lb. ligte lugdroog groep II, of 70% en 30% onderskeidelik. Op hierdie basis ontvang pyptabakfabrikante 'n toekenning wat saamgestel is uit 70% oonddroog groep II en 30% ligte lugdroog groep II.

Nadat die bogenoemde berekening gemaak is, word indiwiduele fabrikante se toekenningspersentasies soos volg bereken. Gestel pyptabakfabrikant A se verbruik van ligtetabak was gedurende die vorige jaar 4 miljoen lb. van die totale ligtebladverbruik van pyptabakfabrikante van 8 miljoen lb. dan kwalifiseer hy vir 'n toekenning van $^4/8$stes of 50% van pyptabakfabrikante se totale toekenning van 7.50 miljoen lb., naamlik 3.75 miljoen lb. Hierdie 3.75 miljoen lb. word dan verdeel tussen oonddroog en ligte lugdroog, soos hierbo aangedui, in die verhouding 70 : 30, d.w.s. 2.625 miljoen lb. groep II oonddroog en 1.125 miljoen lb. ligte lugdroog groep II. Hierdie pyptabakfabrikant se toekenningspersentasies sal dus op die volgende te staan kom:

Oonddroog groep II.

2.625 miljoen lb. uit 'n oesverwagting van 7.00 miljoen lb.

of $\frac{2.625}{7.00} \times 100 = 37.5\%$.

Ligte lugdroog groep II.

1.125 miljoen lb. uit 'n verwagte oes (groep II) van 3.00 miljoen lb.

of $\frac{1.125}{3.00} \times 100 = 37.5\%$.

Sigaretfabrikante se toekennings word verdeel tussen oonddroog en ligte lugdroog in die balansverhouding, d.w.s. nadat pyptabakfabrikante se aandeel afgetrek is. As 'n sigaretfabrikant se verbruik van ligte tabak gedurende die vorige jaar 12 miljoen lb. uit 'n totale verbruik deur sigaretfabrikante van 24 miljoen lb. was, is hy geregtig op 50% van die volgende jaar se totale toekenning aan sigaretfabrikante.

Volgens die voorgaande voorbeeld is hy dan geregtig op die volgende toekennings:

| | OONDDROOG | | | LIGTE LUGDROOG | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | GR.I | GR. II | TOTAAL | GR.I | GR. II | TOTAAL |
| A. Verwagte oes | 16.0 | 7.0 | 23.0 | 4.0 | 3.0 | 7.0 |
| B. Sigaretfabrikante-aandeel van oes | 16.0 | 1.75 | 17.75 | 4.0 | .75 | 4.75 |
| C. Toekenning fabrikant B. (50% van B) | 8.0 | .875 | 8.875 | 2.0 | .375 | 2.375 |
| D. % Toekenning van oes aan Fabrikant B | 50.00% | 12.5% | | 50% | 12.5% | |

Op die voorgaande grondslag sal die allokasiestaat waarvolgens koöperasies die oes sal verkoop, min of meer soos volg lyk. Die name van die verskillende fabrikante sal op die staat aangedui word:

Voorbeeld van ligteblad-toekenningstaat.

| FABRIKANT | OONDDROOG | | LIGTE LUGDROOG | |
|---|---|---|---|---|
| | GROEP I | GROEP II | GROEP I | GROEP II |
| Sigaretfabrikant B | 50% | 12.5% | 50% | 12.5% |
| Ander sigaretfabrikante | 50% | 12.5% | 50% | 12.5% |
| Pyptabakfabrikant A | - | 37.5% | - | 37.5% |
| Ander pyptabakfabrikante | - | 37.5% | - | 37.5% |
| TOTAAL | 100% | 100% | 100% | 100% |

Elke koöperasie kry 'n afskrif van die allokasiestaat, en sodra die tabak gereed en verpak is, word die verskillende grade aan fabrikante in ooreenstemming met elkeen se persentasietoekenning uitgeweeg.

Die voorbeeld wat hierbo gebruik is, is baie vereenvoudig maar verduidelik die beginsel.

2.3.3. Voorraadaanvullings (Pyptabakfabrikante).

Alvorens die normale jaarlikse toekennings bereken word, bepaal Sentabak in watter mate sigaret- en pyptabakfabrikante se voorrade aangevul behoort te of kan word ten einde hulle 'n sekere voorraadsduur wat as billik beskou word, te gee.

Die gevaar bestaan byvoorbeeld dat pyptabakfabrikante gedurende tye van oorproduksie hul eie voorrade mag inkort, aangesien hulle dan verseker is dat hulle onder sulke omstandighede te eniger tyd hulle voorrade kan aanvul. In tye van tekorte sal sodanige fabrikante weer hulle voorrade probeer aanvul en hierdeur kan die probleme wat met tekorte en oorskotte gepaard gaan, vererger word. Ten einde die pyptabakfabrikante wat nie 'n redelike normale voorraadsduur dra nie en wie se voorrade aangevul moet word, te penaliseer, word

sodanige voorraadaanvullings slegs gemaak uit 'n volle reeks van grade groep I sowel as groep II en nie slegs groep II nie. Sentabak behou ook die reg voor om te bepaal of voorraadaanvullings uit oonddroog- of ligte lugdroogtabak sal bestaan, of uit albei tipes.

Vir die berekening van die normale jaarlikse toekennings word alle ligteblad wat pyptabakfabrikante gedurende 'n voorafgaande jaar verbruik het, hetsy dit groep I of groep II was, as groep II beskou.

2.3.4. <u>Normale toekenning aan pyptabakfabrikante</u>.

Nadat voorsiening gemaak is vir voorradeaanvullings vir pyptabakfabrikante en 'n hoeveelheid tabak afgetrek is vir sigaretfabrikante se voorradeaanvullings, word die balans van die verwagte oes van ligte tabak, insluitende beskikbare tabak wat van vorige oeste oorgedra mag wees en vir toekenning beskikbaar is, verdeel soos in die voorbeeld hierbo verduidelik. Eerstens word pyptabakfabrikante se aandeel uit die oes bepaal, bestaande uit groep II ligteblad. Ten einde te verhoed dat pyptabakfabrikante byvoorbeeld in tye van misoeste teenoor sigaretfabrikante bevoordeel word, word hulle persentasieaandeel bepaal op grond van hulle gesamentlike verbruik van ligte tabak vir pypdoeleindes teenoor die totale landsverbruik van ligteblad gedurende 'n betrokke kalenderjaar. Elke pyptabakfabrikant se aandeel word bereken op grond van sy vorige jaar se ligteblad wat gedurende die vorige jaar in pypmengsels verbruik is. Enige tabak wat met goedkeuring van die Tabakraad vir verbruik as ligteblad ingevoer is, word as ligtebladverbruik vir allokasiedoeleindes in berekening gebring.

As 'n fabrikant van pyptabak egter 'n toekenning van groep I-grade verlang, kan dit na goeddunke van Sentabak toegestaan word, met die verstandhouding dat

Sentabak enige sodanige toekennings mag aftrek van so 'n fabrikant se normale toekenning uit groep II.

2.3.5. Voorradeaanvulling by sigaretfabrikante.

Sigaretfabrikante ontvang hulle voorradeaanvullings uit die balans van die oes nadat pyptabakfabrikante se regmatige aandeel in berekening gebring is. Sigaretfabrikante se voorradeaanvullings bestaan gewoonlik uit 'n volle reeks van grade groep I en groep II waarvan die samestelling per graad dieselfde as hulle normale toekenning is.

2.3.6. Normale toekenning aan sigaretfabrikante.

Die balans van die verwagte oeste van oonddroog en ligte lugdroog, nadat fabrikante van pyptabak se toekennings gemaak is en sigaretfabrikante se voorradeaanvullings in berekening gebring is, word aan sigaretfabrikante in 'n reeks van alle grade toegeken. Die afsonderlike aandeel van elke sigaretfabrikant uit die verwagte oes word bereken op grond van sy totale verbruik van tabak vir sigaretvervaardiging teenoor die verbruik van alle sigaretfabrikante gesamentlik gedurende 'n betrokke kalenderjaar. Waar sigaretfabrikante ook ander klasse tabak, soos Turkse tabak, Burley, ens., wat afsonderlik aan hulle toegeken word, verbruik, word sodanige klasse tabak gewoonlik by die berekening van hulle toekennings van oonddroog en ligte lugdroog buite rekening gelaat.

Die voorgaande is kortliks die basis waarop toekennings volgens die groepallokasiestelsel gemaak word. Afgesien van die voorgaande bestaan daar nog talle ander bepalings wat deur Sentabak daargestel is om vir verskeie gebeurlikhede en omstandighede voorsiening te maak. Hierdie addisionele voorsienings sal in die

verdere bespreking van die onderwerp slegs waar nodig aangedui word.

## 3. KRITIESE BESPREKING VAN DIE DOELTREFFENDHEID VAN DIE REEKS-VAN-GRADE- EN GROEPALLOKASIESKEMAS.

### 3.1. Tekortkomings van albei skemas.

#### 3.1.1. Toekennings word op verskillende grondslae bereken en toegepas.

Toekennings word aan die begin van die jaar op grond van oesskattings bereken, terwyl die werklike toekennings op grond van die werklike oesontvangstes gemaak word. Dit is egter nie moontlik om aan die begin van die jaar presies te bepaal hoe groot die oes gaan wees nie. Tabel 20 vergelyk die betrokke Maartskattings met die finale baalsyfers ten opsigte van ligte en donker Virginiese tipes tabak in die Republiek.

TABEL 20.

MAART-OESSKATTING VERGELYK MET DIE FINALE BAALSYFERS VIR LIGTE EN DONKER VIRGINIESE TIPES TABAK IN SUID-AFRIKA VANAF 1957 TOT 1961. (MILJOEN POND.)

| | MAART OESSKATTING | GEWIG GEBAAL | AFWYKING VAN SKATTING | |
|---|---|---|---|---|
| | | | GEWIG | % |
| A. LIGTE TABAK. | | | | |
| 1957 | 30.94 | 31.74 | .80 | 2.6 |
| 1958 | 39.37 | 43.43 | 4.06 | 10.3 |
| 1959 | 36.89 | 43.41 | 6.52 | 17.7 |
| 1960 | 29.98 | 32.69 | 2.71 | 9.0 |
| 1961 | 31.29 | 31.31 | .02 | .6 |
| B. DONKER TABAK. | | | | |
| 1957 | 23.74 | 22.94 | .80 | 3.3 |
| 1958 | 23.28 | 23.55 | .27 | 1.2 |
| 1959 | 29.74 | 31.91 | 2.17 | 7.5 |
| 1960 | 24.91 | 23.67 | 1.24 | 5.0 |
| 1961 | 24.71 | 23.38 | 1.33 | 5.4 |

Bron: Sentabak agendaboek vir 36ste jaarlikse algemene en direkteursvergaderings, September 1962, p.20.

Geeneen van die twee toekenningskemas maak vir enige verskille voorsiening nie, en gevolglik is 'n koper van tabak nie seker van die presiese hoeveelheid tabak wat hy uit 'n bepaalde oes gaan ontvang nie. Sodanige afwykings kan ook, veral by die groepallokasieskema, 'n diskriminerende uitwerking op die hoeveelheid en samestelling van die hoeveelhede tabak wat verskillende kopers ontvang, hê. Die spesifieke tekortkomings hiervan ten opsigte van die groepallokasieskema word egter later behandel.

Wat albei skemas betref, kan hierdie afwykings die maklikste met 'n voorbeeld verduidelik word. In die volgende voorbeeld word die denkbeeldige geval geneem van die sigaretfabrikante aan wie Sentabak aan die begin van 'n betrokke seisoen 'n toekenning op grond van die Maartskatting gemaak het om hulle almal genoeg tabak te gee vir een jaar se verbruik asook 'n voorraadsduur van 12 maande aan die einde van die jaar.

TABEL 21.

INVLOED VAN 'N 10%-VERSKIL TUSSEN DIE OESSKATTING EN FINALE BAALSYFERS OP DIE TOEKENNINGS VAN KOPERS.

| | FABRIKANT A. | FABRIKANT B. | FABRIKANT C. |
|---|---|---|---|
| 1. Verbruik vorige jaar (1958) | 10,000 lb. | 10,000 lb. | 10,000 lb. |
| 2. (a) Voorraad end van 1958 | 5,000 lb. | 10,000 lb. | 15,000 lb. |
| (b) Voorraadsduur in maande | 6 maande | 12 maande | 18 maande |
| 3. Beraamde toekenning op oesskatting van Maart 1959 | 15,000 lb. | 10,000 lb. | 5,000 lb. |
| 4. Beraamde voorraad end 1959 (na 1 jaar verbruik afgegaan het) | 10,000 lb. | 10,000 lb. | 10,000 lb. |
| 5. Werklike toekenning uit oes. (Veronderstel oes 10% groter as oesskatting) | 16,500 lb. | 11,000 lb. | 5,500 lb. |
| 6. (a) Werklike voorraad end 1959 | 11,500 lb. | 11,000 lb. | 10,500 lb. |
| (b) Werklike voorraadsduur einde 1959 | 13.80 maande | 13.20 maande | 12.6 maande |

Volgens die voorgaande voorbeeld word drie fabrikante geneem wat al drie 'n jaarlikse verbruik van 10,000 lb. het. Fabrikant A het egter aan die einde van 1958 slegs 'n voorraad van 5,000 lb. gehad (6 maande se verbruik) terwyl B 'n 10,000 lb. voorraad gehad het en C 15,000 lb. Dit beteken dan dat as die nuwe oes groot genoeg is, A op 'n toekenning van 1 jaar se verbruik geregtig is plus 'n voorraadaanvulling van 5,000 lb. B is net geregtig op 'n toekenning van 1 jaar se verbruik, terwyl C se voorraad aan die einde van 1958 so groot was dat 'n toekenning van slegs 6 maande se verbruik (5,000 lb.) voldoende was om sy voorrade aan die einde van 1959 op dieselfde basis as B te bring. Veronderstel dat die oesberaming 100,000 lb. was. Dan sou A se toekenningspersentasie op 15% te staan kom, B s'n op 10% en C s'n op 5%. Dit word nou veronderstel dat die werklike oes 10% groter was as wat die oorspronklike beraming was, sodat A 15% van 'n oes van 110,000 lb. ontvang, d.w.s. 16,500 lb. in plaas van 15,000 lb. B kry 11,000 lb. in plaas van 10,000 lb. en C 10,500 lb. in plaas van 10,000 lb. A word dus oorlewer met 1,500 lb., B met 1,000 lb. en C met slegs 500 lb. Op hierdie wyse ontvang alle fabrikante nie gelyke behandeling nie, aangesien fabrikant A se voorraadsduur aan die einde van 1959 mits sy verbruik konstant gebly het 1.20 maande groter as dié van fabrikant C sal wees. Veral in tye van oorproduksie wanneer daar geen skaarstes bestaan nie is fabrikante nie hiermee tevrede nie, en baie van hulle het selfs die toepassing van 'n minimumvoorraadsduur op hulle onder protes aanvaar.

Sodanige oorlewerings het ook sy nadele ten opsigte van produsente. Soos in die vorige hoofstuk verduidelik, moet elke poel die verantwoordelikheid van enige

oorproduksie gedurende daardie betrokke jaar dra. Wanneer 'n oorlewering soos hierbo beskrywe, plaasvind, kry die betrokke poel, sê die 1959-poel, die voordeel dat meer tabak uit daardie poel verkoop word as die aanspraak op die mark waarop hy geregtig is, terwyl die produsente van die volgende jaar daarmee gepenaliseer word. Gestel dat die 1960-oes weer 'n groot oes is waarvan slegs 66-$^2/_3$% die binnelandse behoeftes kan bevredig. Aangesien fabrikante wat die vorige jaar met 10% oorlewer is, se aankope gedurende 1960 dienooreenkomstig sal verminder, word die surplus van die nuwe jaar soveel groter. Op hierdie wyse vind onregmatige diskriminasie teen die 1960-produsente plaas.

Ten einde hierdie tekortkominge die hoof te bied kan daar in die allokasieskema vir gebeurlikhede van hierdie aard voorsiening gemaak word. Sodanige voorsiening kan op twee maniere gemaak word. Die eerste, wat waarskynlik die mees praktiese is, is om die toekenning te baseer op, sê, 90% van 'n fabrikant of koper se behoeftes gedurende 'n betrokke jaar, en enige moontlike onderlewerings kan aan die einde van die seisoen aangevul word. Die alternatiewe metode is om die voordeel van die oorlewering, indien enige, wat, sê, gedurende 1959 plaasvind, oor te plaas na die 1960-oes of poele deur middel van 'n uitruiling van voorrade.

### 3.1.2. Gesamentlike toekenning van twee klasse tabak wat nie absolute substitute van mekaar is nie, is onwenslik.

Afgesien van spesifieke probleme verbonde aan die gesamentlike toekenning van oonddroog- en ligte lugdroogtabak, kragtens die groepallokasieskema, wat hierna behandel word, word die gesamentlike toekenning van die twee as ongewens beskou en wel om die volgende redes:

3.1.2.1. Oonddroog- en ligte lugdroogtabak is nie absolute substitute van mekaar in die vervaardiging van sigarette en pyptabak nie, en gevolglik sou dit vir 'n fabrikant uiters moeilik wees om die verbruik van die twee klasse tabak, waarvan die produksie nie altyd in dieselfde verhouding tot mekaar plaasvind nie, in sy sigarette of pyptabak in die allokasieverhouding in te kerf sonder om die smaak van sy produkte te affekteer nie.

3.1.2.2. Om 'n gesonde ontwikkeling in die bedryf te bevorder behoort produksie die verbruiksneigings te volg. Indien fabrikante byvoorbeeld sou vind dat sigarette wat 'n redelike groot persentasie ligte lugdroogtabak bevat, hulle gewildheid verloor en verplig word om 'n groter persentasie oonddroogtabak in hulle sigaretmengsels te kerf, sal hulle voorrade ligte lugdroogtabak in verhouding tot oonddroogtabak ophoop. Nogtans sal hierdie fabrikante kragtens 'n allokasiestelsel waarvolgens die twee klasse tabak gesamentlik toegeken word, verplig word om albei tipes aan te koop en te verbruik. Hierdeur sou die produksie van ligte lugdroogtabak op 'n kunsmatige en ongesonde hoë peil gehandhaaf word, terwyl die produksie van oonddroogtabak tot 'n verbruikspeil benede die werklike behoeftes beperk sou word.

Dit word dus as wenslik beskou dat oonddroog- en lugdroogtabak afsonderlik vir allokasiedoeleindes behandel word, sodat die tabakbedryf se natuurlike ontwikkeling wat betref die verbruik van die verskillende klasse tabak nie gestrem word nie.

Bogenoemde tekortkomings is nie ernstig van aard

nie en kan met geringe wysigings aan albei skemas reggestel word. Dit word ook nie as inherente swakhede van die skemas beskou nie, maar kan eerder as tegniese implikasies by die fyner uitwerking van die skemas beskou word.

## 3.2. Tekortkomings van die reeks-van-grade-toekenningskema.

### 3.2.1. Kopers het nie 'n vrye keuse om aankope volgens hulle besondere behoeftes te doen nie.

Dit is waarskynlik die belangrikste vraagpunt waarvoor die tabakbemarkingsliggame voortdurend te staan kom, en is 'n aspek wat, afhangende van die toekomstige ontwikkeling van die bedryf, nog heelwat aandag van die beleidbepalers sal verg. Besondere aandag word dus ook hier aan hierdie aspek bestee.

Die reeks-van-grade-allokasieskema is tans nog van toepassing op donker tabak. Alhoewel sekere snuiftabakgroothandelaars sou verkies om grade selektief te koop, lyk dit asof hierdie skema by donker tabak heeltemal bevredigend werk. Dit kom as eienaardig voor dat 'n sekere skema in die een geval bevredigend kan werk, terwyl dit ten opsigte van ander klasse tabak as 'n ongewenste skema beskou word. By nadere ondersoek wil dit egter voorkom asof die verklaring daarin lê dat daar by donker tabak minder grade as by ligte tabak bestaan en die prysverskille tussen die verskillende grade, asook tussen die hoogste en laagste grade, kleiner is as by ligte tabak.[1] Verder is die kwaliteitsverskille tussen die verskillende donker pyp- of snuiftabakgrade geringer as by die ander klasse tabak. Alhoewel af-

----------

1) Vgl. Figure 6, 7 en 8 in Hoofstuk IV.

sonderlike pryse vir die verskillende pyptabakgrade geproklameer word, word pyptabak aan kopers teen een gemiddelde prys wat op alle grade van toepassing is, verkoop. Hierdeur bestaan daar uit sowel 'n koste- as kwaliteitsoogpunt minder kieskeurigheid by pyptabakfabrikante om die een of ander graad in 'n sekere mengsel te gebruik.

Alhoewel die toekenning van ligte tabak volgens reekse van grade ook feitlik op aankope teen gemiddelde pryse neerkom, heg fabrikante by die opmaak van hulle mengsels blykbaar baie waarde aan die graadpryse, veral uit 'n kosteberekeningsoogpunt. Waar hulle dus verplig word om van die hoër grade, wat sonder enige nadelige gevolge met goedkoper grade vervang kan word, in hulle mengsels te gebruik, voel hulle natuurlik ongelukkig dat hulle winsmoontlikhede beperk word, aangesien hulle nie die grade kan koop wat hulle verkies nie.

Die wenslikheid dat kopers van blaartabak 'n vrye keuse behoort te hê om aankope volgens hulle besondere behoeftes te kan maak, is alreeds van buite die tabakbedryf ook gepropageer. Ongelukkig word die sienswyses wat uitgespreek is, nie in besonderhede gemotiveer nie, want anders sou die slotsom ook gewees het dat 'n wysiging van die bemarkingskema wat aan kopers 'n vrye keuse sou gee, ingrypend van aard sal moet wees en die kern van die heersende beheerde bemarking-

skema sal raak, veral die prysvormingsaspek.[1] Indien 'n stelsel van graadseleksie ingestel sou word, sou dit ook nodig wees dat die pryse van die verskillende klasse en grade tabak die markwaarde van elk sal moet verteenwoordig, anders sal die gevaar bestaan dat daar geen (of weinig) aanvraag vir die grade wat oorwaardeer is, sal wees nie. Die metode van distribusie is slegs 'n aspek van bemarking, en die vraag wat ons probeer beantwoord, is óf die metode van distribusie binne die raamwerk van die bestaande beheerde bemarkingskema aan sy doel beantwoord. Of die bemarkingskema aan sy doel beantwoord deur nie aan kopers 'n vrye keuse te gee om hulle spesifieke behoeftes te bevredig nie, is 'n ander vraag.

Afgesien van die spesifieke omstandighede wat deur die betrokke beheermaatreëls onder die bemarkingskema

----------

1) Vgl. Marais, D.F. a.w., pp. 177 en 178. Hierdie skrywer meen dat fabrikante 'n vryer keuse behoort te kry en dat die indiwiduele behoeftes van fabrikante terdeë in ag geneem behoort te word en dat geen allokasieskema daarop gemik behoort te wees om slegs van die hele oes ontslae te raak nie. Hy motiveer sy stelling met die volgende aanhaling uit Verslag nr. 317 van die Raad van Handel en Nywerheid oor die Tabakvervaardigingsnywerheid:
„Volgens hierdie stelsel (groepindelingstelsel wat sedert 1948/49 in werking is) kom die fabrikante nader aan hulle werklike behoeftes, altans op grondslag van hulle behoeftes in die verlede, maar dit gee hulle nog nie 'n vrye keuse van die tabaktipes wat hulle wil hê nie. Met die oog op die hoë tariefbeskerming wat die tabaknywerheid geniet en die omvattende prysvasstellingsbevoegdheid van die Tabakraad en die koöperasies, kan die Raad van Handel en Nywerheid nie insien waarom die Sentrale Koöperasie nie bereid is om die fabrikante 'n vryer keuse van tabak te gee nie. As hy net dié kwaliteite waarby die vraag die aanbod oortref, sou toewys, sou dit 'n nuttige leidraad vir die tabakverbouers wees omtrent die kwaliteite wat hulle moet verbou en dan sou die Tabakraad ten minste die inligting hê om die pryse tussen die kwaliteite onderling te kan reël in ooreenstemming met die vraag. Aangeneem dat daar 'n stelsel van vaste pryse vir tabak is, kan die Raad van Handel en Nywerheid nie insien hoe die huidige stelsel van toewysing van die deursnee van die tabakoes, al is dit ook hoe verfynd, behoorlik die produksie van die verskillende kwaliteite tabak in ooreenstemming kan bring met die nywerheid se vraag na hierdie kwaliteite nie."

geskep word, moet dit ook in gedagte gehou word dat die Suid-Afrikaanse tabakbedryf 'n groot mate van beskerming geniet. Die hele tabakreëlingskema sowel as die aksyns- en doeanestruktuur verleen nie alleen aan die tabakprodusent 'n eerste en, afgesien van 'n tolvrye kwota, 'n feitlik uitsluitlike aanspraak op die binnelandse mark nie, maar ook die lokale fabrikant geniet 'n soortgelyke voordeel wat die gefabriseerde produk betref. Onder hierdie omstandighede is dit nie duidelik wat die voorstanders van selektiewe aankope deur fabrikante beoog nie, aangesien sodanige skema ondenkbaar is binne die raamwerk van die bestaande bemarkingskema, wat beoog dat die oes in sy geheel binnelands verkoop word, en waaronder pryse nie noodwendig gelyk aan die markwaarde is nie.

Produksie was tot enkele jare gelede tot die binnelandse vraag beperk, en enige distribusieskema wat aan kopers van bladtabak 'n vrye keuse van grade gee, moet dus sodanig wees dat die oes in die geheel verkoop kan word op 'n wyse waarop fabrikante en kopers 'n gelyke reg kry om 'n seleksie van grade te maak en waarvolgens een fabrikant of koper nie teenoor 'n ander bevoordeel word nie. Om aan hierdie vereistes te voldoen, sal enige distribusieskema wat vir die spesifieke omstandighede ontwerp kan word, op die een of ander reeks-van-grade-allokasieskema moet neerkom. Hierby moet die monopolistiese posisies wat sekere fabrikante in die tabakbedryf beklee, steeds in gedagte gehou word, aangesien hulle vrye marktoestande wat betref bladtabakverkope tot eie voordeel sal kan uitbuit tot nadeel van produsente en ander tabakkopers. Onder 'n reeks-van-grade-allokasieskema, daarenteen, koop fabrikante 'n volle reeks van grade teen 'n gemiddelde prys wat

gelykstaan aan die prys wat alle ander fabrikante daarvoor betaal. Dit is 'n besliste voordeel wat kopers geniet, veral die kleiner koper wat daardeur in staat gestel word om in sy behoeftes te voorsien teen dieselfde prys as die groot fabrikante. Soos later gesien sal word, is 'n stelsel van selektiewe aankope uiters geskik vir lande wat bladtabak of tabakprodukte oorwegend vir 'n buitelandse mark produseer.

3.2.2. <u>Verbruikers word verplig om te verbruik wat geproduseer word.</u>

Met die voorgaande word bedoel dat 'n distribusiestelsel wat kopers verplig om alle grade tabak wat geproduseer word, teen vasgestelde pryse te koop, die gevolg het dat produksie die oorsaak eerder as die gevolg van verbruiksneigings kan wees. Teoreties bestaan die gevaar dat produksie nie by verbruikstendense aangepas sal word nie, en indien dit wel die geval is, sal die verbruik daaronder ly, indien daar nie ten volle aan die eise van die rokerspubliek voldoen sou word nie. Ons het reeds in die vorige hoofstuk verwys na die noodsaaklikheid van verbruiksopnames. Indien die skema sy plig in hierdie opsig sou versuim en pryse sou op 'n onrealistiese basis wat die produksie van ongewenste tipes tabak sou aanmoedig, vasgestel word, sal 'n verandering van die metode van toedeling nie die toestand verbeter nie.

3.2.3. <u>Die reeks-van-grade-allokasieskema is onversoenbaar met die aksynsdifferensiasie in die geval van pyptabak.</u>

Volgens inligting van Sentabak ingewin, bestaan daar geen rede waarom die volle reeks ligte tabakgrade nie in die ligter pyptabakmengsels gebruik kan word nie. Dit lyk dus asof die prysfaktor in hierdie verband 'n belangrike rol speel om die mededingende posisie

van die verskillende ligte en donker pyptabakmengsels in die mark te bepaal. Ten gevolge van die diskriminerende aksynsbelastingtariewe op pyptabak het die fabrikant van suiwer donker pyptabak reeds 'n voordeel bo die fabrikant van mengsels. Die bestaande aksynstariewe op die verskillende tipes pyptabak is soos volg:[1)]

(a) 41½ sent per lb. op pyptabak wat in die kleinhandel verkoop teen 19½ sent per ¼ lb. of meer.

(b) 24½ sent per lb. op pyptabak wat vir meer as 15½ sent per ¼ lb. en minder as 19½ sent per ¼ lb. in die kleinhandel verkoop.

(c) 18½ sent per lb. op pyptabak wat vir 15½ sent per ¼ lb. en minder in die kleinhandel verkoop.

Die middelgroep (24½ sent-aksynsgroep) het dus reeds 'n prysvoorsprong van 17 sent per lb. op die hoogste aksynsgroep. Indien 50%-ligteblad, waarvoor die pypfabrikant onder 'n reeks-van-grade-allokasiestelsel nagenoeg 45 sent per lb. moet betaal, in die betrokke mengsel verbruik word, sal die tabakinhoud van die mengsel 18½ sent duurder wees as 'n suiwer donker pyptabakmengsel wat nagenoeg 16½ sent per lb. kos. Die volgende tabel vergelyk die koste van drie denkbeeldige mengsels pyptabak wat verskillende hoeveelhede ligte tabak bevat:

| KOLOM | 1. | | 2. | | 3. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD VAN MENGSEL. | MENGSEL A | | MENGSEL B | | SUIWER PYPTABAK. | |
| | % | PRYS PER LB. | % | PRYS PER LB. | % | PRYS PER LB. |
| Ligteblad | 50% | 45 sent | 25% | 45 sent | | |
| Donker pypblad | 50% | 16½ " | 75% | 16½ " | 100% | 16½ sent |
| Totaal: Gem. koste | 100% | 32¾ " | 100% | $23^5/8$ " | 100% | 16½ " |

----------

1) Bron: Tabakraad. 1961/62-jaarverslag, p.46.

Gestel die drie tabakmengsels wat in die voorbeeld hierbo aangedui word, verkoop in die onderskeie aksynsgroepe soos volg:

| | MENGSEL A | MENGSEL B | SUIWER PYPTABAK |
|---|---|---|---|
| Aksynsgroep .......... | 41½ sent | 24½ sent | 18½ sent |
| Mengsels (koste van tabakinhoud vir fabrikant) ......... | 35¾ sent | 23⅝ sent | 16½ sent |
| TOTAAL ............... | 77¼ sent | 48⅛ sent | 35 sent |

Volgens die bostaande voorbeeld is daar reeds 'n aksynsvoordeel van 23 sent per lb. wat die suiwer pyptabak bo die duurste mengsels geniet. Hierby kom nog 'n prysverskil van 19¼ sent per lb. in die ru-produk. Dit beteken dat mengsel A teen minstens 42¼ sent per lb. duurder in die kleinhandel verkoop sal moet word. Hierdie prysverskil is so groot dat die vervaardiger van die duurder mengsel beswaarlik sal kan kompeteer met die produsent van die goedkoopste pyptabaktipes.

Die feit dat die gedifferensieerde aksynsbelastingstelsel dus teen ligteblad mengsels diskrimineer, is waarskynlik een van die belangrikste faktore wat deurslag gegee het by die instelling van 'n groepallokasiestelsel waarvolgens pyptabakfabrikante toegelaat word om slegs die goedkoper grade ligte tabak te koop. Die gemiddelde prys van groep II-ligteblad-grade is gewoonlik nagenoeg 20 sent per lb. laer as die gemiddelde prys van die volle reeks oonddroog- en ligte lugdrooggrade. As die reeks van grade in mengsel A van die bostaande voorbeeld vervang word met groep II-ligteblad, kan die prys van hierdie mengsel met minstens 10 sent per lb. verminder word.

Dit wil dus voorkom asof die toepassing van 'n

reeks-van-grade-allokasiestelsel onder die heersende aksynsbelastingstelsel die verbruik van ligteblad in pyptabakmengsels verder sal ontmoedig. Die voormelde uiteensetting dui dus nie op 'n leemte in die reeks-van-grade-allokasieskema nie, aangesien dit nie die metode van toekenning is wat 'n stremmende invloed op die verbruik gehad het nie, maar eerder die gedifferensieerde aksynstariewe wat pyprokers vanweë die prysfaktor ontmoedig om ligte mengsels te rook.

3.2.4. Gevolgtrekking.

Ten spyte van sy gebreke en tekortkomings het die toekenning van tabak volgens 'n reeks-van-grade-stelsel die voordeel dat dit eenvoudig is om te administreer. Dit word verder as 'n bevredigende metode van distribusie van bladtabak beskou in 'n land waar die produksie kleiner of net so groot soos die verbruik van tabak is, en waar die tabakbedryf vanweë sy lokale aard en omvang 'n groot mate van beskerming geniet. Dit is vanselfsprekend dat so 'n stelsel slegs onder 'n beheerskema of monopolistiese marktoestand van toepassing gemaak kan word. Dit word verder aanvaar dat die volle reeks van ligte tabakgrade in pyptabakmengsels verbruik kan word, en indien dit nie bruikbaar is nie, dit maklik uitruilbaar is vir grade wat wel bruikbaar is.

3.3. Beoordeling van die groepallokasiestelsel.

3.3.1. Algemeen.

Dié stelsel kan beskrywe word as 'n skema met teoretiese oogmerke wat prakties onbereikbaar is binne die raamwerk van die bestaande Suid-Afrikaanse tabakbemarkingskema. /Die belangrikste rede waarom die skema as onprakties beskou word, is omdat die formule waarvolgens die distribusie van tabak plaasvind, nie elasties

genoeg is om korttermynskommelings in die omvang en samestelling van die aanbod van tabak op 'n eweredige basis tussen die belanghebbendes te verdeel nie. Hierdie skema bevat ernstige gebreke, en dit is interessant om deur middel van 'n proses van uitskakeling die oorsaak van die instelling van die groepallokasiestelsel na te spoor. Die groepallokasiestelsel hou geen voordele vir sigaretfabrikante in nie, slegs nadele, aangesien hulle onder hierdie skema duurder vir hul tabak moet betaal. In die geval van pyptabakfabrikante is dit weer slegs die vervaardigers van pyptabakmengsels wat 'n gedeelte ligteblad bevat, vir wie hierdie skema blykbaar 'n voordeel inhou. Nou ontstaan die vraag waarom vervaardigers van ligte pyptabakmengsels hulle ligteblad goedkoper moet koop? Soos reeds verduidelik, is dit nodig omdat daar 'n gedifferensieerde aksynsbelastingstelsel op pyptabak van toepassing is, wat sal veroorsaak dat 'n pyptabakmengsel wat 'n hoë persentasie ligteblad in reeks van grade soos die oes dit oplewer, bevat, so duur sal word dat dit nie met donker pyptabakmengsels sal kan kompeteer nie. Dit wil dus voorkom asof een swak skakel in die vorm van 'n diskriminerende aksynsbelastingstelsel die inskakeling van 'n tweede swak skakel noodsaaklik gemaak het. Nietemin is die skema deur fabrikante ontwerp en deur die tabakbedryf aanvaar en van toepassing gemaak as 'n geskikte toekenningskema onder die besondere omstandighede van die mark.

3.3.2. Tekortkomings van die groepallokasiestelsel.

Dit word selfs deur die Tabakraad erken dat die groepallokasiestelsel nie „vry van swakhede en persoonlike besware is nie".[1] Dit blyk dat die belangrikste

----------

1) 1960/61-Jaarverslag van die Tabakraad. p.16.

gebreke van die skema daarin lê dat dit een groep produsente ten koste van 'n ander groep kan bevoordeel en dat dit nie elasties of rekbaar genoeg is om by veranderde omstandighede aan te pas nie.

Volgens hierdie skema het pyptabakfabrikante wat ligte tabak gebruik, 'n eerste aanspraak op die oes, en nadat in hulle behoeftes uit groep II voorsien is, word die balans van die oes onder sigaretfabrikante verdeel. Sigaretfabrikante betaal dus meer vir die tabak wat hulle koop, as wat die geval sou gewees het indien almal 'n reeks van grade soos die oes dit oplewer, sou koop. Die feit dat die pyptabakfabrikante 'n spesifieke deel van die oes kry en dat sigaretfabrikante daarna in die res moet deel, laat die vraag dadelik opkom of die res altyd dieselfde sal wees.

Soos reeds in vorige hoofstukke verduidelik, het die gehalte van die tabakoeste volgens die graadsamestellings daarvan gedurende die afgelope tien jaar aansienlik verbeter met die gevolg dat die produksie van die laer grade in verhouding tot die hoër grade afgeneem het. Daar was ook 'n gelyktydige toename in die verbruik van pyptabakmengsels, sodat die balans nadat pyptabakfabrikante hulle gedeelte van die ligte oes ontvang het, steeds 'n hoër persentasie groep I-tabak bevat het. Sigaretfabrikante moes dus steeds duurder vir hulle toekennings ligte tabak betaal. In teenstelling met die sigaretfabrikante geld daar vir pyptabakfabrikante 'n betreklik konstante prys van groep II-tabak deurgaans. Die volgende oorvereenvoudigde berekening word gebruik om hierdie tekortkoming aan te toon. (vgl. Tabel 22.) Kolom A bevat besonderhede omtrent die jaarlikse produksie of, waar van toepassing, die hoeveelheid tabak beskikbaar gestel vir toekenning

TABEL 22.

## VOORBEELD VAN LIGTETABAKTOEKENNING AAN SIGARET- EN PYPTABAKFABRIKANTE.

(MILJOEN LB.)

| | A. LIGTEBLAD BESKIKBAAR VIR TOEKENNING | | | | | B. | C. BALANS VIR SIGARETFABRIKANTE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GROEP I | | GROEP II | | TOTAAL | PYPTABAKFABRIKANTE-AANDEEL GEBASEER OP VORIGE JAAR SE VERBRUIK | GROEP I | | GROEP II | | TOTAAL |
| | GEWIG | % | GEWIG | % | | | GEWIG | % | GEWIG | % | |
| 1955 | 7.7 | 49.36 | 7.9 | 50.64 | 15.6 | 6.3 | 7.7 | 82.8 | 1.6 | 17.20 | 9.3 |
| 1956 | 12.9 | 52.65 | 11.6 | 47.35 | 24.5 | 7.9 | 12.9 | 77.71 | 3.7 | 32.29 | 16.6 |
| 1957 | 18.8 | 60.84 | 12.1 | 39.16 | 30.9 | 8.7 | 18.8 | 84.68 | 3.4 | 15.32 | 22.2 |
| 1958 | 20.0 | 57.64 | 14.7 | 42.36 | 34.7 | 6.5 | 20.0 | 70.92 | 8.2 | 29.08 | 28.2 |
| 1959 | 16.5 | 63.71 | 9.4 | 36.29 | 25.9 | 6.4 | 16.5 | 84.62 | 3.0 | 15.38 | 19.5 |
| 1960 | 13.8 | 55.20 | 11.2 | 44.80 | 25.0 | 5.8 | 13.8 | 71.88 | 5.4 | 28.12 | 19.2 |

gedurende die betrokke jare. Kolom B toon die jaarlikse toekenning aan fabrikante van pyptabak wat ons veronderstel gelykstaan aan die vorige jaar se verbruik aan. Kolom C dui aan hoeveel tabak oorbly vir sigaretfabrikante.

Genoemde syfers is nie die werklike toekennings nie, daar allokasies in die praktyk meer gekompliseerd raak deur die oesverhoudings oonddroog teenoor ligte lugdroog, groep I teenoor groep II, groep II-oonddroog teenoor groep II-ligte lugdroog, oordragte van surplusse, voorradeaanvullings, ens.

Soos hierbo gemeld, ontvang sigaretfabrikante toekennings in 'n balansverhouding nadat pyptabakfabrikante 'n toekenning slegs uit groep II gekry het. Dit beteken dat fabrikante van pyptabak feitlik dieselfde graadverspreiding ligteblad jaarliks kan koop, terwyl sigaretfabrikante moet koop in die verhouding groep I teenoor groep II soos die oes dit oplewer, nadat dit verder versteur is deurdat pyptabakfabrikante eers binne die perke van voorraadvoorsiening onder die opbergingskema uit groep II geholpe moes raak. Dit beteken dus dat pyptabakfabrikante groter bestendigheid ten opsigte van die samestelling per graad van die tabak wat hulle koop, geniet, teenoor die groter onbestendigheid ten opsigte van aankope deur sigaretfabrikante. Hierdie onbestendigheid word ook weerspieël in die pryse wat die betrokke fabrikante vir hulle tabak moet betaal. As die beraamde gemiddelde verkooppryse van die 1959-oes op die bostaande tabel toegepas word, naamlik:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ligtetabak | groep I | : | 54.7c. per lb. |
| | groep II | : | 25.5c. per lb. |
| | TOTAAL | : | 41.5c. per lb., |

is die pryse waarteen sigaret- en pyptabakfabrikante hulle tabak onderskeidelik volgens die betrokke tabel 22 sal aankoop, soos volg:

| | GEM. PRYS VAN KOLOM A VAN TABEL 22 | GEM. PRYS VIR PYPTABAK-FABRIKANTE | GEM. PRYS VIR SIGARET-FABRIKANTE |
|---|---|---|---|
| | PER LB. | PER LB. | PER LB. |
| 1955 | 39.9c. | 25.5c. | 49.7c. |
| 1956 | 40.9c. | 25.5c. | 50.7c. |
| 1957 | 43.2c. | 25.5c. | 50.2c. |
| 1958 | 42.6c. | 25.5c. | 46.2c. |
| 1959 | 44.1c. | 25.5c. | 50.2c. |
| 1960 | 41.6c. | 25.5c. | 46.5c. |

Volgens hierdie beraming betaal pyptabakfabrikante deurgaans 25.5c. per lb. vir hulle tabak, terwyl sigaretfabrikante teen onbestendige pryse moet aankoop. Bostaande tabel hou natuurlik nie rekening met jaarlikse verskille tussen die oesverhoudings oonddroog- teenoor ligte lugdroogtabak nie. As dit egter ook in berekening gebring word, verhoog die onbestendigheid, veral ten opsigte van sigaretfabrikante, aangesien die verskil tussen die gemiddelde pryse van ligte lugdroog groep II en oonddroog groep II maar sowat 2c. per lb. is, terwyl die verskil tussen die pryse van ligte lugdroog groep I en oonddroog groep I gemiddeld meer as 15c. per lb. is.

Bogenoemde en talle ander faktore soos voorraadaanvullings, toekennings onder die surplusvoorradeskema, oordragte van surplusse, uitvoere, ens., bemoeilik die toepassing van hierdie skema en bring mee dat die skema voortdurend gewysig word om vir veranderde omstandighede voorsiening te maak. Selfs wysigings van die skema moet noodwendig seksionele belange bevorder. Sodanige

ongelyke behandeling word deur sekere fabrikante as uiters onredelik beskou, daar enige skommelings van pryse of oeste eweredig deur alle kopers van tabak gedra behoort te word.

Vanuit die oogpunt van Sentabak, wat die skema moet administreer, gesien, is die toepassing daarvan op 'n eweredige en billike grondslag teenoor die betrokke partye 'n haas onbegonne taak. Namate die behoefte aan en toekennings van groep II van een groep fabrikante toeneem, verminder die ander groep fabrikante se aandeel in daardie groep ten spyte van 'n bepaalde formule om dié neiging binne perke te hou. Waar die verbruik van sigarette in die jongste tyd, sedert die 1958-verhoging van aksynsregte, 'n dalende neiging openbaar, terwyl die verbruik van pyptabak nie in dieselfde mate beïnvloed is nie, word die toepassing van die groepallokasieskema nog verder bemoeilik omdat die oessamestellings nie dienooreenkomstig gereguleer kan word nie. Hierdie probleem kan egter te bowe gekom word deur een of twee van die groep I-grade te verskuif na groep II, sodat die relatiewe aanbod van die twee groepe teenoor mekaar kwantitatief aan die behoeftes van die mark voldoen.

Afgesien van die voorgaande fundamentele swakhede van die groepallokasieskema, kan die skema ook om tegniese redes nie akkuraat in die praktyk toegepas word nie. Allokasies word aan die begin van elke jaar op die basis van oesskattings bereken, en daar dit moeilik is om die omvang van die verwagte oes so vroeg in die jaar presies te bepaal, verskil die werklike oes dikwels van die oesskatting nie alleen wat omvang betref nie, maar ook ten opsigte van samestelling oonddroog teenoor ligte lugdroog en groep I teenoor groep II. Ten gevolge

van die groepallokasieskema word sigaret- en pyptabakfabrikante nie in gelyke mate deur sodanige afwykings getref nie, sodat die een teenoor die ander hierdeur bevoordeel of benadeel kan word.

Tabel 23 bevat besonderhede omtrent die allokasie wat aan die begin van 1959 op grond van die Maartskatting van 1959 gemaak is, asook besonderhede van die allokasiepersentasies toegepas op die werklike baalsyfers.

Tabel 23 toon aan dat die werklike oes ligte tabak sowat 5.5 miljoen lb. groter as die Maart-oesskatting was, met die gevolg dat fabrikante van pyptabak 1.25 miljoen lb. of 30.49% meer tabak gekry het as wat oorspronklik beplan was, en sigaretfabrikante 1.51 miljoen lb. (10.98%) meer. As hierdie syfers vir indiwiduele groepe en tipes tabak bereken word, blyk dit dat die diskriminasie of verskille onder elke onderafdeling verskil. Daar bestaan ook geen moontlikhede van latere regstelling uit die volgende oes nie, daar die nuwe oes se samestelling waarskynlik weer van dié van die vorige oes sal verskil en regstellings op grond van nuwe oesskattings gemaak sal moet word.

Hoewel die bostaande bespreking slegs op sekere van die probleme verbonde aan die groepallokasieskema wys, word dit as voldoende beskou om die probleme verbonde aan die toepassing van 'n skema, waarmee gepoog is om in die besondere behoeftes van pyptabakfabrikante aan ligte tabak te voorsien, aan te stip.

### 3.3.3. <u>Gevolgtrekking</u>.

Dit is duidelik dat die groepallokasieskema nie op 'n suiwer wetenskaplike manier toegepas kan word nie, tensy oesskattings 100% korrek gemaak kan word, geen

TABEL 23. **ALLOKASIEBEREKENING 1959-OES.**

(SONDER BROKKEL EN SSL-GRADE.)

(MILJOEN LB.)

| | OONDDROOG | | LIGTE LUGDROOG | | TOTAAL | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | GR. I | | GR. II | | |
| | GR. I | GR. II | GR. I | GR. II | GEWIG MILJ. LB. | % | GEWIG MILJ. LB. | % | GEWIG MILJ. LB. |
| 1959-Maartskatting | 18.14 | 8.76 | 3.82 | 5.38 | 21.96 | 60.83% | 14.14 | 39.17% | 36.10 |
| Allokasies: | | | | | | | | | |
| Sigaretfabrikante: % | 49.44% | 20.40% | 49.43% | 20.40% | | | | | |
| Gewig (milj. lb.) | 8.97 | 1.79 | 1.89 | 1.10 | 10.86 | 78.98% | 2.89 | 21.02% | 13.75 |
| Pypfabrikante: % | | 29.05% | | 29.05% | | | 29.05% | | |
| Gewig (milj. lb.) | | 2.54 | | 1.56 | | | 4.10 | | 4.10 |
| 1959-baalsyfer (milj. lb.) | 19.48 | 10.38 | 3.80 | 8.03 | 23.28% | 55.84% | 18.41 | 44.16% | 41.69 |
| Werklike allokasie: (milj. lb.) | | | | | | | | | |
| Sigaretfabrikante | 9.63 | 2.12 | 1.88 | 1.63 | 11.51 | 75.43 | 3.75 | 24.57 | 15.26 |
| Pyptabakfabrikante | | 3.02 | | 2.33 | | | 5.35 | | 5.35 |

Bron: Gebaseer op inligting verkry van Sentabak.

voorradeaanvullings gemaak word nie en geen tabak uitgevoer word, wat die beskikbare hoeveelheid tabak beïnvloed nie. Ons het ook daarop gewys dat daar tussen kopers gediskrimineer word, maar dit laat onwillekeurig die vraag ontstaan of die beweerde skaarste aan groep II-grade nie aan die groot prysverskil tussen die twee groepe te wyte is nie. In hierdie opsig dien daarop gewys te word dat, indien die bemarkbare hoeveelheid van 'n bepaalde klas tabak vir distribusiedoeleindes volgens kwaliteit onderverdeel word, elke groep of graad 'n ander verbruikswaarde volgens die behoeftes van die mark sal hê, waarmee by die vasstelling van pryse rekening gehou sal moet word ten einde te voorkom dat daar 'n relatiewe skaarste of oorvloed van die een groep teenoor die ander groep ontstaan. Vanweë sy tekortkomings en die wyse waarop prysverskille tussen verskillende klasse en grade tabak onder die tabakbeheerskema bepaal word, lyk dit asof die groepallokasieskema nie die gelyke behandeling van alle betrokke partye, wat wel beoog word, kan verseker nie.

Ten gevolge van die gebreke van die groepallokasiestelsel en meningsverskille tussen produsente en fabrikante oor die wenslikheid en noodsaaklikheid van die terugkeer na die reeks-van-grade-allokasiestelsel, is 'n komitee deur die Staat aangestel om die wenslikheid van die instelling van 'n eenvormige aksynstarief op pyptabak in samehang met die herinstelling van die reeks-van-grade-allokasiestelsel te ondersoek. Die bevindings van die komitee is nog nie bekend nie.[1]

----------

1) Volgens inligting verkry van Sentabak.

## 4. DIE TOEPASSING VAN 'N EENVORMIGE AKSYNSTARIEF OP PYPTABAK IN SAMEHANG MET DIE HERINSTELLING VAN DIE REEKS-VAN-GRADE-ALLOKASIESTELSEL.

### 4.1. Invloed wat die herinstelling van die reeks-van-grade-allokasiestelsel sal hê op die pryse waarteen fabrikante tabak sal koop.

'n Terugkeer na die reeks-van-grade-allokasieskema sal die verskillende fabrikante op verskillende maniere raak. Fabrikante wat slegs 'n toekenning van tabak vir die vervaardiging van sigarette ontvang en die duurste vir hulle tabak onder die groepallokasiestelsel betaal, behoort die verandering te verwelkom. Volgens 'n berekening wat op grond van die 1960-toekennings gemaak is, moes sigaretfabrikante nagenoeg 46.7 sent per lb. vir hulle toekenning van ligte tabak betaal, terwyl die gemiddelde prys van die betrokke oes 41.5 sent per lb. was. Dit beteken dat sigaretfabrikante gedurende 1960 5 sent per lb. minder vir hulle tabak sou betaal het, mits die reeks-van-grade-allokasiestelsel van toepassing was.

Fabrikante wat sowel sigarette as pyptabak vervaardig, sou blykbaar nie benadeel gewees het nie, omdat hulle toekennings as sowel sigaret- as pyptabakfabrikante ontvang en hulle voorrade tussen die twee gebruike kan uitruil.

Pyptabakfabrikante wat toekennings van ligte tabak ontvang, sal duurder vir hulle grondstof betaal in verhouding tot die ligte tabak wat hulle in hulle mengsels gebruik, terwyl pyptabakfabrikante wat weinig of geen ligte tabak gebruik nie, slegs in 'n geringe mate of glad nie deur die wysiging geraak sal word nie.

### 4.2. Verhoogde koste vir pyptabakfabrikante sal deur gelykstelling van aksynstariewe gebalanseer word.

Soos reeds voorheen opgemerk, sal pyptabakfabrikante onder die reeks-van-grade-allokasieskema duurder vir hulle ligte tabak moet betaal as onder die groep skema. Hierdie

ekstra koste kan in 'n groot mate, indien nie geheel en al nie, deur 'n gelykstelling van die aksynstariewe op pyptabak gebalanseer word. Die fabrikant kan dan sy verkoopprys bly handhaaf of anders geringe prysaanpassings maak wat geen noemenswaardige invloed op die verbruik behoort te hê nie.

Ten einde in hierdie geval 'n oordeel te kan vel is dit nodig om die posisie van al die betrokke fabrikante afsonderlik te bestudeer, asook die samestelling van hulle verkope in die verskillende aksynsklasse en die mate waarin ligteblad in elk verbruik word. Besonderhede omtrent die betrokke fabrikante gedurende 1958 en 1959 word in Tabel 25 aangedui.

Gestel 'n eenvormige aksynstarief van 25c. per lb. word op alle tipes pyptabak ingestel, dan beteken dit dat die verskillende aksynsgroepe soos volg beïnvloed sal word:

| | A | B | C |
|---|---|---|---|
| Bestaande aksynstariewe | 41½c. | 24½c. | 18½c. |
| Gemiddelde aksyns | 25 c. | 25 c. | 25 c. |
| Verskil per lb. | - 16½c. | + ½c. | + 7½c. |
| Verskil per ¼ lb. | - 4 c. | - | + 2 c. |

Indien 'n eenvormige aksynsbelasting op bogenoemde basis vasgestel sou word, sou daar dus geen verhogings in pryse in die hoogste, en feitlik geen verhoging in die middel-aksynsgroep wees nie. Die hoogste en middel-aksynsgroepe, wat meer as 80% van die totale verbruik uitmaak, behoort dus nie nadelig getref te word nie. Dit is veral die laagste aksynsgroep waar die pryse verhoog mag word om vir die aksynsgelykstelling voorsiening te maak, maar onder die heersende aksynsbedeling, waar tabak in die laagste aksynsgroep in die praktyk los verkoop word teen ongeveer 5c. per ons, betaal die verbruiker 20c. per ¼ lb., dit is 4½c. meer as wat toelaatbaar is onder die gedifferensieerde aksynstariewe, wat veronderstel was om hierdie roker te beskerm, terwyl 'n gelykstelling slegs 'n verhoging van 2c. per ¼ lb. in die

TABEL 24. VERBRUIK VAN LIGTE- EN DONKERBLAD DEUR INDIVIDUELE FABRIKANTE IN SUID-AFRIKA GEDURENDE 1958 EN 1959. (MILJOEN LB.)

| | 1958 | | | 1959 | | | %-AANDEEL IN TOTALE 1959-VERBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | LIGTE-BLAD % | DONKER-BLAD % | VERSKIL GEM. AANKOOPS-PRYS ONDER REEKS-VAN-GRADE (BERAAM) * | LIGTE-BLAD % | DONKER-BLAD % | VERSKIL AANKOOPS-PRYS ONDER REEKS-VAN-GRADE (BERAAM) | |
| SIGARETFABRIKANTE. | | | | | | | |
| A .................... | 96.34 | 3.66 | - 4.9c | 96.92 | 3.08 | - 5.0c | 23.55 |
| B .................... | 99.27 | .73 | - 5.1c | 98.40 | 1.60 | - 5.0c | 17.76 |
| C .................... | 99.15 | .85 | - 5.1c | 98.86 | 1.14 | - 5.0c | 6.03 |
| D .................... | 84.46 | 5.54 | - 4.3c | 84.95 | 5.05 | - 4.3c | 3.82 |
| TOTAAL .............. | 96.31 | 3.69 | - 4.9c | 96.73 | 3.27 | - 5.0c | 51.16 |
| PYPTABAKFABRIKANTE. | | | | | | | |
| (a) VERVAARDIGERS VAN LIGTE MENGSELS. | | | | | | | |
| E .................... | 20.67 | 79.33 | + 3.3c | 15.10 | 84.90 | + 2.4c | 24.80 |
| F .................... | 50.78 | 49.22 | + 8.1c | 47.80 | 52.20 | + 7.6c | 10.53 |
| G .................... | 39.81 | 60.19 | + 6.4c | 29.09 | 70.91 | + 4.6c | 9.46 |
| H .................... | 42.53 | 57.47 | + 6.8c | 39.95 | 60.05 | + 6.4c | .82 |
| I .................... | 69.44 | 30.56 | + 11.1c | 67.98 | 32.02 | + 10.9c | .74 |
| J .................... | 17.60 | 82.40 | + 2.8c | 13.30 | 86.69 | + 2.1c | .59 |
| K .................... | 43.87 | 56.13 | + 7.0c | 44.17 | 55.83 | + 7.0c | .53 |
| L .................... | 17.56 | 82.44 | + 2.8c | 7.91 | 92.09 | + 1.2c | .39 |
| M .................... | 40.70 | 59.30 | + 6.5c | 35.48 | 64.52 | + 5.7c | .28 |
| N .................... | 4.84 | 95.16 | + .8c | 1.47 | 98.53 | + .2c | .15 |
| O .................... | 31.58 | 68.42 | + 5.0c | 19.51 | 80.49 | + 3.1c | .09 |
| P .................... | 26.47 | 73.53 | + 4.2c | 15.79 | 84.21 | + 2.5c | .08 |
| TOTAAL VERV. VAN LIGTE MENGSELS .......... | 32.41 | 67.59 | + 5.2c | 26.48 | 73.52 | + 4.2c | 48.46 |

TABEL 24 (vervolg.)

| | 1958 | | | 1959 | | | %-AANDEEL IN TOTALE 1959-VERBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | LIGTE-BLAD | DONKER-BLAD | VERSKIL GEM. AANKOOPS-PRYS ONDER REEKS-VAN-GRADE (BERAAM) * | LIGTE-BLAD | DONKER-BLAD | VERSKIL AANKOOPS-PRYS ONDER REEKS-VAN-GRADE (BERAAM) | |
| | % | % | | % | % | | |
| (b) VERVAARDIGERS VAN SLEGS DONKER PYPTABAK. | | | | | | | |
| Q .................... | - | 100% | - | - | 100% | - | .07 |
| R .................... | - | 100% | - | - | 100% | - | .18 |
| S .................... | - | 100% | - | - | 100% | - | .04 |
| T .................... | - | 100% | - | - | 100% | - | .03 |
| U .................... | - | - | - | 100% | - | - | .02 |
| V .................... | - | 100% | - | - | 100% | - | .02 |
| W .................... | - | 100% | - | - | 100% | - | .01 |
| X .................... | - | - | - | - | 100% | - | .01 |
| TOTAAL ............... | - | 100% | - | 6.36% | 93.64% | - | .38 |
| TOTAAL PYPTABAK ...... | 32.07 | 67.93 | + 5.1c | 26.33 | 73.67 | + 4.2c | 48.84% |
| GROOT TOTAAL ......... | | | | | | | 100% |

* Beraam soos volg: Sigaretfabrikante : 1960-toekenning van 1959-oesbalanse se gemiddelde prys was 46.6c per lb., teenoor 1959 gemiddelde oesprys van ligte tabak van 41.5c per lb. Verskil 5.1c.

Pyptabakfabrikante : 1959-oesprys ligte tabak reeks-van-grade 41.5c per lb. teenoor groep II-prys van 25.5c. Verskil 16c.

laagste aksynsklas sou meebring.

Indien die Staat sou toesien dat die vasgestelde kleinhandelpryse gehandhaaf word, sal die betrokke roker, ten spyte van die 2c.-verhoging, nog 2½c. per ¼ lb. minder vir sy tabak betaal. Verder behoort die Staat ook met 'n enkeltarief beter kontrole ten opsigte van die insameling van aksynsbelasting te kan uitoefen, en mag die Staat 'n addisionele inkomste uit hierdie bron verkry.

Gedurende 1959 is die volgende hoeveelhede ligte- en donkerblad vir die vervaardiging van pyptabak gebruik:

| | | Gewig. | % |
|---|---|---|---|
| 1959 : | Lig | 5,786,000 lb. | 26.325% |
| | Donker | 16,193,000 lb. | 73.675% |
| | TOTAAL | 21,979,000 lb. | 100.000% |

Bron: Sentabak.

Indien pyptabakfabrikante hulle ligteblad in reeks-vangrade aangekoop het, sou hulle 41.5c. per lb. daarvoor betaal het, teenoor 25.5c. per lb. onder die groepallokasieskema (pryse bereken op grond van beraamde baalsyfers van 1959), d.w.s. 16.0c. per lb. meer vir ligteblad. Op hulle totale tabakaankope verteenwoordig dit 'n vermeerdering van 4.2c. per lb. gemiddeld.

Gedurende 1959 het pyptabak soos volg vir die verskillende aksynstariewe in aanmerking gekom:

| | Gewig. | % |
|---|---|---|
| 41½c.-groep | 3,872,000 lb. | 17.62% |
| 24½c.-groep | 13,634,000 lb. | 62.02% |
| 18½c.-groep | 4,476,000 lb. | 20.36% |
| | 21,982,000 lb. | 100.00% |

Bron: Tabakraad.

As veronderstel word dat mengsels wat vir die hoogste aksynsgroep geproduseer word, uit 50%-ligteblad bestaan en dat die lostabak geen ligteblad bevat nie, sal die mengsels in die verskillende aksynsklasse se gemiddelde pryse soos volg beïnvloed word:

| | 41½c.-Aksyns-klas | 24½c.-Aksyns-klas | 18½c.-Aksyns-klas | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| 1959-Produksie | 17.62% | 62.02% | 20.36% | 100% |
| Donkerblad | 1.93 (50%) | 9.78 (71.75%) | 4.48 | 16.19 |
| Ligteblad | 1.94 (50%) | 3.85 (28.25%) | | 5.79 |
| TOTAAL | 3.87 milj. lb. | 13.63 milj. lb. | 4.48 milj. lb. | 21.98 milj. lb. |
| Verandering in koste van tabak (reeks van grade in plaas van groep II) | + 8.0c. | + 4.5c. | - | + 4.2c. |
| Gelykvormige belasting (@ 25c) | - 16½c. | + .5c. | + 6½c. | - |
| + of - per lb. | - 8.5c. | + 5c. | + 6½c. | + 4.2c. |
| per ¼ lb. | - 2.1c. | + 1.2c. | + 1.6c. | + 1.05c. |

Uit die voorgaande syfers blyk dit dat pryse van tabak in die hoogste aksynsgroep met nagenoeg 2c. per ¼ lb. verlaag sal kan word en in die geval van die middel- en laagste groepe met nagenoeg 1.5c. per ¼ lb. verhoog sal moet word. Fabrikante kan egter moontlik weë en middele vind om die voordeel by die hoogste groep te verskuif na die middelgroep, sodat die verskille in pryse onder 'n eenvormige aksyns- en reeks-van-grade-skema maar gering teenoor die bestaande stelsels hoef te wees.

Dit lyk dus asof die herinstelling van die reeks-van-grade-allokasiestelsel en die gelyktydige instelling van 'n gelykvormige aksynsbelasting by pyptabak om die skynbaar

ongewenste toestand van diskriminasie uit die weg te ruim, teen geringe regstellings moontlik is.

Tabel 24 wat besonderhede omtrent die verbruik van ligte en donker tabak van die verskillende fabrikante gedurende 1958 en 1959 bevat, dui ook die aandeel van elk in die totale produksie van sigarette en pyptabak gesamentlik aan. Ten opsigte van die twee jaar word ook aangedui wat elke pypfabrikant se totale hoeveelheid tabakverbruik meer sou kos op grond van die 1959-oespryse, indien hy sy ligteblad in reeks-van-grade moes aankoop in plaas van slegs groep II. Uit Tabel 24 blyk dat sekere fabrikante meer as ander deur die instelling van 'n reeks-van-grade-allokasieskema geraak sal word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat in die mate wat 'n pyptabakfabrikant duurder koop, hy ook die duurder pyptabakmengsels produseer, waarop die besparing, onder die duurder aksynsgroep, by die ander groepe wat geraak word, aangewend kan word. Daar moet ook op gewys word dat die fabrikant wat feitlik geen ligteblad verbruik nie, nie deur die instelling van die reeks-van-grade-allokasiestelsel geraak word nie. Hierdie tabel dui ook aan hoé 'n groot aantal van die klein pyptabakfabrikante weinig of geen ligtetabak verbruik nie. Daar moet ook op gelet word dat 15 (of 75%) van die pyptabakfabrikante slegs 5.11% van die pyptabak verwerk en minder as 2.5% van die totale gewig, lig en donker gesamentlik, gedurende 1959 verwerk het.

Waar die instelling van die reeks-van-grade-allokasiestelsel pyptabakfabrikante, wat oorwegend mengsels fabriseer en wie se verbruik uit 'n groot deel ligteblad bestaan (vgl. Tabel 24), sonder die gelyktydige hersiening van die aksynstelsel, die meeste sal tref, lyk dit asof die aksynstariewe en die allokasieskema gelyktydig hersien sal moet word indien tot so 'n stap in die bedryf oorgegaan sou word. Waar aksynsdiskriminasie tussen verskillende tabakprodukte in

Suid-Afrika ook blykbaar verder gevoer word as wat op ekonomiese gronde regverdigbaar is, sou die instelling van 'n eenvormige aksynsbelasting op pyptabak nie alleen 'n stap in die regte rigting wees nie, maar dit skyn ook moontlik te wees binne die raamwerk van die reeks-van-grade-metode van distribusie van bladtabak sonder dat die bedryf daardeur enigsins ontwrig behoort te word.

## 5. ALTERNATIEWE METODES VAN DISTRIBUSIE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA SEKERE ANDER LANDE.

### 5.1. Algemeen.

Aangesien hierdie onderwerp reeds betreklik breedvoerig deur vorige skrywers gedek is,[1)] wil ons slegs wys op sekere aspekte van die bemarking van tabak in sekere van die belangrikste tabakproduserende lande van die wêreld. Die aspekte waarop ons veral aandag vestig, is die besondere omstandighede en behoeftes van die betrokke marke waaraan die betrokke distribusiestelsels moet voldoen.

### 5.2. Openbare veilings.

Volgens die veilingstelsel word die tabak wat in 'n groot area geproduseer is, op 'n sentrale punt waar verkopers en kopers bymekaar kan kom, op 'n sogenaamde veilingsvloer verkoop aan die persoon wat die hoogste bod vir 'n bepaalde hoeveelheid van die betrokke produk wat aangebied word, maak. Kopers het volgens hierdie stelsel 'n vrye keuse om te bie vir die besondere klasse en grade tabak wat hulle nodig het.

----------

1) Vir verdere besonderhede oor hierdie onderwerp word verwys na die volgende bronne:

1.1. Marais, D.F. a.w., pp.137 tot 148.
1.2. Hamman, J.P. Waardasie van tabak, opgestel vir die Bladman-waardeerderskursus, Sentabak, 1957, pp. 4 tot 12.
1.3. Focus on Rhodesian and Nyassaland Tobacco, a.w., pp.17 tot 21.
1.4. Tobacco, Barclays Bank D.C.O., a.w., pp.50 tot 55, 96, 100, 102, 105, 127, 139, 144 tot 150.

Aangesien Rhodesië dikwels in hierdie studie genoem word wanneer vergelykings met die buiteland gemaak word, is dit interessant om die ontstaan en ontwikkeling van die veilingstelsel in die Federasie van die Rhodesiës en Njassaland kortliks na te gaan.

### 5.2.1. Openbare veilings in die Federasie van die Rhodesiës en Njassaland.

Die eerste proefneming wat in verband met die openbare veilings-metode van bemarking in 1910 deur die British South Africa Company in Suid-Rhodesië ingestel is, het misluk. Die oorsaak van die mislukking kan daarin gevind word dat daar slegs 'n beperkte aantal kopers was en gevolglik nie voldoende mededinging nie. Destyds was Suid-Afrika feitlik die enigste afsetgebied, en omdat twee besondere groot oeste op mekaar gevolg het, het die mededinging tussen die betrokke twee Suid-Afrikaanse kopers in duie gestort sodat die veilings gestaak moes word. Die omset van die mark was ook gering, aangesien jaarlikse uitvoere maar op nagenoeg 200,000 lb. te staan gekom het.[1] Hierna is tabak deur middel van private onderhandeling en kontrakte tussen planters en fabrikante en ander kopers van die hand gesit. Laasgenoemde het die plase besoek en aanbiedings vir die hele of 'n gedeelte van die boer se oes gemaak. Namate die produksie uitgebrei het, het dit later geblyk dat die oes nie op 'n bevredigende wyse deur middel van hierdie stelsel van bemarking gehanteer kon word nie. Hierdie uitbreiding van produksie was hoofsaaklik die gevolg van die groter belangstelling wat die Verenigde Koninkryk in Rhodesiese tabak begin toon het. In 1919 is Ryksvoorkeursregte ingestel en

----------

1) Harland, R.B. In search of the perfect leaf in Focus on Rhodesian and Nyassaland tobacco, a.w., p.8.

daarna het „The Imperial Tobacco Company (of Great Britain and Ireland) Ltd." in 1927 'n fabriek op Msasa opgerig om Rhodesiese tabak vir uitvoer te bewerk en te verpak.[1] Waar Suid-Afrika voorheen die belangrikste koper was, het die Verenigde Koninkryk dit net na die depressiejare geword.[2]

Die veilingstelsel is weer in 1936 ingestel, en kragtens die „Tobacco Marketing Act of 1936" is dit verpligtend gemaak dat alle Virginiese oonddroogtabak deur middel van veilings in Suid-Rhodesië verkoop moes word. Njassaland het Suid-Rhodesië se voorbeeld gevolg en het veilingsvloere te Limbe in 1938 geopen.[3] In Noord-Rhodesië is ook 'n veilingstelsel in 1939 in die lewe geroep, dog vanweë die betreklik klein hoeveelheid tabak en die gebrek aan mededinging, was dit nie 'n sukses nie en sedert 1953 is Noord-Rhodesiese tabak ook in Salisbury verkoop. Die sukses wat deur die veilings behaal is, blyk uit die volgende.

Op die eerste twee veilingsvloere in Salisbury is in 1936 ongeveer 18 miljoen lb. tabak verkoop teen 'n gemiddelde prys van 7d. per lb. In 1960 is 218 miljoen lb. verkoop teen 'n gemiddelde prys van 34.16d. per lb., en die veilingsvloere in Salisbury word tans beskou as die grootste enkele bemarkingsentrum in die wêreld.[4]

Die veilingstelsel wat hier gevolg word, kom baie ooreen met dié wat in die V.S.A. van toepassing is. 'n Planter se besending word gewoonlik binne 'n paar dae nadat dit die veilingsvloere bereik, verkoop, waarna die boer die opbrengs min aftrekkings ontvang. Daar is dus geen verpoeling van tabak nie en elke boer se tabak word

----------

1) Tobacco. Barclays Bank D.C.O. a.w., p.127.
2) Idem.
3) Idem.
4) Idem, p.144.

indiwidueel verkoop. Die kopers wat die veilings bywoon, is dikwels plaaslike firmas wat namens oorsese fabrikante aankoop. Groot oorsese kopers het dikwels 'n eie personeel, kantore en pakhuise in Salisbury. Die verkopings op die veilings word deur die „Rhodesian Tobacco Marketing Board" onder toesig van die Regering geadministreer aangesien die Voorsitter van hierdie raad 'n regeringsbeampte moet wees.

Die tabak wat verkoop word, word deur boere self gegradeer of deur spesiale firmas wat dit op 'n kommissiebasis doen voordat dit opgeveil word. Nadat dit opgeveil is, word die tabak deur amptenare van die Tobacco Marketing Board volgens die amptelike grade geklassifiseer, hoofsaaklik vir statistiese doeleindes ten einde die opbrengs van elke graad uit die oes noukeurig te kan bepaal en 'n deurlopende rekord te kan hê van die gemiddelde pryse wat elke graad behaal het. Dit lyk asof Rhodesië ook geneë voel om oor te gaan tot 'n stelsel van vooraf klassifikasie. In die V.S.A. word tabak in 125 grade vooraf geklassifiseer sodat die verkoper presies weet watter grade hy aanbied en watter pryse hy kan verwag. Dieselfde geld vir die koper wat dan presies weet wat aangebied word en hoeveel hy daarvoor kan betaal. In teenstelling met die 125 oonddrooggrade van die V.S.A. word tabak in 180 grade in Rhodesië gegradeer.[1)]

Op die Rhodesiese veilingsvloere word die tabakbale in lang rye uitgepak en oopgesny, sodat die kopers die tabak kan sien, betas en beruik voordat dit opgeveil word. 'n Amptenaar wat 'n spesialis op sy gebied is, genoem die „starter", stel die openingsbod vas. Na die

----------

1) Idem, p.147.

betrokke baal verkoop is, word dit weer toegemaak en na die pakhuise van kopers of agente wat dit volgens instruksies vermeng en/of ontrug en verpak vir uitvoer, gestuur.

Die voor- en nadele van die veilingstelsel van verkoop, met spesifieke verwysing na die Rhodesiës, asook die wenslikheid of selfs noodsaaklikheid dat 'n soortgelyke stelsel in Suid-Afrika ingevoer word, word in paragraaf 6 van hierdie hoofstuk, asook in Hoofstukke IX en XI, behandel.

5.2.2. <u>Openbare veilings in ander lande</u>.

Die belangrikste ander tabakproduserende lande waar tabak deur middel van veilings verkoop word, is die V.S.A., Kanada en Australië. Die basiese beginsels waarvolgens die betrokke veilings funksioneer, is in al die betrokke lande dieselfde, ten spyte van verskille in die omvang van verkopings, prysondersteuning soos van toepassing in die V.S.A., die sogenaamde Hollandse klokmetode van Kanada en ander beperkings wat deur die verskillende lande se bemarkingsorganisasies ingestel word. Blykbaar is die Australiese veilings nie 'n sukses nie, omdat die Australiese oes maar klein is, sowat 15 miljoen lb. per jaar[1]), en die aantal kopers wat die veilings in Melbourne, Perth, Brisbane, Brandon en Mareeba bywoon, maar gering is. In teenstelling met die Rhodesiës, waar tabak hoofsaaklik vir uitvoer geproduseer word, word 100%, 80% en 75% van die tabak wat respektiewelik in Australië, Kanada en die V.S.A. geproduseer word, plaaslik verbruik.[2]) Dit dui daarop dat die distribusie van tabak deur middel van openbare veilings geskik is vir sowel die binne- as buitelandse bemarking van blaartabak.

----------

1) Idem, p.99.
2) Idem, pp.99, 92, 90.

## 5.3. Regstreekse onderhandeling met kopers.

In lande soos in die Suid-Amerikaanse state, Columbia en Venezuela,[1] en in sekere onderontwikkelde gebiede van Afrika[2] word tabak deur boere indiwidueel vir fabrikante op 'n kontrakbasis geproduseer.

In sekere lande waar die bemarking van tabak deur staats- of staatsondersteunde monopolieë beheer word, word tabak vir uitvoer nog dikwels deur middel van regstreekse onderhandeling tussen die boer en die buitelandse koper van die hand gesit. In Turkye en Griekeland koop die betrokke monopolies die tabak wat vir die plaaslike mark nodig is, terwyl die tabak wat vir uitvoer bestem is, deur tabakhandelaars of verteenwoordigers van buitelandse kopers deur middel van regstreekse onderhandeling met tabakboere opgekoop word.[3]

Dit is interessant dat, terwyl die bovermelde twee lande die belangrikste produsente van Turkse tabaktipes in die wêreld is, die metode van distribusie van Turkse tabak in Suid-Afrika 'n sterk ooreenkoms toon met dié wat in die betrokke lande van toepassing is. Westpro, die Turkse tabakkoöperasie in Suid-Afrika, stel self die grade vas, bepaal die pryse in oorleg met kopers en die hoeveelhede word deur onderlinge ooreenkoms met die betrokke kopers bepaal.[4] Alhoewel daar geen regstreekse onderhandeling tussen die produsent en koper bestaan nie, is dit nietemin 'n suiwer koöperatiewe bemarkingsmetode wat van toepassing is waar die regstreekse onderhandelings deur die betrokke koöperasie waargeneem word.

Dit sal besef word dat regstreekse onderhandeling met planters moeilik sal wees as die produksiegebied oor 'n groot

----------

1) Hamman, J.P. a.w., p.8.
2) Tobacco, Barclays Bank D.C.O., a.w., p.52.
3) Idem, pp. 102 en 105.
4) 1960/61-Jaarverslag van die Tabakbeheerraad. p.20.

area versprei is, en daarom bestaan daar in die meeste ontwikkelde lande van die wêreld koöperasies of ander vorms van organisasies wat die funksies van versameling en distribusie op hulle neem. Indien hierdie funksies deur 'n organisasie waarin die produsent 'n seggenskap het, of waaroor die Staat 'n toesig hou, vervul word, stel dit die produsent meer tevrede as 'n stelsel waar die koper hierdie funksies vervul.

Alhoewel 'n deurtastende studie van die metodes van bemarking van tabak in ander lande van die wêreld 'n vrugbare en interessante studieveld bied, behels dit ook 'n deeglike kennis van die besondere omstandighede wat in elke betrokke land aangetref word. Ons volstaan dus voorlopig by die voorgaande opmerkings in verband met die distribusie van tabak in ander tabakproduserende lande van die wêreld.

## 6. GEVOLGTREKKINGS EN DIE TOEPASLIKHEID VAN 'N VEILINGSMETODE VAN DISTRIBUSIE ONDER DIE SUID-AFRIKAANSE BEHEERDE BEMARKINGSTELSEL.

By die beoordeling van die doeltreffendheid van die een of ander distribusiestelsel is dit soms moeilik om enige kritiek daarteen te beperk tot die enge begrip van distribusie as 'n aspek van bemarking. In hierdie hoofstuk het ons byvoorbeeld nagelaat om die fisiese aspekte van die funksie van distribusie te behandel. Ons het egter in hierdie hoofstuk gepoog om te bepaal of die metodes van distribusie wat binne die raamwerk van die beheerde bemarkingskema van toepassing is, voldoen aan die eise wat daaraan gestel word ook in die veranderlike omstandighede waaraan dit onderwerp word. Voortvloeiende uit die voorgaande ontstaan die vraag of die Suid-Afrikaanse tabaknywerheid nie vanweë die snelle groei daarvan besig is om hierdie metode van distribusie te ontgroei nie.

Soos reeds opgemerk, voldoen die toekenningsmetode van distribusie aan die eise wat daaraan gestel word, en met die

uitsondering van tye van oorproduksie het dit weinig kritiek van die kant van produsente en kopers van tabak uitgelok. Voormelde opmerking geld veral ten opsigte van die sogenaamde reeks-van-grade-allokasiestelsel, mits elke klas tabak afsonderlik toegeken word.

Weens die feit dat graadprysverskille en prysverskille tussen die verskillende klasse tabak nie noodwendig verskille in markkwaliteite, soos bepaal deur die wedersydse werking van vraag en aanbod, verteenwoordig nie, het die instelling van die groepallokasiestelsel die gevolg gehad dat die gelyke behandeling van kopers nie meer verseker is nie. Aangesien produsente en kopers van ligte tabak die groepallokasiestelsel op 'n vrywillige basis aanvaar het, word aanvaar dat hierdie stelsel ten spyte van sy gebreke aan die eise wat onder die beheerskema daaraan gestel word, voldoen. Dit lyk verder asof die instelling van 'n eenvormige aksynstarief op pyptabak 'n voorvereiste sal wees indien die herinstelling van die reeks-van-grade-allokasiestelsel van ligte tabak wel oorweeg sou word.

Die ongelyke behandeling van kopers word onder die groep-allokasiestelsel vererger deurdat die oessamestelling per graad van jaar tot jaar verskil en die toekenning op grond van oesskattings gemaak word, wat aansienlik van die werklike oes ten opsigte van omvang en samestelling kan verskil.

Die vraag is of en vir hoe lank die betrokke stelsel van distribusie in die toekoms bevredigend sal werk. Sedert 1958 kon die totale produksie nie deur middel van die bestaande bemarkingstelsel in die binneland van die hand gesit word nie, sodat onverkoopte surplusse ontstaan

het. Hierdie toestand het dit verpligtend gemaak dat 'n buitelandse mark opgebou word en produksie aan bande gelê word. Wat die uitbouing van 'n buitelandse mark betref, bestaan daar sekere probleme wat in die volgende hoofstuk behandel word. Volgens genoemde hoofstuk is die stelsel van distribusie wat vir die binnelandse mark bevredigend is, waarskynlik nie aanneemlik vir die internasionale tabakhandel nie.

Aangesien die stelsel van openbare veilings die erkende stelsel van bemarking van Virginiese tipes tabak vir die internasionale handel geword het, sal die tyd nog aanbreek dat dit ernstig oorweeg sal moet word of hierdie stelsel van bemarking nie noodsaaklik vir die gesonde ekonomiese ontwikkeling van die tabakbedryf in Suid-Afrika is nie.

Soos duideliker uit die volgende drie hoofstukke sal blyk, het 'n nuwe benadering van die bemarkingsprobleem vir die Suid-Afrikaanse tabakbedryf noodsaaklik geword. Dit raak egter alle aspekte van bemarking, sodat die volgende opmerkings oor die veilingstelsel van bemarking as voorlopig beskou moet word.

Die veilingstelsel bied besondere voordele, alhoewel dit ook sekere nadele inhou, soos blyk uit die voetnota in

verband met die veilingstelsel van Rhodesië.[1] Die belangrikste vereiste vir die geslaagde toepassing van 'n veilingstelsel is dat daar 'n konsentrasie van aanbod en vraag moet bestaan.[2] Dit bestaan reeds in Suid-Afrika, maar daar moet ook 'n redelike mate van mededinging tussen die kopers bestaan, sodat hulle nie afsonderlik of gesamentlik die pryse deur middel van hulle optrede nadelig kan

----------

1) Die volgende aanhaling uit die publikasie „Focus on Rhodesian and Nyassaland Tobacco", waarna alreeds verskeie kere verwys is, som sekere van die voordele en nadele van die veilingstelsel op: (p.18)

„The auction system naturally has some drawbacks as, indeed, does any method of selling. The advantage of the system is that the whole crop can be sold with rapidity compared with the method of private and individual sales, and the seller gets immediate and full payment for his tobacco. At some price or other, practically any tobacco finds a buyer on the auction floor and that was seldom the case with private sales. On the other hand, there are drawbacks. Sometimes, as in all auction sales, tobacco fetches less than it is worth, although it often fetches more. These discrepancies in prices may be due to changes in the lighting effects from place to place on the floor and from day to day in the season, although every effort is made to ensure an even light by the architectural structure of the auction building and its lighting arrangements. But sun or cloud can make great differences in the important matter of colour, so that even the most experienced buyer may at times exhibit faulty judgment and the feel of the tobacco; another important factor may vary with the humidity of the atmosphere in the auction building. When the sales are being rapidly conducted, the time available to the prospective bidder to evaluate the lot, may be insufficient and if the lot does not meet the requirements of the buyers standing close beside it, those who actually bid, may not be near enough to make good judgment. In such cases there is good opportunity for the speculative buyer whose living depends to a large extent on snapping up bargains and reselling at a good profit. If something happens to distract the attention of the principal buyers, there is often a temporary slump in prices until the buying line returns to normal.

These, and many other factors, are not confined to the auctioning of tobacco but occur just as frequently with the selling of any other commodity. The seller, moreover, is not obliged to accept the highest bid. If it does not come up to his expectations, he can withdraw his tobacco and offer it for sale again on another occasion."

2) Vgl. Haccoû, J.G. Deel II. a.w. pp. 447 tot 511, vir verdere besonderhede in hierdie verband.

beïnvloed nie. Ons het reeds daarop gewys dat die eerste Rhodesiese veilingstelsel ten gevolge van hierdie gebrek in duie gestort het.

In Suid-Afrika is meer as 80% van die sigaretvervaardiging in die hande van twee maatskappye, en selfs by die vervaardiging van pyptabak bestaan 'n soortgelyke toestand in 'n mindere mate. Onder sodanige omstandighede bestaan die gevaar dat die groter kopers 'n dominerende invloed op die mark kan uitoefen en pryse tot nadeel van die produsent kan manipuleer. Hulle kan ook byvoorbeeld die pryse van die grade en klasse tabak waarin die kleiner fabrikante belang stel, so opjaag dat hierdie fabrikante se bestaan bedreig word. Produsenteverteenwoordigers meen ook dat, veral in tye van oorproduksie, slegs sekere grade, veral die goedkoper grade, van die hand gesit sal word, terwyl die duurder grade en tabak afkomstig van sekere areas onverkoop sal oorbly. 'n Verdere gevaar bestaan dat waar die gedifferensieerde aksynstariewe wat die verbruik van sekere klasse en grade tabak kunsmatig bevoordeel, sy invloed op bladtabakpryse sal laat geld. Ons wil nie op al hierdie aspekte ingaan nie, maar wil tog daarop wys dat daar voorsorg- of teenmaatreëls teen enige wanpraktyke getref kan word deur beheerde toevloei tot die mark, die opveiling in klein hoeveelhede, byvoorbeeld baal vir baal, die daarstelling van reserwepryse, ens.

Dit lyk asof die gebreke van die bestaande distribusiestelsel vir die binnelandse afset van tabak voortspruit uit tekortkomings in verband met die prysvorming van die afsonderlike grade en klasse tabak en die skynbare behoefte om kopers in staat te stel om 'n groter mate van seleksie by hulle aankope toe te pas. Wat hierdie besondere aspekte betref, besit die veilingstelsel die vermoë om die aangebode hoeveelheid tabak in ooreenstemming met die besondere behoeftes van kopers te verdeel en hierdie behoeftes in

verhouding tot die aanbod in die pryse wat behaal word, te weerspieël.

Nietemin skyn die leemtes van die bestaande distribusie-stelsel nie sodanig te wees dat 'n radikale verandering daarvan noodsaaklik geag word nie. Die feit dat die lands-produksie die binnelandse verbruik oortref, het wel nuwe probleme laat ontstaan, maar dit is nog nie volgens jaar-verslae en notule van Sentabak en die Tabakraad duidelik of die kwessie van uitvoere uit die oogpunt van buitelandse dumping van sporadiese surplusse benader word nie en of die opbouing van 'n permanente uitvoermark beoog word nie.

# HOOFSTUK IX.

# BLADTABAK-UITVOERE.

## 1. INLEIDING.

Terwyl Suid-Afrika die stadium bereik het waar die plaaslike of binnelandse mark nie die totale binnelandse produksie van tabak kan absorbeer nie, het dit nodig geword dat jaarliks steeds groter hoeveelhede bladtabak in die buiteland bemark moet word ten einde te verhoed dat groot onverkoopte voorrade in die binneland ophoop. Hierdie toestand het ontstaan hoofsaaklik ten gevolge van pogings wat doelbewus onder die beheerskema aangewend is om die produksiepeil uit te brei tot 'n stadium waar die binnelandse vraag ten volle deur die binnelandse aanbod bevredig kon word. In hierdie opsig het die prysbeleid en toenemende doeltreffendheid die grootste bydraes gelewer.[1)]

Die feit dat produksie hom nie op die peil van die binnelandse verbruik gevestig het nie maar dit oortref het, het die gevolg gehad dat aansienlike onverkoopte voorrade in die binneland opgehoop het. Pogings van Sentabak om van die oorskotte in die buiteland ontslae te raak was besonder geslaag. Hierdie sukses was egter nie sonder 'n angel nie, omdat die pryse wat in die internasionale handel behaal is, heelwat laer is as dié wat onder die beheerde bemarkingstelsel vir die binneland geld.

Ons het die vorige hoofstuk afgesluit deur te meld dat dit nie duidelik is of die uitvoerprobleem uit die oogpunt

----------

1) Vgl. De Swardt, S.J.J. Aanpassingsprobleme in die landbou *in* Agrekon. Jan. 1962, p.13.

van die buitelandse dumping van sporadiese surplusse of die opbouing van 'n permanente uitvoermark benader word nie. Met die oog op hierdie oënskynlike gebrek aan doelgerigtheid wil ons in hierdie hoofstuk ons benadering in perspektief stel met die probleme van die bedryf in verband met die bestaan van die surplustoestande. Na 'n kort behandeling van die oogpunt waaruit die uitvoerprobleem benader behoort te word, word aandag gewy aan die aard en omvang van die internasionale bladtabakhandel en die eise waaraan voldoen sal moet word om sukses met die buitelandse bemarking van tabak uit 'n ekonomiese doeltreffendheidsoogpunt te kan behaal.

## 2. BENADERING VAN DIE UITVOERPROBLEEM.

In hierdie verband wil ons die uitvoerprobleem vanuit die volgende drie oogpunte beskou: uitvoere as uitlaatklep vir sporadiese surplusse, buitelandse dumping en die opbouing van 'n permanente uitvoermark.

### 2.1. Uitvoere van sporadiese oorskotte.

Ten gevolge van die wisselvalligheid van landbouproduksie sal beplanning om aan die binnelandse behoeftes te voldoen, selfs al kan dit noukeurig gedoen word, nie verhoed dat tydelike surplusse of tekorte ontstaan nie. Alhoewel hierdie probleem in 'n mate deur die opberging van voorrade verlig kan word, is dit twyfelagtig of 'n stabiele ewewig tussen vraag en aanbod op hierdie wyse verseker kan word.[1)]

Die bestaande probleem is egter nie 'n probleem van sporadiese surplusse van tabak nie, aangesien die gemiddelde produksiepeil van die meeste klasse tabak alreeds meer as ses agtereenvolgende jare die binnelandse verbruik oortref. Die omvang wat die uitvoere veral sedert 1957/58 begin aanneem

----------

1) Vgl. Schultz, T.W. a.w., p.363.

het, bevestig ook dat uitvoere 'n permanente eerder as 'n sporadiese karakter aanneem. Suid-Afrika se bladtabak-uitvoere sedert 1936/37 word in Tabel 26 aangegee en dui die hoeveelhede per klas aan. Volgens hierdie syfers sal die 1962/63-uitvoere byna 40% van dieselfde jaar se produksie verteenwoordig.

2.2. Buitelandse dumping van Suid-Afrikaanse bladtabak.

Suid-Afrika voer bladtabak uit teen laer pryse as die binnelandse. Tabak is nie die enigste landbouproduk wat op hierdie wyse in die buiteland van die hand gesit word nie. Tabel 25 verskaf 'n raming van die jaarlikse verliese op die totale hoeveelheid van verskillende produkte uitgevoer, uitgedruk as 'n persentasie van die totale bemarkte produksie, gewaardeer op 'n basis asof die hele produksie teen die binnelandse pryse verkoop kon word.

TABEL 25.

UITVOERVERLIESE AS PERSENTASIE VAN DIE WAARDE VAN DIE BEMARKTE GEDEELTE VAN DIE PRODUKSIE VAN SEWE LANDBOUPRODUKTE.

| PRODUK | BEMARKINGSJAAR | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1957/58 | 1958/59 | 1959/60 | 1960/61 | 1961/62 |
| Mielies ...... | 5.2 | 6.3 | 2.2 | 4.1 | 6.1 |
| Botter ....... | 1.4 | .8 | .7 | 11.5 | ? |
| Kaas ......... | - | 3.7 | 8.2 | 6.9 | ? |
| Eiers ........ | .6 | 1.8 | 4.2 | 1.7 | 6.6 |
| Tabak ........ | 1.0 | 1.5 | 7.4 | 12.3 | 10.6 |
| Kafferkoring.. | 5.1 | 8.5 | 5.3 | 5.8 | 18.1 |
| Grondbone .... | 5.9 wins | 3.0 | 3.1 | 2.6 wins | 2.7 |

Bron: De Swardt, S.J.J. a.w., p.23.

Volgens bostaande tabel was die verlies in die geval van tabak 10.6% in 1961/62. Tabel 26 toon dat die verwagte uitvoere in 1962/63 twee keer soveel as die vorige jaar gaan wees. Dit kan dus verwag word dat die verliese ook groter as die vorige jaar sal wees.

Volgens G.S. Shepherd:[1) ] „export dumping plans all have several important features in common: (1) separation of the domestic and foreign markets with respect to price determination; (2) establishment of a higher effective price in the domestic market, possibly based on some standard such as "parity", "cost of production", or "world price plus the tariff"; (3) limitation of the quantity made available for domestic consumption to the amount, which will be consumed at the price established for the domestic market; (4) disposition of the remainder of the total output at whatever price it will bring in world markets." Die voormelde opmerkings word as voldoende beskou om te bewys dat Suid-Afrika wel 'n dumping-beleid ten opsigte van sy tabakuitvoere volg.[2)]

Die vraag ontstaan onwillekeurig of daar permanent met 'n beleid van uitvoer-dumping volgehou kan word. In die geval van tabak is dit nie onmoontlik nie maar onwaarskynlik. Hierdie moontlikheid word na aanleiding van Figuur 33 ondersoek. Kurwe BV dui die binnelandse vraag as betreklik onelasties aan. U.V., die uitvoervraag, is weer meer elasties. Die kurwe BVRTV. dui die totale vraag aan, terwyl kurwe A die aanbod voorstel. OZ stel die vasgestelde binnelandse prys voor as 40 sent, teen watter prys die verbruik OV, d.w.s. 22 eenhede, sal wees. Indien die binnelandse prys 40 sent is, sal die maksimumhoeveelheid tabak wat lonend bemark kan word, OQ eenhede, naamlik 34 eenhede,

----------

1) Shepherd, G.S. Agricultural price analysis. a.w., p.181.
2) Vgl. GATT : Anti-dumping and counterveiling duties. Geneva, 1958, p.9.

TABEL 26.

UITVOERE VAN SUID-AFRIKAANSE ONBEWERKTE BLADTABAK 1936/37 TOT 1962/63.

(MILJOEN LB.)

| | OOND-DROOG | LIGTE LUGDROOG | BUR-LEY | PYP | SNUIF | VUUR-DROOG | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1936/37 | .033 | .005 | | .438 | .121 | | .597 |
| 1937/38 | .013 | .023 | | .154 | .182 | | .372 |
| 1938/39 | | .010 | | .053 | .147 | | .210 |
| 1939/40 | | .015 | | .166 | .148 | | .329 |
| 1940/41 | | .016 | | .227 | .047 | | .290 |
| 1941/42 | | .009 | | .064 | .024 | | .097 |
| 1942/43 | .004 | .006 | | .018 | .010 | | .038 |
| 1943/44 | .002 | .006 | | | .003 | | .011 |
| 1944/45 | .004 | | | | | | .004 |
| 1945/46 | .140 | .106 | | | .013 | | .259 |
| 1946/47 | .165 | .131 | | | | | .296 |
| 1947/48 | .055 | .004 | | | | | .059 |
| 1948/49 | 1.562 | .016 | | | .016 | | 1.594 |
| 1949/50 | .578 | .785 | | | .092 | | 1.455 |
| 1950/51 | 3.055 | .350 | | .020 | .070 | | 3.495 |
| 1951/52 | 1.214 | .095 | | .041 | .020 | | 1.370 |
| 1952/53 | 2.502 | .741 | | .301 | .057 | | 3.601 |
| 1953/54 | 1.367 | .331 | | .424 | .195 | | 2.317 |
| 1954/55 | 1.316 | .099 | .026 | .225 | .237 | .028 | 1.931 |
| 1955/56 | .700 | .056 | | .001 | .063 | | .820 |
| 1956/57 | .657 | .224 | | .023 | .058 | | .962 |
| 1957/58 | 1.730 | .615 | .023 | .166 | .036 | | 2.570 |
| 1958/59 | 2.174 | .787 | | .237 | .029 | | 3.227 |
| 1959/60 | 4.469 | 1.189 | | .255 | .043 | | 5.956 |
| 1960/61 | 7.298 | 1.586 | .017 | .058 | .140* | | 9.099 |
| 1961/62 | 7.148 | 1.361 | .024 | .811 | .136 | | 9.480 |
| 1962/63 ** | 10.457 | 1.616 | .600 | 5.937 | .750 | | 19.360 |


* Sluit 35,000 lb. roltabak in.

** Beraam deur Sentabak.

Bron: Sentabak.

FIGUUR 33.

DENKBEELDIGE AANBOD EN BINNE- EN BUITELANDSE VRAAGKURWES WAT DIE MATE WAARIN UITVOER-DUMPING MOONTLIK IS, AANDUI.



wees en die gemiddelde prys wat dit in die binne- en buiteland gesamentlik sal oplewer, sal ON of 35 sent wees. Dit beteken dat 22 eenhede in die binneland teen 5 sent meer as die gemiddelde prys verkoop sal word en VQ of 13 eenhede teen 8.4 sent benede die gemiddelde. Die wins op die binnelandse verkope is dus gelyk aan die verlies op die verkope in die buiteland.

Volgens voorgaande grafiek is dit duidelik dat sekere eienskappe of voorwaardes nodig is om dumping van tabak te kan toepas.

(a) Die binnelandse prys moet so hoog wees dat dit verliese op uitvoer kan subsidieer. Indien die binnelandse pryse nie hoog genoeg is nie, moet die uitvoersubsidie van 'n ander bron verkry kan word, byvoorbeeld van die staatskas. In die eerste geval subsidieer die binnelandse verbruiker die buitelandse koper. In die tweede geval verloor die staat, d.w.s. die belastingbetaler.

(b) Voortvloeiende uit die voorgaande is die mate waartoe produksie teen die bepaalde prys kan uitbrei, beperk tot die bron vanwaar die subsidie afkomstig is.

(c) Die buiteland mag nie met die dumping gediend wees nie, en maatreëls wat deur buitelandse invoerlande ingestel kan word, kan 'n bepaalde buitelandse afset, nadat die tabak reeds geproduseer is, laat doodloop en onverkoopte surplusse laat ophoop.

(d) Meer doeltreffende produksie wat die aanbodkurwe na regs sal laat verskuif, sal groter uitvoere lonend maak.

Afgesien van die voorgaande beperkings hou 'n stelsel van dumping sekere gevare in, veral in die geval van 'n landbouproduk waarvan die omvang van produksie nie na willekeur en met kort kennisgewing gewysig kan word nie. Die deursneetabakboer mag hom byvoorbeeld blind staar teen die binnelandse

pryspeil van tabak en produksie in so 'n mate uitbrei dat die hoeveelhede wat in die buitelandse mark verkoop moet word, so groot is dat sy inkomste sodanig daaronder ly dat produksie daarna weer ontmoedig word. Die onstabiliteit en onsekerheid wat ontstaan sal nie die beste belange van die bedryf bevorder nie.

Uitvoerdumping word ook, indien dit van 'n permanente aard is, as 'n vermorsing van produktiewe kragte beskou en dui op 'n basiese verskuiwings- of aanpassingsprobleem ten opsigte van die aanwending van 'n land se produksiemiddels. As 'n betrokke land nie op die internasionale mark kan meeding nie en slegs in die buiteland kan bemark deur die binnelandse kopers of belastingbetalers te belas, word 'n onnodig hoë pryspeil in die binneland gehandhaaf om die uitvoer te subsidieer. Dit beteken dat aangesien die betrokke land nie 'n komparatiewe voorsprong ten opsigte van die uitvoerproduk besit nie, sy invoere vir hom duurder is as wanneer hy 'n komparatiewe voordeel sou besit het.

Gedurende 'n oorgangstadium mag tydelike dumping miskien geregverdig wees. Veronderstel dat daar vanweë die betreklike onbekendheid 'n buitelandse vooroordeel teenoor Suid-Afrikaanse tabak bestaan; dan mag dit nodig wees om die prys van die Suid-Afrikaanse produk te verlaag ten einde buitelandse belangstelling gaande te maak. Dit mag ook wees dat Suid-Afrika wel die potensiaal besit om 'n tabakuitvoerland te word, maar dat dit nie bekend is nie omdat die binnelandse pryspeil so hoog is dat dit ondoeltreffende produksie en 'n hoë produksiekostestruktuur in die hand gewerk het. In hierdie geval kan 'n uitvoerdumpingbeleid die boer help om sy kostestruktuur en pryse aan te pas by die eise wat deur die toetrede tot die internasionale mark aan hom gestel word. Dit word egter betwyfel of, namate die betreklike belangrikheid van die uitvoere toeneem, die uitvoerdumpingbeleid

volgehou sal kan word. In die eerste plek is die fondse waaruit die uitvoere gesubsidieer word, beperk, en tweedens sal die buiteland, namate die produk wat gedump word, hulle buitelandse markte begin bedreig, kennis neem en die gevaar dat die buiteland teenmaatreëls kan instel, sal al wesenliker word.

Soos blyk uit ons bespreking in die volgende paragraaf word die opbouing van 'n uitvoermark op 'n verliesbasis as 'n negatiewe benadering beskou wat 'n valse sekuriteit skep vir die belange wat dit bedoel om te beskerm.

2.3. Die opbouing van 'n permanente uitvoermark.

In die toekoms sal sowel die landbou as ander sektors van die ekonomie tegnies vinnig ontwikkel en sal die Republiek hom moet toespits op die ontginning van alle potensiële uitvoermarke met die nodige klem op 'n gunstige binnelandse kostestruktuur, goeie gehalte en goeie diens.

Soos reeds gemeld, is surplusse, d.w.s. die produksie van groter hoeveelhede as wat die mark teen heersende vasgestelde pryse kan absorbeer, blykbaar 'n permanente kenmerk van landbouproduksie in Suid-Afrika. Dit geld ten opsigte van feitlik die belangrikste landbouprodukte, behalwe koring. Enige beheerskema wat nie hiervan kennis neem nie en spekuleer op grond van moontlike toekomstige tekorte te wyte aan klimatologiese omstandighede, is kortsigtig.

Hierdie toedrag van sake moet as ernstig beskou word, en indien 'n afset, in die binne- of buiteland, nie teen heersende pryse gevind kan word nie, beteken dit dat daar 'n oorkonsentrasie van produktiewe kragte in hierdie bedryfstakke is. Vanweë die betreklike onbeweeglikheid van produktiewe kragte van die landbou na byvoorbeeld die handel of nywerhede, lyk dit asof die mins pynlike aanpassing gemaak sal kan word as die doeltreffendheid in sekere landbou-

produksierigtings, indien enigsins moontlik, sodanig verhoog kan word dat dit vir produsente moontlik en selfs lonend sal wees om vir die buitelandse mark te produseer.

Indien tabak een van die produkte is ten opsigte waarvan die produktiwiteit en doeltreffendheid in so 'n mate verhoog kan word, kan daar byvoorbeeld besluit word om so 'n skema met hierdie doel voor oë onder, sê, 'n vyfjaar-plan aan te pak. Intussen sal die hoër pryse wat in die binneland in vergelyking met dié wat in die buiteland vir tabak behaal word, die oorgangsperiode vir boere help versag. So 'n stap sou egter gewaag wees indien dit nie voorafgegaan word met 'n deeglike ondersoek in verband met die moontlikhede van uitvoere en doeltreffender produksie nie.

## 3. AARD EN OMVANG VAN DIE INTERNASIONALE HANDEL IN TABAK.

### 3.1. Wêreldproduksie en wêreldhandel.

Wêreldproduksie van bladtabak is nagenoeg 8,800 miljoen pond per jaar (gebaseer op 1960 produksie)[1]. Tabel 27 bevat besonderhede omtrent die produksie van tabak in die belangrikste tabakproduserende lande van die wêreld.

Daar word in meer as 80 lande van die wêreld tabak gekweek, maar in die meeste lande word hoofsaaklik vir plaaslike gebruik geproduseer.

Die sogenaamde vrye wêreldlande het nagenoeg 6,000 miljoen lb. tabak in 1960 tot die wêreldproduksie bygedra, en hierdie lande produseer feitlik alle tabak wat die wêreldhandel bereik. Van laasgenoemde groep is die V.S.A. die belangrikste en produseer twee derdes van die totaal.

Minder as 20% van die totale wêreldproduksie en minder as 25% van die vrye wêreldproduksie word internasionaal bemark. Die belangrikste uitvoerlande van die wêreld word in Tabel 28 aangedui. Hierdie tabel toon aan dat die vyf

----------

1) Vgl. Tabel 27.

**TABEL 27. WÊRELDPRODUKSIE VAN TABAK VOLGENS KLASSE EN TIPES 1935-1939, 1959 EN 1960.**

| BELANGRIKSTE PRODUSERENDE LANDE | GESKATTE WÊRELDPRODUKSIE (MILJOEN LB.) | | | LIGTE TABAK | | | | | DONKER TABAK | | | TOTALE AANTAL ACRES |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gem. 1935-39 | 1959 | 1960 | % Oond-droog | % Oriën-taal | % Ligte son-gedr. | % Bur-ley | % Ander ligte lugdr. | % Donker lug-droog | % Donker son-gedroog | % Vuur-droog | |
| V.S.A. | 1,460 | 1,800 | 1,952 | 59.1<br>60.0<br>63.7 | | | 21.7<br>27.7<br>25.4 | 1.9<br>1.7<br>1.7 | 10.0<br>7.5<br>6.6 | .2<br>.1<br>.1 | 7.1<br>3.0<br>2.5 | 1,647<br>1,159 |
| Indië | 761 | 589 | 629 | 3.5<br>20.5<br>22.0 | | 13.8<br>12.6<br>13.0 | <br>.3<br>.3 | | | 82.7<br>66.6<br>64.7 | | 917<br>896 |
| Brasilië | 203 | 274 | 324 | 6.2<br>31.0<br>34.3 | | | <br>1.5<br>1.1 | | 93.8<br>67.5<br>64.6 | | | 250<br>430 |
| Turkye | 128 | 280 | 302 | <br>.3<br>.3 | 99.7<br>99.7<br>99.5 | | | | .3<br>-<br>.2 | | | 194<br>410 |
| Japan | 149 | 286 | 264 | 50.0<br>62.6<br>59.4 | | 48.0<br>30.8<br>33.4 | 2.0<br>3.8<br>4.5 | -<br>2.8<br>2.5 | <br><br>.2 | | | 92<br>153 |
| Federasie van Rhodesië en Njassaland | 43 | 231 | 256 | 65.3<br>84.4<br>86.8 | 1.6<br>.5<br>1.0 | | <br>1.3<br>1.1 | | | 3.2<br>2.5<br>2.7 | 29.9<br>11.3<br>8.4 | 54<br>393 |
| Kanada | 77 | 156 | 197 | 71.4<br>89.8<br>96.9 | | | 14.3<br>6.4 | | 14.3<br>3.8<br>3.1 | | | 69<br>128 |
| Italië | 95 | 185 | 190 | 4.0<br>17.3<br>16.9 | 46.0<br>26.5<br>20.6 | | 4.8<br>16.7<br>24.1 | 3.6<br>8.1<br>7.3 | 11.0<br>17.8<br>18.6 | | 30.6<br>13.6<br>12.5 | 77<br>138 |
| Pakistan | 324 | 216 | 181 | <br>7.4<br>12.7 | <br>7.0<br>7.7 | <br>8.4<br>8.8 | | <br>3.2<br>1.7 | 100.0<br>35.6<br>35.9 | <br>37.5<br>32.1 | <br>.9<br>1.1 | 355<br>208 |

TABEL 27 (vervolg.)

| BELANGRIKSTE PRODUSERENDE LANDE | GESKATTE WêRELDPRODUKSIE (MILJOEN LB.) | | | LIGTE TABAK | | | | | DONKER TABAK | | | TOTALE AANTAL ACRES |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gem. 1935-39 | 1959 | 1960 | % Oond-droog | % Oriën-taal | % Ligte son-gedr. | % Bur-ley | % Ander ligte lugdr. | % Donker lug-droog | % Donker son-gedroog | % Vuur-droog | |
| Indonesië | 239 | | | 2.0 | | | | | 98.0 | | | 449 |
| | | 148 | | 22.3 | | | | | 77.7 | | | 455 |
| | | | 167 | 31.8 | | | | | 68.2 | | | |
| Filippyne | 82 | | | .4 | | | | | 99.6 | | | 176 |
| | | 125 | | 52.0 | | | | | 48.0 | | | 228 |
| | | | 140 | 44.7 | | | | | 55.3 | | | |
| Griekeland | 133 | | | | 100.0 | | | | | | | 226 |
| | | 167 | | | 100.0 | | | | | | | 256 |
| | | | 139 | .1 | 99.9 | | | | | | | |
| Kuba | 48 | | | | | | | | | 100.0 | | 108 |
| | | 109 | | 3.7 | | | 1.8 | | | 94.5 | | 143 |
| | | | 115 | 3.9 | | | 1.3 | | | 94.8 | | |
| Mexiko | 38 | | | 1.8 | | 32.0 | .8 | | 65.4 | | | 51 |
| | | 65 | | 5.0 | | 43.8 | 2.3 | | 48.9 | | | 94 |
| | | | 113 | 2.3 | | 59.6 | 5.3 | | 32.8 | | | |
| Birma | 78 | | | | | | | | 100.0 | | | 108 |
| | | 108 | | 4.6 | | | | | 85.4 | | | 140 |
| | | | 85 | 3.4 | | | | | 96.6 | | | |
| Frankryk | 73 | | | | | | | | 100.0 | | | 44 |
| | | 113 | | | | | | | 100.0 | | | 63 |
| | | | 104 | | | | | | 100.0 | | | |
| Sjina | 139 | | | 17.6 | | 37.5 | | | 38.4 | 6.5 | | |
| | | 1,700 | | 38.1 | | 29.4 | | | 26.5 | 6.0 | | 506 |
| Rusland | | 465 | | | 49.9 | | | | 50.1 | | | 699 |
| Wêreldtotaal | 6,619 | | | 20.4 | 10.0 | 11.2 | 5.1 | 2.9 | 34.4 | 13.7 | 2.3 | 7,550 |
| | | 8,469 | | 34.4 | 13.9 | 9.0 | 7.2 | 1.2 | 22.6 | 10.0 | 1.7 | 9,430 |
| | | | 8,811 | 37.1 | 13.0 | 9.4 | 7.0 | 1.0 | 21.7 | 9.4 | 1.4 | |

Bron: Tobacco. London, Barclays Bank D.C.O. a.w., p.31 & 192.

TABEL 28. UITVOERE VAN BLADTABAK VAN DIE VRYE WêRELD.

DROë GEWIG. (MILJOEN LB.)

| | 1935-39 | 1947-51 | 1950-54 | 1955 | 1956 | 1957 | 1958 | 1959 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| V.S.A. .............................. | 421 | 486 | 474 | 540 | 510 | 501 | 482 | 466 |
| Federasie van Rhodesië en Njassaland.. | 33 | 98 | 117 | 124 | 165 | 139 | 143 | 176 |
| Turkye .............................. | 76 | 124 | 133 | 132 | 134 | 195 | 147 | 147 |
| Griekeland .......................... | 98 | 53 | 88 | 121 | 107 | 152 | 138 | 124 |
| Indië ............................... | 43 | 75 | 84 | 98 | 93 | 80 | 106 | 83 |
| Brasilië ............................ | 71 | 68 | 65 | 60 | 67 | 62 | 66 | 62 |
| Kuba ................................ | 28 | 34 | 37 | 48 | 47 | 55 | 59 | 58 |
| Indonesië ........................... | | 16 | 30 | 28 | 25 | 31 | 49 | |
| Kanada .............................. | 16 | 23 | 31 | 48 | 30 | 37 | 30 | 41 |
| Dominikaanse Republiek .............. | 14 | 35 | 30 | 29 | 30 | 26 | 25 | 27 |
| Italië .............................. | 13 | | | | 26 | 24 | 26 | 26 |
| Filippyne ........................... | 37 | 10 | 19 | 16 | 23 | 24 | 31 | 17 |
| TOTAAL .............................. | 1,035 | 1,137 | 1,251 | 1,398 | 1,412 | 1,483 | 1,481 | 1,414 |

Bronne: United States Department of Agriculture. Prospects for foreign trade in tobacco. Januarie 1960, p.6.

belangrikste uitvoerlande verantwoordelik is vir 70% van die totale uitvoer. As hierdie gegewens nog verder ontleed word, is die dominerende posisie wat sekere uitvoerlande beklee, nog meer opvallend. In die geval van oonddroogtabak is die posisie soos volg:

TABEL 29.

UITVOERE VAN OONDDROOGTABAK VAN DIE VRYE WêRELD.
DROë GEWIG (MILJOEN LB.)

| BELANGRIKSTE LANDE | GEMIDDELD 1934-38 | 1935 | 1958 | 1959 |
|---|---|---|---|---|
| V.S.A. .............. | 325 | 456 | 399 | 374 |
| Federasie van Rhodesië en Njassaland.. | 20 | 106 | 117 | 149 |
| Indië ............... | 14 | 83 | 90 | 67 |
| Kanada .............. | 7 | 46 | 28 | 38 |
| Ander ............... | 8 | 23 | 35 | 28 |
| TOTAAL .............. | 374 | 714 | 669 | 656 |

Bron: Tobacco. Barclays Bank D.C.O. a.w., p.47.

Ten opsigte van die ander tipes tabak word gevind dat Turkye en Griekeland feitlik al die oriëntale of Turkse tipes bladtabak aan die uitvoermark lewer.

Uit die voorgaande syfers blyk dit dat slegs enkele tabakproduserende lande die wêreldmark monopoliseer, en terwyl hierdie lande se tabak in die mengsels van invoerlande deur jarelange verbruik gevestig is, kan besef word dan 'n inbreuk in hierdie marke deur nuwe verskaffers dikwels slegs deur aansienlike prystoegewings bewerkstellig kan word.

Aangesien 'n volledige studie van buitelandse bemarkingsomstandighede, verbruiksneigings en voorkeure, pryse, ens., 'n volledige behandeling van bemarkingstoestande in elk van sowel die produserende- as die invoerlande vereis,

en dit dus 'n baie omvangryke onderwerp is, sal hier nie gepoog word om verder hierop uit te brei nie. Dit is egter interessant om enkele van die talle belemmerende faktore waarmee uitvoerlande rekening moet hou, kortliks na te gaan.

### 3.2. Buitelandse handelsbeperkings.

Die volgende is die belangrikste beperkingsmaatreëls wat in die belangrikste tabakinvoerlande van die wêreld van krag is:[1]

| Land: | Kode: | Land: | Kode: |
|---|---|---|---|
| Argentinië | 1. | Japan | 6. |
| Australië | 3, 4, 5. | Nieu-Seeland | 2, 3. |
| Wes-Duitsland | 1, 3. | Oostenryk | 1, 6. |
| Egipte | 1, 2. | Pakistan | 2, 4. |
| Frankryk | 1, 2, 5, 6. | Portugal | 1, 2, 4, 6. |
| Filippyne | 2. | Spanje | 1, 2, 6. |
| Finland | 2. | Thailand | 6. |
| Italië | 1, 6. | Uruguay | 1, 2. |
| Indië | 2. | Verenigde Koninkryk | 2, 4, 5. |

Kode:
1. Bilaterale handelsreëlings.
2. Invoerlisensies, kwotas en dollartoekennings.
3. Vermengingsvereistes.
4. Voorkeurstariewe.
5. Gewaarborgde aankope.
6. Monopolistiese beheer.

Hierdie maatreëls beperk die vrye keuse van die verbruiker en bepaal dikwels die oorsprong van die tabak wat in 'n bepaalde land verbruik word. Die belangrikste hiervan is die volgende:

### 3.3. Bilaterale handelsreëlings en gewaarborgde aankope.[2]

Baie van die groot uitvoerlande verkoop baie van hulle

----------

1) U.S.D.A. a.w., p.8.

2) Vgl. U.S.D.A. a.w., pp. 9 en 12.

tabak aan die buiteland ingevolge bilaterale handelsooreenkomste of -reëlings. Turkye verkoop byvoorbeeld 50% van sy uitvoere onder sulke ooreenkomste en Griekeland meer as 75%. Frankryk, Italië, Wes-Duitsland, Oostenryk en Finland kanaliseer ook baie van hulle invoere deur middel van soortgelyke handelsverdrae. Die Federasie van die Rhodesiës en Njassaland voer byna 65% van sy oonddroogproduksie uit na die Verenigde Koninkryk en Australië kragtens ooreenkomste aangegaan met fabrikante in laasgenoemde lande teen voorkeursinvoertariewe.

Kragtens „Title 1 of the Agricultural Trade Development and Assistance Act, 1954", ook bekend as „Public Law 480," het die V.S.A. vanaf 1954/55 sowat 247 miljoen lb. surplustabak van die V.S.A. aan 23 lande van die wêreld verkoop. Die tabak is verkoop teen betaling in die valuta van die betrokke land in ruil vir strategiese grondstowwe.

### 3.4. Invoerbeheermaatreëls en voorkeurstariewe.[1]

Buitelandse invoerregte op tabak is betreklik hoog en neem steeds toe. Hierdie tariewe word gewoonlik ingestel of verhoog met die doel om 'n addisionele inkomste vir die Staat te verseker, dog in baie gevalle het dit 'n beskermingsoogmerk, naamlik om invoere te beperk ten einde binnelandse produksie te bevorder.

Soos voorheen al vermeld, is hierdie invoerregte in baie gevalle die ad valorem-tipe sodat tariefverhogings die hoër grade en duurder tipes tabak swaarder tref as die goedkoper tipes.

Tariefvoorkeure wat in die Statebond, Frankryk en Portugal en hulle onderskeie gebiede van toepassing is, speel ook 'n belangrike rol om sekere lande te bevoordeel. Kragtens regulasies word die invoer van tabak feitlik deur

----------

1) Idem, p.9.

die Filippynse regering verbied, en tabak kan slegs ingevoer word indien die „Philippine Virginia Tobacco Administration", beheer deur produsente, sodanige invoere goedgekeur het. Portugal maak, afgesien van die voorkeurstariewe, voorsiening dat minstens 'n sekere persentasie van die ingevoerde tabak uit sy oorsese gebiede afkomstig is.

3.5. Vermengingsvoorskrifte.

In Duitsland word fabrikante verplig om in sekere tabakprodukte 'n sekere persentasie plaaslik geproduseerde tabak te gebruik. Behalwe dat daar in Australië[1] 'n spesiale voorkeurstarief ten opsigte van Rhodesiese tabak bestaan, moet kopers van tabak 'n bepaalde hoeveelheid (persentasie) plaaslik geproduseerde tabak in hulle produkte gebruik om te kwalifiseer vir 'n verminderde invoerreg op die buitelandse tabak wat hulle verbruik.

3.6. Tabakmonopolieë.

Tabakmonopolieë beheer die tabakproduksie en handel in 19 lande van die vrye wêreld. Twaalf van hierdie lande, naamlik Oostenryk, Formosa, Frankryk, Iran, Irak, Italië, Japan, Korea, Sirië, Thailand, Tunisië en Turkye, het staatsmonopolieë, terwyl die Staat in die ander sewe, naamlik Morokko, Haïti, Libanon, Peru, Portugal, Spanje en Swede, monopolistiese magte aan betrokke aangewese liggame gedelegeer het, alhoewel hy nie sy seggenskap verloor het nie. In hierdie lande moet die verbruiker se smaak by die produkte wat die mark moet neem, aangepas word, en pryse speel dus 'n belangriker rol as gehalte.

In sekere van hierdie lande, byvoorbeeld Swede, is die inmenging in die handel maar gering. In ander lande weer, soos Frankryk en Italië, neem die Staat alle besluite aangaande produksie, invoere, uitvoere, vervaardiging en die verspreiding.

----------

1) Sentabak.

### 3.7. Uitvoersubsidies.

Afgesien van die voorgaande, word dit dikwels aangetref dat lande uitvoere kunsmatig op die een of ander wyse probeer bevorder, byvoorbeeld deur uitvoerpremies, -bonusse, -subsidies, ens.

As teenmaatreëls behou baie lande, veral tabakproduserende lande, die reg voor om „anti-dumping"-regte te hef ten einde plaaslike produsente te beskerm.

Die bostaande maatreëls beperk die internasionale handel in tabak, en toetrede tot en uittreding van die buitelandse mark word verder nog deur wêreld-oorproduksietoestande bemoeilik. Ten opsigte van Suid-Afrika in besonder moet daar ook met die buitelandse politieke klimaat rekening gehou word, alhoewel dit dikwels oordryf word. Terwyl sekere Sentraal-Afrikaanse state in die verlede jaarliks beperkte hoeveelhede Suid-Afrikaanse tabak gekoop het, lyk dit asof hierdie gebiede in die jongste tyd minder belangstelling toon. Dit mag egter ook aan toenemende tabakproduksie in die meeste Afrikastate toegeskrywe word.

## 4. EISE WAARAAN VOLDOEN SAL MOET WORD TEN EINDE 'N TABAKUITVOERLAND TE KAN WORD.

### 4.1. Algemeen.

Die groot leemte in die benadering van die uitvoerprobleem is klaarblyklik dat 'n afset gevind moes word vir oorskotte wat in die binneland ontstaan het en 'n permanente karakter begin aanneem het. Uitvoere van tabak was dus nie die gevolg van beplanning nie, terwyl dit uitbouing van die buitelandse mark vir tabak slegs met sukses aangepak kan word indien daar redelike sekerheid is dat daar wel 'n uitvoermark bestaan teen die pryse waarteen Suid-Afrikaanse tabak geproduseer en aangebied kan word. Indien hierdie uitdaging wel aangeneem kan word, sal doelgerigte optrede en

leiding van die bemarkingsorganisasies moet uitgaan om te verseker dat die produkte wat in aanvraag is, aangebied word. Ons behandel vervolgens sekere van die belangrikste eise waaraan voldoen sal moet word ten einde 'n bestendige buitelandse afset te vind, asook enkele probleme ten opsigte van pryse, navorsing, buitelandse vooroordeel, doeltreffendheid en bemarking.

4.2. <u>Pryse moet mededingend wees</u>.

Die vraag of daar 'n buitelandse afset vir Suid-Afrikaanse bladtabak gevind kan word, word dikwels belangriker beskou as die vraag of Suid-Afrikaanse produsente bereid en in staat is om aan die eise wat buitelandse kopers stel, te voldoen. Die wêreldvraag is so groot dat daar ongetwyfeld 'n buitelandse afset vir die Suid-Afrikaanse produk gevind sal kan word teen 'n bepaalde prys. Die bepalende faktor is dus die prys of waarde wat die buitelandse kopers aan Suid-Afrikaanse tabak, in vergelyking met dié van ander tabakproduserende lande, sal heg. As Suid-Afrikaanse tabak teen mededingende pryse op die buitelandse mark geplaas moet word, is dit logies dat die Suid-Afrikaanse boer se produksiekoste nie hoër as dié van sy buitelandse mededingers moet wees nie.

Daar bestaan geen meetbare wêreldprys vir tabak nie, en daar bestaan ook geen maatstaf of algemeen erkende prysnorm ten opsigte van enige tabakgraad waarvolgens pryshoogtes in 'n bepaalde mark met dié van ander marke in die wêreld vergelyk kan word nie. Die talle en veranderlike kwaliteitseienskappe van tabak sowel as veranderings in die vraag en gesogtheid van bepaalde tipes en grade tabak in die algemeen en in bepaalde marke in besonder, verminder die moontlikheid om vergelykings te tref nog verder. Dit is dus uiters moeilik om tabakpryse in verskillende lande met mekaar te vergelyk, omdat die gehalte- en gesogtheidsvereistes in die

verskillende lande nie noukeurig vergelykbaar is nie. Verskille en onsekerhede in verband met belastings, invoerregte en handelsooreenkomste verhoed dat pryse 'n ware weergawe van die kwaliteitsverskille van tabak afkomstig van verskillende lande, kan wees.

In Suid-Afrika is daar byvoorbeeld kopers van tabak wat relatief hoë pryse vir Njassalandse Burleytabak betaal omdat, soos hulle beweer, die Suid-Afrikaanse Burley van 'n swakker gehalte is. 'n Besondere Europese fabrikant beweer weer dat Suid-Afrikaanse Burley se gehalte hoër as dié van die Njassalandse produk is. Elke koper en elke land het sy bepaalde voorkeure vir bepaalde tipes tabak, net soos die smaak van koper tot koper kan verskil.

Alhoewel tabakpryse en die tabak van verskillende lande nie streng vergelykbaar is nie, koop die wêreldkoper van tabak, afgesien van enige vooroordele wat hy mag besit, die tipes tabak wat hy in sy mengsels kan gebruik, waar hy dit die goedkoopste kan kry. In hierdie opsig het ondervinding in die buitelandse mark bewys dat, met moontlik enkele minder belangrike uitsonderings, die Suid-Afrikaanse binnelandse pryse van tabak heelwat hoër is as wat die buitelandse kopers bereid sal wees om daarvoor te betaal. Suid-Afrikaanse bladtabak kan dus slegs aan buitelandse kopers teen aansienlik laer pryse as wat vir binnelandse kopers geld, verkoop word.

Indien Suid-Afrika dus 'n tabakuitvoerland wil word, moet dit vir die boer lonend wees om tabak teen uitvoerpryse te produseer. Produsente wie se kostestruktuur so hoog is dat hulle slegs lonend vir die binnelandse mark kan produseer, sal hulle doeltreffendheid moet verhoog en teen laer koste per eenheid produseer of anders uitgeskakel word.

Volgens Sentabak se ondervinding in die verlede blyk dit dat daar vir Suid-Afrikaanse oonddroogtabak en, in 'n mindere mate, ligte lugdroogtabak 'n buitelandse vraag wat moontlik

verder ontwikkel kan word, bestaan. Die donker lugdroogtipes tabak het in die verlede nog maar 'n uiters beperkte afset in die buiteland gevind. Wêreldverbruiksneigings beweeg ook steeds meer en meer ten gunste van die ligte tipes bladtabak, sodat die vooruitsigte om 'n buitelandse afset vir Suid-Afrikaanse lugdroogtabak, veral die donker tipes, in 'n kwynende wêreldmark te vind, nie baie rooskleurig skyn te wees nie.

Wat oonddroogtabak betref, is Suid-Afrika se belangrikste mededinger Suid-Rhodesië. Soos reeds gemeld, is die tabak afkomstig van die twee lande, nie identiese nie, maar soortgelyke produkte. Die metodes van gradering in die twee lande verskil ook baie van mekaar, sodat 'n graad-vir-graad-prysvergelyking nie moontlik is nie. In Figuur 25 word die gemiddelde pryse van oonddroogtabak in Suid-Afrika met dié van Rhodesië vergelyk, en dit lyk asof Suid-Afrika se kompeterende posisie in die buitelandse mark besig is om te verswak, omdat die Rhodesiese boer, ten gevolge van die dalende tabakpryse en stygende koste van produksiemiddels, verplig was om teen laer koste per eenheid te produseer of anders uit te sak. Alhoewel die oorskakeling na die produksie van Orinoco-tipes tabak in Suid-Afrika ook sy groeipynstadium gehad het, is produksie van hierdie tipe tabak nou gevestig en sal die Suid-Afrikaanse boer doelbewus na groter doeltreffendheid, hoër opbrengste per morg en laer koste van produksie per eenheid moet streef. Indien Suid-Afrika dus nie in staat is om tabak voordelig teen pryse wat in die buiteland geld, te produseer en aan te bied nie, is daar geen ekonomiese voordeel in die aanwending van produksiemiddele vir hierdie doel nie.

### 4.3. Buitelandse vooroordeel teen tabak met 'n onbekende bruikbaarheid.

Wanneer 'n land begin om tabak uit te voer, is die hoe-

veelhede wat aangebied kan word, maar betreklik gering en hierdie hoeveelhede is normaalweg opgemaak uit verskillende tipes, grade en kwaliteite. Die onbekendheid van die produk en die moontlike twyfel wat by die buitelandse kopers in verband met kontinuïteit van verskaffing mag bestaan, bring mee dat hulle dikwels nie eers geïnteresseerd is om proewe in verband met die rookbaarheid, smaak en moontlikheid van insluiting daarvan in hulle mengsels te doen nie.

Gedurende die laat veertiger jare toe Suid-Afrika met groot surplusse van Amarello-oonddroogtabak opgeskeep was, is met 'n skok besef dat die bemarkbaarheid van hierdie tipe tabak in die buiteland, selfs teen groot prystoegewings, maar minimaal was. Die smaak van die wêreldroker het veral sedert die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel tot 'n stadium waar Amarello-tabaktipes nie meer vir uitvoer geskik was nie. Produsente in Suid-Afrika het toe besef dat hulle met die wêreldsmaak sal moet tred hou en hulle moes oorskakel na die produksie van Orinoco-tipes oonddroogtabak, nie alleen met die oog op die moontlike uitvoer van Suid-Afrikaanse tabak nie, maar ook met die oog op die binnelandse vraag. Die gevaar dat die Suid-Afrikaanse roker ook die buitelandse smaak sou aankweek, was wesenlik en het reeds begin, sodat hierdie oorskakeling 'n noodsaaklikheid was.

Afgesien van die noodsaaklikheid om tabak wat aan die vereistes van die buitelandse smaak voldoen, te produseer, is die tabak van sekere gebiede dikwels soos 'n tradisie in die mengsels van bepaalde vervaardigers gevestig. In hierdie opsig skrywe S.S. Murray[1)] byvoorbeeld soos volg:

„ To overcome these buit-up preferences, is even to this day a most arduous and often heart-breaking task, for it is naturally in the interests of American growers and exporters to foster the prejudices in favour of tobacco from a certain

----------

1) Murray, S.S. A special survey of the Rhodesian and Nyassaland Tobacco Industry, prepared by „Tobacco". Junie 1960, p.24.

specific area. In addition, America laid claim as of prescribed right to certain terms like Virginia to cigarette tobacco although, in fact, no tobacco of that type was being grown in Virginia itself. In the same way, among dark tobaccos used for other purposes of manufacture, the name Kentucky was prescribed for a particular type, so that when the same kind of tobacco from the same seed was grown in Nyassaland, the impression widely prevailed that it was only a substitute of inferior properties. Even now the aura of sanctity pervades these names."

Om hierdie vooroordeel te oorkom kan 'n duur proses wees en in hierdie verband sal in die beginstadium prysopofferings gemaak moet word. Reklame in verskillende vorms mag ook nodig wees om buitelandse fabrikante en kopers se belangstelling te wek.

### 4.4. Die stelsel van gradering en bemarking sal aangepas moet word by die behoeftes van die buitelandse mark.

Aangesien die metode van gradering van tabak asook die stelsel van distribusie in Suid-Afrika vir die spesiale omstandighede van die plaaslike beheerde bemarkingstelsel bedoel is, sal sowel die metode van gradering as die distribusiestelsel moontlik gewysig moet word om ook aan die eise van die buiteland te voldoen. In hierdie verband lyk dit asof die veilingstelsel van bemarking, waar kopers binne die raamwerk van wat aangebied word 'n vrye keuse het ten opsigte van die grade, klasse en tipes, die aanneemlikste metode van distribusie van Virginiese tabak in die wêreld geword het.

Soos blyk uit Tabel 30, verskil die behoeftes van verskillende lande baie van mekaar. Hierdie tabel bevat besonderhede omtrent die hoeveelhede, totale waardes en gemiddelde waardes van tabakuitvoere van die Federasie van Rhodesië en Njassaland na verskillende lande.

TABEL 30.

FEDERASIE VAN RHODESIë EN NJASSALAND.

UITVOERE VAN ONVERVAARDIGDE TABAK NA BELANGRIKSTE MARKE IN 1960.

| | HOEVEELHEID DROë GEWIG | TOTALE WAARDE | GEMIDDELDE WAARDE V.O.S. |
|---|---|---|---|
| | MILJ. LB. | MILJ.£ | d. PER LB. |
| OONDDROOG: | | | |
| Verenigde Koninkryk | 90.820 | 23.532 | 62.2 |
| Federale Republiek van Duitsland | 18.812 | 2.724 | 34.8 |
| Nederland | 11.995 | 1.005 | 20.1 |
| Australië | 11.857 | 2.469 | 50.0 |
| België | 6.481 | .612 | 22.6 |
| Suid-Afrika | 4.283 | .519 | 29.1 |
| Federasie van Maleia | 2.374 | .314 | 31.8 |
| Hong Kong | 2.079 | .199 | 23.0 |
| Denemarke | 1.952 | .261 | 32.1 |
| Singapoer | 1.805 | .221 | 29.4 |
| Noorweë | 1.303 | .213 | 39.2 |
| Japan | 1.077 | .212 | 47.1 |
| Luxemburg | .956 | .105 | 26.4 |
| Nieu-Seeland | .939 | .150 | 38.4 |
| VUURDROOG: | | | |
| Verenigde Koninkryk | 6.260 | .874 | 33.5 |
| Kanariese Eilande | 2.135 | .136 | 15.3 |
| Nederland | 2.056 | .107 | 12.4 |
| Sierra Leone | 1.960 | .301 | 36.8 |
| LUGDROOG („SUN-CURED"): | | | |
| Verenigde Koninkryk | 3.785 | .578 | 36.7 |
| Noorweë | .634 | .091 | 34.5 |
| Denemarke | .214 | .017 | 18.7 |
| BURLEY: | | | |
| Suid-Afrika | .835 | .212 | 60.9 |
| Verenigde Koninkryk | .512 | .133 | 62.3 |
| Hong Kong | .381 | .049 | 30.8 |
| Nederland | .253 | .032 | 30.5 |
| TURKS: | | | |
| Verenigde State | .497 | .107 | 51.5 |
| Australië | .209 | .045 | 51.6 |

Bron: Tobacco Export Promotion Council for Rhodesia and Nyassaland. Smoking pleasure can be profitable. 1961, p.15.

Wat veral opvallend is, is dat die Verenigde Koninkryk, wat meer as 50% van die totale produksie van Rhodesië jaarliks koop, ook die hoogste pryse betaal. Hierdie belangstelling in feitlik slegs die hoër grade moet aan die besondere eise wat deur die Britse roker gestel word, en aan die betrokke belastingstelsel van die Verenigde Koninkryk toegeskrywe word. Lande soos die Nederlande en België is weer geïnteresseerd in die goedkoper grade, omdat hulle plaaslike mark, met sy ad valorem-basis van belasting, nie in die duurder grade belang stel nie. Japan koop ook die duurder ligte grade, hoofsaaklik met die oog op „blending" met die swaarder oosterse tipes tabak.

Dit is logies om te verwag dat die betrokke kopers nie in 'n reeks van grade sal belang stel nie, veral waar die reekse ten gevolge van verskille in die samestelling van verskillende oeste nie elke jaar dieselfde kan wees nie. Gevolglik sal die gemiddelde pryse ook van jaar tot jaar verskil.

Gedurende die afgelope paar jaar het die meeste van die tabak wat uitgevoer is, uit reekse van grade bestaan. Dit moet egter aan die spesiale omstandighede van die betrokke gevalle toegeskrywe word. Hierdie betrokke verkope is waarskynlik hoofsaaklik toe te skrywe aan die beïnvloeding van een van die Suid-Afrikaanse fabrikante. In sekere gevalle moes spesiale prystoegewings gemaak word.

Hierdie aspek sluit aan by die volgende onderwerp, naamlik kontinuïteit en omvang.

4.5. Omvang moet groot genoeg wees en kontinuïteit van verskaffing moet verseker word.

Volgens die bevindings van die onlangse handelsending na Noord-Amerika bestaan daar 'n gebrek aan 'n positiewe, dinamiese verkoopsbenadering by baie Suid-Afrikaanse uitvoerders, sodat die volle geleentheid om buitelandse marke te ontwikkel

nie benut word nie. Verder word dit beklemtoon dat alle pogings aangewend behoort te word om, as die mark eers ontwikkel is, voorrade ononderbroke te lewer.[1] M.D. Marais[2] waarsku ook teen die sporadiese bemarking waaraan uitvoerders hulle skuldig maak deur 'n deel van 'n voorraad wat tydelik nie winsgewend op die plaaslike of bestaande buitelandse marke verkoop kan word nie, teen enige prys in enige ander mark te verkoop, terwyl kontinuïteit van voorrade uit die oogpunt van die oorsese koper 'n basiese vereiste vir gevestigde handel is.

In die geval van tabak is kontinuïteit van verskaffing van besondere belang, omdat die smaak en gehalte van tabak uit verskillende dele van die wêreld verskil. Mengsels waaruit bepaalde sigarette gemaak word, moet so eenvormig moontlik gehou word om 'n bestendige verbruik daarvan te verseker. Die betreklik geringe hoeveelheid wat Suid-Afrika vir die buitelandse handel beskikbaar kan stel, lewer dus probleme op, omdat dit uit talle grade bestaan waarvan sekeres maar 'n baie geringe deel van die oes uitmaak. Die hoeveelhede wat per graad aangebied kan word, kan dus so klein wees dat buitelandse invoerders nie daarin sal belang stel nie.

### 4.6. Groter doeltreffendheid.

Uit 'n kwalitatiewe oogpunt is daar nog 'n groot agterstand wat ingehaal sal moet word, veral as 'n vergelyking getref word tussen Suid-Afrika, Rhodesië en die Verenigde State van Amerika. Die volgende tabel (Tabel 31) bevat inligting omtrent verskillende lande van die wêreld. Betroubare syfers is nie ten opsigte van Suid-Afrika beskikbaar nie, maar die opbrengs van oonddroogtabak per morg kan op ongeveer 1,500 lb. gemiddeld beraam word. By die lugdroog-

----------

1) Handel en uitvoeraangeleenthede in Noord-Amerika <u>in</u> Volkshandel, Julie 1962, p. 24.

2) Marais, M.D. Soos aangehaal deur Volkshandel, Julie 1962, p.30.

klasse is dit natuurlik hoër. As hierdie opbrengs per morg met dié van die V.S.A. vergelyk word, sien ons dat dit maar die helfte so groot is. In Rhodesië was die vordering merkwaardig, en sedert 1936 het die gemiddelde opbrengs per morg vanaf 1,170 lb. tot 1,870 lb. in 1959[1] toegeneem. Gedurende 1960 was die ooreenstemmende syfer 2,189 lb. per morg.[2]

TABEL 31.

OPBRENGS VAN OONDDROOGTABAK PER MORG IN VERSKILLENDE LANDE : GEMIDDELDES VIR 1959 EN 1960.[3]

| | 1959 | | | 1960 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1,000 ACRES | PRODUKSIE | LB. PER MORG | 1,000 ACRES | PRODUKSIE | LB. PER MORG |
| | | MILJ.LB. | | | MILJ.LB. | |
| V.S.A. | 693 | 1,080 | 3,289 | 699 | 1,242 | 3,751 |
| Kanada | 118 | 140 | 2,514 | 129 | 191 | 3,125 |
| Rhodesiës en Njassaland | 224 | 195 | 1,837 | 213 | 222 | 2,189 |
| Indië | 183 | 121 | 1,396 | 185 | 139 | 1,586 |
| Japan | 94 | 178 | 3,996 | 88 | 157 | 3,766 |
| Sjina | 725 | 648 | 1,889 | 760 | 750 | 2,082 |
| Ander | 746 | 736 | 2,075 | 551 | 564 | 2,162 |
| TOTAAL | 2,783 | 2,913 | 2,420 | 2,810 | 3,265 | 2,464 |

Dit is dus duidelik dat daar groot ruimte vir verbetering ook in Suid-Afrika bestaan. In hierdie verband skrywe R.B. Harland, Voorsitter van die „Tobacco Research Board" van Rhodesië en Njassaland, soos volg:[4]

„ It might be mentioned here that the results obtained at the 1959 sales with experimental tobacco - some of which was deliberately spoilt for purposes of comparing different

----------

1) Tobacco. Barclays Bank D.C.O. a.w., p.132.
2) Idem, p.189.
3) Idem, p.189.
4) Harland, R.B. a.w., p.9.

cultural practices and various methods of disease and insect damage control - far exceeded the country's average. In fact, the indicated potential was a much bigger crop, twice as valuable, produced from the same acreage."

Intensiewe navorsing en die toepassing van doeltreffender verbouingsmetodes het ook resultate in die V.S.A. laat verbeter, en sedert die Tweede Wêreldoorlog het die produksie van tabak in die V.S.A. met nagenoeg 340 miljoen lb. toegeneem, terwyl die oppervlakte onder tabak 'n groot daling van byna 500,000 acres getoon het.[1]

4.7. Ekonomiese- en marknavorsing noodsaaklik.

'n Wetenskaplike benadering vereis dat daar in die eerste instansie bepaal moet word of daar 'n buitelandse mark opgebou kan word en aan watter eise voldoen sal moet word. Dit vereis marknavorsing. Hierdie navorsing is 'n voorvereiste omdat persone wat die leiding op hulle onder 'n beheerskema neem, nie risiko's mag neem en handel volgens 'n idee nie. Soos C.W. Gerstenberg[2] dit stel: „it will not be a payable proposition to spend time or to risk other people's money in testing out in actual operation the value of a "hunch". A detailed investigation must be made. The cost of this investigation is comparable to an insurance premium. It costs money, to be sure, but it is a protection against a much larger loss."

Hierdie funksie het Sentabak in die verlede vervul en verskeie sendings is na die buiteland gestuur. Hierdie sendings se verslae bevat baie waardevolle inligting. Daar moet egter op gewys word dat hierdie sendings opdragte gehad het om 'n afset vir surplusvoorrade wat op hande was, te probeer vind, met die gevolg dat die benadering nie altyd dié van 'n opgeleide navorser wat as promotor optree, was nie.

----------

1) Vgl. Tabel 27.

2) Gerstenberg, C.W. Financial organization and management of business. New York, 1944, p.6.

Die volgende stap sal wees om die uitvoermoontlikhede teen die binnelandse produksiemoontlikhede op te weeg ten einde te bepaal of dit in belang van die bedryf en landsekonomie in die geheel sal wees om binnelandse produksie in hierdie rigting te stuur. Indien die bevinding positief is, sal dit ook doelgerigte en positiewe leiding onder die bemarkingskema verg.

## 5. SAMEVATTING.

Dit lyk asof die uitvoermark, wat bladtabak betref, in die verlede slegs as 'n uitlaatklep vir die sporadiese surplusse wat periodiek ontstaan het, beskou is, en die pryse wat in die buiteland behaal is, was aansienlik laer as die binnelandse pryse. Dit wil ook voorkom asof die Suid-Afrikaanse produsent, met sy bestaande stelsel van binnelandse bemarking, hoë pryse en kostestruktuur in vergelyking met dié van ander lande van die wêreld, en die geweldige mededinging op die buitelandse mark weinig hoop het om hom in daardie mark te kan handhaaf.

Alhoewel die bostaande waar mag wees wat die hede betref, moet dit nie vergeet word dat, wat die toekoms betref, die uitvoermoontlikhede sal afhang van die vooruitgang van die Suid-Afrikaanse tabakprodusent op die gebied van doeltreffendheid in vergelyking met ander tabakproduserende lande van die wêreld. Dit kan dus nie sonder meer aanvaar word dat Suid-Afrika nie 'n tabakuitvoerland kan word nie, veral as die volgende in aanmerking geneem word:

5.1. Alhoewel wêreldproduksie en -voorrade op 'n baie hoë peil is, neem die verbruik van tabak in die meeste lande van die wêreld toe, veral tabak vir die vervaardiging van sigarette. Die wêreldverbruik van sigarette het tot onlangs byvoorbeeld teen 'n gemiddelde

tempo van 5%[1] toegeneem.

5.2. Die gemiddelde opbrengs van tabak per morg is in Suid-Afrika heelwat laer as in die belangrikste ander tabakuitvoerlande. Die produksie van Orinoco-tipes tabak is maar sowat 10 jaar gelede in Suid-Afrika begin, en wat die geskiedenis van 'n bedryfstak betref, is dit maar die beginstadium van sy ontwikkeling. Indien die bewering wat voorheen aangehaal is, dat Rhodesiese boere deur middel van doeltreffender verbouingsmetodes hulle gemiddelde inkomste per morg teen heersende pryse kan verdubbel, bewaarheid kan word, bestaan daar 'n moontlikheid dat Suid-Afrika dit ook kan doen.

5.3. Namate Suid-Afrika aanhou om meer tabak te produseer as wat die binnelandse mark kan absorbeer, sal die produsent minder per pond vir sy tabak ontvang ten gevolge van moontlike dalings in pryse, heffingsfondsbydraes en uitvoerverliese, onverkoopte surplusse, ens. Produsente sal dus verplig word om hulle doeltreffendheid te verhoog of as tabakprodusente uitgeskakel te word. 'n Vermindering in produksie vind egter blykbaar moeiliker plaas as 'n uitbreiding, sodat moontlik bevind mag word dat, veral met die oog op algemene surplustoestande in die landbou, 'n uitbreiding van produksie teen laer koste per eenheid 'n minder pynlike aanpassing sal verg as 'n vermindering van produksie ook teen verlaagde eenheidskoste.

Die tabakbedryf is 'n beskermde bedryf in Suid-Afrika, en as dit nie so was nie, sou tabakpryse teen die heersende produksiepeil waarskynlik heelwat laer moes gewees het. Op grond van 'n prysvergelyking kan die doeltreffendheidspotensiaal van tabakverbouing in Suid-Afrika dus nie sonder

----------

1) U.S.D.A. a.w., p.l.

meer met ander lande van die wêreld vergelyk word nie. Indien daar dus vir 'n buitelandse mark geproduseer moet word, sal produsente in hierdie rigting gelei moet word. Dit lyk dus asof hierdie aspek die ernstige aandag van die Nasionale Bemarkingsraad, die Tabakraad en Sentabak sal moet geniet, aangesien dit besef kan word dat die bestaande stelsel van subsidiëring van uitvoere uit Tabakraadheffingsfondse nie onbepaald volgehou kan word nie.

Die noodsaaklikheid van deeglike ekonomiese en marknavorsing moet in hierdie opsig beklemtoon word. Produksie loop bemarking vooruit en daarom is 'n deeglike kennis van bemarkingsmoontlikhede noodsaaklik voordat enige uitbreiding van produksie oorweeg kan word. Dit is dus die plig van die bemarkingsorganisasies onder die skema om op grond van doelgerigte ekonomiese en marknavorsing die regte leiding te gee.

# HOOFSTUK X.

## INVOERE VAN TABAK EN TABAKPRODUKTE.

### 1. INLEIDING.

Ten spyte daarvan dat Suid-Afrika voldoende hoeveelhede bladtabak produseer om in sy behoeftes te voorsien, word aansienlike hoeveelhede bladtabak sowel as sigarette jaarliks, veral uit Suid-Rhodesië, ingevoer. Hierdie invoere geskied ten spyte van beskerming van die bedryf deur doeanetariewe op invoere van bladtabak en tabakprodukte. Met die oog op die surplustoestande en die begeerte van tabakprodusente om die binnelandse afset van tabak uit te brei, is hierdie invoere 'n bron van groot ontevredenheid by hulle.

In hierdie hoofstuk wil ons slegs baie kortliks die omvang van die beskerming bespreek, asook die redes waarom invoere ten spyte hiervan plaasvind. Ons wys verder op enkele gevare en bespreek kortliks die houding wat onder die bemarkingskema in hierdie verband ingeneem behoort te word. Hierdie bespreking is baie kort, omdat ons die invoere slegs as 'n faktor wat die verbruik van plaaslik geproduseerde tabak kan beïnvloed, benader, eerder as om op die meriete van die saak in te gaan.

### 2. VORM EN MATE VAN BESKERMING.

#### 2.1. Doeanebelastings.

Tabel 32 bevat besonderhede omtrent die doeaneregte wat vanaf 14 Februarie 1961 op ingevoerde tabak en tabakprodukte van toepassing is.

TABEL 32.

DOEANETARIEWE VAN TOEPASSING OP INGEVOERDE TABAK EN TABAKPRODUKTE SEDERT 14 FEBRUARIE 1961.

| | |
|---|---|
| (a) Sigarette, per 1,000 sigarette (Rhodesiese sigarette geniet 'n korting van 105 sent per 1,000 sigarette.) | 205 sent |
| (b) Vervaardigde tabak: | |
| (1) Sigarettabak per lb. | 18 sent |
| (2) Ander, per lb. | 91½ sent |
| (c) Snuif per lb. | 40 sent |
| (d) Gorak per lb. | 135 sent |
| (e) Sigare en sigarillo's per lb. | 90 tot 115 sent |
| (f) Onvervaardigde tabak per lb. | 35 sent. |

Bron: 1960/61-Jaarverslag van die Tabakraad. p.44.

Om 'n beter beeld van die mate van beskerming wat die plaaslike produk geniet, te vorm, is die doeane- en aksynstariewe in Tabel 33 saamgevoeg.

TABEL 33.

DOEANE- EN AKSYNSBELASTINGTARIEWE OP PLAASLIKE EN INGEVOERDE SIGARETTE SEDERT 14 FEBRUARIE 1961.

(BEREKEN PER POND GEWIG.)

| | PLAASLIK VERVAARDIG | INGEVOER | |
|---|---|---|---|
| | | VANAF DIE RHODESIëS | ANDER LANDE |
| Sigarette (op die basis van 2½ lb. per 1,000). Plakseëls teen 4 sent per 10 sigarette | 160 sent | 160 c. | 160 c. |
| Per lb. tabak @ 26½ sent | 26½ sent | 26½ c. | 26½ c. |
| Doeanereg | - | 40 c. | 82 c. |
| TOTAAL | 186½ sent | 226½ c. | 268½ c. |

Bron: Verwerking van gegewens in die 1960/61-Jaarverslag van die Tabakraad, pp. 44 en 45.

Die beskerming wat die Suid-Afrikaanse produk teenoor die ingevoerde produk geniet, is dus in die geval van sigarette 82 sent (40 sent in die geval van Rhodesiese sigarette) per lb. Sigarette en sigarettabak word in 'n geringer mate as pyptabak beskerm. As dit in aanmerking geneem word dat 'n kwart pond plaaslik vervaardigde pyptabak ongeveer dieselfde vir die verbruiker kos as 20 sigarette en die beskerming teenoor die Rhodesiese word geneem, is die beskerming in die geval van sigarette maar 2 sent en in die geval van die pakkie pyptabak byna 23 sent. Soos verwag kan word, word daar 'n minimale hoeveelheid pyptabak in verhouding tot sigarette ingevoer.

2.2. <u>Tolvrye invoerkwota</u>.

Kragtens 'n handelsooreenkoms met Rhodesië word tabakfabrikante toegelaat om 2 miljoen pond oonddroogtabak jaarliks vry van belasting uit die Federasie in te voer. Toe die handelsooreenkoms in 1935 hernieu is, is 'n tolvrye kwota vir die eerste jaar op 2 miljoen lb. vasgestel, waarna die Tabakraad hierdie kwota bepaal het.[1] Hierdie kwotas was nie in die verlede tot die 2 miljoen lb. beperk nie, en heelwat groter kwotas is, veral gedurende tye van tekorte, op aanbeveling van die Tabakraad toegestaan. Tabel 34 bevat besonderhede omtrent die kwotas wat sedert 1936/37 toegestaan is.

Produsente se standpunt is dat daar, met die oog op die landsvoorradeposisie en die produksiepotensiaal van die Republiek, geen regverdiging vir enige bladtabakinvoere bestaan nie.[2] Op vertoë dat die kwotas afgeskaf moet word, was die Staat se houding dat, terwyl die toegif ten opsigte van tabak een van die weinig voordele is wat Rhodesië teenoor Suid-Afrika uit die betrokke ooreenkoms geniet, dit as bevorderlik vir die breër landsbelange beskou moet word. Fabri-

----------

1) Vgl. U.G. 16-'34. a.w., p.103, en U.G. 27-'47. a.w., p.188 vir verdere besonderhede.

2) 1960/61-Jaarverslag van Tabakraad, p.39.

kante hou egter vol dat hulle verplig is om van die ingevoerde blad in hulle mengsels te gebruik ten einde in staat te wees om met ingevoerde sigarette mee te ding.[1)]

TABEL 34.

TOLVRYE INVOERKWOTAS WAT SEDERT 1936/37 DEUR SUID-AFRIKA TOEGESTAAN IS.

| JAARTAL | MILJOEN LB. |
|---|---|
| 1936/37 | 2.0 |
| 1937/38 | 3.2 |
| 1938/39 | 2.0 |
| 1939/40 | 3.0 |
| 1940/41 | 1.0 |
| 1941/42 | 3.0 |
| 1942/43 | 2.0 |
| 1943/44 | 4.5 |
| 1944/45 | 10.0 |
| 1945/46 | 1.5 |
| 1946/47 | 3.0 |
| 1947/48 | 5.0 |
| 1948/49 | nil |
| 1949/50 | " |
| 1950/51 | " |
| 1951/52 | " |
| 1952/53 | " |
| 1953/54 | " |
| 1954/55 | " |
| 1955/56 | 10.0 |
| 1956/57 | 20.0 |
| 1957/58 | 4.25 |
| 1957 | 2.25 |
| 1958 | 2.25 |
| 1959 | 2.0 |
| 1960 | 2.0 |
| 1961 | 2.0 |

Bron: 1960/61-Jaarverslag van die Tabakraad, p.51.

----------

1) 36ste Jaarverslag van Sentabak, p.21.

## 3. OMVANG VAN INVOERE.

Ten spyte van die betreklik hoë invoerreg van 35 sent per lb. op onbewerkte tabak, die tolvrye hoeveelheid uitgesluit, word aansienlike hoeveelhede onverwerkte tabak jaarliks ingevoer. Tabel 36 dui die hoeveelhede aan wat sedert 1921 ingevoer is. Afgesien van die bladtabakinvoere word aansienlike hoeveelhede verwerkte tabak ook ingevoer. Besonderhede hieromtrent word in Tabel 35 verstrek. Dit sal opgemerk word dat Tabelle 34 en 35 se syfers nie presies ooreenkom nie. Hierdie verskille is te wyte aan die verskillende bronne vanwaar die syfers afkomstig is en die verskillende maniere van versameling van die betrokke inligting.

TABEL 35.

INVOERE VAN BEWERKTE EN ONBEWERKTE TABAK (DOEANESYFERS.)

(MILJOEN LB.)

1956 - 1961

| KALENDERJAAR | BEWERKTE TABAK | | | ONBEWERKTE TABAK | GROOT TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| | SIGARETTE | SIGARETTABAK | ANDER | | |
| 1956 | 1.178 | - | .030 | 20.066 | 21.274 |
| 1957 | 1.339 | - | .054 | 5.181 | 6.574 |
| 1958 | 1.395 | .005 | .047 | 3.063 | 4.510 |
| 1959 | 1.542 | .005 | .076 | 4.589 | 6.212 |
| 1960 | 1.540 | .004 | .075 | 5.001 | 6.620 |
| 1961 | 1.440 | .002 | .058 | 4.386 | 5.886 |

Bron: Sentabak. Agendaboek vir 36ste jaarlikse algemene vergadering. 1962. P.44.

Die enigste uitvoerders van noemenswaardige hoeveelhede tabak na Suid-Afrika was die Federasie en die Verenigde State van Amerika. Gedurende die afgelope drie jaar het die invoere uit die V.S.A. feitlik doodgeloop en voorsien die

TABEL 36.

INVOERE VAN ONBEWERKTE TABAK SEDERT 1921.

MILJOENE LB.

| JAAR | OONDDROOG | LIG EN DONKER LUGDROOG | TURKS | BURLEY | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| 1921 | - | - | - | - | 3.12 |
| 1922 | - | - | - | - | 2.81 |
| 1923 | - | - | - | - | 4.58 |
| 1924 | - | - | - | - | 5.58 |
| 1925 | - | - | - | - | 2.84 |
| 1926 | - | - | - | - | 3.57 |
| 1927 | - | - | - | - | 8.63 |
| 1928 | - | - | - | - | 5.34 |
| 1929 | - | - | - | - | 8.83 |
| 1930 | - | - | - | - | 2.65 |
| 1931 | - | - | - | - | 2.80 |
| 1932 | - | - | - | - | 2.80 |
| 1937 | 3.42 | - | .16 | - | 4.58 |
| 1938 | 2.80 | - | .19 | - | 2.99 |
| 1939 | 3.44 | - | .01 | - | 3.45 |
| 1940 | 1.91 | .01 | - | - | 1.92 |
| 1941 | 1.55 | .01 | - | - | 1.56 |
| 1942 | 4.04 | .01 | - | - | 4.05 |
| 1943 | 5.82 | - | - | - | 5.82 |
| 1944 | 10.80 | - | - | - | 10.80 |
| 1945 | 1.35 | .01 | - | - | 1.36 |
| 1946 | 5.67 | - | - | - | 5.67 |
| 1947 | 6.12 | - | - | - | 6.12 |
| 1948 | 3.14 | - | .02 | - | 3.16 |
| 1949 | 4.46 | .05 | .04 | - | 4.55 |
| 1950 | 4.57 | .08 | .01 | - | 4.66 |
| 1951 | 4.35 | .14 | .01 | - | 4.50 |
| 1952 | 2.82 | .10 | - | - | 2.92 |
| 1953 | 2.06 | .11 | - | - | 2.17 |
| 1954 | 1.56 | .11 | - | - | 1.67 |
| 1955 | 10.77 | .61 | - | - | 11.38 |
| 1956 | 14.77 | 3.81 | - | .29 | 18.87 |
| 1957 | 2.25 | 3.64 | - | .19 | 6.08 |
| 1958 | 2.85 | .03 | - | .37 | 3.25 |
| 1959 | 3.10 | - | - | .53 | 3.63 |
| 1960 | 4.02 | - | - | .67 | 4.69 |
| 1961 | 3.66 | - | - | .76 | 4.42 |

Bronne: 1) U.G. 16-'34. a.w. p.103 vir jare 1921 tot 1932.
2) Kombinasie van syfers uit Tabakraad en Sentabak se jaarverslae vir balans.

Federasie nou ongeveer 99% van Suid-Afrika se ingevoerde tabak. In die geval van sigarette is die posisie min of meer dieselfde. Gedurende 1960 was 80% van die ingevoerde sigarette uit die Rhodesiës en 12% en 6% onderskeidelik uit die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk afkomstig.

4. PROBLEME VERBONDE AAN DIE INVOERE VAN SIGARETTE.

Sigaretinvoere is besig om vinnig toe te neem en dit blyk dat die Suid-Afrikaanse tabakbedryf se grootste bedreiging van die kant van Rhodesië afkomstig is. Hierdie bewering kan met die statistiese gegewens, vervat in die volgende tabel (Tabel 37), gestaaf word.

TABEL 37.

INVOERE VAN SIGARETTE IN SUID-AFRIKA VANAF 1953 TOT 1960.

(MILJOEN LB.)

| JAAR | RHODESIË | ENGELAND | V.S.A. | ANDER | TOTAAL | PERSENTASIE VAN LANDSVERBRUIK VAN SIGARETTE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1953 | .06 | .04 | - | - | .10 | .48% |
| 1954 | .28 | .03 | .04 | - | .35 | 1.63% |
| 1955 | .48 | .06 | .04 | .01 | .59 | 2.63% |
| 1956 | .94 | .12 | .11 | .01 | 1.18 | 4.82% |
| 1957 | 1.03 | .16 | .14 | .02 | 1.35 | 5.33% |
| 1958 | 1.15 | .11 | .13 | .01 | 1.40 | 5.90% |
| 1959 | 1.30 | .07 | .14 | .03 | 1.54 | 6.77% |
| 1960 | 1.24 | .10 | .18 | .02 | 1.54 | 6.53% |
| 1961 | | | | | 1.44 | 6.21% |

Bron: Tabakraad.

In onlangse vertoë wat tabakprodusente tot die Regering gerig het, het hulle daarop gewys dat die beskerming wat

Suid-Afrikaanse sigarette teenoor ingevoerde sigarette, veral uit die Rhodesiës, geniet, so gering is dat Rhodesiese sigarette in 'n effens kleiner formaat teen dieselfde prys as soortgelyke Suid-Afrikaanse sigarette op die mark geplaas kan word. Hulle het ook beklemtoon dat die Federasie, wat voor 1955 geen noemenswaardige hoeveelhede sigarette vervaardig het nie, ongeveer 4,150 miljoen sigarette per jaar vervaardig, waarvan ± 560 miljoen (13.4%) na die Republiek van Suid-Afrika in 1959 uitgevoer is. Aangesien Suid-Afrikaanse fabrikante hierdie snel stygende toevloei moet teengaan deur mededingende produkte op die mark te plaas, word hulle, na hulle mening, verplig om 'n hoeveelheid ingevoerde blad in die betrokke sigarettipes in te werk, sodat die kwaliteit en smaak min of meer kan ooreenstem met dié van die ingevoerde produk. Namate meer van sowel die ingevoerde sigaret as die Suid-Afrikaanse teenwig gerook word en die smaak gevestig raak, neem die verbruik van ingevoerde blad dus ook toe. Hierdie toedrag van sake het reeds sodanig posgevat dat Suid-Afrikaanse fabrikante openlik te kenne gegee het dat tabakprodusente in die toekoms rekening sal moet hou met 'n bladinvoer uit die Federasie wat aan 15% tot 20% van die sigaretverbruik sal gelykstaan, om die smaak te bevredig.

Waar die aksynsbelasting op sigarette slegs 4/7d. per lb. in die Federasie is, teenoor die Republiek van Suid-Afrika se laagste tarief van ± 18/5d. per lb., word sigarette wat in die Republiek van Suid-Afrika 1/10d. vir 20 kos, in die Federasie teen 1/- vir 20 verkoop. Sentabak is ook besorg dat daar, veral sedert die 1958-aksynsverhoging, 'n groter stoot aan die onwettige toevloei van veral die goedkoper Rhodesiese sigarette na Suid-Afrika, oor die nie-amptelike roetes deur die Protektorate, gegee is.

Wat laasgenoemde beswaar betref, skyn die enigste oplossing te wees dat, tensy die grense deeglik teen smokkel-

handel bewaak kan word, die aksynsbelastingtariewe van buurstate in aanmerking geneem word by die vasstelling van Suid-Afrikaanse aksynstariewe op soortgelyke produkte. 'n Soortgelyke toedrag van sake het die V.S.A. en Kanada verplig om hulle onderskeie aksynstariewe op tabakprodukte in ooreenstemming met mekaar te bring.[1)]

## 5. FAKTORE WAT BLADTABAKINVOERE BEVORDER.

'n Invoerreg van 35 sent per pond op bladtabak skyn voldoende beskerming te wees, as in aanmerking geneem word dat die gemiddelde verkooppryse van Rhodesiese oonddroogtabak ongeveer 30 sent per lb. is. Hierby moet nog die koste van verpakking, spoorvrag, Tabakraadheffing, ens., bygereken word om die totale beskerming te bereken. In hierdie verband moet die volgende faktore egter in aanmerking geneem word:

5.1. 'n Sigaretfabrikant moet in Suid-Afrika 'n volle reeks oonddrooggrade koop nadat die oesverhouding deur pyptabakfabrikante se toekenning uit groep II versteur is. Gestel die volle reeks kos hom dan 50 sent per lb. In Rhodesië kan hy bruikbare grade tabak wat in Suid-Afrika in groep II val, teen sê 12 sent per lb. koop, wat vir hom voordelig kan wees.

5.2. Die feit dat 2 miljoen lb. bladtabak tolvry ingevoer kan word, beteken dat, indien 4 miljoen lb. tabak ingevoer word, die gemiddelde invoerreg 17½ sent in plaas van 35 sent is. Volgens Tabel 30 was die gemiddelde v.o.s.-waarde van oonddroogtabak wat gedurende 1960 in Rhodesië gekoop is, nagenoeg 24 sent per lb. As die 17½ sent invoerreg hierby gereken word, is die

----------

1) Bron: Sentabak.

ingevoerde tabak, alhoewel nie van dieselfde gehalte nie, goedkoper as wat oonddroogtabak in Suid-Afrika gekoop kan word.

5.3. Sigaretfabrikante beweer dat hulle verplig is om van ingevoerde blad in hulle mengsels gebruik te maak om sigarette op die mark te kan plaas wat met die ingevoerde sigaret kan meeding. In verband met Burleytabak word beweer dat die Suid-Afrikaanse produk nie die eienskappe besit wat verlang word nie, en daarom word Njassalandse Burley ingevoer teen pryse wat, volgens Tabel 30, selfs sonder die invoerbelasting, heelwat hoër as die plaaslike produk is.

## 6. WENSLIKHEID OM INVOERBESKERMING TE VERHOOG.

Dit is 'n netelige probleem hierdie wat eintlik buite die bestek van hierdie studie val. Ons wil in hierdie verband slegs op vier aspekte wys, wat almal daarop dui dat 'n groter mate van beskerming nie aanbeveel kan word nie.

6.1. Alhoewel dit nie beweer word dat sigaretfabrikante nie met minder ingevoerde tabak kan klaarkom nie, moet dit steeds in gedagte gehou word dat rookgoed 'n soort modeartikel is. Daar is altyd diegene wat uitheemse modes en smake of 'n spesiale voorliefde vir 'n bepaalde buitelandse sigaret het, al is dit net ten gevolge van die naam of die verpakking of oorsprong van die produk. Sulke persone is bereid om hiervoor ekstra te betaal. Die mate waarin die invoerreg verhoog sal moet word om effektief te wees, sal afhang van die elastisiteit van die vraag na die betrokke rookgoed.

6.2. Die vraag ontstaan of 'n verhoging van die invoerreg in belang van die landsekonomie is, veral in 'n land

waar 'n mate van monopolistiese beheer oor die produksie, pryse en bemarking van bladtabak en/of sigarette uitgeoefen word. So 'n stap kan dan ondoeltreffendheid van produksie bevorder en/of seksionele belange ten koste van die verbruiker bevoordeel.

6.3. Dit is 'n ekonomiese feit dat geen land in die wêreld wat aan die buitelandse handel deelneem en wie se ekonomiese welsyn in 'n mate van sy buitelandse handel afhanklik is, homself teen wêreldhandelstoestande kan verskans sonder om homself te benadeel nie. Geen regering of land kan dit dus bekostig om sy plaaslike bedrywe bloot omdat buitelandse mededinging toeneem, steeds in 'n toenemende mate te beskerm nie. Daar word toegegee dat daar spesiale omstandighede mag wees waaronder dit geregverdig mag wees. Vir die Suid-Afrikaanse tabakbedryf is die voorgaande stelling egter van wesenlike belang. Om sowel ekonomiese as politieke redes moet Suid-Afrika steeds poog om vriendskaplike verhoudings met sy buurstate, die Rhodesiës, te handhaaf. Rhodesië is toevallig ook die tweede grootste uitvoerland van oonddroogtabak in die wêreld. Verder moet in ag geneem word dat die Rhodesiese tabakbedryf nie die voordeel van 'n groot binnelandse mark geniet nie, en gevolglik produseer Rhodesië tabak vir 'n buitelandse mark. Tabak is, na koper, Rhodesië se belangrikste uitvoerproduk. Gevolglik sal Rhodesië baie gevoelig wees vir enige maatreëls wat sy buitelandse handel in tabak nadelig mag beïnvloed. Namate die Suid-Afrikaanse tabakbedryf 'n agterstand wat betref pryse, doeltreffendheid van produksie, bemarking en gradering, kwaliteit, ens. ontwikkel, sal groter beskerming nodig wees om die toevloei van die Rhodesiese

produk te bekamp. Die enigste praktiese oplossing is klaarblyklik dus om nie hierdie agterstand te ontwikkel nie. Dit word dus gerade geag dat die Suid-Afrikaanse tabakbedryf hom deeglik op hoogte moet hou van verwikkelings in die Suid-Rhodesiese tabakbedryf, omdat die bereiking van groter hoogtepunte deur die tabakbedrywe van sowel Rhodesië as ander lande ten koste ook van die Suid-Afrikaanse tabakboer en fabrikant kan geskied.

6.4. Die sigaretmaatskappye van Suid-Rhodesië is filiaalmaatskappye van Suid-Afrikaanse sigaretfabrikante. Gevolglik kan dit gebeur dat prys-, verbruiks- en ander tendense in enigeen van die twee lande ook die produksie- en uitvoerbeleide van die betrokke maatskappye sal beïnvloed. Vanweë die feit dat tabakpryse in Suid-Afrika hoër as dié in Rhodesië is, is die Suid-Afrikaanse tabakbedryf nie vir die Rhodesiese mark 'n bedreiging nie en moet daar in Suid-Afrika steeds gewaak word teen die bedreiging wat invoere vir die Suid-Afrikaanse bedryf inhou.

Dit was ongelukkig nie moontlik om juiste inligting te bekom nie, veral omdat fabrikante om verstaanbare redes nie bereid is om inligting in verband met hulle mengsels en eenheidskoste bekend te maak nie. Daar moet egter deur 'n denkbeeldige voorbeeld op gewys word dat dit nie net die omvang van invoer van sigarette is wat die bladtabakinvoere beïnvloed nie, maar die teenoorgestelde geld ook.

Met behulp van die volgende tabel (Tabel 38) word die posisie waarin die plaaslike bedryf hom bevind ten opsigte van die bedreiging van die Rhodesiese produk, verduidelik.

TABEL 38.

BERAAMDE EENHEIDSKOSTE VAN VERVAARDIGING VAN SIGARETTE IN RHODESIË EN SUID-AFRIKA.

| | %-SAMESTELLING VAN MENGSEL | KOSTE PER LB. |
|---|---|---|
| (a)[1] Vervaardigingskoste in Suid-Afrika. | | |
| Oonddroogtabak: Suid-Afrika | 50% | 50.00c. |
| Ingevoer uit Rhodesië | 20% | 47.50c. |
| Burley: Suid-Afrika | 15% | 30.00c. |
| Ingevoer | 5% | 90.50c. |
| Ligte lugdroog: Suid-Afrika | 10% | 30.00c. |
| | 100% | 46.50c. |
| (b) Vervaardigingskoste van soortgelyke sigarette in Suid-Rhodesië. | | |
| Oonddroogtabak: (Rhodesiës) | 70% | 24.00c. |
| Burley: (Rhodesiës) | 15% | 50.00c. |
| Ander laegraadse Burley en lugdroog | 15% | 10.00c. |
| | 100% | 25.80c. |
| (c) Verskil tussen (a) en (b) | | 20.70c. |
| (d) Beskerming wat Suid-Afrikaanse sigarette in die Suid-Afrikaanse mark teenoor Rhodesiese sigarette geniet per lb. of 400 sigarette. | | |
| Verskil in belasting | | 40.00c. |
| (e) Verskil tussen (c) en (d) | | |
| per 400 sigarette | | 19.30c. |
| per 20 sigarette | | .96c. |

1) Die koste van die ingevoerde bladtabak in (a) van die voorgaande tabel is soos volg bereken:

| | Oonddroogtabak | Ligte Burley |
|---|---|---|
| Invoerreg per lb. (½ tolvry) ............... | 17.50c. | 35.00c. |
| Tabakraadsheffing .......... | 4.00c. | 2.75c. |
| Vervoerkoste, ens. ......... | 2.00c. | 2.00c. |
| | 23.50c. | 39.75c. |
| Pryse betaal vir ingevoerde blad (1960-basis) ........ | 24.00c. | 50.75c. |
| TOTAAL PER LB. ............. | 47.50c. | 90.50c. |

Volgens die voorgaande tabel kan die Rhodesies vervaardigde sigarette, ten spyte van die beskerming, teen slegs 'n 1 sent per lb.[1] duurder as die lokale produk voordelig in Suid-Afrika verkoop word. Indien die betrokke sigaretfabrikante sou besluit om die bepaalde tipe sigaret slegs in Rhodesië te vervaardig, kan daar moontlik verdere besparings wees wat dit vir hulle winsgewend kan maak. Hierdeur sal die verbruik van Suid-Afrikaanse blad in hierdie mengsels ook verdwyn.

Indien die mate van beskerming wat bladtabak geniet, verhoog sou word, kan dit in plaas van die verbruik van die lokale blad te verhoog, fabrikante verplig om sekere tipes sigarette in Rhodesië te vervaardig en die sigarette na Suid-Afrika uit te voer. Groter prysverskille tussen Suid-Afrikaanse en Rhodesiese bladtabak kan dieselfde uitwerking hê.

## 7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

Alhoewel die tabakbedryf 'n redelike mate van beskerming geniet, afgesien van die hoeveelheid tabak wat vry van belasting ingevoer word, word 'n betreklike groot hoeveelheid tabak in verwerkte en onverwerkte vorm jaarliks ingevoer. Die hoeveelheid sigarette en onverwerkte sigarettabak wat gedurende 1960 ingevoer is, verteenwoordig ongeveer 25% van die tabak wat plaaslik in sigarette vervaardig is.[2] In hierdie opsig is dit opvallend dat dit weer eens die ligte tabak is waarteen gediskrimineer word, omdat die mate van beskerming geringer is as by die donker tabak, ook ten gevolge van die tolvrye invoerkwota.

Die probleem is klaarblyklik dat dit vir fabrikante voordelig is om nagenoeg 4 miljoen lb. tabak jaarliks in te

----------

1) Per 20 sigarette.
2) 1960/61-Jaarverslag van die Tabakraad. p.46.

voer, omdat die helfte vry van invoerreg is. Die gevolg hiervan is dat dalings in die pryse van Rhodesiese tabak in verhouding tot die Suid-Afrikaanse produk aanleiding tot groter invoere kan gee. Aangesien dit onwaarskynlik is dat die Staat sou toestem tot 'n groter mate van beskerming, blyk 'n meer positiewe benadering in hierdie opsig aangewese te wees. Intensiewe marknavorsing sal ook hier goeie vrugte kan afwerp. Die aspekte in verband waarmee meer inligting nodig is, is byvoorbeeld die volgende: Waarom koop fabrikante in Rhodesië en presies wat koop hulle teen watter pryse? Kan Suid-Afrika dieselfde aanbied, en indien 'n prystoegewing nodig is, hoe vergelyk hierdie toegewing met die verlies gely op die betrokke hoeveelheid tabak wat uitgevoer moet word in die plek van die invoere? Kan hierdie probleem nie deur 'n wysiging van die stelsel van toekenning of die indeling van die grade in die verskillende groepe verlig word nie?

Dit kan gemeld word dat die tegniese komitee van die Tabakraad in samewerking met die Tabaknavorsinginstituut al heelwat aandag aan die wetenskaplike en tegniese aspekte van hierdie saak geskenk het, maar dit lyk asof die ekonomiese bemarkingsaspekte verdere ondersoek regverdig.

# HOOFSTUK XI.

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

### 1. INLEIDING.

Kenmerkend van die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse tabakbedryf is die stryd van tabakboere, eers indiwidueel en daarna deur middel van hulle koöperasies, om beheer oor die bemarking en pryse van tabak te kry. Hierdie ideaal is verwesenlik, en ten gevolge van die gunstige ekonomiese klimaat vir die tabakboer en die landboubedryf in die algemeen het die tabakbedryf van krag tot krag gegroei. Die tabakboere kan met reg trots wees op wat hulle ten opsigte van die opbouing van finansieel sterk koöperatiewe organisasies verwesenlik het en op die bevordering van hulle eie ekonomiese welsyn en lewenstandaard in so 'n mate dat tabakboere in die res van die wêreld hulle kan beny.

Onder die gunstige klimaat waartydens pryse, die vraag en produksie 'n deurgaans stygende tendens gehad het, was beplanning betreklik maklik. Dit lyk egter asof die ekonomiese klimaat vir die tabakbedryf nou minder gunstig geword het, omdat die binnelandse verbruik staties begin bly het. Pryse het ook staties geword, terwyl produksie homself nie geredelik by die veranderde omstandighede aanpas nie. Hierdie veranderde omstandighede stel nuwe eise aan sowel die beheerskema as aan tabakboere en hulle bemarkingsorganisasies. Die doeltreffendheid waarmee nuwe aanpassings gemaak en korrektiewe stappe gedoen sal word, sal afhang van die insig en vermoë van die persone wat leiding onder die beheerskema moet gee, om die regte besluite te neem en tot uitvoer te bring.

In hierdie hoofstuk gee ons nie alleen 'n algemene samevatting van die aspekte van beheerde bemarking van bladtabak wat behandel is nie, maar in elke geval word waar nodig uitgebrei op die gevolgtrekkings wat reeds gemaak is. Kritiek wat uitgeoefen word, is bedoel om die noodsaaklikheid van 'n nuwe benadering te beklemtoon en nie om afbreuk aan die prestasies van die verlede te doen nie. Die indeling wat ons volg, is min of meer dié van die vorige hoofstukke, met dié verskil dat ons die „surplusse" aan die einde behandel.

## 2. BEHEERDE BEMARKING : DIE VERWESENLIKING VAN 'N IDEAAL.

Voor 1910 was tabakboere nog heeltemal ongeorganiseerd en nie bestand teen die afdingingsvermoë van winkeliers, spekulante en fabrikante aan wie hulle hulle tabak moes verkoop nie. Enkele produsente het, veral gedurende die verarmde toestande waarin die Boerebevolking na die Anglo-Boereoorlog verkeer het, besef dat daar iets gedoen moes word om die boer se lot te verlig. Onder wyle Oubaas Ottermann het 'n klompie Kroondalse boere in 1904 besluit om hulle tabak gesamentlik te bemark. Nadat hierdie poging misluk het, is die Transvaalse regering in 1908 oorreed om 'n bedrag van R20,000 te bewillig, wat gebruik is om die M.K.T.V. te stig en 'n pakhuis te Rustenburg op te rig.

Tabakfabrikante het onvermoeide pogings aangewend om die koöperatiewe idee te verongeluk. Oorproduksietoestande en later die skerp prysdaling van landbouprodukte gedurende die jare 1921-22 het die M.K.T.V. verder aangespoor om hom vir die verkryging van verpligte koöperatiewe bemarking en die stigting van verdere tabakkoöperasies om alle tabakproduserende gebiede in Suid-Afrika te bedien, te beywer. In 1925 is die regering oorreed om koöperatiewe bemarking van tabak deur middel van wetgewing verpligtend te maak in areas

waar minstens 75% van alle tabakprodusente wat gesamentlik minstens 75% van die area se tabak produseer, lede van 'n tabakkoöperasie is.

Hierdie wetgewing het die weg tot die verkryging van algehele prys- en bemarkingsbeheer van tabak deur middel van tabakkoöperasies gebaan. Hierna is tabakkoöperasies ook in ander tabakproduserende gebiede gestig, en om al die koöperasies gekoördineer te kry is Sentabak in 1926 in die lewe geroep.

Verpligte koöperasie was blykbaar nie 'n sukses nie, omdat dit onder toestande van dalende pryse ingestel is, en pogings om pryse te stabiliseer, eintlik te verhoog, het die produksie van tabak buite verhouding tot die afset laat toeneem. Die wêrelddepressie van 1929 tot 1932 het die toestand nog verder vererger, sodat die Staat moes toetree, en verskeie bystandmaatreëls is ingestel.

Hierdie maatreëls was tydelik van aard en is op 'n seksionele basis ingestel en gevolglik nie in staat om die gewenste ewewig en fundamentele aanpassings teweeg te bring nie. Ten gevolge van die behoefte aan koördinasie, die bedenkings van die regeringskomitee omtrent die wenslikheid om die alleenreg van die prysbepaling in die hande van organisasies van produsente onder verpligte koöperatiewe bemarking te laat, en die begeerte om produsente op 'n meer permanente basis tegemoet te kom, is die Bemarkingswet in 1937 op die Wetboek geplaas, waarkragtens die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid in 1939 hersaamgestel is.

## 3. OOGMERKE EN MASJINERIE VAN DIE BEMARKINGSWET MET SPESIALE VERWYSING NA TABAK.

### 3.1. Oogmerke van die Bemarkingswet.

Die Bemarkingswet self is baie vaag omtrent sy presiese oogmerke. Hierdie vaagheid is egter blykbaar doelbewus

beplan ten einde die Bemarkingswet, as magtigende wet, algemene bevoegdhede te verleen wat aangepas kon word by verskillende bemarkingskemas ten opsigte van produkte waarvan die aard, bemarkingsmetodes, ens., verskil. Die Wet maak dus voorsiening vir die instelling van skemas vir die reëling van die bemarking van landbouprodukte en noem al die bevoegdhede wat aan die betrokke rade verleen kan word. Die toepassing van die skemas is in 'n groot mate aan die toesig van die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking onderwerp. Hy word deur die Nasionale Bemarkingsraad (waarvoor ook voorsiening in die Wet gemaak word) van advies bedien.

Die oogmerke van die Wet moet dus afgelei word van die omstandighede en toestande wat tot die instelling daarvan aanleiding gegee het, naamlik die depressie met sy uiters lae pryse en bedrukte toestande. Eintlik impliseer die vaagheid in die Wet dat elke skema volgens sy eie oogmerke en doelstellings sy heil moet uitwerk. Nietemin is die vernaamste oogmerke van die Wet „om 'n billike ewewig tussen pryse van plaasprodukte en ander pryse te handhaaf en betekenislose skommelings van kort duur te vermy deur die toevoer van die mark te organiseer"[1], die verhoging van produktiwiteit van die boerdery en die vermindering van prysspeling tussen produsentepryse en verbruikerspryse deur doeltreffende verwerking en bemarking.

### 3.2. Masjinerie van die Bemarkingswet - sy funksies en doelstellings.

Ten opsigte van die Wet self is die masjinerie waarvoor voorsiening gemaak word, slegs die Nasionale Bemarkingsraad en die betrokke beheerrade. In die skema self word egter sekere eise aan die ander liggame wat by die bemarking betrokke is, gestel. Dit word nie hier herhaal nie, en ons verwys dus na Hoofstuk III. Hierdie eise kom in baie

----------

1) U.G. 27-'47. a.w., p.2.

opsigte neer op 'n wetlike erkenning van wat reeds bestaan het. Dit het egter die gevolg gehad dat koöperasies hulle alleenseggenskap in verband met aangeleenthede soos pryse, distribusie, gradering, ens. verloor het.

Afgesien van die funksie van prysbepaling is die meeste ander funksies toesighoudend van aard, veral omdat die funksie van distribusie in die hande van Sentabak en geaffilieerde koöperasies gelaat is. Afgesien van die wye magte wat onder die Tabakreëlingskema aan die Tabakraad verleen word (vgl. Hoofstuk III), is sy hoofdoelstellings volgens Jaarverslae van die Raad die volgende:

(a) Om die aanbod van en die vraag na bladtabak met behulp van koöperasies te reguleer;

(b) om die verkooppryse by die afset van bladtabak deur koöperasies aan die handel, vas te stel;

(c) om die gradering van bladtabak wat die handel bereik, te standaardiseer; en

(d) om 'n heffing op bladtabak op te lê en dit te gebruik ter delging van administratiewe uitgawes, verliese op uitvoer en ander gemagtigde uitgawes.

Die betrokke skema soos ingestel kragtens die Bemarkingswet, was op sy beurt weer 'n veroorlowende maatreël wat wye magte aan die Tabakraad toevertrou het. Die manier waarop dit gestel word, maak van hierdie magte eintlik funksies, sodat dit 'n mens in die duister in verband met die oogmerke daarvan laat.

Die gevolgtrekking wat uit die voorgaande gemaak kan word, is dat sowel die Bemarkingswet as skemas wat daarkragtens uitgevaardig is, slegs voorsienende maatreëls is wat uitgebreide bevoegdhede verleen en die formulering van beleid en oogmerke in die hande van die betrokke instansies laat. Dit plaas 'n baie groot verantwoordelikheid op die betrokke beheerrade en veral op die Nasionale Bemarkingsraad en die

Minister. Die Tabakraad bestaan uit 16 lede waarvan 10 verteenwoordigers van produsente is. Die gevaar bestaan dus dat die Tabakraad se benadering seksioneel van aard kan wees, afhangende van die insig, bereidwilligheid en vermoë van die lede om bemarkingsprobleme teen die breëre agtergrond van die integrale posisie van die tabakbedryf in die landsekonomie te benader. In hierdie opsig is die Nasionale Bemarkingsraad se funksie van koördinasie ten opsigte van al die verskillende skemas van besondere belang ten einde 'n gesonde landboubeleid te verseker. Die optrede kragtens 'n bepaalde beheerskema wat die produksie en pryse van die betrokke produk beïnvloed, kan ook die produksie, pryse en verbruik van ander produkte beïnvloed of selfs 'n kettingreaksie in die landbou op tou sit. Die enigste liggaam wat vanweë sy sentrale en tot 'n mate gesaghebbende posisie hierteen kan waak, is die Nasionale Bemarkingsraad.

## 4. VASSTELLING VAN PRYSE.

### 4.1. Algemeen.

Die vasstelling van pryse is die belangrikste funksie van die Tabakraad. Vanweë die besondere funksie wat pryse in verband met die handhawing van die ewewig tussen vraag en aanbod vervul, is dit moeilik om die betrokke aspekte van mekaar te skei. Daarom behandel ons slegs sekere aspekte onder hierdie hoof.

### 4.2. Die vasstelling van graadpryse.

Onder die Tabakbeheerskema word die minimumverkooppryse van die verskillende grade vasgestel waarteen agente van die Tabakraad, naamlik tabakkoöperasies, tabak aan geregistreerde fabrikante en groothandelaars kan verkoop. Die pryse wat vasgestel word, is dus nie produsentepryse nie. Die pryse wat produsente ontvang, kan dus verskil volgens die

aftrekkings wat die verskillende koöperasies op hulle poelrekenings maak. Die verskillende koöperasies volg nie dieselfde beleid in verband met die opbouing van reserwes nie, en wat veral baie verskil, is die eenheidskoste. Aangesien hierdie verskille in sekere gevalle betreklik groot is, word 'n absoluut gelyke behandeling van produsente nie verseker nie.

Hierdie probleem is egter nie onoorkomelik nie en kan opgelos word deur eenvormige aftrekkings op alle koöperasies van toepassing te maak. Dit is egter ook 'n funksie van die Tabakraad om te waak teen die ondoeltreffende funksionering van sy agente.[1)]

4.3. Prysverskille tussen grade en klasse tabak.

'n Eenvormige stelsel van gradering is op alle tabak wat onder die beheerskema verkoop word, van toepassing. Sowel die graadprysverskille as die verskille tussen die pryse van die verskillende klasse tabak word op 'n empiriese basis vasgestel, en die afsonderlike graadpryse is nie noodwendig 'n weergawe van die bruikbaarheid, gesogtheid, bemarkbaarheid of handelswaarde van elke graad nie. Daar bestaan egter sekere probleme in verband met gradering volgens die eienskappe wat die fabrikasiewaarde van tabak bepaal. Indien die stelsel van gradering egter aan die eise van die mark voldoen, wat skynbaar die geval is, word dit as bevredigend beskou. Die feit dat graadpryse nie 'n weergawe van die fabrikasiewaarde is nie, word blykbaar ook nie as van besondere belang beskou nie, omdat kopers onder die distribusiestelsel wat van toepassing is, verplig is om reekse van grade te koop. Uit die koper se oogpunt is die gemiddelde pryse wat hy betaal, dus van meer belang as die afsonderlike graadpryse. Die leemtes wat wel mag bestaan, word onder die betrokke hoofde hierna,

----------

1) Vgl. Marais, D.F. a.w., p.180.

waar van toepassing, behandel.

Voormelde opmerkings geld net ten opsigte van die plaaslike bemarking van tabak.

4.4. Waarom pryse sedert 1939 verhoog is.

Dit was nie moontlik om van die jaarverslae en selfs notule van die Tabakraad en Sentabak af te lei wat die langtermynbeleid in verband met die vasstelling van pryse is nie. Volgens 'n studie wat ons van die jaarlikse prysverhogings gemaak het, was die volgende die belangrikste faktore wat die Minister sedert 1939 by verskillende geleenthede beweeg het om pryse te verhoog:

4.4.1. die stygende koste van produksie;

4.4.2. die noodsaaklikheid om produksie aan te moedig;

4.4.3. die vergoeding van verliese in verband met die oorskakeling na die produksie van Orinoco-tipes tabak in die plek van die Amarello-tipes, wat voorheen geproduseer is.

Aangesien die laaste twee beweegredes regstreeks in verband met die aanbod en vraag, wat hierna behandel word, staan, word produksiekoste as prysbepalende faktor vervolgens bespreek.

4.5. Koste van produksie en pryse.

Produksiekosteopnames kan vir 'n beheerskema van groot waarde wees in verband met die vasstelling van prysverskille tussen verskillende landbouprodukte met vasgestelde pryse. Dit kan ook insiggewend wees in verband met die faktore wat die aanbod bepaal. Om hierdie redes word periodieke produksiekosteopnames as 'n belangrike hulpmiddel by die uitoefening van beheer oor die bemarking van tabak beskou. Ons beskou dit egter nie as 'n geskikte basis vir die vasstelling

van pryse nie.

Alhoewel argumente van produsenteverteenwoordigers omtrent stygende produksiekoste waarskynlik 'n belangrike rol by die vasstelling van pryse gespeel het, was die gemiddelde produksiekoste per eenheid nie bekend nie. Onder produksiekoste verstaan ons die uitgawes verbonde aan die produksie van 'n bepaalde hoeveelheid van 'n produk gedurende 'n bepaalde tydperk. Hierdie inligting is nie ten opsigte van die verskillende klasse tabak beskikbaar nie, en volgens die jaarlikse statistiek is dit onmoontlik om vas te stel of om selfs te beweer dat die produksiekoste per eenheid toe- of afneem.

Dit is wel waar dat die prys van 'n bepaalde produk hoër as die koste van produksie moet wees. Nietemin is dit, indien nie onmoontlik nie, onwenslik en onprakties om produksiekoste as basis van prysvasstelling te gebruik. Gestel dat die gemiddelde koste van produksie bekend is en dat dit in 1959, 'n goeie oesjaar, tien sent per lb. was. In 1960 is dit egter twintig sent per lb., omdat dit 'n swak oesjaar is, en in 1962, weer 'n goeie oesjaar, is dit agt sent per lb. Hoe hoog moet die prys in 1962 vasgestel word? Gestel die prys kan vasgestel word om gelyk aan die produksiekoste te wees; dan sal dit blyk dat die helfte van die produsente se koste per eenheid hoër is en die prys sal dan nie hulle koste dek nie. Die belangrikste rede waarom produksiekoste nie as norm gebruik kan word nie, is omdat dit nie kan verseker dat slegs die regte hoeveelheid van die produk op die regte tyd en in die regte vorm bemark sal word nie.

Shepherd, wat besondere aandag aan hierdie aspek van prysbepaling bestee het, meld onder andere dat „the cost of production has continued to be a fruitful source of controversy, but has not been found adequate or workable as a basis for agricultural prices."[1)]

----------

1) Shepherd, G.S. Agricultural price analysis. a.w., p.166.

## 5. PRYSE, VRAAG EN AANBOD.

### 5.1. Algemeen.

Volgens 'n ontleding van die uitoefening van die prysvormingsfunksie is dit duidelik dat pryse vasgestel is sonder dat die faktore wat pryse bepaal, voldoende in ag geneem is. In die lig van hierdie bewering is dit ook verstaanbaar waarom dit uiters moeilik en selfs onmoontlik is om uit die jaarverslae en selfs die notule van die Tabakraad en Sentabak af te lei presies wat die beheerskema in verband met die beheer van die vraag en die aanbod beoog en wat die langtermynbeleid betreffende die verwesenliking daarvan is. Hierdie skynbare rigtigloosheid kan verskillende verklarings hê.

In die eerste plek kan die verklaring in die omstandighede waaronder die beheerskema gefunksioneer het, gevind word. Die beheerskema het kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in werking getree toe die algemene produksiepeil heelwat kleiner as die behoeftes van die mark was. Aangespoor deur die landsbeleid van selfversorging ten gevolge van die ontwrigtende uitwerking van die Tweede Wêreldoorlog op die land se uitvoer en invoer, het ook die Tabakbeheerskema die beleid om produksie uit te brei totdat die binnelandse vraag ten volle bevredig kon word, aanvaar. Deur middel van prysverhogings, die aansporing van lede deur koöperasies tot groter produksie, verbeterde metodes van verbouing deur middel van meganisasie, bemesting, ens., en die verbouing van tabak op nuwe staatsnedersettings, het produksie die verbruik in 1947 ingehaal. Pogings om van die surplusse in die buitelandse mark ontslae te raak het egter bewys dat die Amarellotipes tabak wat destyds in Suid-Afrika geproduseer is, nie in die wêreldmark in aanvraag is nie. Die oorskakeling na die produksie van Orinoco-variëteite het weer 'n tekorttoestand geskep, en dit was eers in 1957 dat die binnelandse produksiepeil die binnelandse verbruik weer begin oortref het. Die

werklike implikasies van 'n versteurde ewewig tussen vraag en aanbod kon eers daarna besef word. Ten gevolge van nood-maatreëls soos die sogenaamde opbergingskema, waarvolgens fabrikante en kopers van tabak oorreed is om groter voorrade as in die verlede te dra, en die daarstelling van 'n reserwe-voorraad gelykstaande aan ses maande se binnelandse verbruik, die subsidiëring van uitvoere uit Tabakraadfondse en die ver-klaring van nominale surplusse, ens., is die posisie tydelik verlig. Hierdie maatreëls is egter tydelik van aard en blykbaar nie in staat om die gewenste basiese aanpassings te bewerkstellig nie.

Die optrede onder die skema in die bovermelde verband laat die vrae ontstaan of die nodige insig nie ontbreek het nie en of die volgende aanhaling nie hier gedeeltelik toepas-lik is nie. „Past experience shows that misunderstanding of the manner in which prices are determined has been a principal cause of failure among co-operatives. An investigator of the U.S. Department of Agriculture has said:

'It is becoming increasingly evident that many of the difficulties which co-operatives encounter in securing maximum returns for their members are the direct result of a lack of understanding of the factors which determine price. Without such understanding, the formulation of a price and sales policy becomes largely guesswork. Although it is frequently difficult to see clearly the relationships between the many factors, a careful study by members of the boards of directors and managers will yield valuable results. Farmers who are members of co-operatives are finally responsible for the price policies adopted, and these will be intelligent and effective in more or less direct ratio to the demands and knowledge of the members."[1)]

----------

1) Thomsen en Foote. a.w., p. 9 en 10.

'n Derde verklaring kan gesoek word in die geloof dat pryse gehandhaaf kan word en dat misoeste deur klimatologiese omstandighede en verbruiksneigings tog op die een of ander stadium die verlangde ewewig sal herstel.

Wat die juiste verklaring ook al is, sal hierdie benadering nie in die toekoms gehandhaaf kan word nie.

5.2. Stabilisasie van tabakpryse.

Alhoewel die woord „stabiliteit" dikwels in dokumente van die Nasionale Bemarkingsraad, die Tabakraad, Sentabak en ook verskillende koöperasies[1] voorkom, word dit nêrens gemeld presies wat daarmee bedoel word nie. Moontlik het dit 'n slagspreuk van die boer net na die depressiejare geword. As dit op die tabakbedryf van toepassing gemaak word, vermoed ons dat dit verwys na die beleid om die pryse van bladtabak te probeer handhaaf of te verhoog.[2] Die vraag ontstaan dus of dit moontlik is om die pryse van tabak oor langtermyn op 'n hoë peil te handhaaf. Die antwoord is op 'n kostelike wyse deur Shepherd soos volg saamgevat.

„ Programs designed to hold the relative prices of farm products up merely by price fixing which does not alter the fundamental conditions which cause the prices of farm products to decline, therefore, are unlikely to be successful. Their progress is limited by the fundamental inelasticity of the human stomach".[3]

Vir solank as wat landboubeleid op die feit dat die boer se indiwiduele vryheid nie aan bande gelê word nie gebaseer is, beklee pryse nog die sleutelposisie as reguleerder om aanpassing tussen vraag en aanbod te bewerkstellig. Die betrokke beheerskemas wat pryse kan beheer, het 'n magtige wapen, maar dit is noodsaaklik dat die regte gebruik daarvan

----------

1) „Stabiliteit" is die leuse wat op die wapen van die M.K.T.V. verskyn.
2) Vgl. Marais, D.F. a.w., p.184.
3) Shepherd, G.S. Agricultural price analysis. a.w., p.168.

gemaak word om te verhoed dat omstandighede geskep word wat die betrokke skemas kan laat misluk.

Die prys is nie 'n denkbeeldige waarde wat na willekeur op- en afgeskuif kan word nie, maar is die gevolg van talle faktore wat onder die hoofde vraag en aanbod gegroepeer kan word. Verbruikers is bereid om 'n sekere deel van hulle totale inkomste aan tabakprodukte te bestee. Van die totale bedrag wat verbruikers hieraan bestee, trek die kleinhandelaars, groothandelaars, fabrikante, die Staat, koöperasies, ens. sekere bedrae af, en wat oorbly, kry die tabakboer. As die bedrag wat oorbly, deur die hoeveelheid van die produk wat bemark is, gedeel word, verteenwoordig dit die prys. Waar die prys vasgestel is, volg dit dat minder gekoop sal word as die prys hoër is en meer as dit laer is. Om veranderings in die pryse van landbouprodukte te kan verklaar en te verstaan moet ons dus weet watter faktore die volgende kan laat verander:

5.2.1. die totale bedrag wat verbruikers aan 'n sekere hoeveelheid van 'n bepaalde produk sal spandeer;

5.2.2. die aftrekkings deur die bemarkingsmasjinerie en die Staat;

5.2.3. veranderings in die totale hoeveelheid van die produk wat bemark word.

Om pryse te kan vasstel vereis dus 'n studie van vraag en aanbod. Waar pryse nie deur vraag en aanbod bepaal word nie maar op 'n ander wyse, is die twee nie meer outomaties gekoppel nie. Enige prysverhoging wat nie met 'n toename in die vraag of 'n afname in die aanbod gepaard gaan nie, sal dus tot 'n wanverhouding tussen die twee aanleiding gee, tensy die vraag en aanbod ook beheer kan word.

Die belangrikste doelstellings van die tabakbeheerskema

is om die vraag en aanbod van bladtabak te reguleer en die verkooppryse vas te stel. Uit die optrede sedert die ontstaan van die surplustoestande lyk dit asof voorkeur aan die regulering van die vraag en aanbod verleen word.

## 6. DIE VRAAG NA BLADTABAK.

### 6.1. Algemeen.

Die begrippe vraag, verbruik, elastisiteit van vraag en afgeleide vraag asook die faktore wat die omvang van die vraag bepaal, word in Hoofstuk VII behandel.

Die meting van die elastisiteit van die vraag na bladtabak word bemoeilik deurdat dit 'n afgeleide vraag is en deur bemarkingsfunksies en ander bedrywighede en koste, voordat dit die verbruiker bereik, beïnvloed word.[1] Die gevolg van die invloed van hierdie ander faktore is dat die prysverloop van die eindproduk nie noodwendig parallel met dié van die grondstof sal loop nie en dat die vraag na bladtabak op 'n bepaalde tydstip nie sinoniem met dié van die eindproduk hoef te wees nie. 'n Studie van die vraag is dus 'n baie wye onderwerp wat deur die hele proses van vervaardiging beïnvloed kan word; om maar een aspek te noem, naamlik voorrade, wat die vraag oor korttermyn baie kan beïnvloed en wat op verskeie stadia van die proses van bemarking geberg word. 'n Verbruiksdaling sal dus aanvanklik gepaard gaan met 'n groter afname in die vraag na die grondstof. Ten spyte van die belangrikheid van hierdie aspek word weinig navorsing in hierdie verband onder die skema gedoen.

In hierdie opsig dien daarop gewys te word dat die verbruik van tabak sedert die instelling van die beheerskema teen 'n gemiddelde tempo van byna 4½% per jaar toegeneem het tot in 1957, waarna dit òf gedaal òf staties gebly het.

----------

1) Vgl. Thomsen en Foote. a.w., pp. 39 tot 56.

Onder hierdie omstandighede en ten gevolge daarvan dat fabrikante nie graag volledige besonderhede omtrent hulle aktiwiteite in die fabrikasie- en distribusiestadium beskikbaar stel nie, is dit waarskynlik nie onder die skema noodsaaklik gevind dat die nodige aandag aan hierdie aspek bestee word nie.

Dit is ook duidelik dat die vraag na bladtabak nie beheer kan word nie, omdat baie van die aspekte en faktore buite die bestek van die skema val. Ons dink hier ook veral aan die aspekte wat in 'n vrye mark veroorsaak dat die pryse van en die vraag na die grondstof nie eweredig met dié van die eindproduk verloop nie, soos voorrade, wat reeds genoem is, fabrikasie- en distribusiekoste van tabakprodukte, tabakbelastings, invoere van bladtabak en tabakprodukte, ens.

Die vraag is niks anders nie as die waarde, soos uitgedruk in die prys, wat kopers aan verskillende hoeveelhede van 'n bepaalde produk heg. Waar die verbruik betreklik konstant is, volg dit dat enige stappe om korttermynafwykings tussen die vraag en verbruik so gering as moontlik te hou, 'n bestendigende invloed sal hê. In hierdie verband is dit dus nodig dat die langtermynbeleid op 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe aanpassing van produksie en verbruik gemik moet wees. Die verbruik van bladtabak by fabrikasie word deur fabrikasiebeleid en verbruiksneigings beïnvloed. Dit is dus belangrik dat verbruiksneigings op verbruiksvlak sowel as fabrikasiebeleid in aanmerking geneem word wanneer die produksiebeleid neergelê word en wanneer bladtabak kragtens die distribusiestelsel wat bestaan, aan die mark beskikbaar gestel word.

Vervolgens ondersoek ons sekere aspekte van die vraag met betrekking tot maatreëls wat in Suid-Afrika deur die beheerskema in werking gestel is of van belang geag word, in die lig van voormelde opmerkings.

## 6.2. Die opbergingskema as middel om die vraag te bestendig.

Ordelike bemarking verseker 'n gereelde toevoer tot die mark. Groot jaarlikse wisselings in die kwaliteit, aard en pryse van bladtabak is nadelig vir sowel die produsent as die vervaardiger van bladtabak. As veronderstel word dat die verbruiksvraag na tabakprodukte konstant bly, moet die fabrikant sy aankope so reëel dat sy voorrade sodanig is dat die behoeftes van verbruikers te alle tye bevredig kan word. Sigaretfabrikante beskerm hulleself gewoonlik deur vooruit te koop en nagenoeg twee jaar se voorrade bladtabak voorhande te hê. Vir die fabrikant sou dit egter voordelig gewees het indien hy onder normale ekonomiese omstandighede grondstowwe so vinnig as wat dit by die fabriek ontvang word kon verwerk, en as die klaarproduk so vinnig as wat dit geproduseer is, aan klante gelewer kon word. Dit gebeur egter nie so maklik nie, en vir die maak van sigarette word tabak gewoonlik minstens 12 maande lank verouder voordat dit gebruik kan word.

Dit verhinder egter nie die fabrikant om hierdie ideaal na te streef en sy eenheidskoste daardeur te verlaag nie. Die fabrikante sal dus bereid wees om hoër pryse vir tabak te betaal as hulle hul voorrade relatief laag kan hou, as wanneer hulle groot voorrade moet dra. Indien fabrikante seker is dat groot surplusvoorrade beskikbaar is en dat hulle van 'n gereelde toevoer verseker kan wees, sal hulle vraag in verhouding tot die aanbod afneem en in tye van skaarstes toeneem.

Verder moet ook daarmee rekening gehou word dat, wanneer die verbruik toeneem, fabrikante vooruit moet fabriseer vir 'n verwagte vraag en verplig sal wees om groter voorrade te dra. 'n Dalende verbruik het weer die teenoorgestelde uitwerking op die vraag na grondstowwe. Die tabakbeheerskema kan poog om hierdie tydelike veranderings in die vraag, wat in 'n vrye mededingende mark sy invloed op pryse sal laat geld, uit te skakel deur die toevloei tot die mark te regu-

leer, waardeur terselfdertyd 'n bestendiger vraag geskep word.

Die stabiliteitsoogmerk van die beheerskema vereis dat die ewewig tussen vraag en aanbod bewaar word. Kenmerkend van die bladtabakbedryf is die betreklik bestendige verbruik teenoor 'n betreklik onbestendige produksie. Produksie kan nie jaarliks gelyk aan die verbruik wees nie, maar moet min of meer die verbruikskurwe volg met afwykings slegs as gevolg van klimatologiese omstandighede.

Sentabak en die Tabakraad se surplusvoorradeskema is juis met voormelde doel ontwerp en die doel van hierdie opbergingskema was, soos die 1960/61-jaarverslag van die Tabakbeheerraad dit stel, om „voorrade bo plaaslike behoefte en normale uitvoere nie op vreemde markte te ‚dump' nie, maar om dit op te berg vir skraal jare van produksie wat, soos die ondervinding al geleer het, grootliks kan wissel as gevolg van klimaats- en ander toestande". Hierdie skema behels die volgende:

(a) Van sigaretfabrikante word vereis om jaarliks 'n jaar se verbruik te koop, waarbenewens van hulle vereis word om 'n voorraadsduur van 18 maande se verbruik te dra. Pyptabakfabrikante en snuif-fabrikante en -groothandelaars moet, behalwe die aankoop van 'n jaar se verbruik, 'n voorraad van 12 maande se verbruik dra en in die geval van rol- of draaiblad 'n voorraad vir 8 maande.

(b) Die Tabakraad is addisioneel verantwoordelik vir 'n voorraad vir ses maande van die betrokke klasse tabak. Hierdie verantwoordelikheid is egter beperk tot die betaling van bergingsgelde en rente aan die betrokke koöperasies.

As uitvoere buite rekening gelaat word by die kritiese ontleding van die manier van toepassing van hierdie skema,

ontstaan die vraag onwillekeurig of hierdie skema in 1959 suiwer op grond van ekonomiese oorwegings in verband met die bevordering van die stabiliteitsoogmerk in die lewe geroep is, en of die skema in werking gestel is vanweë 'n begeerte van Sentabak om die betrokke jare se poele af te sluit en met produsente, afgesien van 'n nominale surplusverklaring van 10%, ten volle af te reken ten opsigte van die grootste Virginiese oes (1959-oes van 75.6 miljoen lb., vergeleke met dieselfde jaar se verbruik van 48.8 miljoen lb.) wat Suid-Afrika nog ooit opgelewer het.

Hierdie skema het in werking getree op 'n tydstip toe die land se ligtebladvoorrade 21.60 maande se verbruik en die donkerbladvoorrade op 17.5 maande se verbruik te staan gekom het, d.w.s. op 31 Desember 1959, wat, met die uitsondering van die vroeë vyftiger jare, 'n nuwe hoogtepunt was (vgl. Figuur 24). Op daardie tydstip was die landsverbruik besig om af te neem.

Die gevolge van die wyse waarop hierdie skema toegepas is, was dat die vraag na bladtabak, d.w.s. die hoeveelheid wat kopers bereid was om teen heersende pryse te koop, afgeneem het.

TABEL 39.

JAARLIKSE PRODUKSIE[1] EN BINNELANDSE VERKOPINGS[2] VAN VIRGINIESE TIPES BLADTABAK GEDURENDE 1958/59 TOT 1960/61.

(MILJOEN LB.)

| | OONDDROOG | | LIGTE LUGDROOG | | DONKER LUGDROOG | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Gemid. jaarlikse verbruik 1958 tot 1960 | 22.1* | | 5.6 | | 20.0 | |
| | Verkoop | Produksie | Verkoop | Produksie | Verkoop | Produksie |
| 1958/59 | 24.6 | 32.1 | 8.4 | 10.7 | 22.6 | 23.8 |
| 1959/60 | 18.6 | 31.0 | 7.0 | 12.2 | 28.5 | 32.2 |
| 1960/61 | 10.3 | 24.8 | 4.9 | 5.9 | 17.2 | 23.9 |

* Nagenoeg 3 miljoen lb. ingevoerde bladtabak is hierby ingesluit.

Bron: 2) 1960/61-Jaarverslag van Tabakraad.
1) Sentabak.

Uit die voorgaande syfers blyk dit dat Suid-Afrikaanse fabrikante en kopers van bladtabak in 1958/59 reeds hulle ligtebladvoorrade tot die gewenste peil aangevul het. Ten gevolge van die dalende verbruik het die vereiste minimum-voorraad ook afgeneem, en gedurende 1960/61 het sekere fabrikante, wat voorheen groter voorrade as wat die skema eis, gedra het, afgesien van voorraderegstellings weens oorlewerings in 1959, hulle voorrade tot die vereiste minimum ingekort.

Ten spyte van 'n betreklik bestendige verbruik was daar dus 'n uiters onbestendige jaarlikse afset, om nie eers van die onbestendigheid ten opsigte van die globale inkomste van tabakboere wat hiermee gepaard gegaan het, te praat nie.

Dit wil ook voorkom asof hierdie skema ook die distribusie van sekere klasse tabak benadeel en gevolglik ook die vraag. Die verpligting wat op snuif-groothandelaars geplaas is skyn teenstrydig met handelspraktyk in die snuifhandel te wees, aangesien dit nie normale praktyk by hulle is om groot voorrade te dra nie en hulle nie daarvoor toegerus is nie. 'n Groot aantal van hierdie groothandelaars het ook om finansiële redes hulle registrasie by die Tabakraad gekanselleer. Aangesien die meeste van hierdie groothandelaars algemene groothandelaars is, by wie tabak slegs 'n bysaak is, en hulle reisigers ook die platteland besoek, lyk dit asof die handel in snuifblad 'n groot afsetgebied sal verloor en baie nadelig hierdeur getref kan word.

Opbergingskemas soos hierdie bevredig 'n toekomstige vraag, en indien die omstandighede waarvoor hierdie voorrade voorsiening moet maak, nie in die toekoms ontstaan nie, kan sodanige voorrade eerder 'n permanente las as 'n bate vir die bedryf wees. Die oordeelkundige toepassing van so 'n skema kan egter 'n bate vir die bedryf wees en 'n bestendiger vraag in die hand werk.

## 6.3. Die allokasiestelsel en die skepping van 'n stabieler vraag.

Die allokasiestelsel is volledig in Hoofstuk VIII behandel en daar is op gewys dat dit die geneigdheid het om 'n denkbeeldige mark vir 'n bepaalde klas of tipe tabak relatief tot 'n ander klas of tipe te skep. Waar oonddroog- en ligte lugdroogtabak gesamentlik toegeken word, word kopers verplig om byvoorbeeld ligte lugdroogtabak te neem, alhoewel hulle eintlik oonddroogtabak mag benodig en die twee klasse tabak nie absolute substitute van mekaar is nie. Tabel 40 dui die hoeveelhede ligte lugdroogtabak aan wat in die binnelandse mark verkoop is, vergeleke met die verbruik en voorrade.

TABEL 40.

BINNELANDSE VERKOPE, VERBRUIK EN VOORRADE VAN LIGTE LUGDROOGTABAK VANAF 1956 TOT 1960.

| JAARTAL | BINNELANDSE VERKOPE (milj. lb.) | BINNELANDSE VERBRUIK (milj. lb.) | LANDSVOORRAAD | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Gewig milj. lb. | Voorraadsduur in maande |
| 1956 | 4.2 | 4.3 | 5.5 | 15.6 |
| 1957 | 6.0 | 4.3 | 7.3 | 20.5 |
| 1958 | 8.4 | 4.9 | 11.5 | 22.7 |
| 1959 | 7.0 | 5.7 | 17.0 | 35.6 |
| 1960 | 4.9 | 6.3 | 15.2 | 28.6 |

Bron: Sentabak.

Die binnelandse verkope is in hierdie geval nie 'n juiste weerspieëling van die vraag nie. Gedurende 1957 en 1958 toe daar geen tekorte wat betref ligteblad bestaan het nie, was die verbruik van ligte lugdroogtabak maar sowat $^{1}/7$de van die land se totale ligtebladverbruik, en volgens mededelings van fabrikante lyk dit asof hulle werklike behoeftes aan ligte lugdroogtabak sedertdien eerder af- as

toegeneem het. Intussen was fabrikante verplig om hierdie voorrade af te werk, en die 6.3 miljoen lb. verbruik van ligte lugdroog gedurende 1960 was waarskynlik nagenoeg 2.3 miljoen lb. groter as wat dit sou gewees het as fabrikante se voorrade van hierdie klas tabak nie abnormaal hoog was nie. Hierdie verbruik van 2.3 miljoen lb. verteenwoordig dus 'n denkbeeldige vraag ten koste van die verbruik van ander klasse tabak, te wete oonddroog- en donker lugdroog-pyptabak. Dit is uit 'n stabiliteitsoogpunt vir sowel tabakplanters as fabrikante noodsaaklik dat produksie by die verbruik aangepas word, en daarom moet die allokasieskema die werklike vraag bevredig en nie 'n denkbeeldige vraag, wat homself later moontlik in 'n krisistoestand openbaar, skep nie. So 'n krisistoestand sal weer drastiese optrede verg, wat onstabiliteit eerder as groter stabiliteit vir die bedryf sal beteken. Nuwe aanpassings moet so geleidelik moontlik gemaak kan word, en om dit te kan doen is dit noodsaaklik dat die marknavorsing in verband met verbruikstendense ten opsigte van sowel die grondstof as die eindproduk gedoen moet word. By die toepassing van die allokasiestelsel moet dus eerder gepoog word om probleme te voorkom as om probleme vir die toekoms te skep. Dit sou dus wenslik wees dat, waar verskillende klasse tabak wat nie goeie substitute van mekaar is nie, saam aangebied word, hulle van mekaar geskei word, en die verlangde prysaanpassings gemaak word.

Vanweë die talle probleme verbonde aan die metodes van toekenning in reekse van grade en die probleme verbonde aan die weerspieëling van die vraag in die pryse van die afsonderlike grade, waar die pryse en prysverskille volgens die oordeel van slegs sekere belanghebbendes in die bedryf vasgestel word, sou dit wenslik wees dat deeglik ondersoek ingestel word na die moontlikheid en wenslikheid van die instelling van 'n veilingstelsel van bemarking vir tabak in Suid-Afrika.

### 6.4. Die tussenhandel en die vraag.

Dit is een van die doelstellings van die Bemarkingswet om die speling tussen produsente- en verbruikerspryse kleiner te maak. Dit is natuurlik moontlik, indien die doeltreffendheid van die tussenhandel verhoog kan word, sodat dit dieselfde diens teen 'n laer koste per eenheid kan lewer. Hierdeur kan die vraag toeneem, afhangende van sy pryselastisiteit, sodat 'n groter hoeveelheid teen dieselfde prys gekoop sal word of dieselfde hoeveelheid teen 'n hoër prys.[1] Die implikasie van 'n afgeleide vraag is dat dit die vraag van verbruikers verteenwoordig nadat bemarkingskoste afgetrek is.[2] Wat in hierdie verband opvallend is, is dat die aftrekkings van koöperasie tot koöperasie kan verskil, d.w.s. ook die vraag. 'n Verdere bron van onbestendigheid is die feit dat die eenheidskoste van koöperasies vir groot oeste in verhouding kleiner as vir klein oeste is. Die spreekwoord „charity begins at home" blyk hier toepaslik te wees.

Dit kan net gemeld word dat die feit dat tabak 'n grondstof is en onderverdeel word in talle tipes, klasse en grade, in verskillende eindprodukte gebruik word en aan verskillende klasse verbruikers verkoop word, die bepaling van die vraag en die elastisiteit daarvan bemoeilik.

### 6.5. Aksynsbelastings en die vraag.

Ons het heelwat aandag aan hierdie onderwerp in Hoofstuk VII bestee, omdat dit so 'n belangrike faktor is wat die verbruik en vraag kan beïnvloed. In die geval van sigarette is dit een van die belangrikste pryselemente, aangesien die Staat meer as die helfte van die prys van sigarette vir homself insamel. Dit skyn die algemene opvatting te wees dat die vraag na rookgoed betreklik prys-onelasties is en gevolglik 'n goeie bron van inkomste vir die Staat is. Dit is interessant dat die belastingsowerhede tog 'n mate van prys-

-----------

1) Hoër prys vir die boer.
2) Vgl. Thomsen en Foote. a.w., p.52.

elastisiteit moet aanvaar om die aksynsdifferensiasie tussen verskillende tabakprodukte op te kan baseer. Die jongste verhoging van aksynsbelastings op tabakprodukte het bewys dat die verbruiker nie ongevoelig vir prysverhogings is nie. Gedurende 1958 was die aksynsregte op sigarette en pyptabak sodanig verhoog dat die kleinhandelspryse van hierdie produkte gemiddeld met 32% en 25% onderskeidelik vanaf 1957 tot 1961 toegeneem het. Die daling in die verbruik, wat hierop gevolg het, te midde van oorproduksietoestande, het groot ontevredenheid in tabakkringe gaande gemaak. Aangesien die verbruiksbesteding aan tabak ook in verhouding tot ander goedere en dienste afgeneem het, het die belangrikheid en posisie van die tabakbedryf in die landsekonomie afgeneem ten gunste van ander bedryfstakke, sonder dat sy doeltreffendheid noodwendig in vergelyking met ander bedryfstakke afgeneem het. Dit word betwyfel of dit die Staat se bedoeling was om die tabakbedryf te benadeel.

Verder bestaan daar 'n gedifferensieerde aksynsbelastingstelsel ten opsigte van die verskillende tipes pyptabak wat op kleinhandelsprysverskille gebaseer is. Daar bestaan ook 'n groot verskil tussen die aksynstariewe op pyptabak en op sigarette. Of hierdie aksynsdiskriminasie geregverdig is, ook met die oog op die samestelling van die bevolking, en in watter mate die verbruik hierdeur beïnvloed is, is ook 'n vrugbare veld vir verdere ondersoek omdat staatsoptrede ten opsigte van belastings, soos hierbo gemeld, 'n verreikende invloed op die verbruik van tabak en die toekomstige ontwikkeling van die bedryf kan hê.

## 7. AANBOD EN PRODUKSIE.

In die geval van die vraag bestaan daar weinig wat onder die skema gedoen kan word om dit te beheer, en dit lyk asof die enigste wat oorbly om gereguleer te word, die produksie

is. In paragraaf 5.1 het ons kortliks gemeld dat die produksie van tabak sedert 1958 nog jaarliks die verbruik oortref, terwyl die voorrade in die land op 'n besonder hoë peil is. Hierdie toename in produksie moet hoofsaaklik aan die gunstige pryse wat vir tabak betaal is, en ook aan toenemende doeltreffendheid toegeskryf word. Gehalteverbetering het ook 'n rol gespeel.

Heelwat interessante gegewens is tydens die ondersoek versamel, maar ongelukkig kon die pryselastisiteit van die aanbod nie gemeet word nie. Klimaatsomstandighede het 'n groot invloed op die jaarlikse omvang van produksie van 'n landbouproduk. Die aanbod oor langtermyn is in werklikheid die hoeveelhede wat boere sal poog om teen sekere pryse te produseer, en is nie die werklike hoeveelheid wat geproduseer word nie. Jaarlikse veranderings in die produksie beteken dus nie noodwendig dat daar 'n verandering in die aanbod is nie. Om die elastisiteit van 'n akkerbougewas te bereken word gewoonlik van die oppervlakte wat beplant word, gebruik gemaak en nie van die produksie self nie.

Na 'n kritiese ontleding van die maatreëls wat ingestel is om die produksie binne die perke van die binnelandse afset te beheer, het ons tot die slotsom gekom dat die wyse waarop dit toegepas is, nie in staat was om die verlangde langtermynewewig te bewerkstellig nie.

## 8. UITVOER.

In die verlede is die beleid om tydelike oorskotte teen verlaagde pryse in die buiteland te verkoop, altyd gevolg. Sedert 1958 is doelbewuste pogings deur Sentabak aangewend om 'n permanente buitelandse mark op te bou. Hierdie pogings was besonder geslaag en het 'n waardevolle bydrae gelewer om die binnelandse voorradeposisie te verlig.[1] Dit was ook

----------

1) Verlig in die sin dat dit nie verder toegeneem het as wat wel die geval was nie.

nie sonder waarde nie vanweë die buitelandse valuta wat daardeur verdien is. Uitvoere vind plaas teen aansienlik laer pryse as wat vir die binneland geld, en daar bestaan ook sekere probleme in verband met die versoening van die buitelandse bemarkingsvereistes met die skema wat vir die plaaslike handel geld.

Dit is duidelik dat gesubsidieerde uitvoere met die Tabakraadheffingsfondse nie volgehou kan word nie, omdat die fondse uitgeput kan word. Die vraag ontstaan dus of die skynbaar onekonomies aangewende produksiefaktore vir die voortbrenging van die surplusse nie beter in ander rigtings bestee kan word nie.

Volgens publikasies van die Tabakraad en Sentabak is dit nie duidelik wat die langtermynoogmerke in verband met uitvoere is, of hulle meen dat die doeltreffendheid waarmee tabak in Suid-Afrika in vergelyking met ander lande geproduseer word, verhoog kan word en of die Suid-Afrikaanse produsent later sy plek in die uitvoerhandel sal kan volstaan nie.

## 9. INVOER.

Invoere van onverwerkte tabak en sigarette verteenwoordig reeds meer as een vyfde van die totale sigaretverbruik in Suid-Afrika en hou 'n mate van bedreiging vir die Suid-Afrikaanse ligtetabakbedryf in. Dit lyk asof hierdie aangeleentheid verdere ondersoek regverdig ten einde vas te stel presies waarom die ingevoerde produkte so gewild is ten spyte van die betreklike groot mate van beskerming wat die binnelandse produk geniet.

## 10. VERSTEURDE EWEWIG TUSSEN VRAAG EN AANBOD.

### 10.1. Algemeen.

Onder versteurde ewewig verstaan ons nie die bestaan van

sporadiese oorskotte ten gevolge van die wispelturigheid van natuursomstandighede nie. Wat ons wel daaronder verstaan is 'n bepaalde toestand veroorsaak deur vermeerderde produksie sonder 'n ooreenstemmende toename in die vraag, of anders die omgekeerde, naamlik 'n afname in die verbruik sonder 'n ooreenstemmende afname in die produksie. In die geval van tabak was albei hierdie omstandighede sedert 1958 aanwesig. Vir die gerief met betrekking tot die volgende bespreking gebruik ons die woord „surplusse" in hierdie verband.

Ons wil egter waarsku dat die woord „surplusse" op verskillende maniere gebruik word, afhangende van die gebruiker se definisie van die woord. In die tabakbedryf beteken die woord dikwels die hoeveelheid tabak wat 'n sekere ander hoeveelheid wat as normaal beskou word, oortref. Hierdie norm is gewoonlik 'n bepaalde landsvoorraad wat onder bepaalde omstandighede as normaal beskou word, of wat as normaal beskou behoort te word, plus 'n reserwevoorraad vir moontlike abnormaliteite in die toekoms. Daar word ook dikwels gepraat van uitvoersurplusse. Die surplus of verwagte surplus word selfs bereken as die hoeveelheid waarmee die hoeveelheid wat behoort geproduseer te word, oortref word, sodat hierdie hoeveelheid te veel, te min of net reg is. Dikwels word hierdie hoeveelheid wat geproduseer behoort te word, bereken as die binnelandse verbruik (teen die vasgestelde binnelandse prys) plus 'n hoeveelheid vir uitvoer (teen 'n verlies).

### 10.2. Faktore wat aanleiding tot die bestaande tabaksurplusse gegee het.

Uit die vorige bespreking is dit duidelik dat die faktore wat aanleiding tot die bestaande surplustoestande gegee het, onder andere die volgende was:

#### 10.2.1. Die vasstelling van betreklik hoë tabakpryse.

10.2.2. Die toename in die winsgewendheid van landbouproduksie ten gevolge van tegnologiese ontwikkelings en aantreklike tabakpryse in vergelyking met ander landbouprodukte en bedryfstakke veral sedert 1952.

10.2.3. 'n Daling in die verbruik, wat gedeeltelik aan 'n verhoging van aksynsbelastings toe te skrywe kan word.

Daar was ook ander faktore wat die produksie, voorrade en/of verbruik beïnvloed het, byvoorbeeld die invoerbeleid insake bladtabak, klimatologiese faktore, opening van nuwe staatsbesproeiingskemas, ens.

Afgesien van bladtabak-uitvoere en die oorskakeling na die produksie van Orinoco-tipes tabak in 1951, wat die posisie ook verlig het, het 'n steeds toenemende binnelandse verbruik sedertdien daarin geslaag om surplusse te absorbeer en die posisie waarin die bedryf hom tans bevind, uit te stel. Wat van belang is, is dat die maatreëls wat kragtens die beheerde bemarkingstelsel ingestel is, daartoe bygedra het dat die produksie van tabak na boere wat hulle andersins waarskynlik nie op die produksie van tabak sou toelê nie, laat versprei het.

## 10.3. <u>Uitskakeling van surplusse</u>.

Soos besef sal word, is die uitskakeling van surplusse 'n uiters moeilike taak. As hierdie ondersoek in die laat dertiger jare gedoen was, sou die woord depressie seker al voorheen op die lippe van die skrywer gekom het. Wat eintlik nodig is om 'n regstelling te bewerkstellig, is 'n klein depressie. Die moderne planmatige huishouding probeer egter om hierdie depressie so pynloos as moontlik te maak, en dit gebeur dikwels dat daar langs die pad van herstel nog 'n paar golwe ook is om op uit te ry.

Indien die oorproduksie tot een produk beperk is, terwyl

uitbreiding en ontwikkeling in die ander sektors nog in volle gang is, is die proses van regstelling nie so moeilik nie. Dit vereis slegs dat die een landbouproduk se pryse voldoende reggestel moet word om produksie in die gewenste mate te ontmoedig. As surplusse 'n algemene verskynsel in die landbou geword het, is dit veel moeiliker.

Soos reeds gemeld, is daar twee maniere waarop die ontstaan van surplusse onder die skema uitgeskakel kan word:

10.3.1. deur middel van regstreekse kontrole van produksie; en

10.3.2. beheer van produksie deur middel van pryse.

10.3.1. <u>Beheer deur middel van produksiebeperking.</u>

Maatreëls om produksie deur middel van sowel produksie- as bemarkingskwotas te beheer is al verskeie kere in verskillende dele van die wêreld op die proef gestel. Solank as wat produsente 'n vrye keuse het om te besluit wat hulle wil produseer, sal pryse die middel bly wat vir die produsent die rigtingaanwyser sal wees.

Persone wat voorstanders van produksie- of bemarkingskwotaskemas is, vergeet dikwels dat daar meer as een landbouproduk is en dat enigiets wat met een produk gebeur, 'n invloed op die produksie van ander produkte kan hê. Afgesien daarvan dat die praktiese toepasbaarheid van so 'n skema betwyfel word, behalwe miskien in 'n kommunistiese huishouding, moet dit in gedagte gehou word dat die vraag nie noodwendig dieselfde sal bly nie en dat die opbrengste per morg in die landbou onbeheerbaar is.

Die belangrikste beswaar wat teen sodanige skemas ingebring kan word, is die feit dat hierdie kwotas op 'n oppervlaktebasis (per morg) of 'n gewigsbasis aan bepaalde streke en persone gekoppel sal moet word.

Hierdeur sal produksiepatrone onherroeplik bepaal word (dit wil sê, as die reën te laat vir die mielies gekom het, mag die boer nie sonneblomme plant nie) en verskuiwings van produksiegebiede, wat groter doeltreffendheid in die hand werk, kan dus nie meer plaasvind nie. Die beperking van landbouproduksie deur middel van strawwe reglementering en kontrole ten einde die verhouding tussen die vraag en aanbod te beïnvloed, kan dus nie aanbeveel word nie en word nie as voordelig vir die gesonde ontwikkeling van 'n jong land soos Suid-Afrika beskou nie.

10.3.2. <u>Beheer van produksie deur middel van pryse</u>.

Die beheer van produksie deur middel van pryse is vir die persone wat die betrokke beheerskemas moet administreer, geen maklike taak nie. Langtermynprysbeleid moet daarop gemik wees om ewewig of pariteit tussen die inkomste van die landbou enersyds en dié van die ander sektors van die ekonomie andersyds te handhaaf, en die enigste wyse waarop dit gedoen kan word, is deur middel van die handhawing van die ewewig tussen vraag en aanbod, op 'n wyse wat nie inflasionisties of deflasionisties op die landsekonomie as geheel inwerk nie. Wat hiermee bedoel word, is dat indien pryse van landbouprodukte plotseling in verhouding tot ander pryse aansienlik verhoog sou word, sal produksiemiddele in die vorm van kapitaal, mannekrag en materiaal uit ander sektors van die ekonomie getrek word, wat sodoende 'n inflasionistiese wiel aan die rol kan sit.

In die tweede plek moet die prysverhoudings tussen die verskillende landbouprodukte op 'n gesonde peil gehandhaaf word. Hierdeur word die doeltreffendste verspreiding van produksiemiddele soos arbeid en kapitaal tussen die landbou en ander bedrywe, asook tussen die

verskillende vertakkings en produksierigtings in die landbou self beoog. Die produktiwiteit van 'n land en die rykdom van sy bevolking sal afhang van die doeltreffendheid waarmee hierdie produksiemiddels tussen die verskillende bedryfsrigtings verdeel is.

Melding word slegs van die voorgaande gemaak om daarop te wys dat die tabakbedryf 'n integrerende deel van die landsekonomie uitmaak. As tabakpryse in verhouding tot ander pryse byvoorbeeld te hoog vasgestel word, lok dit produksiemiddele na die tabakbedryf toe. Produksie van tabak sal dan ten koste van die produksie van ander produkte en dienste, afhangende van die beweeglikheid van produksiemiddels, uitgebrei word. Bostaande is natuurlik 'n baie vereenvoudigde voorbeeld om te demonstreer dat pryse nie op enige peil vasgestel kan word nie. Soos voorheen gemeld, is dit die taak van die Nasionale Bemarkingsraad wat die Minister moet adviseer om te verseker dat daar korrelasie van beleid ten opsigte van die verskillende landbouprodukte bestaan, sodat die bevordering van groepsbelange onder die onderskeie bemarkingskemas nie ten koste van ander vertakkings van die landbou sal plaasvind nie.

Dit is dus te verstane dat 'n plotselinge aanpassing van pryse om ewewig tussen aanbod en vraag te bewerkstellig nie moontlik is nie, en enige aanpassings wat nodig mag wees, moet plaasvind met deeglike inagneming van die omstandighede in die bedryf.

Die tabakbedryf is in die gelukkige posisie dat hy wel oor die masjinerie beskik om die nodige aanpassings geleidelik te kan maak asook om die inligting op grond waarvan besluite geneem behoort te word, in te win.

Die beleid van die verlede pas nie aan by die veranderde omstandighede waarin die bedryf hom ten gevolge

van die voortdurende oorproduksie bevind nie en het reeds bewys dat dit nie in staat is om die verlangde ewewig tussen vraag en aanbod te bewerkstellig nie.

Afgesien van al die ander maatreëls in die verlede wat oorwegend die doel dien om produsente op hoogte in verband met toestande in die bedryf te hou, is dit noodsaaklik dat die prysbeleid reg moet wees ten opsigte van elke klas en graad tabak ten einde produksie volgens die behoeftes van die mark te lei.

Dit moet ook beklemtoon word dat 'n stabiele inkomste vir die boer van meer waarde as 'n konstante prys per eenheid is. By die toepassing van die surpluspoelskema en bystandsmaatreëls wat onder die tabakbeheerskema aan boere verleen word, kan hierdie stabiliteitsoogmerk steeds in gedagte gehou word, aangesien die boer se inkomste uit sy tabak vir hom van groter kandinale belang as die prys per lb. is.[1)]

## 11. ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS.

Die gevolgtrekkings waartoe ons geraak het, kan in die volgende paar punte saamgevat word:

11.1. Afgesien van die konsolidering van die vorige bystandsmaatreëls, het die skema wat in 1939 kragtens die Bemarkingswet, 1937 ingestel is wetlike erkenning verleen aan die bemarkingstelsel wat reeds van toepassing was en soos geadministreer deur Sentabak en sy filiale. Die enigste belangrike bemarkingsfunksie wat aan die Tabakraad oorgedra is, is dié van prysvorming.

11.2. Die beheerskema kan dus as 'n prysbeheerskema

----------

1) Opm. Dit is 'n voordeel wat die verpoelingsstelsel van bemarking aanbied. Dit mag egter in stryd met die prysstabiliteitsoogmerk van die Bemarkingswet wees.

bestempel word. Die doelstellings in verband met die beheer van vraag en aanbod kan slegs as byvoegsels met weinig praktiese waarde beskou word, omdat geen bevoegdhede of magte aan die Tabakraad verleen is waarvolgens vraag en aanbod beheer kan word nie.

11.3. Ten opsigte van die funksie van prysvorming is die bevoegdhede wat aan die Raad opgedra is kragtens die Bemarkingswet a 'n bystandsmaatreël gebruik, omdat pryse op 'n hoër peil gehandhaaf word as wat heersende produksie- en verbruikstoestande regverdig.

11.4. Vraag en aanbod behoort 'n belangriker rol by die bepaling van pryse te speel ten einde te verhoed dat produksiemiddele aangewend word vir die voortbrenging van produkte wat onlonend in die buiteland van die hand gesit word.[1)]

11.5. Ten einde leiding te kan gee, beheer te kan uitoefen en beleid te kan neerlê behoort meer aandag deur die Tabakraad en die Nasionale Bemarkingsraad aan ekonomiese en marknavorsing, veral met betrekking tot die faktore wat vraag en aanbod bepaal, bestee en volgehou te word.[2)]

----------

1) Opm. Die Tabakraad wat finansieel onafhanklik van staatshulp moet optree, sal waarskynlik in elk geval nie kan volhou met die prysbeleid van die verlede nie.

2) Vgl. Shepherd, G.S. Agricultural price analysis, a.w. p.(v) waar hy die volgende opmerk: „Intelligent handling of agricultural price problems requires extensive analysis of the causes of changes in agricultural prices. It is not enough to show that agricultural prices decline when the supply increases or the demand decreases and vice versa. We need go further and measure quantitively how much the supply or demand changes, and how much the price changes in response. The answers differ for different products and our handling of price problems will be rough and blundering until we know what the answers are. .......The need for thorough analysis of agricultural prices is greater because we seem to be headed in the direction of more and more control of agricultural prices. Analysis is useful if it can be used only as a basis for forecasting as we forecast the weather without being able to control it. It is more than useful, it is essential - if we are to go further and attempt to control prices, as well as explain and predict them."

## 12. GEDAGTES IN VERBAND MET DIE TOEKOMS.

Onder hierdie opskrif wil ons, sonder om in besonderhede daarop in te gaan, enkele gedagtes uitspreek oor die breëre benadering van die surplustoestande wat 'n wêreldwye omvang in die landbou begin aanneem het en vanweë sy „prys-koste-knyptang"-effek van dalende pryse en toenemende koste van produksie nuwe ekonomiese aanpassings verg.[1] Een ding is seker en dit is dat probleme van hierdie aard basiese aanpassings verg. Enige kortsigtige benadering wat die simptome eerder as die oorsake behandel, kan die probleem vererger eerder as oplos, soos ondervinding in die V.S.A. bewys het.[2] Waar die Bemarkingswet voorsiening maak vir organisasies wat, uit die aard van hulle samestelling, 'n seksionele benadering van bemarkingsprobleme sal hê, stel dit ook nuwe eise aan sowel die Nasionale Bemarkingsraad as die betrokke Rade om hulleself op hoogte te hou in verband met die posisie wat die betrokke produk in die landbou en die ekonomie as geheel inneem.

Om beheer te kan uitoefen moet die Beheerraad weet wat sy langtermynoogmerke en doelstellings is. Ons weet byvoorbeeld dat die Tabakraad die vasstelling van pryse as een van die doelstellings van die skema beskou. Dit is egter 'n funksie, en ons weet nog nie wat daarmee beoog word nie. Beheerde bemarking behoort sinoniem met beplande bemarking te wees. Ware beplanning „aims to prevent difficulties from occurring" eerder as „relieving difficulties after they have occurred".[3] Binne die raamwerk van wat beoog word, moet

----------

1) Vgl. Artikels deur S.J.J. de Swardt, H.J. van Rensburg en A.P. Scholtz in Agrecon, Jan. 1962, asook T. Lethi: Post war trends in agricultural economics in Span, vol. 5, no. 2, 1962, p.105, Londen, S.I.C.C.L.

2) Vgl. Shepherd, G.S. Agricultural price and income policy. a.w., p.68.

3) Kimball en Kimball. Principles of industrial organization. New York, 1947, p.204.

die skema sy beleid neerlê.

In hierdie verband is dit nodig om ook te weet welke soort „stabiliteit"[1] vir die boer en die bedryf beoog word. Prysstabilisasie- en inkomstemaksimalisasieskemas om pryse hoog te hou deur hulle eenvoudig net vas te stel dra in hulle die kiem van groter onbestendigheid, tensy die toevloei van basiese produksiemiddele tot die betrokke bedryfstakke ook gereguleer word.[2]

Dit sal besef word dat 'n groter mate van sentrale leiding nodig sal wees om enige aanpassings wat gemaak sal moet word, so pynloos moontlik te kan doen. Terwyl elke Raad die beste belange van sy produk bevorder en oor die gespesialiseerde kennis en inligting beskik, sal dit goed wees as daar 'n nouer voeling tussen die verskillende produkterade onderling en met die Nasionale Bemarkingsraad bewerkstellig kan word, byvoorbeeld deur middel van 'n skakelkomitee veral met die oog op die wisseling van gedagtes oor beleidsake en navorsingprobleme van gemeenskaplike belang. Hierdie komitee kan byvoorbeeld bestaan uit die bestuurders van die verskillende rade asook verteenwoordigers van afdelings van die Regeringsdepartemente wat belas is met die funksies van beleidbepaling en navorsing in die betrokke rigtings.

Dit is nie 'n groter mate van staatsinmenging of, wat tabak betref, 'n wysiging van die Bemarkingswet of die organisasies wat die bemarking beheer en beleid bepaal, wat nodig is nie. Wat nodig is, is die vertolking van die Wet in die ware sin van die woord „bemarking" en die rol wat dit speel om produksie te lei vir die verwesenliking van die ekonomiese doelwit van maksimumproduktiwiteit teen die

----------

1) Opm. Ons verwys veral na G.S. Shepherd se Agricultural price and income policy, wat spesiaal geskrywe is om hierdie onderwerp te dek.

2) Vgl. Shepherd, G.S. Agricultural price analysis. a.w., p.168.

laagste koste per eenheid. In hierdie opsig hang die doeltreffende funksionering van die beheerskema ten nouste saam met die ekonomiese beleid wat gevolg word. Ten einde beleid te kan neerlê is intensiewe navorsing nodig. Geen raad of liggaam kan verantwoordelike besluite op 'n basis van feite neem tensy hy goed daarvoor toegerus is nie. Ons wil dus die noodsaaklikheid van 'n groter mate van ekonomiese en marknavorsing en die intelligente vertolking en gebruik daarvan as 'n middel om te verseker dat die beste belange van die bedryf bevorder word, weer eens beklemtoon.

13. SLOT.

Onder 'n beheerde bemarkingstelsel hang die toekoms van die bedryf ten nouste saam met die beleid wat onder die betrokke skema gevolg word. Tot dusver het die skema nog net gedurende betreklik inflasionêre toestande gefunksioneer. Gedurende hierdie tye het die vraag steeds toegeneem en pryse kon steeds verhoog word ten einde produksie by die vraag te laat aanpas. Die huidige toestand is heelwat meer problematies, en met die uitsluiting van die moontlikhede van 'n volgende wêreldoorlog rig hierdie toestand 'n uitdaging aan die skema om te bewys dat hy hom daarby kan aanpas.

AANHANGSEL 1.

TABAKONTVANGSTES, GEMIDDELDE UITBETALINGS EN GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE (M.K.T.V.-AREA) 1911/12 TOT 1938/39.

| | Tabak ontvang Miljoen pond | Gem. Verkoopprys sent per pond | Uitbetaal aan Planters. Sent per pond |
|---|---|---|---|
| 1911/12 | 1.246 | 6.25 | |
| 1912/13 | 2.308 | 6.25 | |
| 1913/14 | 4.047 | 5.17 | |
| 1914/15 | 2.201 | 4.25 | |
| 1915/16 | .305 | 3.58 | |
| 1916/17 | 1.877 | 5.13 | |
| 1917/18 | 2.025 | 5.33 | |
| 1918/19 | 2.999 | 5.42 | |
| 1919/20 | 3.932 | 6.33 | |
| 1920/21 | 4.134 | 8.50 | |
| 1921/22 | 6.554 | 5.25 | |
| 1922/23 | 3.298 | 5.98 | 4.28 |
| 1923/24 | 3.301 | 4.83 | 4.46 |
| 1924/25 | 2.806 | 5.87 | 4.26 |
| 1925/26 | 2.935 | 6.15 | 5.23 |
| 1926/27 | 7.260 | 10.83 | 8.45 |
| 1927/28 | 12.557 | 7.89 | 5.15 |
| 1928/29 | 12.623 | 6.72 | 3.33 |
| 1929/30 | 5.600 | 5.33 | 4.32 |
| 1930/31 | 4.943 | 5.91 | 4.20 |
| 1931/32 | 6.719 | 6.69 | 5.00 |
| 1932/33 | 10.581 | 5.75 | 4.02 |
| 1933/34 | 2.458 | 6.92 | 4.30 |
| 1934/35 | 7.995 | 6.28 | 4.30 |
| 1935/36 | 9.934 | 6.78 | 4.83 |
| 1936/37 | 7.819 | 8.18 | 5.67 |
| 1937/38 | 9.361 | 9.57 | 6.90 |
| 1938/39 | 10.550 | 10.41 | 7.77 |

Bronne: U.G. 16 - '34. a.w., p.102, aangevul met inligting verkry uit rekords van die M.K.T.V.

AANHANGSEL 2.

VERKOOPPRYSE LIGTE LUGDROOGTABAKGRADE IN DIE M.K.T.V.-AREA VANAF 1913/14 TOT 1938/39.

(PENNIES PER POND).

| JAAR | A | B | C | CD |
|---|---|---|---|---|
| 1913/14 | 17 | 14 | 10½ | |
| 1914/15 | 17 | 13½ | 10 | |
| 1915/16 | 17 | 16 | 12 | |
| 1916/17 | 17 | 16 | 13 | |
| 1917/18 | 17 | 16 | 13 | |
| 1918/19 | 17½ | 16½ | 13½ | |
| 1919/20 | 18 | 17 | 14 | |
| 1920/21 | 27 | 24 | 20 | 16 |

| JAAR | A1 | A2 | A3 | A4 | A5 | A5S | A3S | DL | GL | HL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1921/22 | 23½ | 21¼ | 17½ | 13¾ | 10 5/8 | 10 | | | | |
| 1922/23 | 24 | 22½ | 20 | 16 | 13 | 12 | | | | |
| 1923/24 | 25 | 23½ | 21 | 17 | 14 | 13 | - | 9 | 7 | |
| 1924/25 | 25 | 23½ | 21 | 19 | 15 | 13½ | 18 | 10 | 7 | |
| 1925/26 | 26 | 24½ | 22 | 20 | 16 | 14½ | 19 | 11 | 8 | 5¾ |

| JAAR | A1 | A2 | A2S | A3 | A4 | A4S | DL | GL | DB | HL | SL | A4M |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1926/27 | 33 | 27 | 26 | 26 | 22 | 19 | 15 | 12 | | 8 | 5 | 9 |
| 1927/28 | 33 | 27 | 26 | 26 | 22 | 19 | 15 | 12 | | 8 | 5 | 9 |
| 1928/29 | 25 | 22 | 19 | 20 | 16 | 14½ | 12 | 8 | | 5¾ | 4½ | 5 |
| 1929/30 | 25 | 22 | 19 | 20 | 16 | 14½ | 12 | 8 | | 5¾ | 4½ | 5 |
| 1930/31 | 25 | 22 | 18 | 19 | 15 | 13 | 11 | 7½ | | 5½ | 4 | 7 |
| 1931/32 | 25 | 22 | 19 | 20 | 16 | 14½ | 12 | 8 | | 5¾ | 4½ | 7 |
| 1932/33 | 25 | 22 | 19 | 20 | 16 | 14½ | 12 | 8 | | 5¾ | 4½ | 7 |
| 1933/34 | 25 | 22 | 19 | 20 | 16 | 14½ | 10 | 8 | 7½ | 5¾ | 4½ | 6½ |
| 1934/35 | 25 | 22 | 19 | 20 | 16 | 14½ | 10 | 9 | 7½ | 6 | 5 | 7 |
| 1935/36 | 27 | 24 | 21 | 22 | 18 | 16 | 10 | 10 | 7½ | 6 | 5 | 7 |
| 1936/37 | 28 | 26 | 22 | 23 | 18 | 16 | 10 | 10½ | 7½ | 6 | 5 | - |
| 1937/38 | 31 | 28 | 24 | 25 | 19½ | 17½ | 10½ | 11½ | 7½ | 6½ | 5½ | - |
| 1938/39 | 31 | 28 | 24 | 26 | 20 | 19 | 12 | 12 | 8 | 6½ | 6 | - |

Bronne: M.K.T.V. en Sentabak.

AANHANGSEL 3.

VERKOOPPRYSE VAN DONKER LUGDROOGTABAKGRADE VANAF 1913/14 TOT 1938/39. (M.K.T.V.-AREA.)

(PENNIES PER POND.)

| JAAR | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | D | E | F | G | H | | | | | |
| 1913/14 | 6 | 6 | 4½ | 4 | 3 | | | | | |
| 1914/15 | 6 | 6 | 4½ | 3½ | 3 | | | | | |
| 1915/16 | 6½ | 5¾ | 4¾ | 3 1/8 | 3 | | | | | |
| 1916/17 | 6¾ | 6 | 4¾ | 3½ | 3 | | | | | |
| 1917/18 | 6½ | 5¾ | 4¾ | 3 1/8 | 3 | | | | | |
| 1918/19 | 6½ | 5¾ | 4¾ | 3¾ | 3 | | | | | |
| 1919/20 | 6½ | 6 | 5 | 3¾ | 3 | | | | | |
| 1920/21 | 9½ | 8½ | 7½ | 6½ | 6 | | | | | |
| 1921/22 | 8 1/8 | 7½ | 6¼ | 5 | 4 | | | | | |
| 1922/23 | 7 | 6½ | 5½ | 4 | 3 | | | | | |
| | DS | D | E | F | G | H | | | | |
| 1923/24 | 9 | 7 | 6½ | 5½ | 4 | 3 | | | | |
| 1924/25 | 10 | 7½ | 7 | 6 | 4¾ | 4 | | | | |
| 1925/26 | 12 | 8½ | 8 | 7 | 5¾ | 5 | SD | DEFM | | |
| 1926/27 | 13 | 10 | 9½ | 8½ | 7 | 6 | 4 | 7 | | |
| 1927/28 | 13 | 10½ | 9½ | 8½ | 7½ | 6 | 4 | 7½ | | |
| 1928/29 | 13 | 10 | 8½ | 7½ | 6 | 4½ | 3½ | 4 | | |
| 1929/30 | 13 | 10 | 8½ | 7½ | 6 | 4½ | 3½ | 4 | | |
| 1930/31 | 13 | 9 | 8 | 7 | 5 | 4 | 3 | 5 | | |
| 1931/32 | 10 | 7¼ | 7 | 6½ | 5½ | 4½ | 3½ | 5 | | |
| 1932/33 | 10 | 7¼ | 7 | 6½ | 5½ | 4½ | 3½ | 5 | GEM | |
| 1933/34 | 10 | 7¼ | 7 | 6½ | 5½ | 4½ | 3½ | 5½ | 5½ | |
| 1934/35 | 10 | 7¼ | 7 | 6½ | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 | |
| 1935/36 | 10 | 7¾ | 7½ | 7 | 6½ | 6½ | 6½ | 6½ | 6½ | |
| | DS1 | DS2 | D | E | F | G | H | SD | GEM | |
| 1936/37 | 10 | 8½ | 7¾ | 7½ | 7 | 6½ | 6½ | 6½ | 6½ | |
| | DS1 Super | DS1 | DS2 | D | E | F | G | H | SD | GEM |
| 1937/38 | - | 10½ | 9 | 8¼ | 7¾ | 7¼ | 7 | 7 | 7 | 7 |
| 1938/39 | - | 10½ | 9 | 8½ | 8 | 7½ | 7¼ | 7¼ | 7¼ | 7¼ |

Bron: M.K.T.V.

AANHANGSEL 4.

## VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOGTABAKGRADE IN DIE M.K.T.V.-AREA VANAF 1931/32 TOT 1938/39.

| JAAR | FC/AA | FC/AS | FC/SS | FC/1 | FC/2 | FC/2S | FC/3 | FC/4 | FC/4S | FC/GLS | FC/GL | FC/DL | FC/HL | FC/LM | FC/SL | FC/DB | FC/D | FC/E | FC/F | FC/G | FC/H | FC/SD |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1931/32 | 30 | 27 | 23 | 25 | 22 | 19 | 20 | 16 | 14½ | 11 | 8 | 12 | 5¾ | 7 | 4½ | | | | | | | |
| 1932/33 | 30 | 27 | 23 | 25 | 22 | 19 | 20 | 16 | 14½ | 11 | 8 | 12 | 5¾ | 7 | 4½ | | | | | | | |
| 1933/34 | 30 | 27 | 23 | 25 | 22 | 19 | 20 | 16 | 14½ | 11 | 8 | 12 | 5¾ | 7 | 4½ | 8 | 5½ | 5½ | 5½ | 5½ | 5½ | 5½ |
| 1934/35 | 33 | 30 | 25 | 28 | 25 | 21 | 22 | 18 | 16 | 12 | 10 | 12 | 6½ | 8 | 6 | 8 | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 |

| JAAR | FC/AA | FC/AS | FC/SS | FC/1 | FC/2 | FC/2S | FC/3 | FC/4 | FC/4S | FC/GLS | FC/GL | FC/DL | FC/DB | FC/HL | FC/SL | FC/D | FC/E | FC/F | FC/G | FC/H | FC/SD |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1935/36 | 33 | 32 | 27 | 30 | 26 | 22 | 23 | 19 | 17 | 12 | 10½ | 11 | 7½ | 6½ | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 |
| 1936/37 | 36 | 35 | 30 | 33 | 28 | 24 | 25 | 21 | 19 | 13 | 11½ | 11 | 7½ | 6½ | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 |
| 1937/38 | 36 | 35 | 32 | 33 | 31 | 27 | 27 | 23 | 20 | 14 | 12 | 11 | 7½ | 6½ | 6½ | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 |
| 1938/39 | 36 | 35 | 32 | 33 | 32 | 26 | 29 | 23 | 20 | 15 | 12 | 11 | 7½ | 6½ | 7 | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 |

Bron: M.K.T.V.

AANHANGSEL 5.

BRUTOWAARDE VAN TABAKPRODUKSIE, INDEKSE VAN FISIESE VOLUME VAN PRODUKSIE VAN AKKERBOUGEWASSE EN TABAK, INDEKS VAN BRUTOWAARDE VAN TABAKPRODUKSIE EN AFGELEIDE INDEKS VAN TABAKPRYSE. 1911 - 1959.

| | INDEKS VAN FISIESE VOLUME VAN PRODUKSIE 1937, '38, '39 = 100. | | BRUTOWAARDE VAN TABAK-PRODUKSIE | INDEKS VAN BRUTOWAARDE VAN TABAK-PRODUKSIE 1937, '38, '39 = 100. | AFGELEIDE INDEKS VAN PRODUSENTE-PRYSE VAN TABAK 1937, '38, '39 = 100. |
|---|---|---|---|---|---|
| | AKKERBOU-GEWASSE | TABAK | | | |
| 1911 | 43 | 66 | 249 | 31 | 47 |
| 1912 | 46 | 66 | 249 | 31 | 47 |
| 1913 | 48 | 66 | 280 | 35 | 53 |
| 1914 | 50 | 66 | 280 | 35 | 53 |
| 1915 | 53 | 66 | 311 | 39 | 59 |
| 1916 | 46 | 66 | 311 | 39 | 59 |
| 1917 | 50 | 66 | 311 | 39 | 59 |
| 1918 | 59 | 66 | 373 | 47 | 71 |
| 1919 | 53 | 73 | 392 | 49 | 74 |
| 1920 | 51 | 59 | 329 | 41 | 69 |
| 1921 | 55 | 74 | 416 | 52 | 70 |
| 1922 | 58 | 49 | 236 | 30 | 63 |
| 1923 | 67 | 43 | 201 | 25 | 58 |
| 1924 | 51 | 51 | 257 | 32 | 63 |
| 1925 | 80 | 61 | 383 | 48 | 79 |
| 1926 | 55 | 73 | 736 | 93 | 127 |
| 1927 | 70 | 95 | 588 | 74 | 78 |
| 1928 | 70 | 102 | 414 | 52 | 51 |
| 1929 | 73 | 62 | 321 | 40 | 65 |
| 1930 | 88 | 57 | 285 | 36 | 63 |
| 1931 | 71 | 63 | 457 | 58 | 92 |
| 1932 | 84 | 98 | 462 | 58 | 59 |
| 1933 | 57 | 43 | 228 | 29 | 67 |
| 1934 | 91 | 65 | 341 | 43 | 66 |
| 1935 | 86 | 75 | 402 | 51 | 68 |
| 1936 | 90 | 79 | 569 | 72 | 91 |
| 1937 | 103 | 93 | 656 | 83 | 89 |
| 1938 | 86 | 101 | 718 | 91 | 90 |
| 1939 | 110 | 106 | 1,007 | 127 | 120 |
| 1940 | 102 | 160 | 1,428 | 180 | 125 |
| 1941 | 102 | 99 | 1,137 | 143 | 145 |
| 1942 | 90 | 124 | 1,442 | 182 | 147 |
| 1943 | 111 | 143 | 2,147 | 270 | 189 |
| 1944 | 102 | 109 | 1,718 | 217 | 199 |
| 1945 | 99 | 144 | 2,615 | 329 | 228 |
| 1946 | 94 | 131 | 2,572 | 257 | 196 |
| 1947 | 113 | 176 | 4,103 | 517 | 294 |
| 1948 | 137 | 220 | 4,761 | 600 | 273 |
| 1949 | 119 | 202 | 4,493 | 566 | 280 |
| 1950 | 131 | 216 | 4,674 | 589 | 273 |
| 1951 | 146 | 237 | 5,090 | 641 | 270 |
| 1952 | 127 | 196 | 3,535 | 445 | 227 |
| 1953 | 151 | 178 | 3,583 | 451 | 253 |
| 1954 | 162 | 152 | 3,727 | 469 | 309 |
| 1955 | 168 | 134 | 3,447 | 434 | 324 |
| 1956 | 184 | 195 | 5,613 | 707 | 363 |
| 1957 | 196 | 242 | 6,477 | 816 | 337 |
| 1958 | 187 | 282 | 9,423 | 1,187 | 421 |
| 1959 | 197 | 301 | | | |

Bron: Unie Statistiek oor vyftig jaar. a.w., p.I-23-I-28.

AANHANGSEL 6. AANTAL LEWERANSIERS EN OMVANG VAN PRODUKSIE VAN TABAK IN DIE AREAS WAT DEUR DIE VERSKILLENDE KOÖPERASIES BEDIEN WORD. 1941 TOT 1960. (NAT GEWIG VAN TABAK.)

| | M.K.T.V. | | P.K.T.V. | | KANGO | | GAMTOOS | | VAAL-RIVIER | | KAT-RIVIER | | BARBER-TON | | SWAZILAND | | PIET RETIEF | | WESTPRO | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETAL | GEWIG MILJ. LB. | GE-TAL | GEWIG MILJ. LB. | GETAL | GE-WIG MILJ. LB. | GE-TAL | GE-WIG MILJ. LB. | GE-TAL | GE-WIG MILJ. LB. | GE-TAL | GE-WIG MILJ. LB. | GE-TAL | GE-WIG MILJ. LB. | GETAL | GE-WIG MILJ. LB. | GE-TAL | GE-WIG MILJ. LB. | GE-TAL | GE-WIG MILJ. LB. | GETAL | GEWIG MILJ. LB. |
| 1941 | 7,154 | 13.56 | 348 | 2.80 | 815 | 2.18 | 387 | .74 | 727 | .74 | 167 | .21 | 157 | .71 | 361 | .34 | 122 | .12 | 96 | .024 | 10,334 | 21.44 |
| 1942 | 7,284 | 14.57 | 319 | 3.23 | 815 | 2.85 | 386 | .81 | 619 | .81 | 153 | .22 | 169 | .93 | 241 | .29 | 58 | .03 | 122 | .010 | 10,165 | 23.74 |
| 1943 | 6,460 | 19.25 | 498 | 5.43 | 953 | 3.13 | 380 | .74 | 674 | 1.23 | 130 | .17 | 173 | 1.17 | 321 | .52 | 84 | .07 | 110 | .002 | 9,783 | 31.71 |
| 1944 | 6,027 | 12.55 | 423 | 3.64 | 1,113 | 3.84 | 421 | 1.21 | 529 | .67 | 166 | .25 | 210 | 1.24 | 372 | .35 | 124 | .10 | 112 | .004 | 9,497 | 23.86 |
| 1945 | 7,231 | 23.28 | 395 | 3.21 | 972 | 2.44 | 358 | .84 | 515 | .81 | 108 | .12 | 143 | .83 | 406 | .44 | 76 | .07 | 129 | .001 | 10,333 | 32.03 |
| 1946 | 6,536 | 18.29 | 571 | 5.76 | 889 | 2.67 | 270 | .58 | 528 | .63 | 44 | .05 | 165 | .92 | 377 | .29 | 89 | .09 | 132 | - | 9,610 | 29.28 |
| 1947 | 7,554 | 30.31 | 356 | 2.10 | 775 | 2.17 | 310 | .84 | 541 | .97 | 131 | .24 | 218 | 1.31 | 440 | .42 | 145 | .14 | 172 | - | 10,642 | 38.51 |
| 1948 | 7,852 | 33.87 | 734 | 5.76 | 989 | 3.38 | 463 | 1.73 | 800 | 1.65 | 136 | .15 | 311 | 1.67 | 622 | .62 | 148 | .15 | - | - | 12,055 | 48.98 |
| 1949 | 8,195 | 34.77 | 643 | 4.12 | 900 | 2.51 | 448 | 1.36 | 566 | .70 | 92 | .10 | 338 | 1.74 | 850 | .71 | 123 | .09 | 128 | .003 | 12,283 | 46.10 |
| 1950 | 7,956 | 34.54 | 617 | 6.07 | 871 | 2.76 | 432 | 1.31 | 760 | 1.15 | 88 | .12 | 284 | 1.78 | 1,262 | .67 | 231 | .20 | 125 | .002 | 12,626 | 48.60 |
| 1951 | 8,093 | 34.82 | 578 | 8.07 | 938 | 3.76 | 489 | 1.72 | 680 | 1.19 | 125 | .14 | 259 | 1.79 | 1,222 | .41 | 185 | .13 | - | - | 12,569 | 52.06 |
| 1952 | 6,780 | 27.57 | 529 | 9.17 | 726 | 2.57 | 410 | 1.29 | 359 | .32 | 69 | .07 | 218 | 1.80 | 996 | .41 | 182 | .13 | - | - | 10,269 | 43.26 |
| 1953 | 5,123 | 21.25 | 504 | 10.93 | 690 | 2.61 | 416 | 1.29 | 448 | .71 | 133 | .18 | 165 | 1.52 | 1,410 | .60 | 181 | .17 | - | - | 9,070 | 39.27 |
| 1954 | 4,973 | 21.09 | 384 | 7.69 | 588 | 2.18 | 286 | .92 | 299 | .46 | 97 | .14 | 165 | 1.11 | 1,052 | .40 | 96 | .08 | - | - | 7,940 | 34.06 |
| 1955 | 4,422 | 15.41 | 334 | 7.97 | 471 | 2.42 | 332 | 1.17 | 286 | .36 | 134 | .26 | 298 | 1.46 | 1,133 | .40 | 70 | .23 | - | - | 7,480 | 26.70 |
| 1956 | 4,924 | 25.26 | 412 | 11.27 | 498 | 2.37 | 267 | .91 | 291 | .49 | 156 | .29 | 209 | 2.12 | 1,006 | .34 | 72 | .23 | - | - | 7,835 | 43.28 |
| 1957 | 5,058 | 31.24 | 604 | 14.44 | 611 | 3.24 | 318 | 1.04 | 439 | .79 | 301 | .56 | 318 | 2.85 | 1,878 | .79 | 161 | .40 | 111 | - | 9,799 | 55.36 |
| 1958 | 5,465 | 42.46 | 785 | 16.37 | 590 | 2.93 | 307 | .97 | 405 | .61 | 336 | .70 | 350 | 2.92 | 1,553 | .85 | 173 | .54 | 107 | .001 | 10,071 | 68.44 |
| 1959 | 5,838 | 41.67 | 971 | 23.30 | 609 | 3.68 | 287 | 1.06 | 447 | .72 | 402 | 1.18 | 465 | 4.07 | 1,986 | 1.07 | 275 | .76 | 110 | .001 | 11,390 | 77.51 |
| 1960 | 5,005 | 31.71 | - | 16.53 | - | 3.27 | - | .89 | - | .81 | - | .65 | - | 3.27 | - | .93 | - | .67 | - | - | - | 58.72 |

Bron: Sentabak opgawes aan die afdeling Ekonomie en Marke.

AANHANGSEL 7. GEMIDDELDE GEWIG VIRGINIESE TABAK PER PRODUSENT AAN DIE VERSKILLENDE KOÖPERASIES AFGELEWER. 1941 - 1960.

| | M.K.T.V. | P.K.T.V. | PIET RETIEF | KANGO | GAMTOOS | VAALRIVIER | KATRIVIER | BARBERTON | SWAZILAND | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1941 | 1,895 | 8,048 | 99 | 2,680 | 1,912 | 1,015 | 1,262 | 4,551 | 956 | 2,074 |
| 1942 | 2,000 | 10,115 | 557 | 3,491 | 2,095 | 1,304 | 1,469 | 5,484 | 1,216 | 2,336 |
| 1943 | 2,979 | 10,898 | 877 | 3,287 | 1,946 | 1,824 | 1,347 | 6,740 | 1,628 | 3,242 |
| 1944 | 2,083 | 8,609 | 794 | 3,451 | 2,881 | 1,269 | 1,484 | 5,909 | 946 | 2,513 |
| 1945 | 3,219 | 8,134 | 873 | 2,510 | 2,349 | 1,581 | 1,141 | 5,774 | 1,072 | 3,100 |
| 1946 | 2,798 | 10,092 | 882 | 3,006 | 2,151 | 2,352 | 1,185 | 5,544 | 765 | 2,603 |
| 1947 | 4,012 | 5,902 | 1,001 | 2,806 | 2,710 | 1,789 | 1,835 | 5,985 | 965 | 3,746 |
| 1948 | 4,313 | 7,853 | 997 | 3,421 | 3,740 | 2,069 | 1,116 | 5,358 | 989 | 4,063 |
| 1949 | 4,520 | 6,397 | 757 | 2,787 | 3,041 | 1,236 | 1,049 | 5,148 | 832 | 3,753 |
| 1950 | 4,342 | 9,835 | 853 | 3,173 | 3,025 | 1,515 | 1,360 | 6,257 | 532 | 3,849 |
| 1951 | 4,303 | 13,963 | 722 | 4,014 | 3,528 | 1,755 | 1,132 | 6,931 | 337 | 4,142 |
| 1952 | 4,066 | 17,214 | 736 | 3,537 | 3,145 | 890 | 1,011 | 8,248 | 411 | 4,213 |
| 1953 | 4,148 | 21,692 | 945 | 3,787 | 3,108 | 1,584 | 1,385 | 9,188 | 424 | 4,330 |
| 1954 | 4,241 | 20,022 | 861 | 3,711 | 3,210 | 1,544 | 1,449 | 6,719 | 376 | 4,290 |
| 1955 | 3,486 | 23,870 | 3,360 | 5,148 | 3,534 | 1,274 | 1,915 | 4,897 | 350 | 3,569 |
| 1956 | 5,130 | 27,356 | 3,264 | 4,764 | 3,417 | 1,671 | 1,844 | 10,127 | 340 | 5,524 |
| 1957 | 6,185 | 23,904 | 2,482 | 5,312 | 3,268 | 1,806 | 1,867 | 8,964 | 421 | 5,649 |
| 1958 | 7,770 | 20,854 | 3,104 | 4,964 | 3,147 | 1,500 | 2,097 | 8,350 | 545 | 6,787 |
| 1959 | 7,137 | 24,000 | 2,783 | 6,043 | 3,677 | 1,603 | 2,927 | 8,748 | 541 | 6,805 |
| 1960 | 6,342 | | | | | | | | | |

Bron: Sentabak.

AANHANGSEL 8.

INDEKSE VAN PRODUKSIE, BERAAMDE AANTAL MORGE BEPLANT EN OPBRENGS PER MORG IN M.K.T.V.-AREA (1956 TOT 1961).

| JAAR | MORGE BEPLANT | | OPBRENGS PER MORG | | TABAK GELEWER | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | AANTAL MORGE | INDEKS 1956 = 100 | LB. | INDEKS 1956 = 100 | MILJOEN LB. | INDEKS 1956 = 100 |
| 1956 | 18,238 | 100.0 | 1,385 | 100.0 | 25.26 | 100.0 |
| 1957 | 21,718 | 119.1 | 1,438 | 103.8 | 31.24 | 123.7 |
| 1958 | 24,545 | 134.6 | 1,791 | 129.3 | 42.46 | 168.1 |
| 1959 | 28,998 | 158.9 | 1,437 | 103.8 | 41.67 | 165.0 |
| 1960 | 23,767 | 130.3 | 1,353 | 97.7 | 32.15 | 127.3 |
| 1961 | 20,578 | 112.8 | 1,505 | 108.7 | 30.96 | 122.6 |

AANHANGSEL 9.

JAARLIKSE KONSTANTE GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN TABAK NA UITSKAKELING VAN PRYSVERHOGINGS EN BEREKEN OP 1939-BASIS. 1939 - 1959.

| JAAR | OONDDROOG | LIGTE LUGDROOG | DONKER LUGDROOG |
|---|---|---|---|
| | SENT PER LB. | SENT PER LB. | SENT PER LB. |
| 1939 | 14.65 | 9.70 | 6.06 |
| 1940 | 14.50 | 9.12 | 6.18 |
| 1941 | 14.90 | 10.02 | 6.73 |
| 1942 | 14.20 | 11.98 | 8.53 |
| 1943 | 15.91 | 12.45 | 7.31 |
| 1944 | 16.39 | 12.39 | 7.56 |
| 1945 | 15.00 | 13.61 | 7.57 |
| 1946 | 16.35 | 13.05 | 7.76 |
| 1947 | 17.15 | 14.80 | 9.13 |
| 1948 | 16.87 | 13.21 | 8.41 |
| 1949 | 16.87 | 14.77 | 8.62 |
| 1950 | 18.21 | 14.20 | 8.54 |
| 1951 | 14.44 | 13.20 | 8.71 |
| 1952 | 13.74 | 14.30 | 8.86 |
| 1953 | 15.05 | 12.06 | 8.54 |
| 1954 | 14.27 | 12.71 | 8.84 |
| 1955 | 15.64 | 13.56 | 9.96 |
| 1956 | 16.02 | 13.68 | 9.47 |
| 1957 | 17.40 | 14.27 | 9.15 |
| 1958 | 17.74 | 13.98 | 8.82 |
| 1959 | 17.78 | 13.28 | 8.58 |

Bron: Verwerking van gegewens verkry uit jaarverslae van die Tabakraad en Sentabak.

AANHANGSEL 10.

## OMVANG VAN PRODUKSIE EN GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN OONDDROOGTABAK VANAF 1939/40 - 1960/61.

| | PRODUKSIE[1] (BAALSYFERS) | GEM.[2] VERKOOP-PRYSE | G.H.[3] PRYSINDEKS 1938 = 100 | GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE OP 1938 BASIS |
|---|---|---|---|---|
| | | | | d. per lb. |
| 1939/40 | 5.39 | 17.68d. | 97.6 | 18.11 |
| 1940/41 | 9.60 | 20.21d. | 108.4 | 18.64 |
| 1941/42 | 7.42 | 21.43d. | 119.1 | 17.99 |
| 1942/43 | 9.23 | 23.01d. | 133.6 | 17.22 |
| 1943/44 | 10.33 | 26.72d. | 145.3 | 18.39 |
| 1944/45 | 8.27 | 28.53d. | 150.4 | 18.97 |
| 1945/46 | 13.52 | 27.90d. | 152.6 | 18.28 |
| 1946/47 | 12.75 | 32.38d. | 156.2 | 20.73 |
| 1947/48 | 19.26 | 34.37d. | 163.8 | 20.98 |
| 1948/49 | 21.33 | 34.08d. | 175.0 | 19.47 |
| 1949/50 | 22.74 | 34.14d. | 184.7 | 18.48 |
| 1950/51 | 21.97 | 36.72d. | 197.6 | 18.58 |
| 1951/52 | 19.75<br>1.96 | 35.75d.<br>43.64d. | 225.8 | 19.33 |
| 1952/53 | 2.67<br>13.69 | 39.46d.<br>41.61d. | 258.9 | 16.07 |
| 1953/54 | 13.94 | 32.10d.<br>43.31d. | 261.2 | 16.58 |
| 1954/55 | 16.47 | 26.76d.<br>40.95d. | 263.1 | 15.56 |
| 1955/56 | 12.87 | 46.91d. | 271.5 | 17.28 |
| 1956/57 | 20.01 | 50.23d. | 275.0 | 18.27 |
| 1957/58 | 24.46 | 55.74d. | 279.4 | 19.95 |
| 1958/59 | 31.84 | 56.81d. | 279.9 | 20.30 |
| 1959/60 | 30.39 | 56.94d. | 279.6 | 20.36 |
| 1960/61 | 24.8 | 44.8c. | 283.2 | 15.8c. |

Bronne:
1) Sentabak.
2) Tabakraad.
3) Unie statistiek oor vyftig jaar. a.w., p.H-15.

AANHANGSEL 11.

VERBRUIK* VAN SIGARETTE EN PYPTABAK VANAF 1939 TOT 1961 EN KLEINHANDELSPRYSINDEKS VAN VIRGINIESE SIGARETTE (1938 = 100).

| | SIGARETTE | | PYPTABAK | | TOTAAL | | KLEIN-HANDELS-PRYSINDEKS VAN SIGARETTE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | VER-BRUIK | +4½% | VER-BRUIK | +4½% | VER-BRUIK | +4½% | |
| | | | | | | | A |
| 1938/39 A | 9.4 | 12.5 | 11.8 | 9.8 | 21.2 | 22.3 | 100.0 |
| 1939/40 A | 10.4 | 13.1 | 12.1 | 10.2 | 22.5 | 23.3 | 100.0 |
| 1940/41 A | 11.8 | 13.7 | 14.2 | 10.7 | 26.0 | 24.4 | 104.6 |
| 1941/42 A | 14.3 | 14.3 | 13.8 | 11.2 | 28.1 | 25.5 | 125.2 |
| 1942/43 A | 16.3 | 14.9 | 11.6 | 11.7 | 27.9 | 26.6 | 127.2 |
| 1943/44 A | 16.3 | 15.6 | 11.7 | 12.2 | 28.0 | 27.8 | 131.7 |
| 1944/45 | 16.3 | 16.3 | 11.7 | 12.7 | 28.0 | 29.0 | 146.0 |
| 1945 | 18.0 | 16.7 | 12.4 | 13.0 | 30.4 | 29.7 | 148.4 |
| 1946 | 18.4 | 17.5 | 13.8 | 13.6 | 32.2 | 31.1 | 150.0 |
| 1947 | 18.8 | 18.3 | 13.3 | 14.2 | 32.1 | 32.5 | 158.6 |
| 1948 | 19.5 | 19.1 | 14.1 | 14.8 | 33.6 | 33.9 | 167.0 |
| 1949 | 20.0 | 20.0 | 15.4 | 15.5 | 35.4 | 35.5 | 169.0 |
| 1950 | 20.3 | 20.9 | 17.1 | 16.2 | 37.4 | 37.1 | 169.1 |
| 1951 | 21.0 | 21.8 | 16.9 | 16.9 | 37.9 | 38.7 | 169.1 |
| 1952 | 21.0 | 22.8 | 18.4 | 17.7 | 39.4 | 40.5 | 190.4 |
| 1953 | 21.5 | 23.8 | 18.2 | 18.5 | 39.7 | 42.3 | 198.4 |
| 1954 | 22.3 | 24.9 | 20.1 | 19.3 | 42.4 | 44.2 | 202.0 |
| 1955 | 22.4 | 26.0 | 21.6 | 20.2 | 44.0 | 46.2 | 202.7 |
| 1956 | 24.4 | 27.2 | 23.6 | 21.1 | 48.0 | 48.3 | 203.2 |
| 1957 | 25.2 | 28.4 | 22.4 | 22.0 | 47.6 | 50.4 | 204.3 |
| 1958 | 23.7 | 29.7 | 21.1 | 23.0 | 44.8 | 52.7 | 232.9 |
| 1959 | 22.8 | 31.0 | 22.0 | 24.0 | 44.8 | 55.0 | 258.1 |
| 1960 | 23.6 | 32.4 | 21.8 | 25.1 | 45.4 | 57.5 | 258.3 |
| 1961 | 23.2 | 33.9 | 21.9 | 26.2 | 45.1 | 60.1 | 263.7 |

Bron: A. Syfers tot 1944/45 verkry van Sensus en Statistiek.

B. Na 1945 - Sentabak.

* Vervaardiging.

AANHANGSEL 12.

INDEKS VAN GEMIDDELDE GEPROKLAMEERDE GRAADPRYSE (1939-OES BASIS) EN INDEKSE VAN GEMIDDELDE BINNELANDSE VERKOOPPRYSE VAN TABAK.

| JAAR | OONDDROOG | | LIGTE LUGDROOG | | DONKER LUGDROOG | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEPR. PRYS | GEM.VERK. PRYS | GEPR. PRYS | GEM.VERK. PRYS | GEPR. PRYS | GEM.VERK. PRYS |
| 1939 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |
| 1940 | 115.0 | 114.3 | 115.0 | 108.2 | 107.5 | 109.6 |
| 1941 | 120.0 | 121.2 | 122.5 | 126.6 | 107.5 | 119.5 |
| 1942 | 135.0 | 130.1 | 122.5 | 151.4 | 115.0 | 134.9 |
| 1943 | 140.0 | 151.1 | 135.0 | 173.3 | 135.0 | 163.0 |
| 1944 | 145.0 | 161.4 | 140.0 | 178.9 | 140.0 | 174.7 |
| 1945 | 155.0 | 157.8 | 145.0 | 203.3 | 145.0 | 181.2 |
| 1946 | 165.0 | 183.1 | 155.0 | 208.4 | 155.0 | 198.6 |
| 1947 | 166.5 | 193.8 | 165.0 | 251.9 | 165.0 | 248.6 |
| 1948 | 168.0 | 192.8 | 166.5 | 226.8 | 166.5 | 231.1 |
| 1949 | 168.0 | 193.1 | 168.0 | 255.9 | 168.0 | 239.1 |
| 1950 | 168.0 | 207.7 | 168.0 | 245.9 | 168.0 | 236.7 |
| 1951 | 233.0 | 246.8 | 171.0 | 232.8 | 168.0 | 241.3 |
| 1952 | 239.25 | 223.2 | 171.0 | 251.9 | 168.0 | 245.7 |
| 1953 | 239.25 | 244.9 | 171.0 | 212.7 | 168.0 | 236.7 |
| 1954 | 239.25 | 231.6 | 171.0 | 213.4 | 168.0 | 245.1 |
| 1955 | 250.00 | 265.3 | 192.0 | 268.5 | 170.0 | 279.6 |
| 1956 | 261.25 | 284.1 | 222.07 | 313.1 | 197.53 | 308.7 |
| 1957 | 266.88 | 315.27 | 226.37 | 333.0 | 204.41 | 308.8 |
| 1958 | 266.88 | 321.3 | 226.37 | 326.3 | 204.41 | 297.4 |
| 1959 | 266.88 | 322.1 | 226.37 | 309.9 | 204.41 | 308.8 |
| 1960 | 266.88 | 303.8 | 226.37 | 306.8 | 204.41 | 297.4 |

Bron: Verwerking van gegewens verkry van die Tabakraad en Sentabak.

AANHANGSEL 13.

GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE EN OMVANG VAN PRODUKSIE VAN OONDDROOGTABAK IN SUID-AFRIKA EN SUID- EN NOORD-WES RHODESIë. 1939/40 - 1959/60.

| | PRYS PER LB. NAT GEWIG SUID- EN NOORD-WES RHODESIë 1) | GEMIDDELDE BINNELANDSE VERKOOPPRYSE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 2) | PRODUKSIE SUID- EN NOORD-WES RHODESIë MILJ. LB. 3) | PRODUKSIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 4) |
|---|---|---|---|---|
| 1939/40 | 12.43d. | 17.68d. | 34 | 5.4 |
| 1940/41 | 15.63d. | 20.21d. | 35 | 9.6 |
| 1941/42 | 15.21d. | 21.43d. | 47 | 7.4 |
| 1942/43 | 18.05d. | 23.01d. | 31 | 9.2 |
| 1943/44 | 21.78d. | 26.72d. | 31 | 10.4 |
| 1944/45 | 20.00d. | 28.53d. | 47 | 8.4 |
| 1945/46 | 32.65d. | 27.90d. | 42 | 13.7 |
| 1946/47 | 29.16d. | 32.38d. | 58 | 12.9 |
| 1947/48 | 32.55d. | 34.27d. | 75 | 19.4 |
| 1948/49 | 31.86d. | 34.08d. | 82 | 21.5 |
| 1949/50 | 37.69d. | 34.14d. | 107 | 23.0 |
| 1950/51 | 34.80d. | 36.72d. | 96 | 22.1 |
| 1951/52 | 42.27d. | 43.64d. | 101 | 21.9 |
| 1952/53 | 39.41d. | 39.46d. | 112 | 17.1 |
| 1953/54 | 38.20d. | 43.31d. | 125 | 14.1 |
| 1954/55 | 40.35d. | 40.95d. | 126 | 16.5 |
| 1955/56 | 32.96d. | 46.91d. | 172 | 12.9 |
| 1956/57 | 39.37d. | 50.23d. | 144 | 20.1 |
| 1957/58 | 36.45d. | 55.74d. | 153 | 24.6 |
| 1958/59 | 34.44d. | 56.81d. | 191 | 32.1 |
| 1959/60 | 34.16d. | 56.94d. | 218 | 31.0 |

Bronne: 1) en 3) - Rhodesian Tobacco Journal. Maart 1961, p.44.

2) en 4) - Jaarverslae van die Tabakraad.

AANHANGSEL 14.

GEMIDDELDE VERKOOPPRYSE VAN DIE VERSKILLENDE VIRGINIESE TIPES TABAK - 1939 - 1961.

| JAAR | OONDDROOGPRYSE | LIGTE LUGDROOGPRYSE | DONKER LUGDROOGPRYSE |
|---|---|---|---|
| | SENT | SENT | SENT |
| 1939 | 14.90 | 9.70 | 6.06 |
| 1940 | 16.68 | 10.49 | 6.64 |
| 1941 | 17.86 | 12.28 | 7.24 |
| 1942 | 19.17 | 14.68 | 8.17 |
| 1943 | 22.27 | 16.81 | 9.87 |
| 1944 | 23.77 | 17.35 | 10.58 |
| 1945 | 23.25 | 19.73 | 10.97 |
| 1946 | 26.98 | 20.22 | 12.03 |
| 1947 | 28.56 | 24.43 | 15.06 |
| 1948 | 28.34 | 22.00 | 14.00 |
| 1949 | 28.45 | 24.82 | 14.48 |
| 1950 | 30.60 | 23.85 | 14.17 |
| 1951 | 33.64 | 22.58 | 14.62 |
| 1952 | 32.88 | 24.43 | 14.88 |
| 1953 | 36.01 | 20.63 | 14.34 |
| 1954 | 34.13 | 20.68 | 14.86 |
| 1955 | 39.09 | 26.04 | 16.94 |
| 1956 | 41.86 | 30.37 | 18.70 |
| 1957 | 46.45 | 32.30 | 18.71 |
| 1958 | 47.34 | 31.66 | 18.01 |
| 1959 | 47.45 | 30.06 | 17.54 |
| 1960 | 44.81 | 29.84 | 18.04 |
| 1961 | 40.46 | 30.10 | 17.27 |

Bron: Jaarverslae van die Tabakraad.

AANHANGSEL 15.

## PRODUKSIE, VERBRUIK EN VOORRADE BLADTABAK IN SUID-AFRIKA. 1939 - 1961.

(IN MILJOEN LB.)

| JAAR | PRODUKSIE (DROë BAALSYFERS) | VER-BRUIK | VOORRAAD 31 DESEMBER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | GEWIG | MAANDE VERBRUIK |
| A. LIGTE VIRGINIESE TIPES. | | | | |
| 1. OONDDROOGTABAK. | | | | |
| 1939 ......... | 5.4 | 7.4 | 9.9 | 16.04 |
| 1940 ......... | 9.6 | 8.9 | 12.7 | 17.11 |
| 1941 ......... | 7.4 | 11.2 | 11.0 | 11.76 |
| 1942 ......... | 9.2 | 12.1 | 11.8 | 11.70 |
| 1943 ......... | 10.4 | 13.9 | 12.6 | 10.81 |
| 1944 ......... | 8.4 | 15.4 | 16.4 | 12.76 |
| 1945 ......... | 13.7 | 17.4 | 13.9 | 9.62 |
| 1946 ......... | 12.9 | 17.5 | 14.6 | 9.99 |
| 1947 ......... | 19.4 | 20.2 | 19.9 | 11.85 |
| 1948 ......... | 21.5 | 20.1 | 23.0 | 13.76 |
| 1949 ......... | 23.0 | 19.6 | 30.2 | 18.53 |
| 1950 ......... | 22.1 | 20.5 | 34.1 | 19.92 |
| 1951 ......... | 21.9 | 19.9 | 38.9 | 23.46 |
| 1952 ......... | 17.1 | 19.1 | 35.8 | 22.52 |
| 1953 ......... | 14.1 | 19.0 | 31.4 | 19.83 |
| 1954 ......... | 16.5 | 19.9 | 27.8 | 16.73 |
| 1955 ......... | 12.9 | 23.3 | 27.3 | 14.09 |
| 1956 ......... | 20.1 | 27.8 | 34.1 | 14.70 |
| 1957 ......... | 24.6 | 26.3 | 32.6 | 14.87 |
| 1958 ......... | 32.1 | 23.7 | 40.2 | 20.37 |
| 1959 ......... | 31.0 | 21.2 | 47.9 | 27.05 |
| 1960 ......... | 24.8 * | 21.3 | 48.4 | 27.31 |
| 1961 ......... | 23.1 * | 21.0 | 45.6 | 26.01 |
| 2. LIGTE LUGDROOGTABAK. | | | | |
| 1939 ......... | 5.8 | 6.2 | 5.7 | 10.95 |
| 1940 ......... | 7.5 | 5.6 | 7.3 | 15.70 |
| 1941 ......... | 6.1 | 6.3 | 7.2 | 13.83 |
| 1942 ......... | 6.5 | 7.9 | 6.1 | 9.33 |
| 1943 ......... | 8.5 | 7.7 | 7.0 | 10.94 |
| 1944 ......... | 6.0 | 6.8 | 6.4 | 11.37 |
| 1945 ......... | 9.4 | 7.5 | 7.9 | 12.53 |
| 1946 ......... | 6.3 | 8.9 | 5.0 | 6.76 |
| 1947 ......... | 9.7 | 7.5 | 7.3 | 11.75 |
| 1948 ......... | 11.0 | 7.3 | 11.4 | 18.61 |
| 1949 ......... | 11.1 | 8.3 | 13.5 | 19.62 |
| 1950 ......... | 12.7 | 9.2 | 16.6 | 21.64 |
| 1951 ......... | 12.5 | 10.0 | 19.60 | 23.44 |
| 1952 ......... | 8.4 | 9.4 | 19.00 | 24.14 |
| 1953 ......... | 3.1 | 9.0 | 12.67 | 16.83 |
| 1954 ......... | 2.9 | 8.4 | 8.36 | 11.66 |
| 1955 ......... | 2.7 | 6.8 | 4.8 | 8.39 |
| 1956 ......... | 4.5 | 4.3 | 5.5 | 15.61 |
| 1957 ......... | 6.5 | 4.3 | 7.3 | 20.51 |
| 1958 ......... | 10.7 | 4.9 | 11.48 | 22.77 |
| 1959 ......... | 12.2 | 5.7 | 17.0 | 35.59 |
| 1960 ......... | 5.9 * | 6.3 | 15.2 | 28.61 |
| 1961 ......... | 4.9 * | 6.0 | 11.9 | 23.78 |

AANHANGSEL 15 (vervolg.)

| JAAR | PRODUKSIE (DROë BAALSYFERS) | VER-BRUIK | VOORRAAD 31 DESEMBER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | GEWIG | MAANDE VERBRUIK |
| 3. BURLEYTABAK. | | | | |
| 1954 ......... | .4 | .1 | - | - |
| 1955 ......... | - | .3 | .2 | 9.31 |
| 1956 ......... | .2 | .3 | .3 | 12.12 |
| 1957 ......... | .6 | .4 | .8 | 20.90 |
| 1958 ......... | .7 | .7 | 1.1 | 11.73 |
| 1959 ......... | .2 | 1.2 | .7 | 6.73 |
| 1960 ......... | 1.0 * | 1.3 | 1.0 | 9.60 |
| 1961 ......... | 2.5 * | 1.5 | 2.9 | 22.90 |
| 4. TOTAAL LIG. | | | | |
| 1939 ......... | 11.2 | 13.6 | 15.6 | 13.73 |
| 1940 ......... | 17.1 | 14.5 | 20.0 | 16.57 |
| 1941 ......... | 13.5 | 17.5 | 18.2 | 12.50 |
| 1942 ......... | 15.7 | 20.0 | 17.9 | 10.76 |
| 1943 ......... | 18.9 | 21.6 | 19.6 | 10.86 |
| 1944 ......... | 14.4 | 22.2 | 22.8 | 12.33 |
| 1945 ......... | 23.1 | 24.9 | 21.8 | 10.50 |
| 1946 ......... | 19.2 | 26.4 | 19.6 | 8.90 |
| 1947 ......... | 29.1 | 27.7 | 27.2 | 11.82 |
| 1948 ......... | 32.5 | 27.4 | 34.4 | 15.06 |
| 1949 ......... | 34.1 | 27.9 | 43.7 | 18.85 |
| 1950 ......... | 34.8 | 29.7 | 50.6 | 20.45 |
| 1951 ......... | 34.4 | 29.9 | 58.5 | 23.48 |
| 1952 ......... | 25.5 | 28.5 | 54.8 | 23.05 |
| 1953 ......... | 17.2 | 28.0 | 44.1 | 18.86 |
| 1954 ......... | 19.8 | 28.4 | 36.2 | 15.20 |
| 1955 ......... | 15.6 | 30.4 | 32.3 | 12.76 |
| 1956 ......... | 24.8 | 32.4 | 39.9 | 14.79 |
| 1957 ......... | 31.7 | 31.0 | 40.7 | 15.74 |
| 1958 ......... | 43.5 | 29.3 | 52.8 | 21.60 |
| 1959 ......... | 43.4 | 28.1 | 65.6 | 27.97 |
| 1960 ......... | 31.7 * | 28.9 | 64.6 | 26.83 |
| 1961 ......... | 30.5 * | 28.5 | 60.4 | 25.38 |
| B. DONKER VIRGINIESE TIPES. | | | | |
| 5. PYPTABAK. | | | | |
| 1939 ......... | 8.0 | - | - | - |
| 1940 ......... | 13.7 | - | - | - |
| 1941 ......... | 5.5 | - | - | - |
| 1942 ......... | 4.3 | - | - | - |
| 1943 ......... | 7.2 | - | - | - |
| 1944 ......... | 5.2 | 5.7 | - | - |
| 1945 ......... | 4.7 | 5.9 | - | - |
| 1946 ......... | 5.5 | 5.9 | - | - |
| 1947 ......... | 4.8 | 4.5 | - | - |
| 1948 ......... | 9.7 | 5.9 | - | - |
| 1949 ......... | 6.9 | 8.2 | - | - |
| 1950 ......... | 8.6 | 8.6 | 7.2 | 10.1 |
| 1951 ......... | 11.2 | 8.3 | 11.2 | 16.1 |
| 1952 ......... | 11.2 | 10.9 | 10.4 | 11.43 |
| 1953 ......... | 15.2 | 12.2 | 14.4 | 14.18 |
| 1954 ......... | 8.5 | 14.3 | 9.9 | 8.31 |
| 1955 ......... | 7.3 | 13.5 | 5.1 | 4.53 |

AANHANGSEL 15 (vervolg.)

| JAAR | PRODUKSIE (DROë BAALSYFERS) | VER-BRUIK | VOORRAAD 31 DESEMBER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | GEWIG | MAANDE VERBRUIK |
| PYPTABAK (vervolg.) | | | | |
| 1956 ......... | 10.5 | 16.2 | 7.7 | 5.68 |
| 1957 ......... | 14.2 | 17.1 | 9.6 | 6.70 |
| 1958 ......... | 18.5 | 14.4 | 14.7 | 12.23 |
| 1959 ......... | 27.3 | 16.9 | 24.3 | 17.23 |
| 1960 ......... | 20.3 * | 17.0 | 26.8 | 18.94 |
| 1961 ......... | 19.9 * | 15.8 | 30.1 | 22.90 |
| 6. SNUIFTABAK. | | | | |
| 1939 ......... | 1.4 | - | - | - |
| 1940 ......... | 1.9 | - | - | - |
| 1941 ......... | 1.7 | - | - | - |
| 1942 ......... | 2.0 | - | - | - |
| 1943 ......... | 3.7 | - | - | - |
| 1944 ......... | 2.3 | 2.7 | - | - |
| 1945 ......... | 2.3 | 2.7 | - | - |
| 1946 ......... | 2.5 | 2.3 | - | - |
| 1947 ......... | 3.0 | 1.9 | - | - |
| 1948 ......... | 3.8 | 1.8 | - | - |
| 1949 ......... | 2.3 | 2.7 | - | - |
| 1950 ......... | 3.2 | 2.6 | - | - |
| 1951 ......... | 4.5 | 2.8 | 2.0 | 8.60 |
| 1952 ......... | 5.0 | 3.0 | 2.6 | 10.39 |
| 1953 ......... | 4.8 | 2.9 | 2.5 | 10.25 |
| 1954 ......... | 4.1 | 3.0 | 1.3 | 4.74 |
| 1955 (+ Vuurdroog ... | 5.3 | 3.2 | 1.2 | 4.49 |
| 1956 ......... | 6.6 | 3.5 | .9 | 3.02 |
| 1957 ......... | 7.5 | 3.3 | 1.3 | 4.54 |
| 1958 ......... | 4.0 | 3.2 | 1.5 | 5.44 |
| 1959 ......... | 3.8 | 2.8 | 2.2 | 9.29 |
| 1960 ......... | 2.9 * | 2.8 | 3.2 | 13.82 |
| 1961 ......... | 2.6 * | 2.7 | 3.8 | 17.00 |
| 7. ROLTABAK. | | | | |
| 1939 ......... | 1.3 | - | - | - |
| 1940 ......... | - | - | - | - |
| 1941 ......... | - | - | - | - |
| 1942 ......... | 1.3 | - | - | - |
| 1943 ......... | 1.4 | - | - | - |
| 1944 ......... | 1.6 | 1.3 | - | - |
| 1945 ......... | 1.4 | 1.4 | - | - |
| 1946 ......... | 1.7 | 1.4 | - | - |
| 1947 ......... | 1.4 | 1.2 | - | - |
| 1948 ......... | 1.8 | 1.2 | - | - |
| 1949 ......... | 1.3 | 1.2 | - | - |
| 1950 ......... | 1.6 | 1.2 | 1.00 | 10.52 |
| 1951 ......... | 1.3 | 1.2 | .81 | 8.19 |
| 1952 ......... | 1.2 | 1.1 | .65 | 6.89 |
| 1953 ......... | 1.2 | 1.1 | .84 | 8.89 |
| 1954 ......... | .9 | 1.1 | .70 | 7.45 |
| 1955 ......... | 1.2 | 1.1 | .60 | 6.78 |
| 1956 ......... | 1.4 | 1.1 | .8 | 8.45 |
| 1957 ......... | 1.7 | 1.1 | .9 | 9.79 |
| 1958 ......... | 1.3 | .9 | .9 | 11.14 |
| 1959 ......... | 1.1 | .9 | .8 | 11.42 |
| 1960 ......... | .7 * | .8 | .6 | 8.82 |
| 1961 ......... | .8 * | .7 | .8 | 13.42 |

AANHANGSEL 15 (vervolg.)

| JAAR | PRODUKSIE (DROë BAALSYFERS) | VER-BRUIK | VOORRAAD 31 DESEMBER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | GEWIG | MAANDE VERBRUIK |
| 8. SIGAARTABAK. | | | | |
| 1939 ......... | - | - | - | - |
| 1940 ......... | - | - | - | - |
| 1941 ......... | Die produk- | - | - | - |
| 1942 ......... | sie is by | - | - | - |
| 1943 ......... | die ander | - | - | - |
| 1944 ......... | donk.tabak | .2 | - | - |
| 1945 ......... | ingesluit. | .2 | - | - |
| 1946 ......... | - | .1 | - | - |
| 1947 ......... | - | .1 | - | - |
| 1948 ......... | - | .1 | - | - |
| 1949 ......... | - | .1 | - | - |
| 1950 ......... | - | .1 | - | - |
| 1951 ......... | - | .07 | - | - |
| 1952 ......... | - | .08 | .24 | 37.33 |
| 1953 ......... | - | .08 | .07 | 11.33 |
| 1954 ......... | - | .06 | .10 | 18.43 |
| 1955 ......... | .05 | .06 | .04 | 8.56 |
| 1956 ......... | .03 | .06 | .06 | 12.78 |
| 1957 ......... | .03 | .05 | .09 | 23.42 |
| 1958 ......... | .03 | .04 | .07 | 21.48 |
| 1959 ......... | .03 | .07 | .06 | 10.34 |
| 1960 ......... | .02 * | .02 | .05 | 21.23 |
| 1961 ......... | .02 * | .02 | .05 | 26.73 |
| 9. TOTAAL DONKER. | | | | |
| 1939 ......... | 10.7 | 11.4 | 13.9 | 14.61 |
| 1940 ......... | 15.6 | 11.5 | 17.8 | 18.59 |
| 1941 ......... | 7.2 | 12.9 | 11.1 | 10.34 |
| 1942 ......... | 7.6 | 11.9 | 5.9 | 5.97 |
| 1943 ......... | 12.3 | 10.2 | 9.2 | 10.82 |
| 1944 ......... | 9.1 | 9.9 | 7.6 | 9.22 |
| 1945 ......... | 8.4 | 10.2 | 6.0 | 7.01 |
| 1946 ......... | 9.7 | 9.7 | 4.9 | 6.11 |
| 1947 ......... | 9.2 | 7.7 | 6.1 | 9.45 |
| 1948 ......... | 15.3 | 9.0 | 11.2 | 14.92 |
| 1949 ......... | 10.5 | 12.2 | 9.3 | 9.12 |
| 1950 ......... | 13.4 | 12.5 | 10.00 | 9.58 |
| 1951 ......... | 17.1 | 12.4 | 14.10 | 13.65 |
| 1952 ......... | 17.4 | 15.2 | 13.93 | 11.02 |
| 1953 ......... | 21.2 | 16.3 | 17.85 | 13.10 |
| 1954 ......... | 13.5 | 18.5 | 11.95 | 7.75 |
| 1955 ......... | 13.8 | 17.9 | 6.95 | 4.67 |
| 1956 ......... | 18.5 | 20.9 | 9.4 | 5.39 |
| 1957 ......... | 23.4 | 21.6 | 11.80 | 6.56 |
| 1958 ......... | 23.8 | 18.6 | 17.1 | 11.02 |
| 1959 ......... | 32.2 | 20.7 | 27.4 | 15.87 |
| 1960 ......... | 23.9 * | 20.6 | 30.7 | 17.85 |
| 1961 ......... | 23.3 * | 19.2 | 34.7 | 21.73 |

AANHANGSEL 15 (vervolg.)

| JAAR | PRODUKSIE (DROë BAALSYFERS) | VER-BRUIK | VOORRAAD 31 DESEMBER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | GEWIG | MAANDE VERBRUIK |
| 10. VIRGINIESE TABAK GROOT TOTAAL. | | | | |
| 1939 ........ | 21.9 | 25.0 | 29.5 | 15.13 |
| 1940 ........ | 32.7 | 26.0 | 37.8 | 17.46 |
| 1941 ........ | 20.7 | 30.4 | 29.3 | 11.58 |
| 1942 ........ | 23.3 | 31.9 | 23.8 | 8.97 |
| 1943 ........ | 31.2 | 31.8 | 28.8 | 10.84 |
| 1944 ........ | 23.5 | 32.1 | 30.4 | 11.34 |
| 1945 ........ | 31.5 | 35.1 | 27.8 | 9.49 |
| 1946 ........ | 28.9 | 36.1 | 24.5 | 8.19 |
| 1947 ........ | 38.3 | 35.4 | 33.3 | 11.30 |
| 1948 ........ | 47.8 | 36.4 | 45.6 | 15.02 |
| 1949 ........ | 44.6 | 40.1 | 53.0 | 15.88 |
| 1950 ........ | 48.2 | 42.2 | 60.6 | 17.23 |
| 1951 ........ | 51.5 | 42.3 | 72.6 | 20.59 |
| 1952 ........ | 42.9 | 43.7 | 68.7 | 18.87 |
| 1953 ........ | 38.4 | 44.3 | 61.9 | 16.74 |
| 1954 ........ | 33.3 | 46.9 | 48.1 | 12.27 |
| 1955 ........ | 29.4 | 48.3 | 39.2 | 9.76 |
| 1956 ........ | 43.3 | 53.3 | 49.3 | 11.10 |
| 1957 ........ | 55.1 | 52.6 | 52.5 | 11.97 |
| 1958 ........ | 67.3 | 47.9 | 69.9 | 17.49 |
| 1959 ........ | 75.6 | 48.8 | 93.0 | 22.84 |
| 1960 ........ | 55.6 * | 49.5 | 95.3 | 23.09 |
| 1961 ........ | 53.8 * | 47.7 | 95.1 | 23.91 |
| C. TURKSE TABAK. | | | | |
| 1939 ........ | .20 | .75 | 2.5 | 39.86 |
| 1940 ........ | .31 | .86 | 2.0 | 27.67 |
| 1941 ........ | .46 | .76 | 1.6 | 25.01 |
| 1942 ........ | .57 | .62 | 1.2 | 23.42 |
| 1943 ........ | .39 | .63 | 1.0 | 18.33 |
| 1944 ........ | .50 | .55 | .94 | 20.56 |
| 1945 ........ | .76 | .63 | 1.0 | 19.97 |
| 1946 ........ | .52 | .60 | 1.0 | 19.43 |
| 1947 ........ | .86 | .56 | 1.3 | 28.02 |
| 1948 ........ | .81 | .69 | 1.4 | 24.40 |
| 1949 ........ | .63 | .84 | 1.2 | 16.58 |
| 1950 ........ | .74 | .92 | 1.0 | 13.39 |
| 1951 ........ | 1.23 | .96 | 1.4 | 17.35 |
| 1952 ........ | .97 | .91 | 1.4 | 18.27 |
| 1953 ........ | 1.06 | .83 | 1.6 | 23.55 |
| 1954 ........ | .80 | .86 | 1.5 | 20.74 |
| 1955 ........ | .80 | .74 | 1.6 | 25.37 |
| 1956 ........ | .96 | .75 | 1.8 | 29.39 |
| 1957 ........ | .79 | .89 | 2.0 | 26.23 |
| 1958 ........ | .72 | .92 | 1.5 | 18.91 |
| 1959 ........ | .92 | .82 | 1.54 | 22.47 |
| 1960 ........ | 1.09 | .97 | 1.63 | 20.19 |
| 1961 ........ | .86 | .94 | 1.5 | 19.83 |

* Sonder H-, Brokkel-, SSL- en Dipgrade.

Bron: Sentabak.

# L I T E R A T U U R L Y S.

## A. BOEKE.

Bishop, C.E. en Toussaint, W.D. Introduction to agricultural economic analysis. New York, John Wiley & Sons, Inc., 1958.

Coetzee, F.J.J. Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden, Drukkerij Luctor et Emergo, 1957.

Gerstenberg, C.W. Financial organization and management of business. New York, Prentice-Hall, Inc., 1944.

Haccoû, F.J. Handel en marktwezen in goederen, Deel I en II. Leiden, H.E. Stenfert Kroese N.V., 1957.

Kimball, D.S. en Kimball, D.S. Principles of industrial organization. New York, McGraw-Hill Book Company, Inc., 1947.

Schultz, T.W.P. The economic organization of agriculture. New York, McGraw-Hill Book Company, Inc., 1953.

Schuman, C.G.W., Franzen, D.G. en de Kock, G. Ekonomie 'n inleidende studie. Stellenbosch, Universiteits Uitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1944.

Shepherd, G.S. Agricultural price and income policy. Iowa, Iowa State College Press, 1952.

Shepherd, G.S. Agricultural price analysis. Iowa, Iowa State College Press, 1957.

Shepherd, G.S. Marketing farm products-economic analysis. Iowa, Iowa State College Press, 1958.

Thomsen, L.T. en Foote, R.J. Agricultural prices. New York, McGraw-Hill Book Company, Inc., 1952.

Whitney, F.L. The elements of research. Englewood Cliffs, N.F., Prentice-Hall, Inc., 1958.

B. VERHANDELINGS.

Marais, D.F. Aspekte van die koöperatiewe bemarking van blaartabak in die Unie van Suid-Afrika. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1957.

Steenekamp, F.J.L. Die historiese ontwikkeling, organisasie en ekonomiese betekenis van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging. Potchefstroom, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1958.

C. REGERINGSPUBLIKASIES.

1. Verslae.

Unie van Suid-Afrika, Buro van Sensus en Statistiek. Uniestatistieke oor vyftig jaar (1910-1960). Pretoria, Staatsdrukker, 1960.

Unie van Suid-Afrika, Verslag van die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet. Kaapstad, Cape Times Beperk, U.G. 16/1934.

Unie van Suid-Afrika. Navorsingsverslag van die Sentrale Tabaknavorsingsinstituut. Rustenburg, T 691/200, 1960.

Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Nasionale Bemarkingsraad oor bemarkingsrade 1938 tot 1946. Kaapstad, Cape Times Beperk, U.G. 27/1947.

Unie van Suid-Afrika. Report of the Wine Commission. Pretoria, Staatsdrukker, U.G. 25/1937.

Unie van Suid-Afrika, Buro van Sensus en Statistiek. Binnelandse handelstatistiek nr. 1, kleinhandelstatistieke - 1951-52 tot 1956-57.

Unie van Suid-Afrika, Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Buys, C.J. en Möller, C.A. Ekonomiese ondersoek van tabakboerdery in sekere besproeiingstreke in Transvaal. Pretoria, Staatsdrukker, 1961.

Federasie van die Rhodesiës en Njassaland, Departement van Ekonomie en Marke. Costs of tobacco production on some European farms in 1956 - 57. Salisbury, 1958.

Verenigde State van Amerika, Departement van Landbou. Prospects of foreign trade in tobacco. Washington, 1960.

Verenigde State van Amerika, Departement van Landbou, Fetrow, W.W. en Elsworth, R.H. Agricultural co-operation in the United States. Washington, Bulletin 54, 1947.

Internasionale Instituut vir Landbou. Marks, A.E. Agricultural co-operation in South Africa. Rome, 1914.

A.O.T.H. Anti-dumping and countervailing duties. Geneva, GATT/1958-2, 1958.

Verenigde Koninkryk, Raad van Handel. Provisional text of the General Agreement on Tariffs and Trade and texts of related documents. Londen, H.M. Stationery Office, Cmd. 8048, 1950.

Verenigde Koninkryk, Raad van Handel. Review of the General Agreement on Tariffs and Trade. Londen, H.M. Stationery Office, Cmd. 9413, 1955.

2. Periodieke publikasies en tydskrifte.

Offisiële Jaarboeke van die Unie van Suid-Afrika.

Staatskoerante (verskeie).

Suid-Afrikaanse Reserwebank. Statistiese kwartaalblad. 1959 - 1962.

Kwartaaloorsig van die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Agrekon. 1962-uitgawes.

Jaarverslae van die Nasionale Bemarkingsraad (verskeie).

Suid-Afrikaanse Reserwebank. Private verbruiksbesteding in die Unie van Suid-Afrika, 1951-1959. Bylaag tot die statistiese kwartaalblad, Desember 1960.

Afdeling Ekonomie en Marke. Oeste en marke. Staatsdrukker, 1959-62.

Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Pretoria, Junie 1961 tot Maart 1962.

Verenigde Koninkryk, Commonwealth Economic Committee. Tobacco Intelligence en Tobacco Bulletin. Londen, 1959 - 1962.

3. Wette.

Die Koöperatiewe Wet (Wet nr. 29 van 1939) soos gewysig.

Die Bemarkingswet (Wet nr. 26 van 1937) soos gewysig.

D. TYDSKRIFTE.

Slegs enkeles wat van besondere waarde vir die studie was word genoem.

Span (Agricultural research issue). Shell International Company Limited, Londen, nr. 2, 1962.

Volkshandel. Afrikaanse Handelsinstituut, 1961 en 1962 uitgawes.

Tobacco en Tobacco Science. Lockwood Trade Journal Co. Inc., East Stroudsburg, 1959 tot 1962.

Rhodesian Tobacco Journal. Thomson Newspapers Rhodesia (Pvt.) Ltd., Salisbury, 1959 tot 1962.

Tobacco. Trade Publications Ltd., Londen, 1959 tot 1962.

E. ANDER.

Lesings opgestel vir die bladman-waardeerderskursus, Sentabak, Rustenburg, 1957.

Barclays Bank D.C.O. Tobacco. Londen, 1961.

M.K.T.V. Vyftigjarige jubileum van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging 1909 tot 1959. P.H. Drukkery, Potchefstroom, 1959.

Herdruk uit Boerdery in S.A. Krag aan die werk. Pretoria, Nov. 1962.

Die Sentrale Koöperatiewe Tabakmaatskappy van S.A. Bpk. Notule en Jaarverslae vanaf 1926 tot 1962.

Die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid. Notule van 'n aantal jare en jaarverslae vanaf 1939 tot 1962.

Afgesien van die voorgaande is talle memoranda, verslae, voorleggings en ander ongepubliseerde dokumente bestudeer.